

**'n Teoreties gefundeerde, geannoteerde
Afrikaanse vertaling van Alan Paton se roman
*Cry, the beloved country***

deur

Anné Brümmer

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (TOEGEPASTE TAALSTUDIE)

in die Fakulteit Geesteswetenskappe

aan die Universiteit van Pretoria

Februarie 2015

Studieleier: Mev. Renée Marais

Navorsingsopsomming

Alan Paton se wêreldberoemde debuutroman, *Cry, the beloved country* (1948), word as een van die belangrikste literêre tekste in die polisteesem van die Suid-Afrikaanse literatuur van die twintigste eeu beskou. Danksy verkope van meer as 15 miljoen kopieë in minstens 23 tale wêreldwyd, insluitende Zulu (1957) en Tsonga (1984), het dié teks Paton in staat gestel om voltyds te kan skryf. Die roman was ’n wegholsukses by sy eerste publikasie, sowel in Amerika as in die Verenigde Koninkryk. *Cry, the beloved country* is twee keer verfilm, een keer tot opera verwerk en word steeds voorgeskryf by talle skole wêreldwyd. Dié roman moet een van die mees gekanoniseerde Suid-Afrikaanse literêre tekste wees – en dit is nie in Afrikaanse vertaling beskikbaar nie.

Cry, the beloved country is in die liberale tradisie geskryf wat ten doel het “to attempt to change the hearts of policymakers by bringing to their attention [the] consequences of their actions” (Peck 1997:93). Ná *Cry, the beloved country* volg vele skrywers, waaronder Laurens van der Post, Dan Jacobson en Nadine Gordimer, Paton se voorbeeld met protesromans in die liberale tradisie. Ten spyte van die sosio-politieke (én, vanuit die huidige perspektief, ook die sosio-historiese) belang van die liberale stroming in die Engelse Suid-Afrikaanse letterkunde is geeneen van bogenoemde outeurs se romans in Afrikaans vertaal nie – selfs nie eens dié van die Nobelpryswenner Nadine Gordimer, wat in talle ánder tale vertaal is, nie.

Hierdie magisterstudie behels ’n teoreties gefundeerde, geannoteerde Afrikaanse vertaling van ’n deel van Alan Paton se wêreldberoemde roman *Cry, the beloved country*. Die fokus is hoofsaaklik op die vraag na hoe ’n gepaste post-apartheidvertaling, in Afrikaans, van hierdie roman sal lyk.

Die vertaling is teoreties gefundeer in Vermeer (2001:221) se funksionele skoposteorie (waarvolgens die skopos van ’n vertaling – en nie die bronteks nie – bepaal hoe die uiteindelige doeltteks gaan lyk), en Nord (1997b:123) se aanpassing van die skoposteorie deur die byvoeging van die begrip ‘lojaliteit’. Dié begrip bring mee dat ’n vertaler se interpretasie van die bronteks, en dus die vertaling daarvan, so getrou as moontlik aan die bronteks bly. ‘Lojaliteit’ dra daartoe by dat die integriteit van die bronteks tydens die vertaalproses beskerm word en in die doeltteks behoue bly.

Lojaliteit aan sowel die outeur van die bronteks as die leser van die doeltteks, wat die Afrikaanse vertaling in ’n veranderde sosio-politieke en ideologiese konteks lees, was

belangrik by die vasstelling van die skopos. By wyse van annotasie word die strategie bespreek wat gebruik is om die pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teksspesifieke probleme wat die Afrikaanse vertaler ervaar het, op te los. Só word daar aangetoon dat 'n gepaste post-apartheidvertaling van *Cry, the beloved country* in Afrikaans so getrou moontlik aan die bronteks kan wees met inagneming van die tydsverloop sedert 1948 asook die politieke veranderinge en ideologiese verskuiwings wat oor die afgelope ses dekades in Suid-Afrika plaasgevind het.

Sleutelterme

- Alan Paton
- *Cry, the beloved country*
- Apartheid
- Liberale tradisie
- Vertaalwetenskap
- Literêre vertaling
- Bronteks
- Doelteks
- Skoposteorie
- Lojaliteit
- Raspejoratiewe

Research Summary

Alan Paton's world famous debut novel, *Cry, the beloved country* (1948), is seen as one of the most important literary texts in the polysystem of South Africa's literature of the twentieth century. With more than 15 million copies sold in at least 23 languages world wide, including Zulu (1957) and Tsonga (1984), *Cry, the beloved country* enabled Paton to write full time. *Cry, the beloved country* was an overwhelming success when it was first published, both in the United States of America and the United Kingdom. It has been converted to film on two occasions, made into an opera and is still prescribed at many schools throughout the world. This novel must be one of the most canonised South African literary texts – and it is not available in Afrikaans translation.

Cry, the beloved country has been written in the liberal tradition which has as its goal “to attempt to change the hearts of policymakers by bringing to their attention [the] consequences of their actions” (Peck 1997:93). After *Cry, the beloved country* many other writers, such as Laurens van der Post, Dan Jacobson and Nadine Gordimer, followed Paton's lead with protest novels in the liberal tradition. In spite of the socio-political (and from today's perspective, the socio-historical) importance of the liberal tradition in South Africa's English literature, none of the above mentioned authors' work has been translated into Afrikaans – not even that of the Nobel Prize winner, Nadine Gordimer, whose work has been translated into many other languages.

This master's study comprises a theoretically founded, annotated Afrikaans translation of a section of Alan Paton's world famous novel, *Cry, the beloved country*. The focus is mainly on the question of what a fitting post-apartheid translation, in Afrikaans, of this novel would look like.

The translation is theoretically founded in Vermeer's (2001:221) functional skopos theory (according to which the skopos of a translation – and not the source text – determines what the eventual target text will look like), and Nord's (1997b:123) adaptation of the skopos theory by the addition of the concept of 'loyalty'. This concept entails that a translator's interpretation of the source text, and therefore the translation thereof, will be as true as possible to the source text. 'Loyalty' helps to ensure that the integrity of the source text is protected throughout the translation process and preserved in the target text.

Loyalty to both the author of the source text and the reader of the target text, who will read the Afrikaans translation in a changed socio-political and ideological context, was important in determining the skopos. The strategies that the Afrikaans translator used to solve the pragmatic, intercultural, interlinguistic and text specific translation problems are discussed by way of annotation. In this way it is shown that a fitting post-apartheid translation of *Cry, the beloved country* in Afrikaans can be as true as possible to the source text when the amount of time that has elapsed since 1948, as well as the political changes and ideological shifts which took place over the past six decades, are kept in mind.

Key terms

- Alan Paton
- *Cry, the beloved country*
- Apartheid
- Liberal tradition
- Translation studies
- Literary translation
- Source text
- Target text
- Skopos theory
- Loyalty
- Racial pejoratives

Dankbetuigings

'n Magisterstudie is 'n harde neut om te kraak. Iets wat 'n mens nie sonder 'n uitgebreide ondersteuningsnetwerk suksesvol kan voltooi nie. Daarom bedank ek graag die volgende persone en instansies:

Die Universiteit van Pretoria, die NRF en Blind SA vir aansienlike finansiële steun waarsonder die voltooiing van hierdie studie onmoontlik sou wees.

Die inligtingkundiges Rita Badenhorst en Adrienne Warricker vir die professionele manier waarop julle gehelp het om die nodige bronne vir hierdie studie op te spoor.

My persoonlike chauffeurs. In vandag se gejaagde lewe is dit verblydend dat daar altyd iemand was wat bereid was om my, die blinde mol, betyds te kry waar ek moes wees om hierdie studie te kon voltooi. Ek waardeer julle moeite, en veral julle tyd, opreg.

My sussies, Elandri Boshoff en Sunette Claassens, en oumas, Ann Retief en Lena Brümmer vir julle deurlopende aanmoediging en belangstelling in my studie.

Nicholas Engelbrecht, my man, vir die goeie koffie, donkersjokolade, die lekker kos wat jy so gereeld maak en die fietsrysessies deur die veld wanneer ek moeg is van heeldag se gesit agter die rekenaar. Mag ons nooit ophou lag nie.

My ouers, Christo en Suzette Brümmer, vir moeilike besluite in my belang oor die jare. Vir die goeie voorbeeld wat julle vir my, Elandri en Sunette in alle aspekte van die lewe gestel het. Sonder julle aanmoediging, ondersteuning (ook finansiële, natuurlik) en liefde sou die afgelope dekade heel anders verloop het.

En laastens, my studieleier, Renée Marais, vir die ure wat ek in jou kantoor deurgebring het – in die aande en selfs op Saterdag. Vir jou vakkennis en aanmoediging om wyer te lees. Vir die manier waarop jy as redigeerder en mentor opgetree het. Ek bewonder jou hardwerkendheid. Vir jou deurlopende motivering. Vir die koffie, die beskuit, al die etes, gesels en lewenswysede, maar veral vir die Nederlands. Dit was 'n besondere voorreg om dié pad saam met jou te kon stap.

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1: Navorsingsontwerp	2
1.1 Agtergrond en rasionaal	3
1.1.1 Vertaling en vertaalkunde	3
1.1.2 <i>Cry, the Beloved Country</i>	5
1.1.2.1 Publikasie en resepsie	5
1.1.2.2 Verwerkings en vertalings	8
1.2 Kontekstualisering en terreinverkenning	9
1.2.1 <i>Cry, the beloved country</i> as Suid-Afrikaanse Engelse roman in die liberale tradisie	9
1.2.2 Die publikasie van vertalings uit Engels in Afrikaans	11
1.2.3 Literêre vertaling in Afrikaans as navorsingsterrein	13
1.3 Motivering vir die vertaling van <i>Cry, the beloved country</i>	14
1.3.1 Die sosio-politieke belangrikheid van die roman	14
1.3.2 Die gekanoniseerdheid van die roman	16
1.3.3 Die roman as vergestaltung van die oogmerk van die liberale tradisie	17
1.3.4 Probleemstelling, hipotese en navorsingsvrae	20
1.4 Metodologie	21
1.4.1 Praktiese benadering	21
1.4.2 Teoretiese benadering	22
1.4.2.1 Skoposteorie	23
1.4.2.2 Die begrip ‘lojaliteit’	24
1.5 Samevatting	25
Hoofstuk 2: Paton en <i>Cry, the beloved country</i>	27
2.1 Kronologie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis: c.1000–2014	28
2.2 Die evolusie van ’n Suid-Afrikaner	49
2.2.1 Paton se herkoms en kinderjare	49
2.2.2 Paton se godsdienstige agtergrond	51
2.2.3 Paton se sekondêre en tersiêre opleiding	54
2.3 <i>Cry, the beloved country</i>	56

2.3.1 Literêrhistoriese konteks	56
2.3.2 Temas en styl van <i>Cry, the beloved country</i>	57
2.3.2.1 Temas	58
2.3.2.2 Styl	63
2.3.3 Die struktuur van <i>Cry, the beloved country</i>	68
2.3.3.1 Plot	68
2.3.3.2 Ruimte	70
2.3.3.3 Vertelde tyd	71
2.3.3.4 Karakters	71
2.3.3.5 Vertelsituasie	77
2.4 Samevatting	78

Hoofstuk 3: Literatuurstudie **80**

3.1 Vertaalwetenskap	81
3.2 Vertaalpraktyke voor die twintigste eeu	84
3.2.1 Die Romeine	84
3.2.2 Bybelvertaling	85
3.2.3 Vroeë teorieë en die Renaissance	88
3.2.4 Die sewentiende eeu	89
3.2.5 Die agttiende eeu	91
3.2.6 Die Romantiek	92
3.2.7 Post-Romantiek	93
3.2.8 Die Victoriaanse tydperk	93
3.3 Vertaalwetenskap tydens die twintigste eeu en daarna	95
3.3.1 Die twintigste eeu	95
3.3.2 Literêre vertaling na die Tweede Wêreldoorlog	96
3.3.3 Funksionele vertaalteorie	97
3.3.3.1 Reiss se funksionele vertaalteorie	97
3.3.3.2 Holz-Manttari se vertaalhandelingsteorie	99
3.4 Die skoposteorie	101
3.4.1 Vermeer se skoposteorie	101
3.4.2 Nord se skoposteorie en literêre vertaling	102

3.4.2.1 Lojaliteit teenoor die bronteks	105
3.5 Die skopos van <i>Cry, the beloved country</i>	107
3.6 Die skopos van die Afrikaanse vertaling van <i>Cry, the beloved country</i>	116
3.6.1 Formulering van die doeltteksskopos	121
3.7 Moontlike vertaalprobleme	122
3.7.1 Raspejoratiewe	122
3.7.2 Aanspreekvorme	122
3.7.3 Plekname	123
3.7.4 Register	123
3.7.5 Tydsvorme	124
3.8 Samevatting	124
Hoofstuk 4: Afrikaanse vertaling van 'n kwart van	126
<i>Cry, the beloved country</i>	
Hoofstuk 5: Annotasie	183
5.1 Pragmatiese vertaalprobleme	184
5.1.1 Aanspreekvorme	185
5.1.2 Name van karakters	189
5.1.3 Geografiese name	190
5.1.4 Name van plante en diere	191
5.1.5 Name van publikasies en instansies	193
5.1.6 Zulu woorde in die bronteks	193
5.1.7 Afrikaans in die bronteks	194
5.2 Interkulturele vertaalprobleme	196
5.2.1 Onbekende behuising in Pimville – ‘half-tank houses’	196
5.2.2 Ponde, pennies en sjielings	198
5.3 Interlinguistiese vertaalprobleme	200
5.3.1 Tydsvorme	201
5.3.2 Register en styl	204
5.3.3 Die gebruik van skyn-Zulu in die bronteks	210
5.3.4 Punktuasie	212

5.3.5	Hooflettergebruik	214
5.4	Teksspesifieke vertaalprobleme	214
5.4.1	Die titel	214
5.4.2	Raspejoratiewe	217
5.4.3	Bybeltekste in die bronteks	227
5.4.4	Woordspelings	228
5.4.5	Em-streep as aanhalingstekens	230
5.5	Samevatting	231

Hoofstuk 6: Gevolgtrekking **232**

6.1	Samevatting van die belangrikste aspekte van die studie	233
6.1.1	Doeltekstlesers ondergaan 'n ideologiese verskuiwing ná apartheid	234
6.1.2	Die teoretiese raamwerk van die studie	235
6.1.3	Die bron- en die doeltteksskopos	236
6.1.4	Enkele vertaalprobleme wat tydens die vertaalproses voorgekom het	237
6.2	Gevolgtrekking met verwysing na die hipotese	239
6.3	Beantwoording van die primêre navorsingsvraag	240
6.4	Moontlikhede vir verdere navorsing	241
6.4.1	Die lewensvatbaarheid van vertalings in Afrikaans van Suid-Afrikaanse romans in die liberale tradisie	241
6.4.2	'n Vergelykende studie: Vertaaloplossings in die Afrikaanse, Zulu en Tsonga-vertalings van <i>Cry, the beloved country</i>	242
6.4.3	Die vertaling van raspejoratiewe	243
6.5	Ten slotte	244

Bibliografie **245**

Addendum **265**

	Bronteks: <i>Cry, the beloved country</i>	266
--	---	-----

Lys van tabelle

Tabel 2.1	Kronologie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis	28–49
Tabel 3.1	Funksionele eienskappe van tekstipes	98

Lys van figure

Figuur 3.1	Reiss se tekstipes en teksvariëteite	99
Figuur 5.1	Grootswartvlerkkiewiet	192
Figuur 5.2	Voorstelling van 'n (moderne) vraghouer-huis	198

Could you not write otherwise, this woman said to me,
Could you not write of things really poetical?
Of many coloured birds dipping their beaks
Into many-coloured flowers?
Of mine machinery standing up, you know,
Gaunt, full of meaning, against the sky?

Must you always write of black men and Indians,
Of half-casts and Jews, Englishmen and Afrikaners,
Of problems insoluble and secret fears
That are best forgotten?
You read the paper, you post your letters,
You buy at the store like any normal being.
Why then must you write such things?

Madam, really, since you ask the question,
Really, Madam, I do not like to mention it
But there is a voice that I cannot silence.
It seems that I have lived for this, to obey it
To pour the life-long accumulation
Of a thousand sorrowful songs.
I did not ask for this destination
I did not ask to write these same particular songs.

Simple I was, I wished to write but words,
And melodies that had no meanings but their music
And songs that had no meaning but their song.
But the deep notes and the undertones
Kept sounding themselves, kept insistently
Intruding themselves, like a prisoned tide
That under the shining and the sunlit sea
In caverns and corridors goes underground thundering.

Madam, I have no wish to be cut off from you
I have no wish to hurt you with my meanings
Of the land where you were born
It was with unbelieving ears that I heard
My artless songs become the groans and cries of men.
And you, why you may pity me also,
For what do I do when such a voice is speaking,
What can I speak but what it wishes spoken?
(Paton 1995:73).

Hoofstuk 1

Navorsingsontwerp

1.1 Agtergrond en rasionaal

1.1.1 Vertaling en vertaalkunde

Vertaling is 'n bedryf met 'n baie lang geskiedenis: André Lefevere se boek *Translation/History/Culture: A Sourcebook* (1992) bevat 'n keur uit meer as twintig eeue (106 v.C.–1931) se geskrifte oor vertaling. Deur die loop van die eeue het vertalers vertaal én hulle deurgaans oor hulle bedryf uitgelaat – maar, soos Lefevere (1992:xiii) by die saamstel van genoemde keur van geskrifte vasgestel het,

a fair number of well-known texts on translation tend, on closer inspection, to say relatively little about translation while touching on a wide variety of other topics. I have, accordingly, limited myself to those extracts which bear directly on translation, as in Luther's famous *Letter*, for example, where I have excluded the (great majority of) passages dealing with all kinds of disputes between the German rulers of his time.

Die oënskynlike 'wydlopiegheid' waarna Lefevere in bostaande aanhaling verwys, is egter verdedigbaar indien 'n mens, soos Basnett en Lefevere aandui, rekening hou met die feit dat “[the discipline of t]ranslation studies brings together work in a variety of fields, including linguistics, literary study, history, anthropology, psychology and economics” (Lefevere 1992:xi). Wat op die oog af na onnodige wydlopiegheid kan lyk, is dikwels relevant vir die motivering van 'n spesifieke vertaling.

Hierbenewens moet 'n mens ook nie uit die oog verloor nie dat vertaling sig tot manipulering leen, en dat 'n magspel potensieel altyd by vertaling ter sprake is (Lefevere 1992:xi):

Translation is, of course, a rewriting of an original text. All rewritings, whatever their intention, reflect a certain ideology and a poetics and as such manipulate literature to function in a given society in a given way. Rewriting is manipulation, undertaken in the service of power, and in its positive aspect can help in the evolution of a literature and a society. Rewritings can introduce new concepts, new genres, new devices, and the history of translation is the history also of literary innovation, of the shaping of power of one culture upon another. But rewriting can also repress innovation, distort and contain, and in an age of ever increasing manipulation of all kinds, the study of the manipulative processes of literature as exemplified by translation can help us towards a greater awareness of the world in which we live.

Ondanks die feit dat vertaling as bedryf 'n lang geskiedenis het, is daar maar onlangs eers begin om vertaalkunde ('translation studies') as afsonderlike, selfstandige akademiese dissipline te vestig: Basnett en Lefevere noem "[t]he growth of Translation Studies as a separate discipline [...] a success story of the 1980s" en voorspel hierdie studieterrin, wat in baie dele van die wêreld ontwikkel het, "is clearly destined to continue developing well into the 21st century" (Lefevere 1992:xi). Lefevere (1992:xiv) verwoord dit soos volg:

Looking back at the long tradition of thinking on translation in Western Europe, we realize that relatively recent attempts to limit discussions of translation to what pertains to constraints of language only, signally fail to do justice to the complexity of the problem.

Sedert die vestiging van vertaling as selfstandige vakgebied is talle nuwe teorieë en benaderingswyses tot vertaling deur vertalers en akademici uit uiteenlopende wêrelddele geformuleer en toegepas (soos Lawrence Venuti in Italië, André Lefevere in België en die VSA, Theo Hermans in Brittanje, Mona Baker in Israel, [...]). Navorsing oor, en die soeke na geskikte benaderings tot vertaling as komplekse aktiwiteit, waardeur die vakgebied deurlopend ten opsigte van vertaalteorie én praktiese benaderings tot vertaling uitgebrei word, word steeds voortgesit. In hierdie opsig kan daar gewys word op die moontlikhede wat deur die ingebruikstelling van die rekenaar as hulpmiddel vir die vertaler geopen is, en wat tot die ontwikkeling van onder andere korpusgebaseerde vertaling (Baker) gelei het.

In die huidige tydsgewrig het kultuurstudie baie sterk as nuwe vakgebied na vore getree. Vertaling word deur Lefevere (1992:xiv) beskou as 'n dissipline wat 'n sentrale plek in kultuurstudie behoort te beklee. Ook die Nederlandse Taalunie, wat uitvoering gee aan die binnelandse en buitelandse beleid ten opsigte van die Neerlandistiek, het aan die begin van die 21ste eeu sover gegaan om vertaling saam met die studie van die Nederlandse taal, letterkunde en kultuur uit te sonder as aktiwiteite (of 'subdissiplines') wat die Taalunie aktief wil bevorder. Op 5 Maart 2009 is die volgende verklaring uitgereik (Nederlandse Taalunie 2009):

Omdat ons taalgebied behoefte heeft aan vertalers van literatuur, gaat de Nederlandse Taalunie extra geld investeren in de opleiding van die beroepsgroep. Het geld wordt gebruikt voor de professionalisering van startende vertalers en voor een onderzoek

naar de haalbaarheid van een masterprogramma literair vertalen. Op die manier komt het Comité van Ministers van de Taalunie tegemoet aan een vraag uit de sector.

Op 29 Junie 2010 het die Nederlandse Taalunie ooreengekom om vir die daaropvolgende drie jaar (2009–2012) €100 000 per jaar aan die ontwikkeling van 'n meestersgraad in literêre vertaling te bestee. Die eerste groep studente wat vir hierdie graad inskryf het, sou in September 2012 daarmee begin en dié graad in September 2014 voltooi (Expertisecentrum Literair Vertalen 2010). Hierdie tweejaarkursus in literêre vertaling is die eerste op meestersvlak in Europa (Literair vertalen 2014).

Dat daar hernieude aandag aan vertaling bestee word, en dat vertaling as selfstandige dissipline én in verhouding tot ander vakgebiede bestudeer word, is 'n voldonge feit.

1.1.2 *Cry, the beloved country*

1.1.2.1 Publikasie en resepsie

Alan Paton se wêreldberoemde debuutroman, *Cry, the beloved country* (1948), word as een van die belangrikste literêre tekste in die Suid-Afrikaanse literatuur van die twintigste eeu beskou. Meer as ses dekades na sy publikasie het hierdie roman reeds menigvuldige drukoplae deur verskeie belangrike uitgewers oor die wêreld heen beleef. Die feit dat 'n uitgewer soos die Britse Random House die roman in 2002 en weer in 2008 herdruk het, toon dat hierdie teks steeds in aanvraag is en wyd gelees word. Op die agterste flapteks van die Random House-uitgawe van 2002 word die roman soos volg beskryf:

First published in 1948, *Cry, the beloved country* addresses the problem of race relations in South Africa with the scrupulousness of the historian, the sensitivity of the poet, and stands as the single most important novel in South African literature.

Of dié teks inderdaad (soos die aanhaling hierbo beweer) as die heel belangrikste Suid-Afrikaanse roman van alle tye beskou kan word, is debatteerbaar – maar dat *Cry, the beloved country* wel een van die bekendste Suid-Afrikaanse romans tot dusver is, indien nie dié bekendste en suksesvolste nie, is 'n voldonge feit.

Die suksesverhaal van *Cry, the beloved country* het op 1 Februarie 1948 begin. Op hierdie dag het dié roman vir die heel eerste keer op die rakke verskyn in 'n uitgawe deur Scribner van New York – en die hele eerste oplaag is daardie selfde dag nog uitverkoop. Dié blitsverkope het die uitgewer heeltemal onkant betrap, veral aangesien die boek glad nie vooraf bemark is nie. Harry Hansen, een van die vernaamste Amerikaanse resensente van daardie tyd, skryf op 15 Februarie 1948 in die *Chicago Tribune*:

The book was given no preliminary ballyhoo or build-up. [...] It was not scheduled for discussion on any of the radio programs dealing with books. *Publisher's Weekly*, organ of the book trade, did not tip off buyers to its qualities. Its publisher, Scribner, did not greet it with pre-publication puffs. [...] There were no ads in the papers announcing it on publication day.

Die tweede, derde én vierde druk het net so vinnig soos die eerste uitverkoop (Alexander 1995:221). Teen April 1948, net drie maande sedert die roman vir die eerste keer verskyn het, het hy reeds sy sesde druk beleef en was sy gewildheid steeds aan die toeneem.

In 1948 laat Charles Scribner, Paton se uitgewer, hom in 'n brief aan Paton soos volg oor die sukses van *Cry, the beloved country* uit:

Friends of mine who rarely read a book are enthralled by it. The church are [sic] preaching about it & capitalists & lefties embrace it equally. Its fame is spreading by word of mouth which is the only advertising that really counts. All that we can do is to back this up. You should be here – it is most exciting but exhausting. In my 35 years of publishing I have never known the like and if the book does not eventually sell into the hundreds of thousands I shall be equally at a loss.

Op grond van die blitsverkope van die eerste paar drukke het Scribner verwag dat *Cry, the beloved country* 'n sukses sou wees; maar hóé 'n groot sukses kon hy op daardie stadium nie eens droom nie.

Cry, the beloved country het nie net die lesers oorrampel nie – dit is ook uiters positief deur die resensente ontvang. Die eerste twee resensies het op 1 Februarie 1948 verskyn. Richard Sullivan (1948) skyf in die *New York Times*:

Cry, the beloved country is a remarkable book [...] a beautiful novel, a rich, firm and moving piece of prose. There is not much current writing that goes deeper than this. There is not much with a lovelier verbal sheen.

Op dieselfde dag skryf Margaret Hubbard (1948) die volgende in die *New York Herald Tribune*:

[T]he quality of the style is a new experience. Here in English, is a new cadence, derived from the native tongues. English words are used with the limped rhythm of Zulu or Xosa [sic], as picturesque, as simple in expression, yet as delicately suggestive, as those languages.

Ná bogenoemde twee resensies het daar nog honderde positiewe resensies verskyn. *Cry, the beloved country* is onder andere beskryf as “[a] novel of absorbing interest told by a passionate humanitarian with a complete command of his subject [...] a book to read and remember. Paton’s prose is almost Biblical in its simplicity; his passion for humankind is Biblical too” (Alexander 1995:220). Nog ’n resensent sê: “[t]he finest novel I have ever read [...] amazingly deft fusion of realistic detail and a symbolical synthesis of various points of view [...] it is brilliant” (Alexander 1995:220).

Die Britse publikasieregte is aan die uitgewer Jonathan Cape verkoop. Weens die papiertekort ná die Tweede Wêreldoorlog was Cape van plan om *Cry, the beloved country* eers in 1949 te publiseer, maar op grond van die boek se wegholsukses in Amerika het Jonathan Cape egter besluit om die Britse uitgawe reeds in September 1948 te laat verskyn. *Cry, the beloved country* het terselfdertyd (in September 1948) in Suid-Afrika verskyn, eweneens as ’n publikasie van Jonathan Cape.

Cry, the beloved country is ná publikasie in Brittanje as ’n ‘Book Society Choice’-boek aangewys, en in Amerika as ’n boek van die ‘American Book of the Month Club’. Laasgenoemde het tot die blitsverkope van ’n verdere 40 000 kopieë aanleiding gegee. Die gewildheid van *Cry, the beloved country* het by die dag toegeneem, en verkope het gou die halfmiljoenkerf bereik. Teen Paton se dood in 1988 is daar meer as 15 miljoen kopieë, in 23 tale, van *Cry, the beloved country* verkoop (Alexander 1995:222).

Só groot was die sukses van hierdie roman dat Paton as hoof van die Diepkloof-verbeteringskool kon bedank om voltyds te skryf. Paton (1987:Voorwoord) laat hom soos volg oor die sukses van sy debuutroman uit:

The success of *Cry, the beloved country* changed our lives. To put it in materialistic terms, it has kept us alive ever since. It has enabled me to write books that cost more to write than their sales could ever repay. So I write this with pleasure and gratitude.

Die roman se sukses word ook onderskryf deur die toekennings waarmee dit bekroon is. In 1949 ontvang Paton twee literêre pryse vir *Cry, the beloved country*, naamlik die Ainsfield-Wolf-toekenning in Amerika en die *London Times* Special Book Award in Engeland.

1.1.2.2 Verwerkings en vertalings

Cry, the beloved country is vir verskillende media verwerk. In 1949 het die Amerikaners Maxwell Anderson (librettis) en die Duits gebore Kurt Weill (komponis) die roman tot 'n musikale verhoogstuk vir Broadway verwerk onder die titel *Lost in the Stars*. Hierdie werk het sy première op 3 April 1950 beleef en was die gevierde Weill, wat minder as 'n jaar ná die première oorlede is, se laaste werk vir Broadway (Lubbock 1962). Weens die artistieke gehalte van hierdie werk word dit meestal nie as 'n 'musical play' beskryf nie, maar as 'n opera.

Die roman is twee keer verfilm. In die 1950-rolprent, met Zoltan Korda as die regisseur, is die rol van Stephen Kumalo deur Canada Lee vertolk. Charles Carson het die rol van James Jarvis vertolk en Sidney Poitier die rol van Msimangu. Paton het self gehelp om die teks vir die silwerdoek te verwerk. 'n Tweede film is in 1995 gemaak; dié keer met 'n Suid-Afrikaner, Darrell Roodt, as regisseur. James Earl Jones het die rol van Stephen Kumalo vertolk en Richard Harris die rol van James Jarvis.

Binne twee jaar na die publikasie van *Cry, the beloved country* is die boek in vyf tale vertaal: Duits (*Denn sie sollen getröstet werden*, 1949), Noors (*Ve, mit elskede land*, 1949), Frans (*Pleure, ó pays bien aimé*, 1950), Nederlands (*Tranen over Johannesburg*, 1950) en Fins (*Itke, rakastettu maa*, 1950). Die roman is later ook in Arabies, Chinees, Deens, Hebreeus, Indonesies, Japannees, Koreaans, Kroaties, Persies, Portugees, Spaans, Sweeds, Turks, Viëtnamees en Yslands vertaal. In Suid-Afrika is *Cry, the beloved country* in Zulu vertaal as *Lafa elihle kakhulu* (1957)¹ en in Tsonga as *Rila, tiko ro rhandzeka swonghasi: ntsheketo wa*

¹ Die Zulu-vertaling word noukeurig ontleed en bespreek deur Victor Ndlovu (1997) in sy MA-verhandeling, "Transferring culture: Alan Paton's *Cry, the beloved country* in Zulu".

Mbuwetelo Exivundzeni (1984). Ondanks die internasionale sukses van *Cry, the beloved country* het daar egter tot dusver nog geen Afrikaanse vertaling van hierdie roman verskyn nie.

1.2 Kontekstualisering en terreinverkenning

1.2.1 *Cry, the beloved country* as Suid-Afrikaanse Engelse roman in die liberale tradisie

Min faktore het so 'n verreikende invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing en geskiedenis uitgeoefen soos die apartheidsbeleid, wat gedurende die Nasionale Party (NP) se bewind (1948–1994) by wyse van wetgewing afgedwing en toegepas is. Hierdie beleidsrigting het sy invloed reeds in die aanloop tot die bewindsoorname van dr. D.F. Malan se NP-regering in 1948 laat geld.

Apartheid het die mag uitsluitlik in die hande van wit mense geplaas en die regte en bevoegdhede van ander rassegroepe wat deel van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak, ernstig beperk. Hierdie beleidsrigting het sy invloed op alle terreine van die samelewing laat geld; ook in die letterkunde. Bykans alle ontledings van en studies oor die Suid-Afrikaanse letterkunde beklemtoon die invloed wat die apartheidsregering (én die regering wat die bewindsoorname van 1948 voorafgegaan het) op die Suid-Afrikaanse letterkunde uitgeoefen het. In 1973 beskryf die Suid-Afrikaanse skrywer Nadine Gordimer,² wat met die Nobelprys vir letterkunde bekroon is, die invloed wat apartheid (via die samelewing) op die skrywer uitoefen soos volg (Gordimer 1973:2):

² Na afloop van die sokker-wêreldbeker in Julie 2010 voer die ANC 'n aanslag teen mediavryheid deur die voorstel van die Wet op die Beskerming van Inligting en 'n mediatribunaal wat aan die regering die mag sal gee om sekere inligting geheim te hou en sensuur toe te pas. Nadine Gordimer (1923–2014) het ernstige besware teen dié voorgestelde wetgewing gehad. Gordimer was van mening dat joernaliste die ergste deur bogenoemde wetgewing geraak sal word, maar dat skrywers ook geraak sal word aangesien skrywers dikwels op inligting staatmaak wat deur joernaliste bekend gemaak is (Gordimer speaks out... 2010). Gordimer het bygevoeg dat dit “more than an irony” is dat sy weer vir vryheid moes veg (Gordimer speaks out... 2010). “People died in the freedom struggle, and to think that having gained freedom at such a cost, it is now indeed threatened again” (Moss 2010).

Dié wetsontwerp is op 25 April 2013 in die parlement goedgekeur met 189 stemme ten gunste en 74 stemme daarteen (Stuur inligtingswet... 2013). Sommige opposisiepartye en burgerregte-organisasies sal na verwagting “met 'n regstryd teen die implementering van die wetsontwerp begin wanneer Zuma dit bekragtig” (Stuur inligtingswet... 2013). Teen 31 Desember 2014 was dié wet nog nie bekragtig nie.

Gordimer is op 13 Julie 2014 op die ouderdom van 90 oorlede (Gordimer 2014).

Man has no control over the measure in which talent is given to this one and withheld from that; but, through the state, controls the circumstances in which the artist develops. Innate creativity can be falsified, trivialized, deflected, conditioned, stifled, deformed and even destroyed by the state, and the state of society it decrees [...] It is at the widest level of the formation of our South African society itself, and not at any specific professional level, that the external power of society enters the breast and brain of the artist and determines the nature and state of art. It is from the daily life of South Africa that there have come the conditions of profound alienation which prevail among South African artists.

Verskeie skrywers (en ander kunstenaars) het apartheid in hulle skryfwerk afgewys – Engelstalige skrywers (vanweë die sosio-politieke situasie) oor die algemeen gouer as Afrikaanstalige skrywers. Volgens Richard Peck (1997:93) is verskeie van Suid-Afrika se topverkoper- Engelse literêre werke vanuit die liberale tradisie geskryf in protes teen die apartheidsbeleid van die Nasionale Party. Die bekendste skrywers binne die liberale tradisie was Alan Paton en (Sir) Laurens van der Post.

Peck (1997:93) verduidelik die liberale tradisie soos volg:

Its core beliefs in the sanctity of the individual and the importance of rational argument and morality left it distrustful of politics that relied on groups, power, and ideology. By the same token, however, its belief in rationality and its assumption that bad policy arises from ignorance led liberal writers *to attempt to change the hearts of policymakers by bringing to their attention consequences of their actions* [my kursivering].

Skrywers binne die liberale tradisie was tegelykertyd wantrouig jeens én gefassineer deur die heersende politiek van hulle tyd – ’n kombinasie wat, volgens Watson (1980:193–252), dikwels in Suid-Afrikaanse skryfwerk te sien is. Binne die konteks van hierdie studie is dit belangrik om kennis te neem van die liberale skrywers se oogmerk, soos Peck dit in die voorafgaande aanhaling verwoord: “[T]o attempt to change the hearts of policymakers by bringing to their attention consequences of their actions”. In hierdie opsig het die Engelstalige Suid-Afrikaanse skrywers binne die liberale tradisie ’n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse sosio-politieke landskap gelewer.

Alan Paton was ongetwyfeld die bekendste Suid-Afrikaanse liberalis. Hy gee uiting aan die liberale ideologie deur sy skryfwerk, en later ook deur sy betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse Liberale Party. *Cry, the beloved country* (1948) was die eerste Suid-Afrikaanse roman wat die politieke situasie in Suid-Afrika in die 1940's van nader bekyk het. Heelparty temas eie aan die Suid-Afrikaanse liberalisme vind in dié roman neerslag. Paton se twee latere romans, *Too late the phalarope* (1953) en *Ah, but your land is beautiful* (1981), sluit ook by hierdie tradisie aan.

Na *Cry, the beloved country* volg vele ander skrywers, waaronder Laurens van der Post, Dan Jacobson en Nadine Gordimer, Paton se voorbeeld met protesromans in die liberale tradisie. Laurens van der Post skryf byvoorbeeld *Flamingo feather* (1954), *A story like the wind* (1972) en *A far-off place* (1974). Dan Jacobson se *A dance in the sun* (1956) val binne die liberale tradisie. Nadine Gordimer se eerste romans – *The lying days* (1953), *A world of strangers* (1958), *Occasion for loving* (1963) en *The late bourgeois world* (1966) – staan ook in die liberale tradisie, maar in haar latere werk, soos *Burger's daughter* (1979) en *July's people* (1981), wyk Gordimer van dié tradisie af, omdat sy gereken het dat “what is required is not merely a change of heart but a change in structure” (Van Wyk Smith 1990:75). In die Suid-Afrikaanse politiek sou die liberale tradisie egter lank voortgesit word; tot 1994 in der waarheid deur die politieke party wat die regerende Nasionale Party se amptelike opposisie was, en veral in die persoon van die gevierde Helen Suzman (1917–2009) en die vorige leier van die Demokratiese Alliansie (DA), Tony Leon.

1.2.2 Die publikasie van vertalings uit Engels in Afrikaans

Ten spyte van die sosio-politieke (én, vanuit die huidige perspektief, ook die sosio-historiese) belang van die liberale stroming in die Engelse Suid-Afrikaanse letterkunde is geeneen van die vier outeurs wat onder 1.2.1 genoem is, se romans in Afrikaans vertaal nie – selfs nie eens dié van die Nobelpryswenner Nadine Gordimer, wat in talle ander tale vertaal is, nie.

Vanuit 'n sake-oogpunt is dit ongelukkig só dat uitgewers gewoonlik huiwerig is om vertalings uit te gee. Müller (2006:2) het bevind dat die publikasie van Afrikaanse vertalings van Engelse fiksie sedert die middel 1990's drasties afgeneem het. Volgens die *Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografieë* is daar in die afgelope sewe jaar slegs 'n handjievol

Engelse romans, almal deur Suid-Afrikaanse outeurs, in Afrikaans vertaal. Dit sluit in: Michiel Heyns se *The children's day* (2002), wat in 2006 deur Elsa Silke en Michiel Heyns in Afrikaans vertaal is as *Verkeerdespruit* en deur Human & Rousseau uitgegee is; die Nobelpryswenner J.M. Coetzee se *Disgrace* (1999), wat in 2009 deur Fanie Olivier in Afrikaans vertaal is as *In oneer* en deur Umuzi uitgegee is; en Hermione Suttner se *Bitter Honey* (2011), wat in 2012 deur Linda Rode as *Bitter Heuning* in Afrikaans vertaal is. In 2007 is dr. W. J. Viljoen se Afrikaanse vertaling van Percy Fitzpatrick se baie bekende *Jock of the Bushveld* (1907) deur Human & Rousseau as *Jock van die Bosveld* heruitgegee.

In ander genres, waaronder liefdesverhale en kinderliteratuur, word daar wel talle vertalings uit Engels in Afrikaans gepubliseer: sedert 2000 het Jacklin-uitgewers byvoorbeeld meer as 320 Afrikaanse vertalings van Engelse liefdesverhale uitgegee. Die feit dat daar so min Engelse literêre romans in Afrikaans vertaal word, kan gedeeltelik daaraan toegeskryf word dat uitgewers meen dat die meeste potensiële kopers van Afrikaanse vertalings uit Engels reeds die oorspronklike Engelse teks sou gelees het teen die tyd dat 'n Afrikaanse vertaling uitgegee word. Dit is inderdaad so dat die meeste Afrikaanssprekendes Engels magtig is en dus die Engelse bronteks kan lees. Maar daar is ook Afrikaanse lesers wat nie graag Engelse boeke lees nie: sommige is nie vaardig genoeg in Engels nie en ander voel net meer gemaklik met Afrikaanse leesstof. Hierdie lesers sal by Afrikaanse vertalings van Engelse tekste baat.

Ofskoon die uitgee en verkoop van boeke, insluitend vertalings, inderdaad 'n sakepraktyk is en daarom winsgewend vir die uitgewer en boekhandelaar moet wees, is kruissubsidiëring 'n praktyk wat reeds dekades lank toegepas word. Dit stel 'n uitgewer byvoorbeeld in staat om literêre tekste, soos digbundels, waarvan die oplae klein is, uit die opbrengs van 'n baie winsgewende soort teks, soos 'n kookboek, te subsidieer. Ook wat vertaling betref, geld daar dus dikwels ander oorwegings as sake-oorwegings. Vir kleiner tale is dit gewoonlik belangrik om wêreldletterkunde te vertaal sodat die seminale tekste ook in die plaaslike taal gelees kan word: daardeur verkry die taal aansien in die oë van die leserspubliek én word die omvang van letterkundige tekste in die taal vergroot. In die verlede is daar dan ook baie meer tekste uit die wêreldletterkunde in Afrikaans vertaal as wat kennelik vandag die geval is. Tussen 1945 en 1955 is daar byvoorbeeld heelwat Engelse tekste (uit ander genres) in Afrikaans vertaal, insluitend klassieke tekste soos *Ben-Hur* (Wallace 1880) en Shakespeare (1958:922, 945 en 185) se *Hamlet*, *Macbeth* en *The Merchant of Venice*, en baie kinderliteratuur.

Waar buitelandse of subsidies vir die uitgee van vertalings beskikbaar is, verskyn daar inderdaad vandag steeds Afrikaanse vertalings van (byvoorbeeld) Nederlandstalige romans en digbundels. Vertalings van Franse en Duitse tekste is in die onlangse verlede deur byvoorbeeld Praag en Protea uitgegee, en in 1993 het Queillerie André P. Brink se Afrikaanse vertaling van *Die begeleidster* deur Nina Berberova uitgegee. Dit is dus enigszins ironies dat Engelse Suid-Afrikaanse romans wat tot die status van wêreldletterkunde verhef is, nie in Afrikaanse vertaling beskikbaar is nie. Op grond van die feit dat Engels vir ’n groot deel van die wêreldbevolking toeganklik is, baat Engelstalige Suid-Afrikaners by die vertaling van belangrike Afrikaanse romans vir die Britse en/of Amerikaanse mark, hoewel die neiging wel bestaan om só ’n roman ook in ’n Suid-Afrikaanse Engelse uitgawe (waarin sekere Afrikaanse uitdrukkings behoue bly) te publiseer, soos in die geval van Marlene van Niekerk se romans *Triomf* (1994, 1999a en 1999b) en *Agaat* (2004, 2006 en 2008³).

1.2.3 Literêre vertaling in Afrikaans as navorsingsterrein

Vanuit ’n akademiese oogpunt beskou, val die eis van winsgewendheid by die keuse van ’n teks vir vertaling natuurlik grotendeels weg. By die keuse van ’n bronteks vir die verwerwing van ’n meesters- of doktorsgraad in vertaling geld oorwegings van ’n meer akademiese aard. In 1990 behaal Alet Kruger ’n meestersgraad in linguïstiek (vertaling) by Unisa met ’n verhandeling getiteld “Die vertaling van idiosinkratiese vorme van spraak in narratiewe fiksie, met spesiale verwysing na *Fiela se kind*”. In hierdie studie ondersoek Kruger “die vertaling van idiosinkratiese vorme van spraak en die implikasies daarvan vir die uitbeelding van karakter in die narratiewe teks binne ’n semio[ties]-strukturele verwysingsraamwerk” wat met die “interafhanklikheid van die intratekstuele relasies” rekening hou (Kruger 1990:1).

Elsa Silke (2004) se keuse van ’n bronteks vir die verwerwing van ’n M.Phil. in vertaling aan die Universiteit van Stellenbosch val op Karel Schoeman se roman *Hierdie lewe* (1993), weens “’n persepsie dat Schoeman se werk moeilik vertaalbaar, of selfs onvertaalbaar is” (Silke 2004:iii) op grond van Schoeman se besonder beeldryke, liriese, ritmiese skryfwyse. Silke se hipotese is dat vertaling wel moontlik is “mits die vertaalprobleme geïdentifiseer word en strategieë om die probleme op te los, bedink word”. Hiervoor beveel sy ’n

³ Volgens Swart (2009:5) verskyn die internasionale Engelse vertaling, *The way of the women*, in 2007. Volgens die Britse uitgewer, Abacus, ’n druknaam van Little, Brown Book Group, verskyn *The way of the women* op 4 Desember 2008 op die rakke (*The way of the women* 2013).

hermeneutiese interpretasie van die bronteks aan, asook 'n "oorhoofse weerstandstrategie" waarin sekere toegewings aan die brontekskultuur ('domestication') as onvermydelik beskou word "in die lig van die einddoel om 'n ekwivalente teks te skep wat tog ook leesbaar is en nie die teikenlesers sal vervreem nie" (Silke 2004:iii).

In Alexander McCall Smith se *The No.1 Ladies' Detective Agency* (2005) het M.B. Müller (2006, Universiteit van Stellenbosch) te kampe met 'n roman wat in Botswana afspeel en waarin die 'Afrika-elemente' aan die geïntendeerde lesers in die Verenigde Koninkryk 'n land en 'n samelewing voorstel wat vir hulle vreemd en eksoties voorkom, maar wat vir 'n Afrikaanse leser aan die suidpunt van Afrika alledaags is. Sy ondersoek die mees gepaste vertaalstrategieë vir hierdie situasie.

Met bostaande drie voorbeelde ter illustrasie van die oorwegings wat by die keuse van 'n bronteks geld, is dit duidelik dat die kommersiële potensiaal van 'n bronteks in vertaling nie die belangrikste rol speel nie, ofschoon al drie tekste hoogs gekanoniseer is en/of in die brontaal kommersieel suksesvol was.

1.3 Motivering vir die vertaling van *Cry, the beloved country*

1.3.1 Die sosio-politieke belangrikheid van die roman

Wechsler (1998:18 en 24) verstrek die volgende redes waarom vertalers vertaal:

The reasons they [vertalers] do this [vertaal] range from love to scholarship, from dissatisfaction to political necessity. [F]or me one of the things that most distinguishes translation from other arts is the concept of service. Most of all, people are attracted to translation to share what they love and just for the sheer intellectual joy of doing it.

Bostaande aanhaling lê die klem op drie aspekte wat met betrekking tot *Cry, the beloved country* belangrik is: die "scholarship", wat reeds onder 1.2.3 beredeneer is; die "share what they love"-aspek, wat onder 1.3.3. bespreek sal word, en die aspek van "political necessity".

In die beredenering wat hierdie gedeelte voorafgaan, is daar reeds gewys op die enorme sosio-politieke uitwerking wat apartheid (wat toegepas is om die politieke mag in die hande

van die Nasionale Party te hou) op Suid-Afrika en die lewens van alle Suid-Afrikaners uitgeoefen het. Die letterkunde weerspieël en bewaar 'n beeld van die samelewing, insluitende die magsverhoudings wat daardie samelewing vorm. Om hierdie rede beweer Lefevere (1992:xi, soos reeds aangehaal in 1.1.1) dat vertaling ook die geskiedenis van “the shaping of power of one culture upon another” vertel. Hierdie geskiedenis is besonder relevant in Suid-Afrika; vandag, twee dekades ná die oorgang na 'n demokraties verkose regering, is die (ontwrigtende) uitwerking van die magsoorheersing van apartheid op alle lede van die samelewing in baie opsigte steeds sigbaar en voelbaar.

As een van die vroegste, in sekere opsigte byna profetiese, Suid-Afrikaanse liberale romans wat oor die onreg en die gevare van 'n apartheidsamelewing handel, is *Cry, the beloved country* 'n belangrike sosio-politieke en sosio-historiese teks wat verdien om in Afrikaans vertaal te word. Hierdie opvatting word bevestig deur die tipering van die belangrikste temas van die roman, soos dit op *Wikipedia* saamgevat word (*Cry, the beloved country* 2009):

Cry, the Beloved Country is a social protest against the structures of the society that would later give rise to apartheid. Paton attempts to create an unbiased and objective view of the dichotomies this entails: he depicts the Whites as affected by ‘native crime’, while the Blacks suffer from social instability and moral issues due to the breakdown of the tribal system. It shows many of the problems with South Africa such as the degrading of the land reserved for the natives, which is sometimes considered to be the main theme, the disintegration of the tribal community, native crime and the flight to the urban areas.

Another prevalent theme in *Cry, The Beloved Country* is the detrimental effects of fear on the characters and society of South Africa, as indicated in this quote from the narrator in Chapter 12:

Cry, the beloved country, for the unborn child that is the inheritor of our fear. Let him not love the earth too deeply. Let him not laugh too gladly when the water runs through his fingers, nor stand too silent when the setting sun makes red the veld with fire. Let him not be too moved when the birds of his land are singing, nor give too much of his heart to a mountain or a valley. For fear will rob him of all if he gives too much.

In die lig van bostaande is die volgende opmerking (eweneens uit *Wikipedia*) ironies, en onderskryf dit die relevansie van 'n Afrikaanse vertaling:

[*Cry, the beloved country*] enjoyed critical success around the world, except in South Africa, where it was banned, due to its politically contentious material. The book sold over 15 million copies around the world before Paton's death.

The book is studied currently by many schools around the world (*Cry, the beloved country* 2009).

1.3.2 Die gekanoniseerdheid van die roman

Verkope van meer as 15 miljoen kopieë in minstens 23 tale wêreldwyd; 'n wegholsukses by sy eerste publikasie, sowel in Amerika as in die Verenigde Koninkryk; twee keer verfilm en een keer tot opera verwerk; steeds voorgeskryf by talle skole wêreldwyd (waarskynlik met 'n soort kultusstatus soortgelyk aan dié van *Het achterhuis* (1947), die dagboek wat die Joodse meisie Anne Frank tydens die Tweede Wêreldoorlog gehou het terwyl sy vir die Duitse magte probeer wegkruip het): *Cry, the beloved country* moet een van die mees gekanoniseerde Suid-Afrikaanse literêre tekste wees – en dit is nie in Afrikaanse vertaling beskikbaar nie (*Het achterhuis* is wel in Afrikaans beskikbaar, dié boek is in 2008 deur Lina Spies as *Die agterhuis* in Afrikaans vertaal en deur Protea Boekhuis uitgegee).

In 1.2.2 is daar genoem dat 'n Afrikaanse vertaling van Percy Fitzpatrick se klassiek geworde *Jock of the Bushveld* in 2007 – 100 jaar ná die publikasie van die Engelse bronteks – heruitgegee is. Anders as Fitzpatrick se roman, geniet *Cry, the beloved country*, wat reeds meer as ses dekades gelede verskyn het, egter waarskynlik nie soveel bekendheid onder Afrikaanse lesers in Suid-Afrika nie. Omdat die roman in Suid-Afrika as 'ongewens' beskou is, beteken die ouderdom van die teks dat daar, ten spyte van sy internasionale aansien, minstens twee generasies Suid-Afrikaanse lesers is wat moontlik nie met die teks of die skrywer, Alan Paton, vertrou is nie. 'n Afrikaanse vertaling kan Paton se werk aan jonger lesers, en dié wat nog nie van sy werk gelees het nie, bekendstel. Kennismaking met die vertaalde teks kan moontlik ook tot gevolg hê dat 'n groep lesers, van wie die meeste Engels magtig behoort te wees, Paton se ander werk in die oorspronklike Engels sal gaan lees.

1.3.3 Die roman as vergestaltung van die oogmerk van die liberale tradisie

Al het *Cry, the beloved country* reeds meer as ses dekades gelede verskyn, is dit steeds relevant. Dit blyk nie net uit die feit dat dié teks steeds herdruk en wêreldwyd voorgeskryf word nie, maar ook uit die feit dat dit in 1995 weer verfilm is en dat die operaweergawe, *Lost in the stars*, in 2009 deur dramastudente by die Universiteit van die Witwatersrand opgevoer is (Odendaal 2009:11).

Alan Paton het onteenseglik daarin geslaag om met *Cry, the beloved country* die liberals se oogmerk te beriek en mense se harte aan te raak; waarskynlik weens die menslikheid van die hoofkarakter, Stephen Kumalo. Die vriendelikheid, bedagsaamheid, sagmoedigheid en respek wat hy teenoor sy minderes en meerderes toon. En die feit dat hy – ten spyte van sy suster Gertrude se prostitusie, die moord op Arthur Jarvis deur sy eie seun, Absalom, die verstedeliking van die landelike bevolking, droogte, armoede en die onregverdigte behandeling van swart mense – nooit ophou hoop het nie. Hierdie aspek van die roman maak dit vir my persoonlik ’n boek waarvan ek hou, ’n boek wat vir my baie beteken en wat ek deur my vertaling met ander wil deel: “[To] share what [I] love and just for the sheer intellectual joy of doing it” (Wechsler 1998:24).

Dat die Suid-Afrikaanse samelewing steeds nodig het om (weer) te leer wat medemenslikheid en respek is, blyk duidelik as ’n mens kyk na koerantopskrifte soos “Shades of apartheid” (Forde 2008:1); “Niks fout om wit joernaliste uit te sluit nie – Zuma verdedig geslote vergadering met forum” (Njwabane 2008:2); “In konteks mag hy maar ka**er sê, meen 2010-baas” (Van Zyl 2008:8); “Kampus-walgvideo – Studente urineer op vleis wat skoonmakers eet” (Kampus-walgvideo... 2008:1) “Swart gesigte ontstel” (Swart gesigte... 2014) en “Blackface scandal hits Stellenbosch” (Blackface... 2014). Hieruit blyk dat waardes soos dié van Stephan Kumalo iets van die verlede is. Ander koerantopskrifte soos “Tribunaal sal kom, dreig ANC” (Steenkamp 2010:1) en “Brink striem ANC. Skrywer sê aanslag op pers ruik na apartheid” (Scholtz 2010:1) wek kommer dat sekere beginsels wat onder apartheid gegeld het, soos die toepassing van sensuur weer ingestel gaan word. Die Wetsontwerp op die Beskerming van Inligting is op 25 April 2013 in die parlement goedgekeur met 189 stemme ten gunste van die wet, en 74 daarteen (Stuur inligtingwet... 2013).

Al die bogenoemde gevalle het groot opslae veroorsaak. In die eerste geval het die Forum vir Swart Joernaliste (FSJ) wit joernaliste verbied om een van hulle vergaderings by te woon. Dié wat die vergadering probeer bywoon het, is gevra om die vergadering te verlaat.

In die tweede geval het Irvin Khoza, wat die voorsitter van die plaaslike reëlingskomitee (PRK) vir die 2010-sokkertoernooi was, aan joernaliste vertel hoe hy aan 'n ander swart joernalis gesê het hy (die joernalis) moet ophou om soos 'n kaffer te dink, nadat dié hom gekontak het oor beweerde onmin tussen Khoza en Danny Jordaan, uitvoerende hoof van die PRK. In sy afskeidstoespraak in die Parlement (Februarie 2009) het Joe Seremane, DA-LP, “ANC-LP’s se kwetstaal jeens swart mense wat van hulle verskil, opgehaal en gevra of hulle pres. Barack Obama van die VSA ook 'n ‘coconut’, 'n ‘house-nigger’, 'n ‘ndlembwe’ of 'n ‘sell-out’ gaan noem as hy ware nie-rassigheid nastreef” (Joubert 2009).

In die derde geval het vier studente van toenmalige Reitz Kamerwonings aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) 'n video gemaak waarin hulle skoonmaakpersoneel vir die gek hou deur hulle aan verskeie aktiwiteite (atletiek, rugby, dans, ens.) te laat deelneem en daarna 'n brousel, waarin een van die studente oënskynlik geürineer het, te laat eet. Die video bevat duidelike verwysings na die integrasiebeleid wat sedert Januarie 2008 by die UV toegepas word. Dié beleid bepaal dat swart en wit studente persentasiegewys in koshuise ingedeel word. Voorheen het studente in onderskeidelik wit en swart koshuise gewoon.

Die Reitz-vier is in 2008 van crimen injuria aangekla. Op 27 Junie 2010 is hulle daaraan skuldig bevind. Hulle is 'n boete van R20 000 of 12 maande tronkstraf plus nog ses maande opgeskorte vonnis opgelê (Van Rooyen 2010).⁴

In die laaste en mees onlangse gevalle het vier studente (twee dames aan die Universiteit van Pretoria en 'n maand later twee mans aan die Universiteit van Stellenbosch) 'n rasseherie

⁴ Op Woensdag 23 Junie 2011 is die Reitz-vier se vonnis in die Vrystaatse hooggeregshof verminder. Volgens die Reitz-vier se regsverteenvoerder, mnr. Christo Dippenaar, kom dit duidelik in die appèluitspraak na vore dat hulle [die Reitz-vier] nie die direkte bedoeling gehad het om die werkers te verneder nie (Van Rooyen 2011:4).

In plaas van die R20 000-boete of tronkstraf van twaalf maande plus opgeskorte tronkstraf van ses maande wat hooflanddros Mziwonke Hinxa einde Julie 2010 in die Bloemfonteinse landdroshof aan hulle opgelê het, “moet mnr. R.C. Malherbe [...] en Schalk van der Merwe [...] nou elk R10 000-boete betaal en Danie Grobler [...] en Johnny Roberts [...] elk R15 000 (Van Rooyen 2011:4).

ontketen deur hul gesigte swart te verf en hul as swart mense op te maak vir twee verskillende 21ste-verjaarsdagpartytjies.

Volgens die Sunday Independent neem swart mense aanstoot omdat hierdie aksie swart mense as ondergeskik aan wit mense sou uitmaak:

They have been offended since the 19th century when white people thought the best way to depict black people was to use actors whose faces were painted with black paint and to portray them to white theatre audiences as inferior, the result of which has been the creation of long-lasting negative stereotypes and ignorance about black people that remain till today (Blackface... 2014).

Beide die Universiteit van Pretoria en die Universiteit Stellenbosch het ondersoek na hierdie voorvalle geloods.

Cry, the beloved country dwing die leser om sy/haar eie belange opsy te skuif en 'die ander' se menswees raak te sien. Soos dit uit die gedeeltes hierbo blyk, is dit iets wat ons as Suid-Afrikaners al minder doen.⁵ 'n Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* kan die lesers daarvan opnuut van die mense om hulle bewus maak, en 'n Afrikaanse vertaling kan ook tot 'n oop gesprek oor rassisme tussen gewone Suid-Afrikaners bydra.

Dat die tyd vir 'n Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* – 'n roman wat in die Engelse liberale tradisie gewortel is – nou ryp geword het, is (naas bogenoemde redes) ook uit verwikkelinge tydens 2009 met betrekking tot die Demokratiese Alliansie, waarin die Engelse liberalisme nog die sterkste bly voortleef het, te sien. In 1.2.1 is daar verwys na die respek wat Helen Suzman op politieke terrein afgedwing het, soos verwoord in talle huldeblyke ná haar afsterwe op 1 Januarie 2009. En oor haar 'opvolger', Tony Leon, is daar by sy uittrede uit die politiek in 2009 die volgende in 'n huldeblyk in die redaksionele rubriek van die Afrikaanse dagblad *Beeld* (Redaksioneel 2009:8) gesê:

Dit is een van Leon se sonderlinge prestasies dat hy groot getalle Afrikaanse kiesers gekry het om vir die DA, nasaat van die eens gehate Prog-party, te stem. Dit was

⁵ Tydens die Fifa sokker-wêreldbeker wat tussen 11 Junie 2010 en 11 Julie 2010 in Suid-Afrika plaasgevind, en baie suksesvol verloop het, was die eenheidsgevoel onder baie Suid-Afrikaners duidelik. Suid-Afrikaanse landsvlae het op elke tweede motor gewapper en selfs rugby-ondersteuners het in heldergeel Bafana-Bafana truië gepryk. Helaas was die gevoel, volgens my, slegs tydelik. Skaars twee maande ná die afloop van die sokkertoernooi het die ANC 'n aanslag teen mediavryheid gevoer deur die voorstel van die Wet op die Beskerming van Inligting (sien 1.2.1).

terwyl sy van nie Steytler, Slabbert of De Beer was nie en sy Afrikaans ietwat krom en skeef. Welgedaan, Tony. Jy het spore getrap wat nog vir lank sigbaar sal bly.

1.3.4 Probleemstelling, hipotese en navorsingsvrae

Meer as ses dekades ná sy publikasie in 1948 het daar steeds geen Afrikaanse vertaling van Alan Paton se *Cry, the beloved country* verskyn nie, ofskoon die roman in meer as 23 tale (waaronder Zulu en Tsonga) vertaal is en 'n prominente plek in die wêreldletterkunde beklee. Mossman (1990:41) voer byvoorbeeld aan dat "[t]he most frequently taught work of South African literature in American classrooms is *Cry, the Beloved Country* (1948) by Alan Paton". Maar afgesien van sy internasionale gekanoniseerdheid handel die roman ten diepste oor die Suid-Afrikaanse samelewing in die greep van apartheid; 'n politieke bestel met 'n lang historiese aanloop (sien 2.1), wat van 1948 af, met die bewindsoorname deur die Nasionale Party met sy oorwegend Afrikaanssprekende ampsdraers fel toegepas is as volwaardige rassebeleid en 'n verwoestende uitwerking op soveel Suid-Afrikaners se lewe uitgeoefen het. Politieke en ideologiese faktore het waarskynlik verhoed dat die roman in Afrikaans vertaal is – *Cry the beloved country* is deur 'n Amerikaanse uitgewer gepubliseer in die jaar toe die Nasionale Party aan bewind gekom het. Weens dié roman se kritiek op die Nasionale Party se apartheidsideologie, in 'n era toe Afrikanernasionalisme hoogty gevier het, sou 'n Afrikaanse vertaling op daardie stadium nie polities korrek en gevolglik nie aanvaarbaar gewees het nie. Eers ná die beëindiging van apartheid sou die klimaat so verander dat 'n Afrikaanse vertaling moontlik sou word. Daar is twee faktore wat hierdie aanname ondersteun. Die eerste is dat die Suid-Afrikaanse filmmaker Darrell Roodt se rolprentweergawe van *Cry, the beloved country* eers in 1995, ná die beëindiging van apartheid (en 44 jaar ná die Amerikaanse rolprent), verfilm en vrygestel is. Die tweede is dat daar eweneens niks deur enige ander Suid-Afrikaanse Engelse skrywer in die liberale tradisie tydens apartheid in Afrikaans vertaal is nie, en dit sluit die Suid-Afrikaanse Nobelpryswenner Nadine Gordimer, Sir Laurens van der Post en Dan Jacobson in.

Op grond van bostaande is dit moontlik om die volgende **hipotese** te formuleer:

Die beëindiging van die politieke bestel van apartheid in 1994, die daaropvolgende verloop van twintig jaar van demokrasie en die groot ideologiese verskuiwing wat daarmee gepaardgegaan het, maak dit nou moontlik om 'n Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* te maak met die verwagting dat dit aanvaarbaar sal wees vir publikasie mits die

vertaling met die veranderde politieke en ideologiese faktore in 'n post-apartheidsamelewing rekening hou.

Die **primêre navorsingsvraag** in hierdie magisterondersoek kan dus soos volg geformuleer word:

Hoe sal 'n gepaste post-apartheidvertaling, in Afrikaans, van 'n deel van Alan Paton se wêreldberoemde roman *Cry, the beloved country* lyk?

Ten einde die hipotese te toets en 'n antwoord op die primêre navorsingsvraag te formuleer, is dit nodig om die volgende **sekondêre navorsingsvrae** te beantwoord:

1. Wat is die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die apartheidsbestel wat Paton genoop het om hierdie roman te skryf?
2. Watter teoretiese raamwerk sou die vertaler kon volg om ses dekades na die verskyning van die roman 'n post-apartheid-vertaling van 'n pre-apartheid-roman te maak?
 - a. Wat was die doel van die bronteks in die bronskultuur?
 - b. Wat is die doel van doelteks in die doelskultuur?
3. Watter vertaalprobleme kan die Afrikaanse vertaler tydens die vertaalproses te wagte wees?
4. Hoe los die vertaler hierdie vertaalprobleme op?
 - a. Hoe, in 'n post-apartheid Suid-Afrika, hanteer die vertaler 'n gevoelige vertaalprobleem soos die gebruik van raspejoratiewe uit 'n pre-apartheidsera (soos "kaffir", in Paton 2002:42)?

Beantwoording van dié vrae sal die basis vorm van die teoreties gefundeerde, geannoteerde Afrikaanse vertaling van sowat die eerste kwart van Alan Paton se wêreldberoemde roman *Cry, the beloved country* wat vir hierdie magisterverhandeling onderneem word.

1.4 Metodologie

1.4.1 Praktiese benadering

Hierdie studie gaan op die praktiese vertaling van *Cry, the beloved country* fokus. Die vertaalprobleme wat tydens die vertaalproses ondervind en die besluite wat geneem word, gaan by wyse van annotasie bespreek word. Die annotasies sal ooreenkomstig Nord

(1997b:58) se vier kategorieë van vertaalprobleme, naamlik pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teksspesifieke vertaalprobleme, gestruktureer word.

Daar sou ook van Venuti (1995:19–20) of House (1997 en 2001) se vertaalteorieë gebruik gemaak kon word. Beidie dié teorieë handel oor of ’n teks vir die leser in so ’n mate ‘vreemd gemaak’ moet word dat die leser bewus is van die feit dat hy ’n vertaling lees. By Venuti (1995:19–20) staan dit bekend as “foreignization” en by House (2001:245) as “overt translation”. Of, dat die teks by die doelkultuur aangepas word sodat die leser nie daarvan bewus is dat hy ’n vertaling lees nie. Venuti (1995:19–20) noem dit “domestication” terwyl House (2001:245) van “covert translation” praat.

Wanneer dit by die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* kom, is die feit of die leser daarvan bewus moet wees dat hy ’n vertaling lees, al dan nie, nie so belangrik nie. By die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* val die klem eerder op die feit dat die Nasionale Party se apartheidsideologie ’n Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* bykans onmoontlik gemaak het. Na 1994 het daar ’n sterk ideologiese verskuiwing in Suid-Afrika plaasgevind, ’n verskuiwing wat ’n Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* vandag moontlik maak. Suid-Afrika se apartheidsverlede moet egter deurentyd in gedagte gehou word. Suid-Afrikaners is, myns insiens, hiper rassensitief wat veroorsaak dat ’n mens nie deur vertaalkeuses onnodig aanstoot wil gee nie (sien 1.3.1 en Munday (2001:130–131)).

Dit is as gevolg van bogenoemde dat Nord (1997b) se skoposteorie wat die doel van doeltteks binne die doelkultuur vooropstel, die gekose teorie is waarbinne die Afrikaanse vertaling van Alan Paton se roman *Cry, the beloved country* (1948) gefundeer is.

1.4.2 Teoretiese benadering

Die vertaling sal teoreties gefundeer word in Vermeer (2001:221) se skoposteorie en Nord (1997b:123) se aanpassing van die skoposteorie deur die byvoeging van die begrip ‘lojaliteit’. Die skoposteorie is ook deur Müller (2006) in haar Afrikaanse vertaling van Alexander McCall Smith se *The No.1 Ladies’ Detective Agency* gebruik. Silke (2004) het eweneens van die skoposteorie gebruik gemaak in haar vertaling van Karel Schoeman se *Hierdie lewe*, wat

in 2006 onder die titel *This life* deur Human & Rousseau uitgegee is. Sy het die skoposteorie met Steiner (1975:296) se teorie van vertaling as 'n hermeneutiese aksie gekombineer.

Bogenoemde teorieë en die wyse waarop hulle aangewend gaan word, word vervolgens kortliks bespreek as inleiding tot 'n meer uitgebreide bespreking in Hoofstuk 3.

1.4.2.1 Die skoposteorie

Vermeer (2001:227) se funksionele vertaalteorie gaan daaroor dat die doel van elke vertaling bepaal hoe die doeltteks moet lyk. Vermeer (2001:227) stel dit soos volg:

Skopos theory focuses above all on the purpose of the translation, which determines the translation methods and strategies that are to be employed in order to produce a functionally adequate result.

Volgens Munday (2001:79) wil Vermeer met die skoposteorie 'n algemene vertaalteorie vir alle tekstipes daarstel. Munday (2001:79) sit die basiese reëls van Vermeer se skoposteorie soos volg uiteen:

1. 'n Doeltteks word deur sy skopos bepaal.
2. 'n Doeltteks is 'n informasieaanbod⁶ in 'n doeltkultuur en doeltaal, wat oor 'n informasieaanbod in 'n brontaal en bronkultuur handel.
3. 'n Doeltteks se informasieaanbod is nie direk omkeerbaar nie. (Met ander woorde: die doeltteksfunksie kan van die bronteksfunksie verskil.)
4. 'n Doeltteks moet intern koherent wees.
5. 'n Doeltteks moet koherent met die bronteks wees.
6. Bostaande vyf reëls staan in hiërargiese volgorde en is ondergeskik aan die skoposreël.

Volgens hierdie reëls is die skopos of doel van die doeltteks belangriker as dié van die bronteks. Ingevolge die skoposteorie is die status van die bronteks veel laer as in vroeëre ekwivalensieteorieë, waar die doeltteks selfs woord vir woord ekwivalent moes wees aan die bronteks. Nord (1997b:45) stel dit soos volg:

⁶ Vermeer (2001:227) se funksionele skoposteorie is nie hoofsaaklik vir die doel van literêre vertaling ontwikkel nie, maar dit beteken nie dat dié teorie glad nie vir literêre vertaling gebruik kan word nie.

'n Literêre teks is eerder 'n estetiese teks as wat dit 'n informasieaanbod is. In die geval van *Cry, the beloved country* (1948) wou Alan Paton wel inligting aan die brontaallesers oordra, hy wou die politieke situasie in Suid-Afrika tydens die laat 1940's onder die bronteksesers se aandag bring en só hulle harte, én die harte van die wat toe aan bewind was, verander (sien 3.5e).

In the equivalence models, the source text and its “value(s)” are considered to be the one and only standard, to which the translator has to subordinate any decision in the translation process.

Bogenoemde opvatting is in ooreenstemming met Catford (1965:20) se definisie van ekwivalente vertaling of letterlike vertaling as:

[T]he replacement of textual material in one language [brontaal] by equivalent material in another language [doeltaal].

Binne die funksionele skoposteorie bepaal die skopos van ’n vertaling (en nie die bronteks nie) hoe die uiteindelijke doeltteks gaan lyk.

1.4.2.2 Die begrip ‘lojaliteit’

Soos reeds onder 1.4.2.1 genoem is, is ekwivalensieteorieë nie meer voldoende vir vertaling in die 21ste eeu nie – dit gaan nie meer nét oor die bronteks nie. Ander faktore moet ook in ag geneem word, soos byvoorbeeld wie die doelttekslesers is en hoe ver die bronkultuur van die doelkultuur verskil. Daarom het dit nodig geword om na alternatiewe teorieë te kyk. Volgens Nord (1997a:44–45) sal die ideale teorie oor die volgende eienskappe beskik:

1. a *pragmatic model* which takes account of the situational conditions of communicative interaction and, accordingly, of the needs and expectations of the addressees of receivers of the TT [target text],
2. a *culture-oriented model* giving consideration to the culture-specific forms of (verbal and nonverbal) behaviour involved in translation,
3. a *consistent model* able to establish a coherent theoretical and methodological framework which may serve as a guideline for an intersubjective justification of the translator’s decisions in any type or form of translation task,
4. a *comprehensive model* which can be applied to all text types, both literary and non-literary, and to translation into and out of the foreign language,
5. an “*anti-universalist*” model which allows for culture-specific differences in translational concepts,
6. a *practical model* capable of accounting for all forms of transcultural communication needed in professional translation practice,

7. an *expert model* which gives translators the prestige of being experts in their field, competent to make purpose-adequate decisions in full responsibility towards their partners.

Volgens Nord (1997a:47) voldoen Vermeer se skoposteorie aan die meeste van hierdie vereistes. Nord voeg egter die begrip ‘lojaliteit’ by die skoposteorie. Hierdie aspek het betrekking op die verhouding tussen die vertaler en die bronteks en die bronteks-outeur.

Nord (1997b:126) verduidelik die begrip ‘lojaliteit’ soos volg:

Loyalty refers to the interpersonal relationship between the translator, the source text sender [die bronteksouteur], the target text addressees [die doeltekslesers] and the initiator [dit kan ’n persoon of instansie wees, byvoorbeeld ’n uitgewer; in hierdie geval is die inisieerder en die vertaler dieselfde persoon]. Loyalty limits the range of justifiable target text functions for one particular source text and raises the need for a negotiation of the translation assignment between translators and their clients [die persoon of instansie wat die vertaling geïnisieer het].

Die begrip ‘lojaliteit’ bring mee dat ’n vertaler se interpretasie van die outeur se boodskap, en dus die vertaling daarvan, so getrou as moontlik aan die outeur se boodskap is. ‘Lojaliteit’ veroorsaak dus dat ’n vertaler nie sommer aan die doelteks kan verander soos hy wil nie.

Die skopos van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* word in Hoofstuk 3 (sien 3.6) aan die hand van ’n aantal vrae wat deur Nord (1992:43) voorgestel word, bepaal.

Tydens die vertaling van enige (literêre) teks is dit belangrik om in ag te neem dat ’n vertaling nie ’n presiese ‘afdruk’ of replika van die bronteks kan wees nie: in vertaling gaan daar ongelukkig altyd iets verlore.

1.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die publikasie en resepsie van Alan Paton se wêreldbekende roman, *Cry, the beloved country* (1948). Die sosio-politieke belangrikheid en gekanoniseerdheid van die roman dien as motivering vir die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country*. Die probleemstelling, hipotese en navorsingsvrae volg hierop.

In die hoofstuk wat hierop volg word spesifieke aspekte van Alan Paton se skryfstyl bespreek. Daar word ook na Paton se lewe gekyk aangesien sy opvoeding 'n groot invloed op sy werk gehad het.

Daarna volg 'n bespreking, op grond van literatuurstudie, van die vertaalteorie waarvan daar in hierdie studie gebruik gemaak word. Dit sluit Vermeer (2001:227) se skoposteorie en Nord (1997b:123) se aanpassing van die skoposteorie deur die byvoeging van die begrip 'lojaliteit' in.

Die Afrikaanse vertaling van die eerste kwart (ongeveer 60 bladsye) van *Cry, the beloved country* volg in Hoofstuk 4 terwyl 'n geannoteerde bespreking van die vertaalprobleme wat tydens die vertaalproses ondervind is in Hoofstuk 5 volg. Hierdie vertaalprobleme word aan die hand van Nord (1997b:58) se vier kategorieë van vertaalprobleme, naamlik pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teksspesifieke vertaalprobleme, bespreek.

Hierdie studie word deur 'n samevattende hoofstuk afgesluit waarin die primêre navorsingsvraag beantwoord word. Daar word ook enkele voorstelle vir verdere navorsing gemaak.

Hoofstuk 2

Paton en *Cry, the beloved country*

Alan Paton was die eerste Suid-Afrikaanse skrywer wat sowel die rassespanning in Suid-Afrika as die sosiale en ekonomiese uitbuiting van swart mense in die Suid-Afrika van die 1940's aan die internasionale gemeenskap bekend gemaak het. Dit het hy gedoen deur die skryf van sy debuutroman, die wêreldberoemde *Cry, the beloved country* wat in 1948, eers in New York (VSA) en toe in Brittanje en Suid-Afrika, gepubliseer is.

Hierdie hoofstuk bied eerstens 'n kronologiese oorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, hoofsaaklik tot en met 1948 – die jaar waarin *Cry, the beloved country* vir die eerste keer op die rakke verskyn het én waarin die Nasionale Party (NP), wat apartheid amptelik sou instel, aan bewind gekom het. Die rede hiervoor is om aan te toon hoe die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis aanleiding gegee het tot die skryf van *Cry, the beloved country* en ook tot die temas wat in dié roman aangespreek word. Die kronologiese oorsig verskaf 'n opsommende blik op die oorsprong en ontwikkeling van die rassespanning in Suid-Afrika, wat van vroeg af duidelik blyk. Daar word ook vlugtig na die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tussen 1952 tot 2014 gekyk, om te toon hoe die apartheidsjare verloop het en om daarop te wys dat dié stelsel wel tot 'n einde gekom het.

Volgende word daar na Paton se agtergrond gekyk: waar en hoe hy grootgeword het, asook na sy godsdienstige agtergrond en hoe laasgenoemde tot die skryf van *Cry, the beloved country* bygedra het.

Voor daar met die vertaling van 'n teks begin kan word, moet die vertaler sy/haar interpretasie van die bronteks vasstel, aangesien hierdie interpretasie 'n invloed het op die wyse waarop die vertaler die vertaling gaan benader. Daar word dus in die laaste deel van hierdie hoofstuk na my interpretasie van Paton se bekendste werk, *Cry, the beloved country* – waarvan 'n gedeelte in Hoofstuk 4 in Afrikaans vertaal word – gekyk.

2.1 Kronologie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis: c. 1000–2014

Kronologie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis	
c.1000 v.C.–200 n.C.	Die Khoi en die San bewoon die land.
300–1000 n.C.	Bantoetaalsprekers begin in die gebied woon.
1478	Bartolomeu Dias kom in Mosselbaai aan.

1479	Vasco da Gama vaar om die Kaap na Indië. Hy doop Natal ‘Terro do Natal’.
1652	<p>Die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) stig ’n verversingstasie aan die Kaap.</p> <p>Die VOC was ’n handelsorganisasie wat in 1602 in Nederland gestig is om ’n stabiele bron van inkomste en organisatoriese steun daar te stel om só die Nederlandse handelsaktiwiteite in die Indiese Oseaan, en verder oos, uit te brei. Onder goewerneur-generaal Jan Pieterszoon Coen⁷ het die VOC beheer geneem oor dele van Java (met die hoofkwartier in Batavia (Jakarta)), Malakka (Maleisië), Ceylon, Makassar (op die eiland Celebes, oos van Borneo), Ternate, Banda, Ambon – eilandjies wes van Nieu-Guinee en noord van Australië (Giliomee en Mbenga 2007:41).</p> <p>In 1652 stig die VOC onder Jan van Riebeeck⁸ ’n agrariese verversingspos aan die Kaap. Die Kaapse verversingstasie was altyd ondergeskik aan die VOC se belangrikste handels- en politieke belange in Asië. Baie VOC-werknemers, slawe en politieke ballinge het van Suidoos-Asië en Indië na die Kaap gekom (Worden 1998:159 en 161).</p> <p>In 1700 is die VOC ontbind “as gevolg van wanbestuur en ’n skuldmas van 110 miljoen gulde. Sy bates en laste is deur die Nederlandse regering oorgeneem” (Giliomee en Mbenga 2007:41).</p>
1652–1795	<p>Die nedersetters verower die Khoi en die San. Slawe word ingevoer van Indië, Ceylon, Madagaskar en Mosambiek.</p> <p>Daar was vier statusgroepe aan die Kaap: “Kompanjie-dienaars,</p>

⁷ Jan Pieterszoon Coen (1587–1629) was die vierde goewerneur-generaal van die VOC. (Coen 2010).

⁸ Jan van Riebeeck (1619–1677) was ’n VOC werknemer en die eerste Nederlandse bevelvoerder in die Kaap. As grondlegger van die eerste permanente wit nedersetting in Suid-Afrika het Van Riebeeck ’n simbool vir sowel wit mense, veral Afrikaanstaliges, as swart mense, teenstanders van die wit mense, geword. Van Riebeeck “was vilified by Unity Movement writers as the initiator of colonialism, slavery and racism” (Worden 1998:160).

	<p>vryburgers, slawe en ‘vreemdelinge’. Die statutêre groep, eerder as iemand se ras of kleur of godsdien, het bepaal óf en hoe iemand in die lewe opgang sou maak” (Giliomee en Mbenga 2007:45).</p> <p>Omdat die Kompanjie nie by Afrika se binneland betrokke wou raak nie, het hy verklaar dat die Khoi-Khoi “vrye mense is wat nie verower of tot slaaf gemaak moes word nie” (Giliomee en Mbenga:50). Nóg tans lei handelsgeskille en aantygings van diefstal tot twee oorloë tussen die nedersetters en die Khoi-Khoi.</p> <p>Slawerny word in 1834 beëindig.</p>
1795	Die Britse ryk neem die Kaapkolonie van die Nederlanders oor.
1803	Die Nederlands-Bataafse Republiek neem deur ’n verdrag weer beheer van die Kaap oor.
1806	<p>Brittanje neem die Kaapkolonie vir ’n tweede keer oor.</p> <p>Giliomee en Mbenga (2007:79) skryf soos volg oor die Britse oorname van die Kaap:</p> <p style="padding-left: 40px;">Brittanje het die Kaap 1795 en 1803 tydelik beset, en hoewel hy vasbeslote was om dit ná die tweede besetting van 1806 nie weer prys te gee nie, het die Kaap eers in 1814 formeel ’n Britse kolonie geword.</p> <p style="padding-left: 40px;">Die bestuur van die Kaap was tussen 1795 en 1814 ’n hoogs frustrerende gedoente. In Londen het die Europese oorlog alles oorheers. Goewerneurs moes ses maande vir ’n antwoord op hul vroeë wag. Daar was onsekerheid oor die onderskeie bevoegdhede van die burgerlike goewerneur en die militêre bevelvoerder. Die kolonie se finansiële administrasie was in ’n warboel.</p> <p>Die Kaap het eers in 1814 finaal ’n Britse kolonie geword. In 1814 het die groot Europese moondhede “’n vredesverdrag om ’n einde te maak aan die oorloë wat kort ná die Franse Revolusie van 1789 uitgebreek het” onderteken (Giliomee en Mbenga 2007:85).</p> <p>Brittanje moes die kolonies wat hy tydens die oorloë van Nederland verower het, aan hom terugbesorg volgens die verdrag. Net die Kaap, Ceylon (nou Sri Lanka) en wat later Brits-Guinee sou word,</p>

	het Brits gebly (Giliomee en Mbenga 2007:85).
1808	Internasionale slawehandel word deur die Britse ryk afgeskaf.
1809	<p>Die regering reik die ‘Hottentot Proklamasie’ uit om die Khoi se swerwery te beheer.</p> <p>Om meer beheer oor die grens uit te oefen, het die Britse administrasie die Hottentot-proklamasie uitgevaardig. Die doel van dié proklamasie was “om die indiensneming en beweging van die Khoi-Khoi te probeer beheer. Dit het bepaal dat skriftelike werkkontrakte opgestel moes word, en het alle Khoi-Khoi opdrag gegee om ’n ‘vaste woonplek’ te kry, want daarsonder sou hulle nie kon reis nie, behalwe as hulle ’n pas kon toon” (Giliomee en Mbenga 2007:83). Die proklamasie het ten doel gehad om die Khoi-Khoi “te beskerm, maar die wet het hulle eerder aan die magtiges se genade oorgelaat” (Giliomee en Mbenga 2007:83).</p>
1811–1812	Britse en koloniale magte verban swart mense van die Eersteriviergebied.
1828	Die paswette word afgeskaf. Ingevolge Ordonnansie 50 word alle regsbeperkings op die Khoi-Khoi opgehef.
1834–1838	Alle koloniale slawe word vry verklaar.
1834–1835	Britse en koloniale magte verslaan die Xhosa.
1836–1840	<p>Die Voortrekkers onderneem die Groot Trek.</p> <p>In die tweede kwart van die 19de eeu het twee strome Afrikanertrekkers die Kolonie verlaat. Die eerste stroom is trekboere genoem. “Hulle het as individuele gesinne oor die grens getrek op soek na beter weiveld[. D]ie tweede stroom het saam in groepe vertrek en het politieke kwessies vir hul trek aangevoer” (Giliomee en Mbenga 2007:108). Laasgenoemde is later die Groot Trek genoem.</p> <p>Een rede waarom die Voortrekkers uit die Kolonie weggetrek het, was omdat die veiligheid in die Kolonie ’n groot kwessie geraak het. Hulle wou hulle êrens vestig waar hulle ’n veilige omgewing kon</p>

	<p>skep. Nog 'n rede vind ons in 'n verklaring deur Anna Steenkamp, Piet Retief⁹ se niggie, wat gekla het dat om slawe op gelyke voet met Christene te plaas “strydig [is] met die wette van God en die natuurlike onderskeid van afkoms en geloof [...] daarom onttrek ons eerder om ons geloof en leer in suiwerheid te bewaar” (Giliomee en Mbenga 2007:108).</p> <p>Piet Retief publiseer sy manifes op 2 Februarie 1837 in die <i>Grahamstown Journal</i>. Die manifes “wil die leser oortuig dat gewone wetsgehoorsame mense onder onhoudbare druk verkies het om weg te trek, eerder as om teen die regering op te staan” (Giliomee en Mbenga 2007:113). Retief het ook geskryf: “[Ons] wens om as 'n vrye en onafhanklike volk beskou te word” (Giliomee en Mbenga 2007:113).</p>
1838	Die Afrikaners verslaan die Zulu's by Bloedrivier.
1852–1854	<p>Die Britte erken die Transvaal en die Oranje-Vrystaat as Afrikaner-republieke.</p> <p>Met die Sandrivier-konvensie van 1852 het Brittanje die Transvaalse Afrikaners die reg gegee om hulself te regeer (Giliomee en Mbenga 2007:151).</p> <p>Die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) is in 1852 gestig, en die Republiek van die Oranje-Vrystaat twee jaar later (Giliomee en Mbenga 2007:151).</p>
1858	Oorlog breek tussen Lesotho en die Oranje-Vrystaat uit.
1860–1911	Indiese kontrakwerkers word na Natal toe gebring.
1865–1867	Die Oranje-Vrystaat verslaan Basoetoeland.
1866	Die Britte annekseer Brits-Kaffraria.
1867	Diamante word naby die huidige Hopetown, in die omgewing van

⁹ Pieter Retief (1780–1838) was een van die Voortrekkerleiers tydens die Groot Trek. Retief is deur Dingane – bekende Zulu-leier – vermoor toe hy vir Zulu-grond gaan vra het. Retief het 'n martelaar vir die trekboere se saak geword “and his death has subsequently been represented in South African historiography as a symbol of Zulu ‘treachery’” (Worden 1998:128).

	<p>Bloemfontein ontdek.</p> <p>In 1867 is 'n diamant suid van die Oranjerivier naby die huidige Hopetown opgetel. Dit was die eerste aanduiding van Suid-Afrika se geweldige minerale rykdom.</p> <p>“Teen 1870 was meer as 10 000 delwers van alle kleure en nasies op die Vaalrivier se walle aan't soek na die kosbare klippies. [...] Die diamante op die broers De Beer se plaas was die oortjies van 'n seekoei wat gou Kimberley se 'Groot Gat' sou word” (Giliomee en Mbenga 2007:158).</p> <p>Die De Beers se plaas was in die Oranje-Vrystaat geleë, wat beteken het dat die diamante nie aan die Britte behoort het nie. 'n Griekwa, Nicolaas Waterboer, het egter beweer dat die grond eintlik aan die Griekwas behoort. Die luitenant-goewerneur van Natal is as bemiddelaar aangestel en die Keate-uitspraak van 1871 het Waterboer se aanspraak bevestig (Giliomee en Mbenga 2007:159).</p>
1868	Die Britte annekseer Basoetoeland.
1877	Die Britte annekseer die Transvaal.
1878	Die Britte verslaan Thlaping (die Tswanas).
1879	<p>Die Britte verslaan die Zulu's ná hulle 'n regiment by Isandlwana verloor het.</p> <p>In 1879 is Sir Bartle Frere as hoëkommissaris in Suid-Afrika aangestel met die opdrag om 'n konfederasie te skep. “Shepstone¹⁰ het die aansporing verskaf deur te verkondig dat die Zulu's onder Cetshwayo hul militêre mag herwin het en dat hulle vrede en welvaart in Suid-Afrika bedreig” (Giliomee en Mbenga 2007:165).</p> <p>In Januarie 1879 loods die Britte 'n inval in Zululand. “Die</p>

¹⁰ Theophilus Shepstone (1817–1893) word die sekretaris van Naturellesake in Natal in 1836. Daar het hy die Shepstone stelsel ontwikkel wat swart gebiede onder die beheer van die Britte geplaas het deur hulle te verplig om, onder andere, hutbelasting te betaal (Worden 1998:136).

	<p>ryksmagte [...] het na Cetshwayo se koninklike hoofstad by oNdini opgeruk. Die Zulu's het een swak voorbereide Britsemag op 22 Januarie by Isandlwana – die Zulu's se bekendste oorwinning oor die Britte – verslaan” (Giliomee en Mbenga 2007:165).</p> <p>Die volgende dag het die Zulu's 500 man teen die Britte verloor. Die Britse leër het egter nie 'n vinnige oorwinning oor die Zulu's behaal nie. Versterkings is aangevra. Die finale aanslag het in Julie 1879 plaasgevind en staan as die Slag van Ulundi bekend (Giliomee en Mbenga 2007:164).</p>
<p>1880–1881</p>	<p>Transvaalse Afrikaners kom in opstand teen die Britse bewind, verslaan 'n Britse mag by Majuba en ontvang beperkte onafhanklikheid.</p> <p>Op 27 Februarie 1884 is die Londense Konvensie deur Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek onderteken. Dié konvensie het aan die Republiek beperkte selfregering gegee met vele voorbehoude (Giliomee en Mbenga 2007:188). Giliomee en Mbenga (2007:188) stel dit soos volg:</p> <p style="padding-left: 40px;">Die onafhanklikheid van die Swazivolk moes ten volle deur die ZAR erken word. [...] Die ZAR het 'n verklaring wat uit vroeëre konvensies dateer, herbevestig en onderneem om nie deel te hê aan die 'slawerny of inboek' van swartes nie. Die beweging van swart mense binne die ZAR moes beperk word deur 'n passtelsel wat die regering sou uitwerk. Die regering van die ZAR moes 'n kommissie aanstel om 'naturellelokasies' af te baken. [...] Laastens kon die ZAR-regering, sonder Britse goedkeuring, geen verdrae met enige ander land of Afrika-gemeenskap behalwe die Oranje-Vrystaat sluit nie.</p>
<p>1866</p>	<p>Goud word aan die Witwatersrand ontdek.</p> <p>“Die goudrif, waarvan George Harrison 'n deel op die plaas Langlaagte aan die Witwatersrand ontdek het, het Suid-Afrika vir ewig verander” (Giliomee en Mbenga 2007:199). Die mynbedryf en 'n industriële revolusie is van stapel gestuur as gevolg van die ontdekking van goud en diamante. Hierdie minerale was van groot</p>

	<p>ekonomiese belang vir Groot-Brittanje.</p> <p>In Suid-Afrika het daar in die 50 jaar ná die vestiging van die goudmyne nuwe sosiaal-ekonomiese klasse ontstaan. [...] ’n Nuwe werkersklas het ook verskyn – een wat diep verdeeld was langs sowel kleur- as maatskaplike lyne. Dit is slegs in die werkplek waar swart en wit werkers sou ontmoet, en dan in voorafbepaalde en streng hiërargiese verhoudings (Giliomee en Mbenga 2007:199).</p> <p>Tydens die mynbou- en industriële revolusie het die trekarbeidstelsel ontstaan. Hierdie stelsel het veroorsaak dat swart arbeiders hul families moes verlaat en vir maande aaneen in kampongs om die myne moes woon terwyl hulle daar gewerk het. Hierdie stelsel het die tradisionele swart gemeenskappe laat verbrokkel (Giliomee en Mbenga 2007:162). Die verbrokkeling van die swart stamme as gevolg van die trekarbeidstelsel is een van die aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing wat pertinent deur Paton in <i>Cry, the beloved country</i> aangeraak word.</p>
1895	Leander Starr Jameson ¹¹ lei ’n onsuksesvolle inval in die Transvaal.
1898	Transvaalse Boere verslaan die Venda. Die ganse Suid-Afrika word nou deur wit mense regeer.
1899–1902	<p>Die Anglo-Boereoorlog vind plaas.</p> <p>Die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902 bly “die verskriklikste en mees vernietigende moderne gewapende stryd” wat Suid-Afrika beleef het (Giliomee en Mbenga 2007:206). Dit bly een van die kragtigste gebeurtenisse in die vorming van die geskiedenis van Suid-Afrika in die 20ste eeu.</p> <p>Binne enkele jare na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het die ekonomiese middelpunt van Suid-Afrika van die Kaapkolonie – onder Britse beheer – na die onafhanklike Zuid-Afrikaansche Republiek verskuif.</p>

¹¹ Leander Starr Jameson (1853–1917) was ’n Britse politikus in Suid-Afrika en ’n vriend van Cecil John Rhodes (Jameson 2010).

Die ontdekking van die goudvelde het veroorsaak dat die ZAR onafhanklik van die Britse kolonies kon word. In 1894 word daar 'n spoorlyn na Delagoabaai voltooi, en so het die ZAR toegang tot die kus buite die Britse invloedseer verkry (Giliomee en Mbenga 2007:206). “Alhoewel historici steeds verskil oor watter faktore as die mees deurslaggewende beskou moet word as oorsake van die konflik in 1899, kan hulle nie anders as om die mynrykdom van die Witwatersrand reg in die middel van die prentjie te plaas nie” (Giliomee en Mbenga 2007:207).

Op 11 Oktober 1899 het die Boererepublieke – ná hul versoek dat die politieke geskille deur neutrale arbitrasie bygelê word, verwerp is – oorlog teen Brittanje verklaar (Giliomee en Mbenga 2007:207).

Aan die begin van die oorlog het die Boere baie goed gevaar omdat hulle beter georganiseer was as die Engelse was. Teen 1900, met die koms van Brittanje se nuwe opperbevelvoerder, lord Roberts, en lord Kitchener as sy stafhoof, het die Britte veel meer “planmatig en genadeloos” oorlog begin voer (Giliomee en Mbenga 2007:213). Onder lord Roberts het die Britte begin om plaashuise, oeste en vee van die Boere op kommando te verbrand “as straf omdat hulle nie die wapen wou neerlê nie” (Giliomee en Mbenga 2007:213).

Bloemfontein het in Maart 1900 onder Britse beheer gekom, en Pretoria teen Junie 1900. Die Boere het egter nie oorgegee nie, maar eerder tot guerrilla-oorlogvoering¹² oorgegaan. Die oorlog het vir nog twee jaar voortgesleep voor die Boere in 1902 besef het dat hulle te veel gaan verloor – die sterftesyfer onder vroue en kinders in die swak onderhoude konsentrasiekampe het vinnig gestyg. In Mei 1902 het die Boere hul onafhanklikheid weggeteken, en die Vrede

¹² Die Boere het hulle berede magte in klein, vinnig beweegbare groepies uitgesprei en van sabotasietegniese gebruik gemaak. So het hulle die Engelse gefrustreer (Giliomee en Mbenga 2007:214).

	<p>van Vereeniging gesluit. “Artikel nege van die finale vredesvoorstelle het aan die eertydse republieke die reg gegee om, wanneer hulle hul eie verteenwoordigende grondwet ontvang, oor stemregkwessies te besluit. Dit was die doodsklok vir die politieke aspirasies van dié wat nie wit was nie” (Giliomee en Mbenga 2007:216).</p> <p>Die prys wat Brittanje moes betaal om die Boererepublieke te bekom, was veel hoër as wat hy hom ooit voorgestel het.</p> <p>Die rol wat swart Suid-Afrikaners in hierdie oorlog gespeel het, word vandag erken.</p>
1903	Alan Stuart Paton word op 11 Januarie in Pietermaritzburg gebore.
1904–1907	Chinese werkers word na Suid-Afrika toe gebring.
1905	<p>Die Lagden-kommissie stel voor dat swart grondbesit in ‘wit’ gebiede verbied word, en dat grond vir swart mense in ’n deel van die landelike gebiede gereserveer word.</p> <p>Die einde van die Anglo-Boereoorlog het voorsiening gemaak vir die vereniging van Suid-Afrika as een staat onder die Union Jack. Volgens Giliomee en Mbenga (2007:229) sou ’n verenigde Suid-Afrika vir Brittanje meer werd wees as vier afsonderlike kolonies.</p> <p>Na die oorlog was daar twee kommissies wat Suid-Afrikaanse eenheid voorgestaan het:</p> <p style="padding-left: 40px;">Die Selborne-memorandum, wat na die destydse hoë kommissaris genoem is, het die voordele beklemtoon vir wit Suid-Afrikaners om hul kragte saam te snoer. Die Lagden-kommissie is aangestel om aanbevelings te maak met betrekking tot ’n gemeenskaplike naturellebeleid vir al die Suid-Afrikaanse stede (Giliomee en Mbenga 2007:229).</p>
1906–1907	Die voormalige Republieke kry parlementere regerings. Slegs blankes is stemgeregtig.
1907	Die Oranjerivierkolonie verwerf selfregering.

1909

'n Afvaardiging van swart en bruin verteenwoordigers onder leiding van William Schreiner¹³ maak in Londen beswaar teen die uitsluiting van swart en bruin mense uit die konsepweergawe van die Suid-Afrika-wet.

Op 12 Oktober 1908 kom die afgevaardigdes wat die vier kolonies verteenwoordig het in Durban bymekaar om die voorwaardes vir unifikasie te bespreek. Nog sittings volg in Kaapstad. In Mei 1909 sluit die Nasionale Konvensie (NK) sy werksaamhede in Bloemfontein af (Giliomee en Mbenga 2007:230).

Die konsepgrondwet het bepaal dat Suid-Afrika 'n unie, eerder as 'n federasie, moes word; dat swart mense nie stemgeregtig sou wees nie; dat Nederlands en Engels “absolute gelykheid in die Parlement, in die howe, in die skole en die staatsdiens – oral” sou geniet (Giliomee en Mbenga 2007:230); en dat Pretoria die uitvoerende hoofstad sou wees, Kaapstad die wetgewende hoofstad en Bloemfontein die geregtelike hoofstad (Giliomee en Mbenga 2007:230).

Die swart mense van Suid-Afrika het geen sê in die opstel van die konsepgrondwet van die Unie van Suid-Afrika gehad nie. Swart afgevaardigdes het 'n South African Native Convention in Bloemfontein bygewoon. “In Maart 1909 het hulle resolusies aangeneem waarin hulle beswaar maak teen die kleurslagboomklousules in die konsepwetsontwerp; en hulle het besluit om, indien die NK nie op hul pleidooie ag slaan nie, 'n afvaardiging na Londen te stuur” (Giliomee en Mbenga 2007:231).

Hul pleidooie is geïgnoreer en 'n afvaardiging van swart en bruin

¹³ William Philip Schreiner (1857–1919) was 'n politikus en eerste minister van die Kaap Kolonie tussen 1898 en 1900 tydens die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. Schreiner was nie ten gunste van die oorlog nie en was later 'n kampvegter vir menseregte. Hy was die jonger broer van die skrywer en politieke aktivis, Olive Schreiner (Schreiner 2014).

	<p>verteenwoordigers is toe na Londen om teen die uitsluiting van swart en bruin mense in die konsepweergawe van die Suid-Afrika-wet beswaar te maak (Giliomee en Mbenga 2007:231). Volgens Giliomee en Mbenga (2007:231) het hierdie afvaardiging egter nie veel sukses in Brittanje gehad nie:</p> <p style="padding-left: 40px;">Alhoewel die Britse pers die kleurslagboom vervat in die wet gekritiseer het, is geen veranderings voorgestel nie. 'n Bylae tot die wet waarin voorwaardes oor die kleurslagboom vir 'n moontlike toekomstige inlywing van Betsjoeanaland, Swaziland en Basoetoland by die Unie neergelê is – en wat as 'n hefboom op die mening van wit Suid-Afrika geïnterpreteer is – was so ver as wat die Britse regering bereid was om te gaan.</p>
1910	Unifikasie van Suid-Afrika; Louis Botha ¹⁴ word die eerste premier; die Arbeidersparty en Unioniste-party word gestig om meestal Engelsprekende kiesers te verteenwoordig.
1911	Die Suid-Afrikaanse Party (SAP) met Botha as leier word gestig.
1912	Die South African Native National Congress (SANNC, later die ANC) word gestig.
1913	<p>Die Naturellen Grond Wet sit 10,5 miljoen morg grond (ongeveer 7% van die land se grondgebied) vir swart mense opsy, maar verbied aankope en deelboerdery in die res van die land.</p> <p>Die Naturellen Grond Wet van 1913 was “[d]ie mees omstrede wet wat deur die eerste Unieparlement aangeneem is – en die een wat die mees verreikende implikasies sou hê” (Giliomee en Mbenga 2007:232).</p> <p>Die wetsontwerp was die werk van J.B.M. Hertzog¹⁵ en het die segregasievoorstelle van die Lagden-kommissie (1903–1905)</p>

¹⁴ Louis Botha (1862–1919) was die eerste eerste minister van die Unie van Suid-Afrika. Hy was 'n suksesvolle Boeregeneraal in die Anglo-Boereoorlog (Worden 1998:33).

¹⁵ James Barry Munnik Hertzog (1866–1942) is in Nederland in die regte opgelei. Hy was 'n regter in die Oranje-Vrystaat en het as 'n generaal in die Anglo-Boereoorlog geveg. In 1913 stig hy die Nasionale Party om Afrikanerbelange te bevorder. Hy het 'n alliansie met die Arbeidersparty gevorm en die 1924-verkiepinge gewen, waarna hy eerste minister van Suid-Afrika geword het. In 1933 vorm Hertzog 'n koalisie met Jan Smuts en stig die Verenigde Party (Hertzog 2013). Hy was ook eerste minister toe Suid-Afrika besluit het om aan Britse kant toe te tree (Worden 1998:73).

	<p>gevolg. “Die wet het vir die aankoop, huur, besit en bewoning van grond deur swartes en wittes in die Unie van Suid-Afrika voorsiening gemaak en die aard van swart grondpag gedefinieer. [...] ’n Bylae tot die wet het bepaal watter grond as ‘naturellegebiede’ beskou moes word” (Giliomee en Mbenga 2007:232).</p> <p>“Die Naturellen Grond Wet was [...] ’n poging om die ontstaan van ’n onafhanklike swart kleinboerestand te voorkom en sodoende die beskikbaarheid van goedkoop swart arbeid op die platteland sowel as in die stede te verseker” (Giliomee en Mbenga 2007:233).</p>
1914	J.B.M. Hertzog stig die Nasionale Party (NP).
1918	Die Afrikaner-Broederbond word in Johannesburg gestig.
1920	Die Industrial and Commercial Workers Union of Africa (ICU), die eerste swart vakbond, word gestig.
1921	Die Unioniste word by die ASP ingelyf; regeringsmagte skiet 163 lede van ’n swart godsdienste naby Queenstown dood.
1922	Die Stallard-verslag beveel aan dat ‘naturelle’ in die stedelike gebiede toegelaat sal word slegs “solank hul aanwesigheid deur die behoeftes van die blanke bevolking vereis word” (Giliomee en Mbenga 2007:251).
1922	<p>’n Groot staking en stedelike opstand aan die Witwatersrand.</p> <p>Wit mynwerkers staak. Hierdie staking word veroorsaak deur “stygende produksiekoste, ’n goudprys wat nie hiervoor kon kompenseer nie en uiteindelik die radikale stappe wat die goudmynbedryf gedoen het om winsgewend te probeer bly” (Giliomee en Mbenga 2007:246). Die lone van sekere groepe werkers is verminder en swart werkers kon vir ondergrondse werk in diens geneem word. Dit het veroorsaak dat die myne meer swart werkers in diens geneem het. Swart arbeid was goedkoper as wit arbeid.</p>
1923	Die Naturelle-stadsgebiedewet wentel funksies van die implementering van paswette en die administrasie van swart

	<p>woonbuurte af na die wit munisipaliteite; eiendomsregte word nie in die 'lokasies' toegestaan nie.</p> <p>Volgens Giliomee en Mbenga (2007:251) het Jan Smuts¹⁶ geglo dat “behoorlike behuising en behoorlike beheer oor swart mense in die stedelike gebiede ’n verpligting van die staat is”.</p> <p>Na die Stallard-verslag – vernoem na kol. C.F. Stallard, een van die bekendste Engelssprekende voorstanders van segregasie – wat aanbeveel het dat swart mense slegs in wit gebiede toegelaat sal word solank as wat die wit bevolking hulle nodig het, het die regering aan die Wet op Naturelle Stedelike Gebiede gewerk. In hierdie verband het Smuts op die oordeel van sy vriend F.S. Malan, ’n Kaapse liberaal en minister van mynweese, staatgemaak. “Malan het van die veronderstelling uitgegaan dat swartes gesamentlik nie ’n bedreiging is nie. Hy het ’n visie gehad van ‘naturelledorpie’ waar swart mense wat ‘beskaafd was, tuis kon voel en kon ontwikkel’. Vanweë hul aandeel aan die status quo kon hulle ’n bolwerk teen arbeidsonrus en politieke agitatie vorm” (Giliomee en Mbenga 2007:251).</p> <p>Malan se wetsontwerp het “’n onderskeid gemaak tussen die ‘gewone naturel’ wat nog nie ‘uit die barbaardom verrys’ het nie, en die meer ‘gevorderde’ swart mense wat in hul eie dorpie oor hul eie maatskaplike probleme beheer sou kon oorneem (Giliomee en Mbenga 2007:251). Hierdie wetsontwerp het in die vooruitsig gestel dat gevestigde swartes vrypageiendom sou kon bekom (Giliomee en Mbenga 2007:251).</p>
--	--

¹⁶ Jan Christiaan Smuts (1870–1950) was ’n politikus en een van die Boere-leiers tydens die Anglo-Boereoorlog. Smuts het ’n groot rol in die opstel van die Unie-Grondwet in 1909 gespeel. Hy het na eenheid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes gestreef. Smuts het Suid-Afrika by die Versailles-konferensie na die Eerste Wêreldoorlog verteenwoordig. Na die Tweede Wêreldoorlog het hy gehelp om die grondwet van die Verenigde Nasies op te stel. In 1919 (tot 1924) word hy vir die eerste keer eerste minister. Hy het die posisie weer in 1939 (tot 1948) bekleed. In 1948 word Smuts se Verenigde Party deur Malan se Nasionale Party geklop. Smuts was nie ’n voorstander van Afrikanernasionalisme nie (Worden 1998:139-140).

	<p>Die wit politiek was egter nie hiervoor te vinde nie. Hertzog het dit soos volg gestel:</p> <p style="padding-left: 40px;">Die [naturel] kry sy eie gebied waar alle regte aan hom toegestaan sal word. Hy kan in ons land woon, maar hier kan hy op geen regte aanspraak maak nie. Die teenoorgestelde is ook waar (Giliomee en Mbenga 2007:251).</p> <p>Hertzog het gemeen dat indien swart mense eiendomsreg in ‘wit gebiede’ sou kry, die swart mense ook op stemreg sou aandring. Volgens Hertzog sou dit “’n kwessie van lewe en dood vir die blanke beskawing” wees (Giliomee en Mbenga 2007:251).</p> <p>Smuts het toegegee en die bepaling wat eiendomsreg toeken, is uit die wetsontwerp verwyder. Daarna is die wetsontwerp aanvaar en as die Wet op Naturelle Stedelike Gebiede gepromulgeer (Giliomee en Mbenga 2007:251).</p> <p>“Die Uniegrondwet van 1909, die Naturelle Grond Wet van 1913 en die Wet op Naturelle Stedelike Gebiede van 1923 was vir die res van die [20ste] eeu die grondslag van die beleid jeens swart mense” (Giliomee en Mbenga 2007:251).</p>
<p>1924</p>	<p>Die NP onder Hertzog vorm ’n Pakt-regering met die Arbeidersparty en voer ’n beleid van ‘beskaafde arbeid’ in. Die SAP ly ’n verbysterende nederlaag in die verkiesing.</p>
<p>1925</p>	<p>Afrikaans word tot amptelike taal verklaar, naas Engels.</p> <p>Afrikaans is op 27 Mei 1925 as amptelike taal erken. So is die lang evolusieproses van ’n gesproke taal tot ’n geskrewe taal uiteindelik voltooi. “’n Gekose komitee van die Parlement het bevind dat Afrikaans voldoende ontwikkel het om as ’n regs- en administratiewe medium gebruik te word (Giliomee en Mbenga 2007:253).</p> <p>Daar is maklik ’n tweederdemeerderheid vir die aanvaarding van</p>

	Afrikaans as amptelike taal in die Parlement verkry, “hoewel heelparty Engelsprekendes nie hul verontwaardiging oor statutêre tweetaligheid kon wegsteek nie” (Giliomee en Mbenga 2007:253). Die Hertzog-regering het £25 000 daargestel vir die ontwikkeling van ’n Afrikaanse woordeboek, die <i>Woordeboek van die Afrikaanse Taal</i> ¹⁷ (WAT).
1928	’n Suid-Afrikaanse nasionale vlag (oranje-wit-blou) word vir die eerste keer naas die Union Jack gebruik. Die Kommunistiese Party besluit om hom vir ’n ‘onafhanklike naturellerepubliek’ te beywer as ’n stap in die rigting van ’n werkers- en kleinboerrevolusie.
1929–1932	Die Groot Depressie heers wêreldwyd.
1930	Wit vroue kry stemreg.
1933–1934	Koalisieregering tussen die NP en die SAP.
1934	Die Verenigde Party word gevorm, met Hertzog as die leier en premier, en Smuts as die onderleier. D.F. Malan se Gesuiwerde Nasionale Party word gevorm en word die amptelike opposisie. Die Statuswet bekragtig die status van Suid-Afrika as ’n ‘soewereine onafhanklike staat’.
1935	400 afgevaardigdes stig die All African Convention (AAC) om die stryd van alle swart mense te koördineer. Volgens Giliomee en Mbenga (2007:286) het D.D.T. Jabavu ¹⁸ en Pixley Seme, president van die ANC, besluit om ’n oorkoepelende organisasie te stig wat die voortou met swart weerstand moes neem. “Op 16 Desember 1935 het 400 afgevaardigdes van politieke bewegings, vakbonde, kerke en ander vertakings van die burgerlike samelewing in Johannesburg vergader om die All African Convention (AAC) te vorm” (Giliomee en Mbenga 2007:286)

¹⁷ Die WAT, wat as “die kroonjuweel van Afrikaanse woordeboeke” op sy webtuiste beskryf word, is in 2014, na byna nege dekades, nog nie voltooi nie. Van A tot R is hierdie woordeboek reeds voltooi. Daar word tans (in 2014) aan S gewerk (WAT 2014).

¹⁸ D.D.T. Jabavu was ’n sendeling en politikus. Hy was een van die stigters van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge in 1929. Hy was nie ’n lid van die ANC nie (Giliomee en Mbenga 2007:287).

	<p>Die oogmerk van die AAC was om “die aktiwiteite en pogings van alle swart organisasies in hul stryd teen verdrukking te koördineer, en as ’n spreekbuis vir die swart mense te dien” (Giliomee en Mbenga 2007:286).</p> <p>Die AAC het al die naturelle-wette, asook die voorstel vir ’n Naturelle- Verteenwoordigende Raad vir die Unie, teengestaan (Giliomee en Mbenga 2007:287).</p>
1939	Suid-Afrika tree aan Britse kant tot die oorlog in Europa toe. Die Verenigde Party skeur en Smuts word eerste minister.
1943	Die NP toon vordering in ’n algemene verkiesing.
1944	Die ANC Jeugliga word gestig.
1946	Staking van swart mynwerkers. Alan Paton reis na Europa, die Verenigde State van Amerika en Kanada en begin aan <i>Cry, the beloved country</i> skryf.
1947	<p>Die Naturelle- Verteenwoordigende Raad (NVR) eis die afskaffing van alle diskriminerende wette.</p> <p>Die NVR vra vir die verwydering van diskriminasie in die arbeidsmark, die herroeping van die paswette en die uitbreiding van swartes se politieke regte.</p> <p>Jan Hofmeyr, “die sterkste liberale stem in die Verenigde Party (VP) en waarnemende eerste minister” terwyl Jan Smuts ’n vergadering van die Verenigde Nasies bygewoon het, het aan Z.K. Matthews, ’n vooraanstaande ANC-intellektueel, gesê “die VP-regering sal niks doen wat sy wit ondersteuners as oorgawe sou interpreteer nie” (Giliomee en Mbenga 2007:308).</p> <p>Na Smuts se terugkeer het die regering die NVR se versoeke geïgnoreer (Giliomee en Mbenga 2007:308).</p>
1948	<i>Cry, the beloved country</i> word uitgegee, eers in die VSA en toe in Brittanje en Suid-Afrika.

1948

D.F. Malan stel sy vertroueling, Paul Sauer, aan as hoof van 'n kommissie van die NP wat apartheid in 'n volwaardige rassebeleid moes omskep (Giliomee en Mbenga 2007:309). In Sauer se verslag is die “oorheersing en uitbuiting van swartes verwerp, [maar] aan die ander kant [is] gelyke regte en gelykstelling tussen die rasse op sosiale vlak” afgekeur (Giliomee en Mbenga 2007:309). Volgens die verslag moes “nieblankes [...] volgens hul eie karakter en roeping [...] ontwikkel” (Giliomee en Mbenga 2007:309).

Nog 'n kommissie, die Fagan-kommissie (onder Henry Fagan, voormalige VP-minister en regsgeleerde) is saamgestel om swart verstedeliking te ondersoek. Die Fagan-kommissie beveel aan dat die swart stedelike bevolking gestabiliseer word. Die Sauer-kommissie, wat deur die NP daargestel is, beveel apartheid aan. Die NP onder D.F. Malan¹⁹ wen die verkiesing.

Die Fagan-verslag, wat drie moontlikhede oorweeg, is in Februarie 1948 uitgereik (Giliomee en Mbenga 2007:309).

Die drie moontlikhede is soos volg (Giliomee en Mbenga 2007:309):
“'n [B]eleid van apartheid of omvattende gebiedskeiding tussen swart en wit; 'n beleid wat nie tussen wit en swart diskrimineer nie; en 'n beleid wat aanvaar dat wittes en swartes moet saambestaan. Vir laasgenoemde beleid sou wette aanvaar moes word wat ooreenkomste en verskille tussen hulle in ag neem.”

Die kommissie het die eerste twee moontlikhede as onprakties verwerp, en die derde moontlikheid is aanvaar. Op die ou end, nadat die NP die verkiesing in 1948 gewen het, het Suid-Afrika nie die pad geloop wat in die Fagan-verslag voorgestel is nie (Giliomee en Mbenga 2007:309).

¹⁹ Daniel Francois Malan (1874–1959) word na die verkiesing van 1948 die leier van die Nasionale Party en eerste minister van Suid-Afrika. Malan was 'n groot voorstaander van Afrikanernasionalisme (Worden 1998:95).

	Die regering kondig 'n noodtoestand af. Die ANC en die Pan-Africanist Congress (PAC) word verbied. Die meeste van die swart leiers verlaat Suid-Afrika.
1961	Na 'n referendum in 1960 word die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961 uitgeroep. Nelson Mandela stig Umkhonto weSizwe, die militêre vleuel van die ANC, in Junie 1961.
1963	Mandela en nege ander staan tereg op aanklagte van hoogverraad. Die meeste kry lewenslange vonnisse.
1966	Verwoerd word vermoor.
1967	Steve Biko begin die Swart Bewussynbeweging.
1974	'n Staatsgreep in Portugal lei tot onafhanklikheid vir Angola en Mosambiek, en tot die oordrag van mag die jaar daarna.
1975	Suid-Afrikaanse troepe val Angola voor die oordrag van mag binne.
1976	Die Soweto-opstand.
1977	Die regering verbied alle organisasies wat by die Swart Bewussynsbeweging betrokke is. Steve Biko sterf aan beserings wat hy in polisieaanhouding opdoen.
1978	Suid-Afrika produseer die eerste hoogverrykte uraan.
1979	Die regering skaf die beperkinge op swart arbeid af.
1982	'n Nuwe stelsel van swart plaaslike regering word ingestel, maar dit word wyd teengestaan.
1984	'n Nuwe grondwet word ingestel. 'n Driekamerparlement met afsonderlike huise vir wit, bruin en Indiërs gee aanleiding tot wydverspreide teenstand.
1985	Wydverspreide onluste lei tot die instelling van 'n gedeeltelike noodtoestand. Die Congress of South African Trade Unions word gestig.
1986	Die veiligheidsituasie versleg. Die regering stel 'n algemene noodtoestand in.
1988	Paton sterf in April 1988. Hy kon die politieke en wetlike herroeping van apartheid, iets waarvoor hy sy lewe lank gewerk het, nie meemaak nie. Na sy dood gebeur die volgende:

	'n Informele groep regeringsamptenare begin gesprekke met Mandela in die gevangenis.
1989	F.W. de Klerk word staatspresident. Verskeie ANC-leiers word uit die gevangenis vrygelaat.
1990	De Klerk skrap die verbod op die ANC en verskeie ander organisasies. Mandela word op 11 Februarie 1990 vrygelaat.
1991	Veelpartyonderhandelinge begin. Die regering skaf alle apartheidswette af.
1992	In 'n referendum slegs vir wittes steun twee derdes die voortsetting van die onderhandelinge. Die ANC begin met uitgebreide massa-aksie en onttrek hom aan die formele onderhandelinge. Wanneer die onderhandelinge hervat word, is die algemene siening dat die ANC die oorhand het.
1993	Chris Hani word vermoor. Daar word oor die tussentydse grondwet ooreengekom.
1994	Die ANC wen die verkiesing en kry byna twee derdes van die stemme. Nelson Mandela word die eerste president van 'n demokratiese Suid-Afrika en lei 'n Regering van Nasionale Eenheid (RNE).
1996	Die finale grondwet word aanvaar. Die NP onttrek hom aan die RNE.
1996–1998	Die Waarheids- en Versoeningskommissie vind plaas. Hierdie kommissie het verhale van menseregtevergrype tydens apartheid aangehoor en amnestie aan sommige oortreders verleen (Truth and Reconciliation Commission 2010).
1999	Thabo Mbeki volg Mandela as president op.
2004	Mbeki word herkies vir 'n tweede termyn.
2005	Die Nuwe Nasionale Party ontbind en smelt met die ANC saam (Giliomee en Mbenga 2007:306).
2008	Mbeki bedank as president. Kgalema Motlanthe volg hom op as president.
2009	Na die vierde demokratiese verkiesing word Jacob Zuma die president van Suid-Afrika.

2010	Die FIFA Sokker Wêreldbeker vind in Suid-Afrika plaas.
2012	<p>Lonmin-mynwerkers staak by Marikana naby Rustenburg. Op 16 Augustus 2012 word 44 mense deur die polisie en veiligheidsmagte doodgeskiet. 'n Verdere 78 mynwerkers word ook op dié dag beseer.</p> <p>Op Wikipedia (Marikana miners' strike 2013) word daar soos volg hieroor geskryf:</p> <p style="padding-left: 40px;">The shooting incident on 16 August that the press dubbed the Marikana Massacre was the single most lethal use of force by South African security forces against civilians since 1960, and the end of the apartheid era. The shootings have been described as a massacre in the South African media and have been compared to the Sharpeville massacre in 1960.</p> <p>President Zuma word as leier van die ANC herkies tydens die ANC se Mangaung konferensie in Desember 2012.</p>
2014	Na die vyfde demokratiese verkiesing op 7 Mei 2014 is Jacob Zuma as president van Suid-Afrika herkies.

2.2 Die evolusie van 'n Suid-Afrikaner

2.2.1 Paton se herkoms en kinderjare

Alan Stewart Paton is op 11 Januarie 1903 in Pietermaritzburg, Natal gebore. Op daardie stadium was Natal nog 'n Britse kolonie en het Paton se 'geliefde land' dus nog nie as 'n nasionale of politieke entiteit bestaan nie.

Paton se pa, James Paton, was 'n Skot uit die omgewing van Glasgow wat hom in 1895,²⁰ vier jaar voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, in Suid-Afrika kom vestig het. Hy het

²⁰ Volgens Paton (1980:7) het James Paton in 1901 in Suid-Afrika aangekom. Alexander (1995:6) voer aan dat Paton bitter min omtrent sy pa se agtergrond geweet het, "and seems never to have troubled to find out; in later years he would reply to enquiries about his ancestry with frank admissions of ignorance, and it is a sign of his

nie in die oorlog geveg nie omdat hy 'n Christadelfieër (sien 2.2.2), en daarom 'n diensweieraar, was. Hy het as snelskrywer in die hooggeregshof gewerk. Paton se ma, Eunice, 'n Suid-Afrikaner, was 'n onderwyseres (Alexander 1995:7).

Paton het nie 'n goeie verhouding met sy pa gehad nie. In sy outobiografie, *Towards the mountain* (1980:14), skryf hy dit toe aan sy pa se gebruik van geweld:

The thing that I resented bitterly about my home was my father's authoritarianism maintained by the use of physical force. His use of physical force never achieved anything but a useless obedience.

Was die Natalse hooggeregshof, waar James Paton gewerk het, in 'n ander stad geleë sou Paton nie in Pietermaritzburg grootgeword het nie – 'n omgewing waarvan die skoonheid 'n groot invloed op Paton gehad het en wat 'n groot rol in Paton se debuutroman *Cry, the beloved country* speel. Paton het sy liefde vir die natuur en die omgewing van sy pa gekry; hul slegte verhouding ten spyte. James Paton het gereeld vir lang ente in die heuwels om Pietermaritzburg gaan stap, en dan het hy sy kinders saamgeneem. Dit is tydens hierdie uitstappies waar Paton vir die eerste keer met Zulu-mense en hulle taal kennis gemaak het, aangesien sy pa met elke swart voetganger 'n gesprek in gruwelike Zulu aangeknoop het (Alexander 1995:14). Paton het dié taal egter nooit aangeleer nie (sien 2.3.2.2).

In sy biografie oor Paton skryf Alexander (1995:3) só oor die invloed wat Paton se onmiddellike omgewing op sy skryfwerk uitgeoefen het: “[Pietermaritzburg] was the landscape that formed Alan Paton. His prose, when he writes of this natural world, has the drive of poetry and is filled with Wordsworthian echoes.”

Paton self beskryf Pietermaritzburg as 'n paradys:

My hometown was a paradise. [...] I cannot describe my early response to the beauty of hill and stream and tree as anything less than an ecstasy. A tree on the horizon, a line of trees, the green blades of the first grass of spring, showing up against the black ashes of the burnt hills, the scarlet of the fire-lilies among the black and the green, the grass birds that whirred up at one's feet, all these things filled me with an emotion beyond describing. [...] A rare joy was to find the magnificent orange clivia, now protected, then rapidly disappearing. A glade of clivias in flower, in one of the larger stretches of bush that might be called a forest, is a sight

disaffection from his father, or of his lack of interest in this side of his heritage, that he never tried to establish even such a basic detail as his father's date or place of birth.”

not to be forgotten. The stream would run over black stones, descending rapidly, sometimes with little waterfalls. And one might, though perhaps only once in a lifetime, catch a glimpse of the small mpithi antelope, shy and delicate (Paton 1980:3–4).

En ook:

My world was the world of hills and grass and rain and mist, and of birds seen and unseen, and of the crying of the trains on their way to Johannesburg. Pietermaritzburg was to me the lovely city, and in calling it thus I was not, as one critic has suggested, practising the arts of the beautician. A beautician presumably tries to create, or at least tries to imitate beauty. But my beauty was already created, in that place where I was born (Paton 1980:6).

Hierdie idilliese omgewing, wat so duidelik in *Cry, the beloved country* resoneer, was Alan Paton se Suid-Afrika, die enigste deel van Suid-Afrika wat hy geken het tot vroeg in sy twintigs. Van die politieke situasie in die land het Paton egter as kind niks geweet nie.

I had no idea [...] that I lived in a country where almost no child of colour could hope to aspire to the richness of the life that I was going to lead (Paton 1980:6).

2.2.2 Paton se godsdienstige agtergrond

Godsdiens, wat eweneens 'n sentrale rol in *Cry, the beloved country* speel, is nog 'n terrein waarop Paton se pa, James, 'n groot rol gespeel het. As die seun van 'n Christadelfiër het Alan Paton in 'n baie streng godsdienstige huis grootgeword. Die Christadelfieërs is “'n klein, puriteinse, geslote sekte” wat in 1848 in die Verenigde State van Amerika deur John Thomas, 'n immigrante dokter uit Engeland, gestig is (Alexander 1995:13). 'n Christadelfiese gemeenskap, wat as 'n 'ekklisia' bekend staan, tref geen onderskeid tussen predikante en leke nie, verwerp die ortodokse Drie-eenheidsleer, en beskou die Bybel as die enigste gesaghebbende bron. Alexander (1995:13) verduidelik dit soos volg:

[T]he theology of Christadelphians is strongly fundamentalist and millenarian in character; they keenly await the Second coming of Christ, and expect Him to rule for a thousand years in Jerusalem. The sect admits new members through a profession of faith and baptism by immersion, and does not encourage close contact between outsiders and members of the ecclesia.

Omdat Eunice Paton 'n Metodis was ten tyde van haar en James Paton se troue het die Christadelfiese gemeenskap James verbied om hul eredienste by te woon. Hy het gevolglik

op Sondag tuis gebly, selfs ná sy vrou haar by die Christadelfiërs aangesluit het, terwyl sy vrou en kinders die Christadelfiese diens bygewoon het. Op Sondagmiddae moes die kinders vir hul pa 'n preek lewer oor 'n teksgedeelte wat hy die vorige week aan elkeen gegee het. Die jonger kinders kon wegkom met kort kommentaar op die teksgedeelte, maar James het verwag dat Alan, die oudste kind, sy 'preke' deeglik sou voorberei en noukeurig in konkordansies en kommentare sou navors. Volgens Alexander (1995:14) het hierdie weeklikse oefening 'n groot en blywende invloed op Paton se gebruik van die Engelse taal gehad:

[H]is own use of English, almost from the time he could read, was deeply imbued with the superb rhythms and cadences of the Authorized Version of the Bible, and his view of life was based on biblical morality.

Bogenoemde invloed is duidelik waarneembaar in die styl in *Cry, the beloved country* (sien 2.3.2.2).

Vanweë die feit dat die Christadelfiërs hulle aan die gemeenskap onttrek het – “[t]hey kept themselves away from the world[... t]hey did not gamble, or use strong language, or go to the theatre” – het Paton baie beskermd grootgeword: sy pa het selfs sy vriende gekies (Paton 1980:11). Volgens Ndlovu (1997:31) kan hierdie afgesonderdheid die rede wees waarom dit so lank geduur het voor Paton die lewe gesien het soos hy dit in *Cry, the beloved country* vertolk. Ndlovu se oordeel is myns insiens egter aanvegbaar. Daar kan geargumenteer word dat Paton se Christelike agtergrond, selfs al sou die gesin hulle aan die samelewing ‘onttrek’ het, júis die grondslag gelê het vir 'n boek soos *Cry, the beloved country*. Paton verwoord hierdie lewensgesteldheid soos volg (1980:14):

[W]e were brought up in a mixture of lesser and greater moralities, but the greater were real enough. One did not lie or cheat. If the tram conductor did not come for the fare, you took it to him. *One was not contemptuous of people because they were black or poor or illiterate.* Justice was something that had to be done, no matter what the consequences. [...]

Murder, theft, adultery, were terrible offences, but *to be cold and indifferent to the needs of others was the greatest offence of all* [telkens my kursivering].

Hierdie kursief gedrukte gedeeltes sluit direk aan by die oogmerk van die liberale tradisie waarin *Cry, the beloved country* geskryf is. Peck (1997:93) verwoord hierdie oogmerk soos volg: “Liberal writers ... attempt to change the hearts of policymakers by bringing to their

attention consequences of their actions.” Paton het van ’n vroeë ouderdom af geleer om nie koud en apaties teenoor ander te wees nie. Dit het hom nie net voorberei op die skryf van romans in die liberale tradisie nie, maar ook op die werk wat hy voor die skryf van *Cry, the beloved country* gedoen het, naamlik om hoof van die Diepkloof-verbeteringskool vir swart seuns te wees.

Dit is belangrik om te weet dat Paton, as gevolg van sy geloof, nie daaraan geglo het om geweld te gebruik om politieke doelwitte te bereik nie:

I have no doubt that I was strongly influenced by the words of Jesus to one of his followers, ‘Put up your sword. All who take the sword die by the sword.’ Although attempts are made today – and particularly in Africa – to prove that Jesus believed in ‘sanctified violence,’ and although he drove the money changers out of the temple, it seemed to me that the whole meaning of the Gospel was that creative love had a greater power – and a truer and sweeter power – than force (Paton 1980:32).

Paton se siening dat die liefde meer krag het as geweld word soos volg in *Cry, the beloved country* (Paton 2002:37) verwoord:

But there is only one thing that has power completely, and that is love. Because when a man loves, he seeks no power, and therefore he has power. I see only one hope for our country, and that is when white men and black men, desiring neither power nor money, but desiring only the good of their country, come together to work for it.

Die idee van liefde eerder as geweld sluit perfek by die oogmerke van die liberale tradisie aan.

Ten opsigte van die gebruik van geweld het James Paton se siening van dié van sy seun verskil. James het wel sy kinders getugtig (alhoewel hy vanweë sy geloofsoortuigings nie aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het nie). Volgens Paton (1980:14; sien ook 2.2.1 hierbo) het dit twee belangrike gevolge gehad:

His use of physical force never achieved anything but a useless obedience. But it had two important consequences. One was that my feelings towards him were almost those of hate. The other was that I grew up with an abhorrence of authoritarianism, especially the authoritarianism of the State, and a love of liberty, especially liberty within the State. [...] I grew up to have [...] a will which, though not inflexible or implacable, was in matters of principle unshakeable.

Die invloed van Paton se opvoeding en sy geloof, nie alleen op sy lewe nie maar ook op sy skryfwerk, blyk duidelik. Die grondslag vir 'n roman in die liberale tradisie is heel vroeg reeds gelê. Aangesien die formele onderrig (op sekondêre en tersiêre vlak) wat Paton geniet het sy lewensuitkyk verbreed en hom groter insig in die sosiale, politieke en ekonomiese stand van sake in Suid-Afrika gegee het, word sy opleidingsjare vervolgens van nader beskou.

2.2.3 Paton se sekondêre en tersiêre opleiding

In Februarie 1909, is Paton, op sesjarige ouderdom, na die Berg Street Girls' School toe gestuur. Dié skool het, ten spyte van die naam, seuns in die eerste drie grade toegelaat. Na slegs twee weke in sub A is Paton na sub B oorgeplaas, en drie weke later na standerd 1, aangesien sy ma, 'n onderwyseres, hom voor skool reeds leer lees, skryf en reken het. Aan die einde van daardie jaar is Paton as die beste leerling in sy standerd 1-klas aangewys.

Paton was kennelik baie slim, maar dit het veroorsaak dat hy van die begin van sy skoolloopbaan af twee jaar jonger as die res van sy klasmaats was. En later in sy skoolloopbaan is hy nog 'n jaar bevorder sodat hy uiteindelik drie jaar jonger as sy klasmaats was. Hierdie ouderdomsverskil, gepaardgaande met die feit dat Paton baie klein gebou én altyd die slimste in sy klas was, het tot gevolg gehad dat hy nie baie gewild onder die ouer kinders was nie. Paton het die sosiale sy van skoolgaan gevolglik nie geniet nie:

I was certainly solitary at [...] school. Whatever my home may have lacked, it was my shelter, the place where I was warm and safe. And when I got into the classroom, I was warm and safe again. The misery of my life was getting from one shelter to the other. The streets and the playground were places of peril (Paton 1980:22).

Ná slegs een jaar in die Berg Street Girls' School is Paton dus in 1910 na die nuwe seunskool, Havelock Road Boys' School, toe. Hier moes hy meeding met seuns van tot dertien jaar oud. In 1913, toe Paton tien jaar oud was, was hy in standerd 5, en het hy 'n eksamen afgelê om 'n provinsiale beurs te kry om aan Pietermaritzburg se bekendste skool (en een van Suid-Afrika se oudste skole), die seunskool Maritzburg College, te kan skoolgaan. Paton het die beurs, wat sy skoolfonds en boeke sou betaal, gekry en is in 1914 –

die jaar waarin die Eerste Wêreldoorlog uitbreek het – op elfjarige ouderdom na dié hoërskool toe.

In sy eerste jaar op hoërskool was Paton nie net die kleinste nie, maar ook die jongste seun in die skool. Dit het egter met hom beter gegaan as in sy vorige twee skole en hy was uiteindelik baie gelukkig daar. Hy behaal sy matriek op vyftienjarige ouderdom, in 1918. Hy was die beste leerling in Engels, geskiedenis en wiskunde, en tweede beste in wetenskap. Hy het ook die algeheel tweede plek in sy standaard behaal (Paton 1980:35). In die 1920's sou Paton as onderwyser na Maritzburg College toe terugkeer.

In 1919 is Paton, toe sestien, na die Natal University College. Hy wou aanvanklik 'n dokter word maar daar was twee probleme met hierdie keuse: hy het flou geval elke keer wanneer hy bloed sien, en sy pa het geweier om die klasgeld te betaal – dit was waarskynlik te duur. Paton moes dus, soos tydens sy hoërskooldae, 'n beurs kry. Die grootste beskikbare beurs was dié van die Natalse Onderwysdepartement, vir die opleiding van onderwysers. Dié beurs het al sy klasgelede en boeke betaal, asook 'n ekstra £80 vir ander uitgawes. Met dié beurs het Paton hom vir 'n B.Sc.-graad ingeskryf. Almal was verbaas dat hy nie gekies het om in die geesteswetenskappe te studeer nie, maar Paton was bewus van die tekort aan wetenskap- en wiskunde-onderwysers. Hierdie keuse was ook in ooreenstemming met sy latere opvatting, nadat hy al verder van sy pa se streng godsdienstige oortuigings wegbeweeg het, dat dit die wetenskap is, eerder as godsdiens, wat die beste moontlikhede bied om die menslike bestaan te verbeter (Alexander 1995:37).

Op hierdie stadium van sy lewe was Paton steeds nie polities ingestel nie:

Of these political events that were happening around me, I knew almost nothing. I did not know that I was watching the first scenes of a drama that was in the end to determine the course of my life (Paton 1980:55).

In sy eerste jaar op universiteit ontmoet Paton vir Railton Dent, 'n klasmaat wat ses jaar ouer en verreweg meer volwasse as Paton was – soveel so dat Paton hom as 'n vaderfiguur beskou het. Net soos Paton se geloof, het Dent ook 'n groot invloed op eersgenoemde se lewe uitgeoefen. Paton (1980:59) voer aan dat Dent die mens is wat die grootste enkele invloed ooit op hom gehad het:

I could see no fault in him. He was I think the most upright person I ever was to know, and his influence on me was profound. He did not make me into a good man, that would have been too much. But he taught me one thing, [...] that life must be used in the service of a cause greater than oneself. This can be done by a Christian for two reasons: one is obedience to his Lord, the other is purely pragmatic, namely that one is going to miss the meaning of life if one doesn't.

As gevolg van Dent se invloed het Paton hom by die Christenstudentevereniging (CSV) aangesluit, en van toe af was hy verlore vir die Christadelfiërs.

Paton het 'n verdere belangrike waarheid by Dent geleer: “[t]hat the communication of moral purpose is best not done through words. [...] Belief in the message of Christ should result, not just in the moral betterment of oneself, but in the practical improvement of the lot of one's fellows” (Alexander 1995:39). Ook laasgenoemde sluit by die oogmerk van die liberale tradisie aan. Dit verwoord ook presies wat Paton probeer doen het as hoof van die Diepkloof-verbeteringskool, en later as leier van die Liberale Party. Ironies genoeg het Paton egter op die ou end wel die grootste bydrae deur middel van woorde (sy skryfwerk) gelewer.

Dent het 'n belangrike verandering in Paton laat plaasvind: 'n verandering wat by geloof en godsdiens begin het, maar geleidelik tot politieke optrede oorgegaan het. Dit het geskied by wyse van 'n proses waartydens Paton bewus geword het van die omstandighede van Suid-Afrika se swart bevolking. Die saad wat hier deur Dent gesaai is, sou in die toekoms ryklik en onverwagte vrugte dra. *Cry, the beloved country* was een daarvan.

2.3 Cry, the beloved country

2.3.1 Literêrhistoriese konteks

Cry, the beloved country is die eerste Suid-Afrikaanse Engelse roman wat in die liberale tradisie geskryf is. Hierdie roman is wêreldwyd goed ontvang deur lesers en resensente. Die teks is wyd gekanoniseer, in meer as 23 tale wêreldwyd vertaal, twee keer verfilm, een keer tot 'n opera verwerk, en word steeds in talle skole regoor die wêreld as voorgeskrewe boek bestudeer. Hierdie aspekte van die bronteks is breedvoerig in Hoofstuk 1 bespreek (sien 1.1.2.1, 1.1.2.2 en 1.2.1).

2.3.2 Temas en styl van *Cry, the beloved country*

Voor daar met die vertaling van die roman begin kan word, is dit nodig om my interpretasie van die roman te bepaal. Teenswoordig word die kulturele en kommunikatiewe funksie van vertaling al hoe meer beklemtoon. Laasgenoemde het volgens Bedeker en Feinauer (2006:133) daartoe aanleiding gegee dat vertalers vandag gesien word:

not as mere transferrers of words or sentences as units of texts, but as cultural mediators who are responsible for successful cross-cultural communication and for the creation of functionally optimal target texts in target cultures.

Vir só 'n oordrag om suksesvol plaas te vind het 'n vertaler deeglike kennis van die bronteks nodig (sien 2.3.2 en 2.3.3 vir my interpretasie van die bronteks) én die doelkultuur (sien 3.6 vir die skopos van die doelteks).

Landers (2001:45) meen dat elke vertaler 'n paar stappe volg om 'n vertaling finaal af te rond. Landers (2001:45–46) volg agt stappe. Tydens die eerste stap stel Landers voor dat 'n mens die bronteks ten minste twee keer aandagtig deurlees alvorens daar met die vertaling begin word. 'n Suksesvolle vertaling kan slegs gemaak word wanneer die vertaler deeglike kennis van die bronteks opgedoen het.

An unaware translation is *ipso facto* a bad translation, and 'unaware' means failing to have a grasp on the meaning of the word, both at the surface level (words, phrases, idioms, culture) and at the underlying level of deeper significance (Landers 2001:45).

Volgens die funksionele vertaalteorie²¹ (sien 3.3.3), waarin die Afrikaanse vertaling van ('n gedeelte van) *Cry, the beloved country* (sien Hoofstuk 4) gefundeer is, is die eienskappe van die bronteks ondergeskik aan die skopos van die doelteks. Volgens hierdie teorie bepaal die skopos van die doelteks en nie die bronteks nie hoe die doelteks moet lyk. Nord (1997b:123) voeg egter die begrip 'lojaliteit' tot die skoposteorie (sien 3.4.2.1) by. Hierdie begrip vereis dat die vertaler wel 'n verantwoordelikheid teenoor die bronteks en bronteksouteur het. Om 'n suksesvolle vertaling te maak wat getrou is aan Nord se begrip van 'lojaliteit' is dit belangrik om my interpretasie van die bronteks te bepaal voor daar met die vertaling begin word. In die hieropvolgende gedeelte word my interpretasie van die bronteks getoon.

²¹ Met 'funksionele vertaalteorie' word daar nie een enkele teorie voorgestel nie maar eerder 'n aantal funksionele vertaalbenaderings waaronder Reiss (Munday 2001:73), Holz-Manttari (1984:7), Vermeer (2001:227) en Nord (1997a) se funksionele vertaalbenaderings die vernaamste is (sien 3.3.3 en 3.4).

Die tweede stap wat deur Landers (2001:45) voorgestel word, is dat die vertaler van die outeur se stem of toon bewus moet wees. Nord (1992:42) stel voor dat dit gedoen kan word deur 'n aantal vrae soos 'wie is die bronteksouteur?', 'aan wie is die bronteks gerig?' en 'waar het die bronteks ontstaan?', te beantwoord. Die tweede stap, en die beantwoording van bogenoemde vrae, volg in Hoofstuk 3 (sien 3.5).

2.3.2.1 *Temas*

Grové (1982:121) definieer 'tema' as "die sentrale of abstrakte idee wat by. deur die romanverloop na vore gebring word", en Wales (1990) omskryf 'tema' soos volg in *A dictionary of stylistics*: "Theme is the 'point' of a literary work, its central idea, which we infer from our interpretation of the plot, imagery and symbolism, etc." In 'n roman werk al die verskillende elemente wat die struktuur van die roman vorm saam om die tema van die roman oor te dra, daarom is dit noodsaaklik om al die aspekte van die teks in ag te neem wanneer die teks ontleed word. Dit is wat in die res van hierdie hoofstuk plaasvind.

In 'n aanhaling in die inleiding tot die 1987-uitgawe van *Cry, the beloved country* vertel Paton dat die sentrale tema van sy roman die agteruitgang en disintegrasie of verbrokkeling van die swart mense se karakter in die plakkerskampe binne die wit mense se stede is. Myns insiens is 'n tweede hooftema dié van die heropbou van die stam, en die samelewing, deur liefde en medelye terwyl vrees die derde hooftema is. Subtemas soos die gevolge van rassediskriminasie, die verhouding tussen die land en die mense wat daar woon, die verhouding tussen pa's en seuns, die plek van morele waardes in die samelewing en die rol wat toeval in die lewe speel, kom ook voor.

2.3.2.1a *Die disintegrasie van die stam*

Die disintegrasie van die stam kom baie sterk in Deel 1 (Book 1) van *Cry, the beloved country* na vore. *Cry, the beloved country* bestaan uit drie dele, en die deel wat vir die doel van hierdie studie vertaal word, beslaan die eerste helfte van Deel 1 (omtrent 60 bladsye).

Hierdie disintegrasië van die swart stam en die familiesituasië word vanaf die derde paragraaf in *Cry, the beloved country*, waar die agteruitgang van Ndotsheni beskryf word, al hoe duideliker:

Where you stand the grass is rich and matted, you cannot see the soil. But the rich green hills break down. They fall to the valley below, and falling, change their nature. For they grow red and bare; they cannot hold the rain and mist, and the streams are dry in the kloofs. Too many cattle feed upon the grass, and too many fires have burned it. Stand shod upon it, for it is coarse and sharp, and the stones cut under the feet. It is not kept, or guarded, or cared for, it no longer keeps men, guards men, cares for men. The titihoya does not cry here any more (Paton 2002:7).

In teenstelling met die eerste twee paragrawe, wat die idilliese omgewing van die wit boer Arthur Jarvis se plaas beskryf, dui die hierbo aangehaalde paragraaf op die feit dat daar in Ndotsheni nie werk vir jong mense is nie en dat hulle daarom almal na die stad, Johannesburg, verhuis om daar te gaan werk: in die myne of in een van die baie besighede wat op goedkoop swart arbeid staatmaak, of as huishulpe. En so word die stam uitmekaar geruk.

Stephen Kumalo se tog om sy seun, Absalom, en Kumalo se suster, Gertrude, in Johannesburg te vind, is 'n tog om sy familie te herenig. Kumalo is suksesvol in die opsporing van sy seun, suster en broer, maar hy is nie suksesvol in die hereniging van sy familie nie – Gertrude vlug, daar is onmin tussen hom en sy broer, en sy seun is in die tronk omdat hy moord gepleeg het. Kumalo slaag wel daarin om sy seun se vrou en ongeboore kind, asook Gertrude se seuntjie, terug te neem na Ndotsheni toe, maar hierdie hereniging is nie volledig nie en slegs tydelik van aard, want soos die landboukundige aan Kumalo verduidelik (Paton 2002:228): “We can restore this valley for those who are here, but when the children grow up, there will again be too many. Some will have to go still.”

Msimangu besef dit al te goed waar hy die situasië in Johannesburg aan Kumalo verduidelik (Paton 2002:25):

The tragedy is not that things are broken. The tragedy is that they are not mended again. The white man has broken the tribe. And it is my belief [...] that it cannot be mended again. But the house that is broken, and the man that falls apart when the house is broken, these are the tragic things. That is why children break the law, and why old white people are robbed and beaten.

Met die disintegrasie van die stamme het die funksies wat die hoofmanne vroeër vervul het, weggeval, en soos John Kumalo (Paton 2002:34) dit beskryf, was hulle bloot pionne:

[The chief is] an old and ignorant man, who is nothing but a white man's dog. He is a trick, a trick to hold together something that the white man desires to hold together.

Hierdie tema word deurweef met die tema van vrees (sien 2.3.2.1c).

2.3.2.1b *Die liefde se rol in die heropbou van die stam en die samelewing*

Volgens Sallberg-Kam (1985:31) word daar reeds in Deel 1 klem gelê op die krag van liefde – dit sluit aan by die oogmerk van die liberale tradisie, soos vroeër aangehaal, wat liefde eerder as geweld voorstaan om politieke verandering te bewerkstellig – in Msimangu se gesprek met Kumalo, ná hulle Kumalo se broer, John Kumalo, besoek het:

But there is only one thing that has power completely, and that is love. Because when a man loves, he seeks no power, and therefore he has power. I see only one hope for our country, and that is when white men and black men, desiring neither power nor money, but desiring only the good of their country, come together to work for it (Paton 2002:37).

Dié liefde is sigbaar in die lewens van Kumalo, Msimangu en die swart politieke leier Dubula. Hulle is manne met vaste beginsels, dus is alle hoop nie verlore nie. Hoop vir die toekoms blyk ook uit die optrede van die wit mense wat swart mense tydens die bus-boikot opgelaai en hulle na laasgenoemde se huise of hulle werkplekke toe geneem het, selfs al kon dit hulle (die wit mense) in die hof laat beland het:

Many of the white people stopped their cars, and took in the black people, to help them on their journey to Alexandra. Indeed, at one robot where they stopped, a traffic officer was talking to one of these white men, and they heard the officer asking whether the white man had a licence to carry the black people. I am asking no money, said the white man. But you are carrying passengers on a bus route, said the officer. Then take me to court, said the white man (Paton 2002:47).

Hierdie tema kom ook duidelik te voorskyn in die opregte manier waarop die jong wit man van die verbeteringskool – 'n naamlose karakter; (sien 2.3.3.4) – die belange van die swart kinders onder sy toesig op die hart dra (Paton 2002:60). Nadat Absalom Kumalo vrygelaat is, het die wit man seker gemaak dat hy 'n werk en 'n woonplek het, en hy het ook met die

reëlings vir Absalom se troue gehelp. Die man van die verbeteringskool was diep teleurgesteld toe hulle uitvind dat Absalom Kumalo vir die moord op Arthur Jarvis in hegtenis geneem is.

In Deel II word hierdie tema weerspieël in Stephen Kumalo en James Jarvis se versoening en in die berou wat Absalom Kumalo oor sy daade toon. Maar dié tema kom ten sterkste in die skryfwerk van die vermoorde Arthur Jarvis voor waar hy aantoon dat die verskriklike Suid-Afrikaanse praktyk van rassediskriminasie geensins Christelik is nie – ondanks dat die teendeel gereeld beweerd is (Paton 2002:134):

The truth is that our Christian civilization is riddled through and through with dilemma. We believe in the brotherhood of man, but we do not want it in South Africa. We believe that God endows men with diverse gifts, and that human life depends for its fullness on their employment and enjoyment, but we are afraid to explore this belief too deeply. We believe in help for the underdog, but we want him to stay under. [...] The truth is that our civilization is not Christian.

In Deel III is die rol van die liefde in die heropbou van die stam en die samelewing onteenseglik die belangrikste tema. Jarvis en Kumalo erken mekaar as mense en mede-Suid-Afrikaners wat 'n liefde vir hulle land deel. Hulle begin saamwerk aan 'n beter toekoms met 'n gedeelde verantwoordelike besef.

Chiwengo (2007:15–16) verskil van Sallberg-Kam (1985) se siening dat die heropbou van sowel die swart stamme as die Suid-Afrikaanse samelewing oor die algemeen deur liefde vir mekaar en medelye deur die onderskeie partye kan geskied. Hy voer aan dat die heropbou van die stam “can be achieved not by the helpless, leaderless Africans but only by Europeans”:

Not only can [sic] the living conditions of Africans but also their morality can be improved solely by Europeans, because, as the narrator of *Cry, the Beloved Country* frequently reminds the reader, *the source of urban crime is the erosion of traditional values*, which must be replaced by a new order. Both the narrator and Arthur Jarvis call for the education of natives and their Westernization. Traditional African culture, considered tribal, tyrannical, constricting, and closed, must be replaced by Western culture (Chiwengo 2007:16; my kursivering).

Ek is dit nie met Chiwengo eens nie. Myns insiens gaan dit in *Cry, the beloved country* eerstens om die verval van Christelike waardes (want die boek is vanuit 'n Christelike perspektief geskryf), en nie die verval van tradisionele waardes nie, alhoewel die twee eintlik baie nou verwant is; selfs binne die Afrikakultuur. Dit gaan hier nie alleen om die disintegrasie van die leefwyse van swart mense nie – soos uit die (hierbo aangehaalde) skryfwerk van Arthur Jarvis blyk, is dit 'n kwessie wat sowel wit as swart mense raak.

2.3.2.1c Vrees

Vrees is 'n ander deurlopende tema. Chiwengo meen dat die Christelike pleit vir liefde slegs uit vrees gemaak word. Om hierdie rede, glo hy, is die liefde dus nie opreg nie, en staan die roman nie werklik rassegelykheid voor nie:

It is fear, as is often repeated in the novel and in Nadine Gordimer's *July's People*, of revenge and losing one's social privilege that maintains these barriers (Chiwengo 2007:10).

Die roman gee te kenne dat die wit mense vrees dat die swart mense een of ander tyd moeg gaan raak vir die onmenslike situasie waarin hulle hulself bevind en dan wraak gaan neem: iets wat volgens Msimangu (Paton 2002:38) baie moontlik is: "I have one great fear in my heart, that one day when they are turned to loving, they will find we are turned to hating." Ten spyte hiervan heg wit mense groter belang aan die behoud van hulle materiële besittings, hulle superioriteit en, gepaardgaande daarmee, hulle 'witheid.' Dit is vir die wit mense belangriker as die emansipasie van die swart mense:

Which do we prefer, a law-abiding, industrious and purposeful native people, or a lawless, idle and purposeless people? The truth is that we do not know, for we fear them both. And so long as we vacillate, so long will we pay dearly for the dubious pleasure of not having to make up our minds. And the answer does not lie, except temporarily, in more police and more protection (Paton 2002:68).

Hoewel die wit mense besef dat 'n groter polisiemag en beter veiligheidsmaatreëls hulle vrees slegs tydelik kan besweer en slegs 'n tydelike oplossing vir die politieke situasie in Suid-Afrika bied, en dat die werklike oplossing in beleidsverandering lê, sien hulle nie vir onmiddellike beleidsverandering kans nie omdat hulle nie hulle leefstyl en luukse wil prysgee óf dit met die meerderheid van hulle landsburgers wil deel nie. Hulle vind geleidelike

verandering, óf integrasie wat geen verandering in hulle onmiddellike omgewing sal veroorsaak nie, veel meer aanvaarbaar. Vrees is dus vir hulle 'n geringe prys om te betaal.

Chiwengo (2007:22) meen dat *Cry, the beloved country* as protesroman faal. Die rede wat hy aanvoer is omdat die roman (syns insiens) nie gelyke regte vir alle rasse voorstaan nie; nie die onmiddellike afskaffing van alle apartheidswette steun nie, maar geleidelike verandering (soos hierbo genoem); dat dit nie die gebruik van geweld aanbeveel om laasgenoemde doelwit te bereik nie; en nie eis dat alle swart mense onmiddellik stemreg moet kry nie.

Bogenoemde mag dalk waar wees, maar (soos ek al herhaaldelik genoem het): ek beskou die doel van hierdie roman as om die sosiale omstandighede van swart mense in die laat 1940's uit te beeld en só te probeer “to change the hearts of policymakers by bringing to their attention consequences of their actions” (Peck 1997:93). Myns insiens het *Cry, the beloved country*, 'n Engelse Suid-Afrikaanse roman binne die liberale tradisie, nooit ten doel gehad om 'n oplossing vir die apartheidsbekleidingsrigting voor te stel nie, nóg om die gebruik van geweld om 'n bekeidingsverandering teweeg te bring, goed of af te keur nie. Peck se hierbo aangehaalde woorde omskryf myns insiens die hoofdoel van hierdie roman ten beste.

Maar dit gaan hier nie slegs oor die vrees van wit mense vir geweld deur swart mense, of vir 'n omgekeerde politieke situasie nie. Dit gaan ook om die vrees vir die onbekende (een voorbeeld hiervan is Kumalo wat na Johannesburg toe gaan); vrees vir die stad en die leefwyse van die mense wat daar woon; en vrees vir wat die toekoms mag inhou (byvoorbeeld Kumalo wat vrees dat sy seun vir Arthur Jarvis vermoor het, en toe uitvind dat dit inderdaad die geval was).

Daar heers as't ware 'n atmosfeer van vrees in die roman, en teen die einde van die roman is dit nog onseker wanneer hierdie vrees tot 'n einde gaan kom: “But when that dawn will come, of our emancipation, from the fear of bondage and the bondage of fear, why, that is a secret” (Paton 2002:236).

2.3.2.2 Styl

Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Odendal en Gouws 2005:1137) definieer styl as die “[t]rant [of] wyse van skryf [...] eenheid van vormgewing in 'n kunswerk”. Volgens

die *Dictionary of stylistics* (Wales 1990:435) verwys ‘styl’ na “the manner of expressing in writing or speaking, just as there is a manner of doing things, like playing squash or painting. [... Style is] the set or sum of linguistic features that seem to be characteristic of a certain register, genre or period.” Du Toit en Smith-Müller (2003:12) omskryf styl as “die keuses wat ’n skrywer maak uit die moontlikhede en die verskeidenheid wat die taal bied. Die keuses van die skrywer word onder meer bepaal deur die situasie waaruit geskryf word, die konteks en die lesers vir wie die teks bedoel is.” Styl is sinoniem met taalgebruik, dit wil sê met die manier waarop ’n spesifieke outeur taal gebruik.

Die eenvoud van die taalgebruik en die ritmiese kwaliteit van die prosa-styl in *Cry, the beloved country* is stilistiese eienskappe wat talle resensente opval (sien 1.1.2.1). Sommige van die ritmes, veral dié wat op parallelle frases en herhaling berus, herinner aan die taal van die Psalms: daarom word die styl van *Cry, the beloved country* dikwels as Bybels beskryf. Clarke (in Ndlovu 1997:38), Alexander (1995:220), Callan (1968:56) en Sallberg-Kam (1985:33) steun hierdie opvatting.

Volgens André Pretorius (2011:6) bevat die King James-Bybelvertaling van 1611 “’n rykdom van taal en metaforiese beelde”, hy voeg by dat “die ritme en musikaliteit van sy [die King James-vertaling se] verse een van die grootste werke in die Engelse letterkunde [is]”.

Pretorius (2011:7) beklemtoon hierdie siening met ’n aanhaling uit Genesis 1:

In the beginning God created the heaven and the earth. And the earth was without form, and void; and darkness was upon the face of the deep. And the Spirit of God moved upon the face of the waters.

Pretorius dui aan dat die woord “void” gebruik word en nie bloot ‘empty’ nie. “En die duisternis is nie sommer op die water nie (“dit was donker op die diep waters” in die 1983-vertaling), nee dit is “upon the face of the deep.” “Digterlik”, meen Pretorius (2011:7).

Volgens Clarke (in Ndlovu 1997:38) is die funksie van hierdie styl in *Cry, the beloved country*:

First, to suggest the symbolic, poetic quality of the Zulu language, and secondly to differentiate the English of the black from that of the white characters. Lastly, by a kind of extension of these principles it is used also for descriptive passages in which black characters or their interests are central. The second use is particularly effective: it reminds us not only

that the Bible was almost the only book they knew in English, but also that their English had been learnt from Christian missionaries who were themselves steeped in the language of the Authorised version [dit wil sê die King James-vertaling van 1611].

Sallberg-Kam (1985:33) sien die funksie van dié styl soos volg:

The special style Paton invented for this book involves very simple vocabulary, and makes use of Biblical patterns as well as those of Zulu and other Bantu languages. This style includes (1) symbols so natural that we hardly think of them as symbols, such as light and darkness; (2) short clauses connected by *but* or *and*; and (3) repetition. [... The] primary style is used to represent speech or thoughts “translated” from Zulu and to give comments from the omniscient narrator.

Uit bostaande aanhalings blyk dat Paton van twee style gebruik maak. Callan beklemtoon hierdie punt deur te beweer dat die beskrywing van die styl van *Cry, the beloved country* as sou dit slegs op die King James-vertaling gebaseer wees slegs gedeeltelik akkuraat is “since it implies that this is Paton’s natural style, and that the whole novel is written in one style” (Callan 1968:56). Die roman is inderdaad nie in net een styl geskryf nie. Naas die Bybelse styl en register (soos hierbo beskryf) weerspieël Stephen Kumalo se spraak en gedagtes, asook die dialoog tussen swart karakters onderling, die prosodie van die Zulu-taal; die opvallendste van die style wat in hierdie roman onderskei kan word (al sê hierdie styl, of skyn-Zulu, op die ou end meer oor die manier waarop Zulu-sprekers Engels praat as oor die manier waarop Zulu-sprekers Zulu praat). “*Cry, the Beloved Country* is, in fact, a book for the ear rather than the eye” (Callan 1968:55). Dit is presies hoe André Pretorius oor die King James-vertaling voel: “Lees dié tekste hardop en hoor die metrum, die ritme, die amperse musikaliteit: dit is asof die teks geskryf is om voorgelees te word (en dit is – van 17de-eeuse Anglikaanse preekstoele en later in kerke regdeur die Empire)” (Pretorius 2011:7).

’n Vergelyking tussen die onderstaande twee aanhalings uit die teks van hierdie roman maak die verskil tussen die twee style duidelik, soos hieronder gesien kan word. Die eerste aanhaling is ’n voorbeeld van die Bybelse styl; die tweede van die skyn-Zulu:

[1] There is a lovely road that runs from Ixopo into the hills. These hills are grass-covered and rolling, and they are lovely beyond any singing of it. The road climbs seven miles into them, to Carisbrooke; and from there, if there is no mist, you look down on one of the fairest valleys of Africa. About you there is grass and bracken and you may hear the forlorn crying of the titihoya, one of the birds of the veld. Below you is the valley of the Umzimkulu, on its

journey from the Drakensberg to the sea; and beyond and behind the river, great hill after great hill; and beyond and behind them, the mountains of Ingeli and East Griqualand (Paton 2002:7).

[2] The small child opened the door, carefully like one who is afraid to open carelessly the door of so important a house, and stepped timidly in.

- I bring a letter, umfundisi.
- A letter, eh? Where did you get it, my child?
- From the store, umfundisi. The white man asked me to bring it to you.
- That was good of you. Go well, small one.

But she did not go at once. She rubbed one bare foot against the other, she rubbed one finger along the edge of the umfundisi's table.

- Perhaps you might be hungry, small one.
- Not very hungry, umfundisi.
- Perhaps a little hungry.
- Yes, a little hungry, umfundisi.
- Go to the mother then. Perhaps she has some food.
- I thank you umfundisi (Paton 2002:18).

'n Outeur maak soms van 'n 'eye-dialect' gebruik deur met gebruikmaking van 'n paar gemarkeerde of nie-standaardvorme die illusie van 'n dialek, sosiolek of idiolek te skep. Hierdie gemarkeerde vorme kan op drie vlakke voorkom: die sintaktiese vlak (sinskonstruksie), die fonologiese vlak (spelling) en die leksikale vlak (woordkeuse). In *Cry, the beloved country* vorm die gemarkeerde vorme (op sintaktiese en leksikale vlak) 'n kenmerkende styl, wat volgens verskeie resensente (wat nie Zulu magtig is nie), soos Hansen (1948), Clarke (in Ndlovu 1997:38) en Sallberg-Kam (1985:33), die illusie skep dat die Zulu-karakters werklik Zulu praat en in Zulu dink. Dit is egter nie waar nie. Die skyn-Zulu in *Cry, the beloved country* dui eerder daarop dat die Zulu-sprekers in dié teks nie moedertaalsprekers van Engels is nie.

Coetzee (1988:127) verduidelik dit aan die hand van die volgende voorbeeld uit die teks:

We go down and dig it [the ore] out, umfundisi [sir]. And when it is hard to dig, we go away, and the white men blow it out with the fire-sticks. Then [...] we load it on to the trucks, and it goes up in a cage, up a long chimney so long that I cannot say it for you.

Coetzee (1988:127) voer aan dat

[t]he reader cannot be blamed for concluding that Zulu lacks words for the concepts *dynamite*, *shaft*, *take cover*, that the speaker is using the best approximations his language provides, and that Paton has given literal translations of these approximations, in accord with the practice of transfer.

So 'n aanname is egter vals. Die Zulu-woord vir 'mynskag' is *umgodi*, 'n woord wat heeltemal van *ushimula*, die woord vir 'skoorsteen', verskil. Die woord vir 'dinamiet' is *udalimede*, net soos *ushimula* van Engelse oorsprong; en dit het niks met "fire-sticks" te make nie. *Banda* (om weg te kruip) verskil ook heel duidelik van *suka* (om weg te gaan).

Hierdie oordrag (of 'transfer') van Zulu na Engels is gebaseer op Paton se ervaring van die wyse waarop Zulu-sprekers Engels praat; nie op die wyse waarop Zulu-sprekers Zulu praat nie. Paton het weinig kennis van Zulu gehad: "Paton [...] spoke very little Zulu" (Alexander 1995:220), maar as hoof van die Diepkloof-verbeteringskool sou hy op 'n daaglikse basis te doen gehad het met Zulu-sprekers wat Engels praat. Dit is waarop hy die skyn-Zulu in *Cry, the beloved country* gebaseer het.

Volgens Coetzee (1988:127) is Paton:

content to create the *impression* that a transfer from Zulu has taken place. We see the trick most clearly in the phrase "the fire-sticks". Zulu speakers speaking English often have difficulty with the English article, since Zulu has no corresponding lexical form. But it is of course a mistake to conclude that Zulu speakers cannot make the semantic distinctions for which English relies on the article. "The fire-sticks" merely reproduces a common mistake made by Zulus speaking English; it says nothing about Zulus speaking Zulu.

Coetzee (1988:128) meen verder dat Paton se argaïese voorstelling van Zulu iets anders impliseer:

an archaic quality to the Zulu behind it, as if the Zulu language, Zulu culture, the Zulu frame of mind, belonged to a bygone and heroic age.

Hierdie taalgebruik sluit nie net by die Bybelse taalgebruik aan nie; dit impliseer ook dat die stamverband-leefwyse iets van die verlede is, soos die landboukundige aan Kumalo verduidelik (Paton 2002:228): "We can restore this valley for those who are here, but when the children grow up, there will again be too many. Some will have to go still." Die

landboutegnieke wat die landboukundige aan die inwoners van Ixopo geleer het, is nie volhoubaar nie. Integrasie en gelyke regte vir alle Suid-Afrikaners is dus die enigste, en korrekte, oplossing.

What, if anything, then, separates Paton from those writers of the 1930s and 1940s who, under one disguise or another, call for the movement of history to come to a halt, for economic, social, and personal relations in the South African countryside to freeze forever in feudal postures: The answer is that, with however much regret, Paton accepts that the economic, and hence the political, basis of feudalism has been eroded by demographic forces (Coetzee 1988:129).

2.3.3 Die struktuur van *Cry, the beloved country*

2.3.3.1 Plot

Die roman *Cry, the beloved country* is uit drie dele opgebou. Hoewel net die eerste helfte van Deel 1 in hierdie magisterstudie vertaal word, en die vertaalprobleme in daardie teksgedeelte in Hoofstuk 5 bespreek gaan word, is dit noodsaaklik om te weet watter gebeure in die res van die verhaal afspeel. In Deel 1 volg die leser die Anglikaanse priester, Stephen Kumalo, op 'n reis van Ndotsheni, sy geboortedorpie in Natal, na die groot stad Johannesburg om sy suster, Gertrude, en sy seun, Absalom, op te spoor. Tydens sy reis word hy deur verskeie mense bygestaan. In hierdie verband is die belangrikste karakter 'n ander Anglikaanse priester, Theophilus Msimangu.

In Deel 2 probeer die boer James Jarvis verstaan waarom sy vermoorde seun, Arthur Jarvis, hom vir die regte van swart mense in Suid-Afrika beywer het. Absalom Kumalo, die priester se seun, word vir die moord op Arthur Jarvis verhoor.

In Deel 3 raak die twee vaders, James Jarvis en Stephen Kumalo, met mekaar versoen. Jarvis verbind hom daartoe om die lewensomstandighede van die inwoners van Ndotsheni te verbeter deur gereeld vir hulle melk te stuur. Hy laat ook 'n dam en 'n nuwe kerk bou.

Ndlovu (1997:44, my vertaling) sit die storie (die chronologiese volgorde van die gebeurtenisse, nie die volgorde waarin dit in die teks gebeur nie) soos volg uiteen:

Deel 1

1. Stephen Kumalo se swaer (Gertrude se man) gaan Johannesburg toe om op die myne te gaan werk.
2. Hy keer nie na Ndotsheni toe terug nie.
3. Gertrude en haar seun gaan Johannesburg toe om na hom te gaan soek.
4. Gertrude kan hom nie opspoor nie.
5. Sy begin onwettig bier brou en verkoop. Sy werk ook as 'n prostituut.
6. Kumalo se seun, Absalom, gaan Johannesburg toe om na sy tante te gaan soek.
7. Hy ontmoet die verkeerde vriende en word 'n misdadiger.
8. Msimangu skryf 'n brief aan Kumalo oor Gertrude wat 'siek' is.
9. Kumalo gaan Johannesburg toe om na sy suster en haar kind om te sien en na sy seun te gaan soek.
10. Absalom, sy neef en nog 'n jong man breek by Arthur Jarvis se huis in. Absalom skiet Jarvis dood.
12. Absalom, sy neef John, en nog 'n jong man word gearresteer.

Deel 2

1. Absalom, sy neef en nog 'n jong man breek by Arthur Jarvis se huis in. Absalom skiet Jarvis dood.
2. Die polisie lig James Jarvis in oor die moord op sy seun, Arthur.
3. James Jarvis probeer om sy seun se passie vir swart mense beter te verstaan deur van sy seun se artikels en skrywes te lees.
4. Absalom word ter dood veroordeel vir die moord op Arthur Jarvis.
5. James dra geld by tot 'n organisasie om Arthur se doelwitte te verwesenlik.

Deel 3

1. Stephen Kumalo keer na Ndotsheni toe terug.
2. Hy probeer om Ndotsheni op te bou en te herstel om mense só te verhoed om stad toe te trek.
3. James Jarvis help vir Stephen Kumalo met die (her)opbou van Ndotsheni: hy stuur melk vir die kinders, hy tref voorbereidings vir die konstruksie van die dam en hy stuur 'n landboukundige om die mense van Ndotsheni te leer boer.
4. Jarvis se vrou sterf en hy besluit om Ndotsheni te verlaat.
5. Jarvis begin om 'n kerk vir die mense van Ndotsheni te bou.
6. Absalom word gehang.

2.3.3.2 Ruimte

Die gebeure in *Cry, the beloved country* speel in die Suid-Afrika van die laat 1940's af, dus in die tydperk net voor die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het. Die verhaal speel hom hoofsaaklik in twee gebiede af: die landelike gebied Ndotsheni, in Natal (nou KwaZulu-Natal) en die stad Johannesburg.

Deel 1 begin in Ndotsheni. Dié gebied, waar eerwaarde Kumalo woon, word voorgestel as 'n gebied waar landelike Zulu's woon. Hulle lewe nog volgens hulle stamtradisies, word deur 'n hoofman gelei, en het bitter min kontak met die Westerse wêreld, alhoewel hulle Christene is; aanhangers van 'n godsdiens wat deur die Weste na Afrika gebring is. Van Ndotsheni af volg die leser vir Kumalo na Johannesburg, waar hy 'n hele paar swart woonbuurte soos Soweto, Orlando en Alexandra besoek. Hy besoek ook 'n plakkerskamp, 'Shanty Town', waar die huise uit sak, planke, sinkplate en enige ander afvalboumateriaal gemaak is. Hierdie ruimtes beeld die sosiale en ekonomiese omstandighede van die swart mense as ondraaglik uit. Hierdie voorstelling maak dit duidelik dat sulke omstandighede vir jong mense geen ander keuse laat as om by misdaad en prostitusie betrokke te raak nie.

In Deel 2 word daar op die omgewing en die sosio-ekonomiese omstandighede van wit mense gefokus, weereens in Ndotsheni en in Johannesburg. In Ndotsheni speel die verhaal hom op James Jarvis se spogplaas af. Die grond op sy plaas is, in teenstelling met dié in die swart gebied, baie vrugbaar en sy boerdery hoogs suksesvol. In Johannesburg word die blanke woongebiede, waar wit mense in reuse huise woon (vergeleke met die swart mense s'n), as veilig en skoon voorgestel. Desnieteenstaande voel die wit mense wat daar woon dat hulle deur swart misdadigers geteiken word. Om hierdie rede probeer hulle 'hulle' gebied – tydens apartheid het wit en swart mense in afsonderlike, voorafbepaalde gebiede gewoon – ten alle koste 'wit' hou (Paton 2002:67–77).

Die baie duidelike verskille tussen die wit en die swart ruimtes laat die rass spanning tussen wit en swart mense – nie net in die teks nie, maar ook in die breë Suid-Afrikaanse samelewing van daardie tyd – duidelik blyk.

2.3.3.3 Vertelde tyd

Die roman speel in 1946 af. Die feit dat daar baie min tydsaanduidings in die roman is, sluit myns insiens goed aan by die opvatting van ‘Afrikatyd’, waar ’n ander opvatting van tyd geld en ’n ander belang as in die Westerse kultuur daaraan toegeken word.

Daar word byvoorbeeld nie gesê hoe lank Kumalo in Johannesburg was nie; slegs dat hy te lank van Ndotsheni af weg was: “Umfundisi, you have been too long away” (Paton 2004:189). Daar word ook nie gesê hoe lank Absalom Kumalo se verhoor geduur het nie. Daar word wel gesê dat Arthur Jarvis op 8 Oktober 1946 om 13:00 vermoor is. Later word daar gesê dat Absalom op die veertiende dag gehang gaan word. Die jaar of maand word nie aangedui nie, maar dit kan beslis nie ook in 1946 wees nie.

Daar is dus geen manier om vas te stel oor hoe ’n lang tydperk die roman afspeel nie. Die gebrek aan tydsaanduiding sinspeel ook op die feit dat niemand in daardie stadium (die 1940’s) geweet het hoe lank apartheid sou duur nie – dié amptelike beleid is toe maar pas geïmplementeer. Onder 2.1 is daar egter getoon dat Suid-Afrikaanse rassegroepe reeds van vroeg af aan deur wette apart (van mekaar geskei) probeer hou is. *Cry, the beloved country* eindig met dié gepaste woorde:

The great valley of the Umzimkulu is still in darkness, but the light will come there. Ndotsheni is still in darkness, but the light will come there also. For it is the dawn that has come, as it has come for a thousand centuries, never failing. But when that dawn will come, of our emancipation, from the fear of bondage and the bondage of fear, why, that is a secret (Paton 2002:236).

2.3.3.4 Karakters

Daar is opvallend baie karakters in *Cry, the beloved country*; sommige belangriker as ander. Die karakters in die vertaalde gedeelte waaroor hierdie studie handel, word vervolgens hieronder (in alfabetiese volgorde – sommige volgens hul naam omdat nie almal vanne het nie) bespreek.

Ek verdeel die karakters in drie groepe: swart karakters, Engelssprekende wit karakters en Afrikaanssprekende wit karakters. Vroeër, onder 2.3.2.2, het ek aangetoon dat Paton

onderskeid tref tussen die taalgebruik van die swart (Zulu-) karakters en die taalgebruik van die wit (Engelse) karakters. Die rede vir die drie kategorieë is dus om aan te toon watter karakters se taalgebruik vir Zulu gemarkeer is, en watter nie.

2.3.3.4a *Swart karakters*

Soos ek onder 2.3.2.2 uiteengesit het, is die swart karakters se taalgebruik vir Zulu gemarkeer. Die taalgebruik van die swart karakters in die bronteks is egter nie regstreeks uit Zulu vertaal nie (sien 2.3.2.2), en gee daarom eerder 'n blik op die wyse waarop Zulusprekers Engels praat as op die wyse waarop Zulusprekers Zulu praat.

Die swart karakters se taalgebruik word in die eerste plek deur die verskil in sinslengte van dié van die wit karakters onderskei. Die swart karakters maak deurgaans van kort sinne gebruik:

- I saw nothing wrong, she said.
- But you guessed there was something wrong.
- There was nothing wrong, she said.
- Then why are you afraid?
- I am not afraid, she said (Paton 2002:43).

Uit bostaande voorbeeld is dit duidelik dat herhaling nog 'n belangrike eienskap van die swart karakters se taalgebruik is.

Anders as die wit karakters, maak hulle ook heelwat ekspressiewe geluide:

- I bring a letter, umfundisi.
- A letter, **eh**? Where did you get it, my child? (Paton 2002:8).
- **Huh**, said Msimangu, that is something to marvel at (Paton 2002:41).

Nie al die swart karakters in die bronteks is Zulu's nie. Daar word byvoorbeeld gesê dat mev. Lithebe by wie Kumalo in Johannesburg tuisgegaan het, 'n Sotho is. Die linguistiese beginsel waarvolgens Paton hul dialoog opbou, bly egter dieselfde.

Die onderskeie swart karakters word vervolgens in alfabetiese volgorde bespreek:

Absalom se vriendin

'n Belangrike karakter sonder 'n naam. Sy verwag Absalom Kumalo se kind. Stephen Kumalo het besluit dat hy vir haar en die ongeboore baba verantwoordelik is en neem haar dus saam na Ndotsheni toe. Sy en Absalom het getrou voor hy tereggestel is.

Dubula

Hy is een van die groot swart politieke leiers in Johannesburg. Die ander twee is Tomlinson en John Kumalo.

Gertrude se seuntjie

Gertrude se seun. Hy word nêrens by die naam genoem nie. Hy keer saam met Kumalo na Ndotsheni toe terug.

Mev. Hlatshwayo

Absalom het by haar in Shanty Town gewoon voor hy na die verbeteringskool toe is.

Absalom Kumalo

Die seun van Stephen Kumalo. Absalom is Johannesburg toe om na sy tante, Gertrude, te gaan soek. Hy het egter nooit teruggekeer na Ndotsheni toe nie. Toe Stephen Kumalo hom uiteindelik vind, vind hy uit dat Absalom se vriendin swanger is met Absalom se kind en dat Absalom vir die moord op Arthur Jarvis verantwoordelik is.

Gertrude Kumalo

Sy is vyf en twintig jaar jonger as haar broer, Stephen. Sy woon in Johannesburg saam met haar klein seuntjie. Sy is betrokke by misdaad en prostitusie, en was vroeër in die tronk omdat sy onwettig bier gebrou het. Kumalo het Johannesburg toe gegaan om Gertrude te soek en haar terug te neem na Ndotsheni toe. Nadat hy haar opgespoor het, het Gertrude saam met Kumalo by mev. Lithebe gaan woon, maar besluit om nie na Ndotsheni toe terug te keer nie. Sy het moontlik 'n non geword.

John Kumalo

Die broer van Stephen Kumalo. Hy is 'n voormalige skrynwerker, wat 'n politieke leier in Johannesburg geword het. Hy het sy rug op die kerk en tradisionele waardes gedraai. Sy seun, ook John, is 'n medepligtige in die moord op Arthur Jarvis.

John Kumalo Jnr.

Die seun van John Kumalo en neef van Absalom Kumalo. Ook 'n medepligtige in die moord op Arthur Jarvis. Hy word onskuldig bevind aan die moord op Arthur Jarvis.

Eerwaarde Stephen Kumalo

Die hoofkarakter. Hy kom van Ixopo af; 'n klein landelike gebied in Natal. Hy reis per trein na Johannesburg om sy suster, Gertrude, te gaan haal. Hy soek ook na sy seun, Absalom. Kumalo is 'n vriendelike en regverdige man wat in tradisionele familiewaardes glo, daarom wil hy sy familie herenig. Kumalo word 'n aktivis vir sosiale regverdigheid.

Kumalo se vriend

Een van 'n aantal belangrike karakters in die roman aan wie daar nie 'n naam gegee is nie. Hy neem Kumalo stasie toe voor laasgenoemde se vertrek na Johannesburg. Hy is later verantwoordelik vir die aflewering van die melk van Jarvis se plaas af.

Mev. Lithebe

'n Bejaarde Sothovrou by wie Stephen Kumalo tuisgegaan het terwyl hy in Johannesburg was.

Mev. Mkize

Sy woon in Alexandra. Nadat Absalom Kumalo by mev. Ndlela weggegaan het, het hy eens op 'n tyd by mev. Mkize tuisgegaan. Sy wou eers nie vir Msimangu en Kumalo vertel waar hulle vir Absalom kan kry nie, maar nadat Msimangu haar gerusgestel het, gee sy vir hom die naam van 'n taxibestuurder met wie Absalom bevriend was. Absalom en sy vriende het na haar huis toe teruggekeer ná die moord op Arthur Jarvis. Sy was later 'n staatsgetuie in die verhoor.

Richard Mpiring

Die huiswerker in Arthur Jarvis se huis. Hy was 'n ooggetuie van die rooftog in Arthur Jarvis se huis, maar net voor die moord gepleeg is, het Pafuri hom met 'n ysterstaaf bewusteloos geslaan.

Theophilus Msimangu

'n Anglikaanse priester in Sophiatown, Johannesburg. Hy versoek dat Kumalo hom in Johannesburg moet besoek sodat hulle Kumalo se suster, Gertrude, uit 'n web van prostitusie en misdaad kan bevry. Msimangu tree in Johannesburg as Kumalo se gids en vertroueling op.

Mev. Ndlela

Sy woon in Sophiatown, en Absalom Kumalo het in 'n stadium by haar tuisgegaan. Sy gee vir Msimangu en Kumalo 'n adres in Alexandra waar hulle moontlik vir Absalom sal kry. Sy noem ook dat sy nie van Absalom se vriende gehou het nie.

Johannes Pafuri

Die derde aangeklaagde in Absalom Kumalo se verhoor. Hy het die huiswerker, Richard Mpiring, tydens die rooftog met 'n ysterstaaf bewusteloos geslaan. Hy word onskuldig bevind aan moord op Arthur Jarvis.

Tomlinson

Hy is een van die groot swart politieke leiers in Johannesburg. Die ander twee is Dubula en John Kumalo.

2.3.3.4b Engelssprekende wit karakters

Die Engelssprekende wit karakters se taalgebruik verskil in twee belangrike opsigte van dié van die swart karakters: hulle gebruik langer sinne en hul taalgebruik is meer formeel, idiomaties, erudiet en poëties – 'n register wat soms aan die taalgebruik van die King James Bybelvertaling herinner (sien 2.3.2.2). Byvoorbeeld:

It's a crying scandal, ladies and gentlemen, that we get so few police. This suburb pays more in taxes than most of the suburbs of Johannesburg, and what do we get for it? A third-class police station, with one man on the beat, and one at the telephone. This is the second outrage of its kind in six months, and we must demand more protection (Paton 2002:).

Kyk ook na die gedeelte wat onder 2.3.2.2 aangehaal is.

Die Engelssprekende wit karakters is (in alfabetiese volgorde):

Arthur Trevalyan Jarvis

'n Stadsingenieur, wat bekend is vir sy liefdadigheidswerk onder swart mense in Johannesburg. Hy word deur Absalom Kumalo doodgeskiet tydens 'n rooftog. Arthur is die seun van die ryk boer van Ndotsheni, James Jarvis.

James Jarvis

'n Ryk, wit boer van Natal wie se seun, Arthur Jarvis, deur Stephen Kumalo se seun, Absalom, vermoor word. Jarvis besoek Johannesburg om die begrafnis en die verhoor by te woon. Tydens sy besoek aan Johannesburg leer hy meer oor die werk wat sy seun gedoen het om swart mense se omstandighede te verbeter. Later word James Jarvis ook 'n aktivis en sit hy sy seun se werk voort deur £10 000 te skenk om die Arthur Jarvis Club te stig. Hy verskaf ook melk aan Ndotsheni en help om 'n nuwe kerk en 'n dam vir die mense te bou.

Vader Vincent

Die wit priester van die sendingstasie.

2.3.3.4a Afrikaanssprekende wit karakters

Die enkele wit man wat voorkom in die gedeelte wat vir die doel van hierdie studie in Afrikaans vertaal word, se taalgebruik is nie vir Afrikaans gemarkeer nie. Sy woorde word in Engels weergegee, en as daar nie gesê is dat hy Afrikaans is nie, sou 'n mens gedink het dat hy ook Engelssprekend was. Die verteller dui hierdie man se Afrikaanssprekendheid soos volg aan:

One of their own people, a pleasant fellow with a smiling face, came up to them and asked them what they wanted, and they told him they were searching for one Absalom Kumalo. So this man took them to an office, where a young white man *inquired of them in Afrikaans* what was their business.

(Paton 2002:60; my beklemtoning).

Die feit dat hierdie Afrikaanssprekende karakter se taalgebruik nie vir Afrikaans gemarkeer is nie, is duidelik uit die volgende aanhaling (Paton 2002:60):

Gone, yes, only one month ago. We made an exception in his case, partly because of his good behaviour, partly because of his age, but mainly because there was a girl who was pregnant by him. She came here to see him, and he seemed fond of her, and anxious about the child that would be born.

Die wit man van die verbeteringskool

Hy is naamloos. Hy werk by die verbeteringskool waar Absalom vir 'n ruk was. Hy help vir Kumalo en Msimangu om vir Absalom op te spoor. Ook nadat hulle uitgevind het dat Absalom 'n verdagte in die moord op Arthur Jarvis is, hou hy aan om hulle by te staan.

2.3.3.5 Vertelsituasie

Paton maak in *Cry, the beloved country* van twee soorte vertellers gebruik: 'n eksterne en verskeie interne vertellers. By Genette (1980:244) heet dit “ekstradiëgeties” en “intradiëgeties”, in dié verband dui diëgeties op “die vertelde wêreld, op alles wat in en deur die vertelling gegewe is” (Brink 1987:151).

Die roman begin en eindig met die ekstradiëgetiese verteller aan die woord. Hierdie vertelinstansie is vertrouwd met die omgewing (hy kan lesers inlig oor hoe dit eens in Ndotsheni gelyk het, en hoe dit nou daar lyk), sowel as met die karakters “(hy kan hulle van buite beskryf, maar ook weergee wat binne-in hulle aangaan)” (Brink 1987:151). Hierdie vertelinstansie word die meeste van die tyd gebruik. Daar is wel enkele gevalle waar daar van 'n intradiëgetiese verteller gebruik gemaak word. Hier gaan dit om 'n vertelling van binne die storie self, “deur 'n karakter in die storie” (Brink 1987:151). Dit is veral die geval in die ingevoegde hoofstukke, soos hoofstukke 9 en 12 in Deel 1. Hierdie ingevoegde hoofstukke gee 'n blik op die Suid-Afrikaanse samelewing as geheel. Al dra dit nie direk tot die plot by nie, is dit steeds belangrik om hierdie hoofstukke as deel van die roman te lees: hulle kan nie sommer oorgeslaan word nie omdat hul lig werp op die groter konteks waarbinne die roman afspeel. Ander hoofstukke waar daar van 'n eerstepersoonsverteller gebruik gemaak word, is byvoorbeeld hoofstuk 7 in Deel 2 en hoofstuk 6 in Deel 3.

Volgens C.J.M. Nienaber (1955:14) veroorsaak bogenoemde ingevoegde hoofstukke en die gedeeltes wat deur die intradiëgetiese verteller vertel word dat Paton se stem “te duidelik” in sy roman gehoor kan word. Nienaber voer aan dat dit van die roman tydgebonde joernalistiek maak: dat dit nie ’n outonome roman geword het nie; en “daarom kan ons dit [...] nie sonder voorbehoud ’n *suksesroman* noem nie.” Hy voeg by:

Anders as in ’n werklik hegte roman lê die belangrikste kragbron nie in *Cry, the beloved country* nie, maar daarbuite; dit het nie volkome selfonderhoudend geword nie. Sodra die probleem blank nie-blank [sic] vervaag, moet ook die kragtoevoer tot die betrokke werk verswak – en dan word dit tegelykertyd verminder tot wat dit wesentlik is, naamlik tydgebonde joernalistiek (Nienaber 1955:14).

Kyk ’n mens vandag, nadat “die probleem blank nie-blank”, soos Nienaber (1955:14) in bostaande aanhaling daarna verwys, lank reeds vervaag het,²² na die populariteit en sukses van *Cry, the beloved country*, is dit duidelik dat die roman as ’n outonome teks bestaan en ook so deur die lesers gesien word. Die feit dat die operaweergawe van die roman, *Lost in the stars*, onlangs by die Universiteit van die Witwatersrand opgevoer is, én die feit dat die roman steeds in heelwat skole as voorgeskrewe roman behandel word, lewer bewys hiervan.

2.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar eerstens ’n kronologiese oorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gegee om aan te toon waar die bronteks in die Suid-Afrikaanse geskiedenis inpas, en ook om te toon hoe die verloop van die geskiedenis aanleiding gegee het tot die gebeure waaroor Paton in *Cry, the beloved country* skryf. Daarna is daar getoon, in teenstelling tot Ndlovu (1997:31), dat Paton se streng Christadelfiese opvoeding juis vroeg reeds die grondslag vir die skryf van ’n roman soos *Cry, the beloved country* in sy latere lewe gelê het.

Ek het aangetoon hoe ek die roman interpreteer deur die styl en struktuur daarvan te ontleed. Ek het getoon dat ek die roman as ’n teks beskou wat in die liberale tradisie geskryf is;

²²Dit is, myns insiens, duidelik dat Suid-Afrika se rasseprobleme nog lank nie iets van die verlede is nie. Sedert 1994, die amptelike einde van apartheid, is daar egter nie meer wetgewing wat bepaal waar mense, slegs op grond van hulle velkleur, mag stap, sit, woon, vakansie hou en werk nie, en selfs watter tipe werk hulle mag en nie mag doen nie. Dit is wetgewing soos dié wat Paton genoep het om *Cry, the beloved country* te skryf, en dié wetgewing is wel iets van die verlede. (Dit is wel so dat daar steeds op grond van ras gediskrimineer word, byvoorbeeld in beursaansoeke en waar poste vereies dat net mense van ’n sekere ras aangestel mag word.)

daarom sien ek die doel van die bronteks as in ooreenstemming met wat Peck (1997:93) as die oogmerk van die liberale tradisie beskryf, soos vroeër aangehaal.

Maar wat is die doel van die doelteks (die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country*)? Die doel van die doelteks, en dus die skopos van die doelteks, word in die volgende hoofstuk, Hoofstuk 3, bepaal.

Hoofstuk 3

Literatuurstudie

In hierdie hoofstuk word daar met 'n wye blik na die geskiedenis van vertaling van die vroegste tye af tot en met die een en twintigste eeu, en na die ontwikkeling van die vertaalwetenskap gekyk. Die doel hiervan is om aan te toon dat vertaling van die Romeinse tyd af 'n sentrale rol in die studie van literatuur gespeel het (deur vertaling het toegang tot belangrike godsdienstige en literêre werke moontlik geword – sien Bassnett 2003:48–78), al het hierdie wetenskap maar onlangs eers as afsonderlike akademiese dissipline ontwikkel.

'n Tweede doel is om in dié hoofstuk 'n teoretiese raamwerk vir hierdie magisterstudie daar te stel. Die Afrikaanse vertaling van ('n gedeelte van) Alan Paton se roman *Cry, the beloved country*, wat in Hoofstuk 4 volg, word in Hans Vermeer (2001) se funksionele skoposteorie en in Christiane Nord (1997a en 1997b) se toevoegings tot die skoposteorie gefundeer. Om hierdie rede word daar meer aandag aan funksionele vertaalteorieë, en meer spesifiek Vermeer (2001) en Nord (1997a en 1997b) se skoposteorie, geskenk.

Die skopos van die doelteks gaan bepaal word aan die hand van 'n stel vrae wat op die New Rhetoric-formule gebaseer is. Dit gaan gedoen word eers ná die skopos van die bronteks aan die hand van dieselfde stel vrae bepaal is.

Laastens gaan daar in hierdie hoofstuk na 'n paar vertaalprobleme wat ek verwag om tydens die vertaalproses teë te kom, gekyk word.

3.1 Vertaalwetenskap

Die term 'vertaling' het verskeie betekenisse: dit kan verwys na die algemene vakgebied, die produk (die vertaalde teks) of die proses (die handeling waartydens die produk geproduseer word). Die vertaalproses tussen twee verskillende geskrewe tale behels die omskakeling van die oorspronklike geskrewe teks (die bronteks) wat in die oorspronklike taal (die brontaal) geskryf is, na 'n geskrewe teks (die doelteks) in 'n ander taal (die doeltaal). Hierdie proses word deur die vertaler behartig.

Dwarsdeur die geskiedenis het vertaling 'n baie belangrike rol gespeel, veral waar dit om toegang tot belangrike godsdienstige tekste (Bybelvertaling) en die opleiding van studente (die vertaling van belangrike wêreldliteratuur, byvoorbeeld) gegaan het. En tog het die studie

van vertaling as 'n akademiese dissipline eers in die afgelope vyftig jaar begin (sien Hoofstuk 1). Danksy die Amerikaner James S. Holmes (1978) staan hierdie dissipline as 'vertaalwetenskap' (*translation studies*) bekend. Holmes (1978:173) het vertaalwetenskap in 1972 as "[T]he complex of problems clustered round the phenomenon of translating and translations" gedefinieer.

Al het vertaling as akademiese dissipline onlangs eers ontwikkel,²³ word daar al van die vroegste tye af vertaal. In *After Babel* (1975) deel George Steiner (1975:239) die literatuur oor die teorie, praktyk en geskiedenis van vertaling (en dit sluit natuurlik literêre vertaling in) in vier periodes in. Volgens hom strek die eerste periode van Cicero²⁴ en Horatius²⁵ se uitsprake oor vertaling tot aan die einde van die 18de eeu. Volgens Bassnett (2003:46) word alle teorieë en uitsprake oor vertaling tydens hierdie periode na aanleiding van die praktiese vertaling van tekste gevorm. Die tweede periode begin met Schleiermacher²⁶ se essay "Über die verschiedenen Methoden des Übersetzens" in 1838 en eindig in 1946 met Larbaud²⁷ se publikasie "Sous l'invocation de Saint Jérôme". Hierdie periode word gekenmerk deur teoretiese en hermeneutiese ondersoeke. Die ontwikkeling van 'n woordeskat om die studie van vertaling mee te benader, het ook tydens hierdie (tweede) periode plaasgevind (Bassnett 2003:46). Die derde periode begin in die 1940's met die publikasie van die eerste artikels oor masjienvertaling. Volgens Bassnett (2003:46) word strukturele linguïstiek en kommunikasieteorie tydens hierdie periode by die studie van vertaling betrek. Steiner (1975)

²³ Literêre vertaling kan nog nie algemeen afsonderlik aan tersiêre instellings bestudeer word nie – dit word gewoonlik as onderafdeling in 'n vertaalkursus behandel. Dit is egter besig om te verander, veral in lande – soos die Lae Lande – waar letterkunde gereeld vertaal word.

In 2008 het die Nederlandse Taalunie en verskeie belanghebbende instansies soos die Expertisecentrum Literair Vertalen, 'n pleitskrif *Overigens schitterend vertaald: Voor het behoud van een bloeiende vertaalcultuur*, aan die Nederlandse en Vlaamse ministers van Kultuur oorhandig. Hulle het gevra vir die akademiese opleiding van literêre vertalers.

Hierdie vraag is op 29 Junie 2010 beantwoord: "[H]et Comité van Ministers van de Nederlandse Taalunie geeft voor drie jaar (2009–2012) €100 000 per jaar voor het ontwerpen, ontwikkelen en starten van een transnasionaal masterprogramma literair vertalen. Vervolgens is vastgesteld dat de Universiteit Utrecht en KU Leuven als 'kwartiermakers' zullen fungeren" (Expertisecentrum Literair Vertalen 2010).

Die eerste studente wat vir hierdie tweejaargraad ingeskryf het, het dié graad in September 2014 voltooi (Literair vertalen 2014).

²⁴ Marcus Tullius Cicero (106 v.C.–43 v.C.) was 'n Romeinse staatsman, prokureur, geleerde en skrywer wat vergeefs probeer het om republikeinse beginsels tydens die finale burgeroorloë wat die Republiek van Rome vernietig het, te handhaaf. Sy werk sluit in boeke oor retoriek, toesprake, filosofiese en politieke verhandelinge en briewe. Vandag word Cicero as die vernaamste Romeinse orator onthou (Cicero 2010).

²⁵ Quintus Horatius Flaccus (65 v.C.–8 v.C.) was 'n uitstekende Latynse liriese digter en satirikus onder keiser Augustus. Die algemeenste temas van Horatius se odes en verse was die liefde, vriendskap, filosofie en die kuns van die digkuns (Horace 2010).

²⁶ Friedrich Schleiermacher (1768–1834) was 'n Duitse teoloog, prediker en klassieke filoloog. Schleiermacher word algemeen beskou as die vader van die moderne Protestantse teologie. As kenner van die klassieke tale het hy ook sy mening oor vertaling en vertalings gelug (Schleiermacher 2010).

²⁷ Valery-Nicolas Larbaud (1881–1957) was 'n Franse skrywer, kritikus en vertaler uit Engels (Larbaud 2010).

se vierde periode begin, net soos die derde periode, na die Tweede Wêreldoorlog en loop dus parallel met die derde periode. Tydens hierdie periode word daar weer teruggekeer na 'n hermeneutiese benadering en word vertaling binne 'n wyer raam geplaas wat verskeie ander dissiplines insluit:

Classical philology and comparative literature, lexical statistics and ethnography, the sociology of class-speech, formal rhetoric, poetics, and the study of grammar are combined in an attempt to clarify the act of translation and the process of 'life between languages' (Steiner 1975:239).

Steiner (1975) se vier kategorieë illustreer die problematiek van 'n diachroniese studie van die vertaalwetenskap. Bassnett (2003:46) lê dit soos volg uit:

[H]is first period covers a span of some 1700 years while his last two periods cover a mere thirty years. Whilst his comments on recent developments in the discipline are very fair, it is also the case that the characteristics of his first period is equally apparent today in the body of work arising from the observations and polemics of the individual translator. His quadripartite division is, to say the least, highly idiosyncratic [...]

Susan Bassnett meen die beste manier om na die ontwikkeling van die vertaalwetenskap oor die eeue heen te kyk, is deur die geskiedenis in minder rigiede kategorieë te verdeel:

In trying to establish certain lines of approach to translation, across a time period that extends from Cicero to the present, it seems best to proceed by following a loosely chronological structure, but without making any attempt to set up clear-cut divisions (Bassnett 2003:47).

Bassnett (2003:48–78) maak van minder rigiede kategorieë of, soos sy dit noem, "lines of approach" gebruik om na die geskiedenis van vertaling te kyk alvorens sy spesifieke vertaalprobleme bespreek wat tydens literêre vertaling ondervind kan word (Bassnett 2003:47). Hieronder word 'n tweedeling gevolg waarvolgens verskeie periodes en benaderings voor en ná die twintigste eeu onderskei word. Bassnett se kategorisering word vervolgens kortliks (in 3.2 en 3.3 hieronder) bespreek.

3.2 Vertaalpraktyke voor die twintigste eeu

Hieronder volg 'n voëlvlug oor die praktyke en ontwikkeling van vertaling. Die rede hiervoor is om te toon hoe en waarom die vertaalpraktyke van vroeër tot 'n wetenskap, 'n akademiese dissipline, ontwikkel het in die twintigste eeu.

Nog 'n rede vir hierdie voëlvlug is die feit dat Paton se taalgebruik in *Cry, the beloved country* dikwels as Bybels beskryf word. In Hoofstuk 2 (sien 2.3.2.2) is daar getoon dat veral die King James-Bybelvertaling 'n groot invloed op Paton se skryfstyl, en dus op die styl waarin *Cry, the beloved country* geskryf is, gehad het. Laasgenoemde noop 'n mens om na die geskiedenis van Bybelvertaling te kyk.

3.2.1 Die Romeine

Volgens Bassnett (2003:48–49) word die groot hoeveelheid vertalings wat die Romeine in die tyd van Cicero en Horatius gemaak het, dikwels gebruik om die Romeine van 'n gebrek aan kreatiwiteit te beskuldig, terwyl die Grieke – wat vir die meeste van die brontekste wat deur die Romeine vertaal is, verantwoordelik was – vir hulle kreatiwiteit geprys word. In werklikheid het die Romeine die Griekse letterkunde vertaal omdat hulle hulself en hulle letterkunde wou verryk:

Roman literary critics discussed Greek texts without seeing the language of those texts as being in any way an inhibiting factor. The Roman literary system sets up a hierarchy of texts and authors that overrides linguistic boundaries [...] (Bassnett 2003:49).

Tydens hierdie tydperk het die vertaler se lojaliteit – volgens Cicero en Horatius – by die doelteks en doeltekslesers gelê, daarom beveel hulle aan dat vertalers nie woord vir woord moet vertaal nie maar eerder gedagte vir gedagte (*sense for sense*): “Do not worry about rendering word for word, faithful translator, but render sense for sense” (Horatius 10BC). Vandag, binne Reiss (1976:20) en Vermeer (2001:227) se funksionele vertaalteorie, lê die vertaler se lojaliteit ook by die doelteks en doelteksleser (sien 3.3.3 en 3.4). Die skopos van die doelteks bepaal hoe die doelteks gaan lyk, nie die bronteks nie. Nord (1997b:123) voeg egter die begrip ‘lojaliteit’ (sien 3.4.2.1) by die funksionele vertaalteorie. Hierdie begrip

bepaal dat vertalers lojaal aan die bronteks moet bly. Dit veroorsaak dat daar nie sommer enige vertaaldoel gedien kan word nie.

In die tyd van Cicero en Horatius was Grieks die kultuurtaal, dit wil sê dat geletterde Romeine toegang tot die brontekste gehad het, en dat hulle die doeltekste (die vertalings) as metatekste gesien het. Bassnett (2003:50) verduidelik dat die doelteks *deur* die bronteks geles is, in teenstelling tot die manier waarop eentaliges alleen deur die doelteks tot die bronteks toegang het.

Omdat die meeste Romeine ook Grieks magtig was, was dit dus nie vir die Romeinse vertalers nodig om die vorm of die inhoud van die bronteks aan die doeltekslesers 'bekend te maak nie', want hulle kon immers die bronteks lees. Die Romeinse vertalers kon dus meer kreatief wees, veral wat vorm betref. In hierdie tydperk is 'n vertaler se bekwaamheid gemeet aan die mate waarop hy van die bronteks kon 'afwyk' sonder om die bronteks (tydens die lees van die doelteks) vir die doeltekslesers onherkenbaar te maak.

Bogenoemde siening van Horatius, waarmee Cicero dit ook eens was, het 'n groot invloed op verskeie geslagte vertalers gehad, en daar word vandag nog hieroor gedebatteer.

Vir die Romeine was vertaling dus juis 'n bewys van hulle kreatiwiteit en nie, soos daar dikwels beweerd word, die teendeel nie.

3.2.2 Bybelvertaling

Met die verspreiding van die Christendom het vertaling 'n nuwe rol aangeneem, naamlik die verspreiding van die Woord van God. Volgens Bassnett (2003:50) is die geskiedenis van Bybelvertaling ook 'n mikrokosmos van die geskiedenis van die Westerse kultuur.

Die Nuwe Testament is vroeg reeds vertaal. Pous Damasus het reeds in 382 n.C. vir Hiëronimus (*St. Jerome*) die opdrag gegee om die Nuwe Testament in Latyn te vertaal (Metzger 1975:75). Volgens Bassnett (2003:51) maak Hiëronimus in sy bekende vertaling gebruik van Cicero se benadering om 'gedagte vir gedagte' eerder as 'woord vir woord' te

vertaal. Volgens Metzger (1975:76) verduidelik Hiëronimus die beginsels waarvolgens hy gewerk het in 'n dekbrieff:

[H]e used a relatively good Latin text as the basis for his revision, and compared it with some old Greek manuscripts. He emphasizes that he treated the current Latin text as conservatively as possible, and changed it only where the meaning was distorted.

Hiervolgens blyk dit, anders as wat Bassnett (2003:51) beweer, dat Hiëronimus eerder van 'n 'woord vir woord' benadering gebruik gemaak het, of ten minste baie getrou aan die bronteks probeer bly het.

Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat die fyn lyn tussen wat as stilistiese vryheid, en wat as 'n ketterse interpretasie gesien kan word, tóé reeds 'n probleem was. In die daaropvolgende eeue was dit 'n groot struikelblok vir menige vertaler. 'n Joodse geleerde, rabbi Jehuda, vat hierdie probleem as volg saam: "Wie 'n Bybelteks letterlik vertaal, is 'n Skrifvervalser, wie iets byskrywe 'n Godslasteraar" (Van Zyl en Swanepoel 1972:11).

Soos die nasies en state in Wes-Europa ontwikkel het, het Bybelvertaling al hoe belangriker geword terwyl die gesentraliseerde rol van die kerk al hoe kleiner geword het.

Die eerste volledige vertaling van die Bybel in Engels, is die Wycliffe-Bybel,²⁸ wat tussen 1380 en 1384 vertaal is. John Wycliffe (1330–1384) het gemeen dat elke persoon toegang tot die Bybel moet hê in 'n taal wat hy verstaan. Wycliffe is as ketter uitgemaak, maar sy vertaling het aanleiding gegee tot 'n rits Engelse vertalings.

In die sestiende eeu, met die ontwikkeling van die drukpers, het Bybelvertaling 'n nuwe era binnegegaan en is die Bybel in 'n groot aantal Europese tale vertaal. Dit sluit in: die Gutenberg-Bybel (1450), die eerste vertaling van die Bybel in Frans deur Jacques Lefèvre d'Étaples (1530), die Engelse King James-vertaling (1611) en die Nederlandse Statevertaling (1637). Die geskiedenis van Bybelvertaling in die sestiende eeu gaan baie nou saam met die opkoms van die Protestantisme in Europa, veral na die Hervorming (Bassnett 2003:53).

²⁸ Die Wycliffe-Bybel is onder leiding van John Wycliffe in die veertiende eeu in Engels vertaal. Hy was nie die enigste vertaler wat aan dié projek gewerk het nie (Wycliffe's Bible:2012).

Die meeste van die Bybelvertalings van die sestiende eeu is deur die Rooms-Katolieke kerk verbied, maar Bybelvertaling kon nie meer gekeer word nie. Deur te leen, te hersien en te verbeter was elke nuwe vertaling 'n verbetering op die werk van die vorige Bybelvertalers.

Volgens Bassnett (2003:54) kan die doel van die sestiende-eeuse Bybelvertalers soos volg saamgevat word:

- To clarify errors arising from previous versions, due to inadequate SL [brontaal] manuscripts or to linguistic incompetence.
- To produce an accessible and aesthetically satisfying vernacular style.
- To clarify points of dogma and reduce the extent to which the scriptures were interpreted and re-presented to the laypeople as a metatext.

Martin Luther,²⁹ Duitse teoloog, Bybelvertaler en die man wat vir die Protestantse Hervorming verantwoordelik was, lê veral op die tweede punt klem. Vir hom was dit baie belangrik dat die Bybel aan almal, en in die taal wat hulle verstaan, beskikbaar moes wees. Daarom het hy in 1522 self die Bybel in Duits vertaal (Martin Luther 2010).

Tydens die Renaissance was dit belangrik dat Bybelvertalers letterlik moes vertaal aangesien – soos Bassnett (2003:54) aanvoer – “the choice of pronoun could mean the difference between life or condemnation to death as a heretic”. Akkuraatheid of getrouheid aan die brontekste was 'n kwessie van lewe en dood.

Die eerste volledige Afrikaanse vertaling van die Bybel, wat deur prof. J.D. du Toit (Totius), prof. B.B. Keet, dr. T.B. Muller, prof. F. Postma, prof. G.B.A. Gerdener en ds. N.J. van der

²⁹ Martin Luther (1483–1546) was 'n Duitse teoloog. Sy woorde en aksies het tot die Protestantse Hervorming van die sestiende eeu aanleiding gegee – Luther se vyf en negentig stellings wat hy op 31 Oktober 1517 teen die deur van Wittenberg (Duitsland) se kasteel-kerk vasgesit het, word gesien as die begin van die Protestantse Hervorming. Die Hervorming het sekere basiese Christelike leerstellings herformuleer en tot die breuk tussen die Rooms-Katolieke en Protestantse Kerk gelei (Martin Luther 2010).

Wat die vertaling van die Bybel in Duits betref, het Luther van 'n dialek gebruik gemaak wat deur mense in beide die noorde en die suide van Duitsland verstaan is. Hy het met sy vertaling ten doel gehad “to make the Bible accessible to everyday Germans” (Martin Luther 2012).

Toe Luther se vertaling van die Bybel gepubliseer is, was daar 'n groot aanvraag vir publikasies in Duits. Sy vertaling het daarom vinnig 'n populêre en invloedryke Bybelvertaling geword. “It made a significant contribution to the evolution of the German language and literature” (Martin Luther 2012). “Martin Luther is assuredly one of the most influential figures in Western civilization during the last millennium” (Martin Luther 2010).

Merwe gemaak is,³⁰ is eers in 1933³¹ gepubliseer. Hierdie Bybel het sonder 'n voorwoord of kommentaar oor die vertaling daarvan verskyn (Naudé 2009:12). Van Zyl en Swanepoel (1975:11) beskryf die 1933-vertaling van die Afrikaanse Bybel as 'n “akademies-letterlike vertaling” en hulle meen “daar kan 'n hele studie geskryf word oor die invloed van die [Nederlandse] Statevertaling, wat bepaald aanmerklik is” (Van Zyl en Swanepoel 1972:17).

In Suid-Afrika is daar vandag 'n verskeidenheid Bybelvertalings op die mark, nie net in Engels nie maar ook in Afrikaans. Lesers kan dus kies of hulle 'n letterlike of 'n vrye vertaling wil lees. “[J]uis omdat die volmaakte vertaling nog nooit gemaak is nie – en waarskynlik ook nooit gemaak sal word nie – sal die Kerke altyd met vertaalwerk aan die Bybel besig wees” (Van Zyl en Swanepoel 1972:14).

3.2.3 Vroeë teorieë en die Renaissance

Na die uitvinding van die drukpers in die vyftiende eeu (omstreeks 1450) het die rol van vertaling drasties verander. Daar was 'n groot toename in die aantal vertalings (van alle tekste, nie slegs van die Bybel nie) wat gemaak is, eerstens as gevolg van die drukpers wat dit moontlik gemaak het om groot opslae van 'n teks beskikbaar te stel, en tweedens as gevolg van die ontdekkingsreisigers wat die wêreld buite Europa begin ontsluit het. Volgens Bassnett (2003:58) het hierdie ontwikkelinge persepsies verander en is daar ernstig gepoog om 'n vertaalteorie te ontwikkel.

Een van die eerste skrywers wat 'n vertaalteorie geformuleer het, was die Franse humanis Etienne Dolet³² (1509–1546). Dolet is vir kettery tereggestel nadat hy een van Plato se dialoë verkeerd vertaal het “as to imply disbelief in immorality” (Bassnett 2003:58). In 1540 het Dolet 'n paar riglyne vir vertalers gepubliseer:

1. The translator must fully understand the sense and meaning of the original author, although he is at liberty to clarify obscurities.

³⁰ Naudé (2009:11) meen dat daar ook rekening gehou moet word met die res van die vertaalspan, wat bestaan het uit “'n Bybelvertalingskommissie, sekretaris, voorvertalers, eindvertalers, hersieners en taaladviseurs”.

³¹ In 1922 is S.J. du Toit se proefuitgawe van “Die Vier Evangelieë en Psalme”, “verwerp deur die verpletterende kritiek van bykans die hele volk” wat steeds “aan die Statevertaling vasgekleef het” (Van Zyl en Swanepoel 1972:15). Na die amptelike erkenning van Afrikaans in 1925 het omstandighede egter vinnig verander.

³² Etienne Dolet (1509–1546) was 'n Franse humanis, geleerde en uitgewer. Dolet was ook 'n vertaler en het onder andere die werke van klassieke outeurs, die Nuwe Testament en die Psalms in Frans vertaal. Hy word dikwels as die eerste martelaar van die Renaissance beskryf (Dolet 2010).

2. The translator should have a perfect knowledge of both SL and TL.
 3. The translator should avoid word for word renderings.
 4. The translator should use forms of speech in common use.
 5. The translator should choose and order words appropriately to produce the correct tone.
- (Bassnett 2003:58).

Dolet se riglyne was 'n eerste poging tot 'n vertaalteorie.

Tydens hierdie tydperk kon 'n vertaler tereggestel word as gevolg van die manier waarop hy 'n spesifieke sin of frase in 'n teks vertaal. Volgens Bassnett (2003:60) het hierdie omstandighede veroorsaak dat vertalers hulle baie beter van hul taak gekwyt het as tydens vroeëre periodes. 'n Belangrike eienskap van hierdie periode is dat vertalers gebruik gemaak het van die taal en styl wat tóé kontemporêr was.

George Steiner (1975:247) stel die belang van vertaling tydens die Renaissance soos volg:

At a time of explosive innovation, and amid a real threat of surfeit and disorder, translation absorbed, shaped, oriented the necessary raw material. It was, in a full sense of the term, the *matière première* of the imagination. Moreover, it established a logic of relation between past and present, and between different tongues and traditions which were splitting apart under stress of nationalism and religious conflict.

Bassnett (2003:62) gaan voort:

Translation was by no means a secondary activity, but a primary one, exerting a shaping force on the intellectual life of the age, and at times the figure of the translator appears almost as a revolutionary activist rather than the servant of an original author or text.

3.2.4 Die sewentiende eeu

Teen die middel van die sewentiende eeu het die Kontrareformasie,³³ die konflik tussen 'n monargale en parlementêre sisteem en die groter wordende skeiding tussen die Christendom en die wetenskap tot groot veranderinge in die literatuurteorie gelei. So het die rol van vertaling en vertalings ook verander (Bassnett 2003:62).

³³ Die Kontrareformasie verwys na die pogings tot hernuwing/herlewing binne die Rooms-Katolieke kerk tydens die 16de en vroeë 17de eeu na aanleiding van die Protestantse Hervorming (Counter Reformation 2010).

Tydens die sewentiende eeu was die literêre kritici behep met die formulering van reëls vir estetiese produksie. Hiervoor het skrywers hulle na die werke van die eertydse meesters gewend. Dit het veroorsaak dat daar tussen 1625 en 1660 'n opvallende toename in die vertaling van klassieke werke in Frans was. Nabootsing was in hierdie tydperk baie belangrik. Die werke van Franse skrywers en teoretici is ook tydens hierdie tydperk in Engels vertaal (Bassnett 2003:63).

Sir John Denham³⁴ (1615–1669) beskryf die rol van 'n vertaler soos volg in die voorwoord tot sy vertaling van *The destruction of Troy* (1656) (aangehaal in Bassnett 2003:63):

[F]or it is not his business alone to translate Language into Language, but Poesie into Poesie; and Poesie is of so subtle a spirit, that in pouring out of one Language into another, it will all evaporate; and if a new spirit be not added in the transfusion, there will remain nothing but a *Caput mortuum*.

Al het die klem tydens hierdie tydperk op reëls geval, het dit egter nie beteken dat kuns as nabootsing beskou is nie. In bostaande aanhaling waarsku Sir John Denham juis teen letterlike vertaling.

Nog 'n vertaler tydens die sewentiende eeu, John Dryden³⁵ (1631–1700) (in Bassnett 2003:64), het die probleme van vertaling in sy voorwoord tot Ovidius³⁶ se briewe (1680) aangepak deur drie verskillende vertaalstrategieë te definieer:

1. *Metaphrase*, or turning an author word by word, and line by line, from one language into another;
2. *Paraphrase*, or translation with latitude, the Ciceronian 'sense-for-sense' view of translation;
3. *Imitation*, where the translator can abandon the text of the original as he sees fit.

Volgens Bassnett (2003:64) kies Dryden die tweede vertaaltipe omdat hy dit as die gebalanseerdste tipe beskou, maar, gaan Bassnett (2003:64) voort, 'n vertaler moet volgens Dryden ook aan die volgende kriteria voldoen: “[T]o translate poetry, the translator must be a poet, must be a master of both languages, and must understand both the characteristics and ‘spirit’ of the original author, besides conforming to the aesthetic canons of his own age”.

³⁴ Sir John Denham (1615–1669) was 'n Engelse digter en vertaler (Denham 2010).

³⁵ John Dryden (1631–1700) Engelse digter, dramaturg, literêre kritikus en vertaler. Dryden het die literêre landskap van sy tyd gedomineer: “it came to be known as the Age of Dryden” (Dryden 2010).

³⁶ Ovidius (Publius Ovidius Naso) (43 v.C.–17 n.C.) was 'n Romeinse digter. “His verse had immense influence both by its imaginative interpretations of classical myth and as an example of supreme technical accomplishment” (Ovid 2010).

Dryden maak gebruik van 'n metafoor van die vertaler/portretskilder waarin hy aanvoer dat 'n portretskilder sy portret so moet skilder dat dit die werklikheid (die oorspronklike) weerspieël. Dit is dus nie die werklikheid nie, maar 'n weergawe daarvan. Hierdie metafoor word ook dikwels in die agttiende eeu gebruik wanneer daar oor vertaling gepraat word (Bassnett 2003:64).

3.2.5 Die agttiende eeu

Onderliggend aan Dryden se konsep van vertaling (sien 3.2.4) is 'n ander element: “[T]he whole question of the moral duty of the translator to his contemporary reader” (Bassnett 2003:67). Tot op hierdie stadium het vertalers probeer om die wese van 'n teks in hul vertalings weer te gee. Om die doeltteks vir 'n spesifieke gehoor verstaanbaar te maak, is groot gedeeltes van die bronteks soms herskryf en selfs weggelaat. 'n Mens sou kon sê dat die doeltteks eerder 'n verwerking as 'n vertaling van die bronteks was, behalwe in Bybelvertaling (sien 3.2.2).

Tydens die agttiende eeu het vertalers meer bewus geword van hulle morele verantwoordelikheid teenoor beide die bronteksouteur en die doelttekslesers. Vertalers het al meer tot die besef gekom dat hulle nie aan die bronteks kon verander soos hulle wou nie, behalwe waar so 'n verandering (weglating of byskrywing) 'n spesifieke doel gedien het.

In 1791 publiseer Alexander Fraser Tytler³⁷ 'n werk getiteld *The principles of translation*, wat die bogenoemde houding weerspieël. Dié werk is die eerste sistematiese studie van die vertaalproses in Engels. Tytler (in Bassnett 2003:67) stel die volgende drie basiese beginsels:

1. The translation should give a complete transcript of the idea of the original work.
2. The style and manner of writing should be of the same character with that of the original.
3. The translation should have all the ease of the original composition.

Tytler is dit nie met Dryden se 'paraphrase'-konsep (sien 3.2.4) eens nie. Volgens hom het dié konsep tot oordrewe vrye vertalings gelei. Tytler is dit wel met Dryden eens dat dit deel van die vertaler se plig is om onduidelikhede in die bronteks in die doeltteks toe te lig, selfs al

³⁷ Alexander Fraser Tytler (1747–1813) was 'n Britse prokureur en skrywer. Hy was ook 'n historikus en 'n professor in geskiedenis aan die Universiteit van Edinburgh. In 1790 skryf Tytler die essay *Principles of translation*, waarin hy aanvoer: “Translation should fully represent the 1) ideas and 2) style of the original and should 3) possess the ease of the original composition” (Tytler 2010).

is dit deur weglating of byskrywery (Bassnett 2003:67). Hy maak ook van die metafoor van die vertaler/portretskilder gebruik; volgens hom kan die vertaler nie dieselfde kleure as die oorspronklike ‘skilder’ gebruik nie, maar hy moet steeds sy prentjie skilder. “The translator must strive to adopt the very soul of his author, which must speak through his own organs” (Tytler in Bassnett 2003:67).

Van Dryden tot Tytler handel die vertaalteorie oor die weergee van die wese van ’n teks. Maar, voer Bassnett (2003:67) aan, met verloop van tyd word dié tweedeling – wat vroeër baie duidelik was – tussen die formele struktuur en die wese van ’n teks minder duidelik.

3.2.6 Die Romantiek

Na die Franse Revolusie³⁸ van 1789 is die realisme verwerp en het die klem al meer op individualisme geval. Tydens hierdie periode word die belangrike funksie van die verbeelding tydens die skeppingsproses benadruk. Die idee van kreatiwiteit as ’n vrye krag vorm ook deel van die individualisme (Bassnett 2003:680).

Volgens Bassnett (2003:68) het die waardering vir individualisme veroorsaak dat die digter as ’n kamma-mitiese skepper gesien is; iemand wie se werk onvertaalbaar was:

The pre-eminence of the Imagination as opposed to the Fancy leads implicitly to the assumption that translation must be inspired by the higher creative force if it is to become more than an activity of the everyday world with the loss of the original shaping spirit (Bassnett 2003:69).

Die begrip ‘onvertaalbaarheid’ het daartoe gelei dat daar oordrewe klem op die tegniese akkuraatheid van ’n vertaling geplaas is. Dit het tot die pedanterie van vertaling in die laat negentiende eeu gelei. Volgens Bassnett (2003:70) het die aanname dat die betekenis van ’n teks “below and between language” lê, ’n doodloopstraat vir vertalers veroorsaak. Verder meen sy dat daar maar twee moontlike oplossings vir hierdie probleem was:

1. The use of literal translation, concentrating on the immediate language of the message; or

³⁸ Die revolusionêre beweging wat Frankryk tussen 1787 en 1799 geskud het. Die Franse revolusie het ’n hoogtepunt in 1789 bereik. As gevolg van die ekonomiese groei wat tydens die 18de eeu in Frankryk plaasgevind het, was baie burgers – handelaars, vervaardigers en professionele mense – skielik ryker as vroeër, maar hulle het geen politieke mag gehad nie en daarom het hulle teen die feodale stelsel in opstand gekom (French Revolution 2010).

2. The use of an artificial language somewhere in between the SL text where the special feeling of the original may be conveyed through strangeness.

(Bassnett 2003:70).

3.2.7 Post-Romantiek

Volgens Bassnett (2003:70) het Friedrich Schleiermacher tydens hierdie tydperk voorgestel dat vertalers van 'n aparte taal of 'sub-language' in 'n vertaling gebruik moet maak. Hiermee het Schleiermacher bedoel dat vertalers van 'n vervreemdende benadering – soos Venuti (1995:19–20) dit jare later sou noem – gebruik moet maak en die bronteks só moet vertaal dat die vreemdheid daarvan duidelik sal blyk uit die styl van die doeltteks.

Die negentiende eeuse Engelse vertalers F.W. Newman,³⁹ Thomas Carlyle⁴⁰ en William Morris⁴¹ was dit met Schleiermacher eens. Hulle het ook 'n vervreemdende vertaalbenadering gevolg. Volgens Bassnett (2003:70) het Newman gesê:

[T]he translator should retain every peculiarity of the original where possible, with the greater care the more foreign it may be.

Deur van 'n vervreemdende vertaalbenadering gebruik te maak, word die vreemdheid van die brontekskultuur baie duidelik aan die leser van die doeltteks oorgedra. Dié benadering is tydens hierdie periode gevolg.

3.2.8 Die Victoriaanse tydperk

Tydens die Victoriaanse tydperk was dit, volgens Bassnett (2003:71), steeds vir vertalers 'n prioriteit om die vreemdheid van die bronteks in die doeltteks aan die doelttekslesers oor te dra.

Die paradoksale Schleiermacher-Carlyle opvatting oor vertaling was tydens hierdie tydperk (1837–1901) baie populêr. Bassnett (2003:72) werp meer lig hierop:

³⁹ Francis William Newman (1805–1897) was eers 'n sendeling voor hy 'n loopbaan in die akademie opgeneem het. Hy was ook 'n skrywer en vertaler uit die klassieke tale (Newman 2010).

⁴⁰ Thomas Carlyle (1795–1881) was 'n Britse historikus, essayis en vertaler. Een van sy belangrikste werke as historikus is die drie volumes getiteld *The French Revolution* (Thomas Carlyle 2010).

⁴¹ William Morris (1834–1896) was 'n Britse ontwerper, vakman, digter, vertaler en vroeë sosialis (Morris 2010).

On the one hand there is an immense respect, verging on adulation, for the original, but that respect is based on the individual writer's sureness of its worth. In other words, the translator invites the intellectual, cultivated reader to share what he deems to be an enriching experience, either on moral or aesthetic grounds. Moreover, the original text is perceived as *property*, as an item of beauty to be added to a collection, with no concessions to the taste or expectations of contemporary life. On the other hand, by producing consciously archaic translations designed to be read by a minority, the translators implicitly reject the ideal of universal literacy. The intellectual reader represented a very small minority in the increasingly diffuse reading public that expanded throughout the century...

En so is die opvatting dat vertaling 'n minderheidsbelangstelling is, gevestig.

Volgens Bassnett (2003:74) kan die belangrikste strominge binne die vertaalwetenskap in die tydperk van industriële kapitalisme en koloniale uitbreiding tot en met die Eerste Wêreldoorlog soos volg geklassifiseer word:

1. Translation as a scholar's activity, where the pre-eminence of the SL text is assumed *de facto* over any TL version.
2. Translation as a means of encouraging the intelligent reader to return to the SL original.
3. Translation as a means of helping the TL reader become the equal of what Schleiermacher called the better reader of the original, through a deliberately contrived foreignness in the TL text.
4. Translation as a means whereby the individual translator who sees himself like Aladdin in the enchanted vaults [...] offers his own pragmatic choice to the TL reader.
5. Translation as a means through which the translator seeks to upgrade the status of the TL text because it is perceived as being on a lower cultural level.

(Bassnett 2003:74).

Uit Bassnett (2003:74) se vyf kategorieë blyk dit dat tipes 1 en 2 baie letterlike vertalings, wat slegs vir die hoogs opgeleide minderheid toeganklik sal wees, sal voortbring. Tipes 4 en 5 kan weer baie vrye vertalings, wat die bronteks erg kan verander namate die vertaler sy persoonlike styl op die vertaling afdruk, tot gevolg hê. Die derde kategorie, wat Bassnett (2003:74) as "the most interesting and typical of all" beskryf, sal vertalings met onnatuurlike taalgebruik vanweë die navolging van die bronteks-woordorde en styl tot gevolg hê.

3.3 Vertaalwetenskap tydens die twintigste eeu en daarna

3.3.1 Die twintigste eeu

Volgens Bassnett (2003:76) was baie van die besprekings oor die teorie en praktyk van vertaling tydens die eerste helfte van die twintigste eeu bloot 'n voortsetting van die Victoriaanse opvattinge oor vertaling: “literalness, [...] pedantry and the production of a text of second rate literary merit for an elite minority” (Bassnett 2003:76).

Die voortsetting van die Victoriaanse opvattinge oor vertaling beteken egter nie dat daar geen nuwe bydraes tot die vertaalwetenskap tydens die eerste helfte van die twintigste eeu gelewer is nie. Die werk van Ezra Pound – 'n vertaler, kritikus en teoretikus – was byvoorbeeld baie belangrik. Hilaire Belloc lewer in 1931 'n lesing, *On translation*, wat deur Bassnett (2003:76) beskryf word as “a brief but highly intelligent and systematic approach to the practical problems of translating and to the whole question of the status of the translated text”. Dit is maar enkele werke wat die weg gebaan het vir die ontwikkeling van die vertaalteorie wat na die Tweede Wêreldoorlog – tydens Steiner (1975:239) se derde en vierde periodes (sien 3.1) – plaasgevind het (sien ook 3.3.2).

Tydens die laat 1980's en die 1990's het vertaling as onafhanklike akademiese dissipline, veral in Europa, ongelooflike groei getoon, soveel so dat Mona Baker in haar voorwoord tot *The Routledge Encyclopedia of Translation* (1998) van “perhaps the discipline of the 1990's” praat. Tydens die afgelope twintig jaar was daar ook 'n groot toename in die getal akademiese publikasies oor vertaling. Gevestigde vaktydskrifte soos *Babel* (Nederland), *Meta* (Kanada) en *Traduire* (Frankryk) word tans deur verskeie nuwe vaktydskrifte soos *Across Languages and Cultures* (Hongarye), *Literature in Translation* (Verenigde Koninkryk), *Target* (Israel/België) en *The Translator* (Verenigde Koninkryk) – om slegs enkeles te noem – aangevul. Verder word daar ook artikels oor vertaling in vaktydskrifte wat tradisioneel op tale, toegepaste linguïstiek of letterkunde fokus, gepubliseer.

Vandag, na die eerste dekade van die 21ste eeu, gaan hierdie dissipline dwarsoor die wêreld van krag tot krag. Dit blyk onder andere uit die toename in die opleidingsmoontlikhede op tersiêre vlak en die toename in die getal internasionale vertaalkonferensies.

Literêr georiënteerde vertaalwetenskap – die teoretiese refleksie oor literêre vertaling – het as subdissipline van vertaling ’n baie lang geskiedenis, soos daar onder punt 3.2 getoon is. Hierdie geskiedenis word tot lank na die Tweede Wêreldoorlog deur ’n gebrek aan samehang gekenmerk. Literêre vertaling, en veral die teoretiese aspek van literêre vertaling, was ’n “unstructured, largely chaotic affair” waar vertalers, filoloë, teoloë en filosowe almal vanuit hul eie oogpunte en verwysingsraamwerke vertaal het (Holmes, Lambert en Van den Broeck 1978:v). Die gebrek aan ’n algemene vertaalteorie het veroorsaak dat die meeste vertalings deur lang voorwoorde voorafgegaan is en dat die vertalings grotendeels vir die doeltaallesers ontoeganklik was.

Na die Tweede Wêreldoorlog – tydens Steiner (1975:239) se vierde periode (sien 3.1) – het die literêre vertaalteorie vinnig ontwikkel.

3.3.2 Literêre vertaling na die Tweede Wêreldoorlog

Na die oorlog is daar gepoog om ’n middeweg tussen bronteks- en doelteksgerigte vertalings te vind. Volgens Kitty Van Leuven-Zwart (1992) het die fokus van vertaling ná die oorlog uiteindelik van die bronteks na die doelteks en doelkultuur verskuif. Hierdie fokusverskuiwing het in die 1970’s begin plaasvind en in die 1980’s in die funksionele vertaalteorie neerslag gevind. Van Leuven-Zwart (1992:50) skryf so daaroor:

Het uitgangspunt dat hierbij wordt gehanteerd is de stelling dat een literaire vertaling noodzakelijkerwijze van de oorspronkelijke tekst afwijkt, niet alleen als gevolg van de verschillen tussen talen, literaturen, conventies en tradities, maar vooral als gevolg van de interpretatie van het origineel die aan de vertaling ten grondslag ligt.

Die rede vir hierdie fokusverskuiwing van die bronteks na die doelteks, veral wat literêre vertaling betref, is volgens Van Leuven-Zwart (1992:51) omdat literêre vertaling sigself nie in die eerste plek op die vertaalproses rig nie, maar wel op die vertaalprodukt; en dít is een van die kerneienskappe van die funksionele vertaalteorie.

3.3.3 Funksionele vertaalteorie

In die 1970's en 1980's het daar, veral in Duitsland, 'n fokusverskuiwing binne die vertaalteorie plaasgevind. Die fokus het verskuif van die statiese linguistiese benadering waar woordvlak-ekwivalensie nagestreef is, na 'n funksionele en kommunikatiewe benadering waar die fokus toenemend na die doeltteks en doelttekslesers verskuif het.

Binne die funksionele vertaalteorie geld terme soos *skopos*, *doel*, *doeltaallesers*, *kommunikasie* en *handeling* as sleutel terme. Maria Tymoczko (2007:33) beklemtoon dit in haar beskrywing van die funksionele vertaalteorie:

[F]unctionalist theories stress the cultural function of source texts, the goals of translators and patrons, the functions of translated texts in receptor cultures, and the impact of translators and translations on target audiences.

Die belangrikste bydraes binne die funksionele vertaalteorie sluit in:

- Katharina Reiss se vroeë werk oor tekstipes en taalfunksies,
- Jutta Holz-Manttari se vertaalhandelingsteorie,
- Hans J. Vermeer se skoposteorie, wat die klem op die doel van die doeltteks laat val, en
- Christiane Nord se toevoegings tot die skoposteorie.

3.3.3.1 Reiss se funksionele vertaalteorie

Reiss se werk in die 1970's bou voort op die konsep van ekwivalensie, maar vir haar gaan dit eerder oor ekwivalensie op teksvlak as ekwivalensie op woord- of sinsvlak. Reiss se teorie, volgens Hönig (1997:7), poog “to adhere to the principles of preserving the original function of the source text.” Aanvanklik het Reiss met haar funksionele teorie gepoog om die assessering van vertalings te sistematiseer. Sy maak van Karl Bühler se drie taalfunksiekategorieë, naamlik informatief, ekspressief en operatief, gebruik (sien Munday 2001:73–76 en Hönig 1997:7–9). Reiss kombineer hierdie taalfunksies met hulle ooreenstemmende ‘taaldimensies’ en met die spesifieke tekstipe of kommunikatiewe situasie waarin hul gebruik word (Munday 2001:73). Dit word in die volgende tabel weergegee:

Text Type	Informative	Expressive	Operative
Language function	Informative (representing objects and facts)	Expressive (expressing sender's attitude)	Appellative (making an appeal to text receiver)
Language dimension	Logical	Aesthetic	Dialogic
Text focus	Content-focused	Form-focused	Appellative-focused
TT should	Transmit referential content	Transmit aesthetic form	Elicit desired response
Translation method	'Plain prose', explication as required	'Identifying' method, adopt perspective of ST author	'Adaptive' equivalent effect

Tabel 3.1 Funksionele eienskappe van tekstipes (Reiss 1971).

Voorbeelde van die teksvariëteite of tekssoorte wat onder elk van die drie tekstipes val, word hieronder in Figuur 3.1 (Chestermann 1989:105) voorgestel.

Volgens onderstaande diagram (Figuur 3.1) is naslaanwerke die mees informatiewe tekssoort, gedigte die mees ekspressiewe tekssoort en advertensies die mees operatiewe tekssoort. Tussen hierdie drie pole is 'n aantal 'hibride' tekste. 'n Biografie lê byvoorbeeld êrens tussen informatief en ekspressief aangesien 'n biografie inligting oor die onderwerp verskaf en ook 'n ekspressiewe funksie as 'n stuk literatuur het.

Volgens Reiss se funksionele vertaalteorie gebruik 'n mens "specific translation methods according to text type"; kyk weer na die laaste twee rye van Tabel 3.1, naamlik: "TT should" en "Translation method" (Reiss 1976:20). Die doel van Reiss se funksionele teorie was om 'n sisteem daar te stel om die gehalte van 'n vertaling te bepaal. Dit kan gedoen word deur vas te stel of die belangrikste funksie van die bronteks wel in die doelteks oorgedra is. Reiss (1989:109) stel dit so: "The transmission of the predominant function of the ST is the determining factor by which the TT is judged."

Binne die vertaalhandelingsteorie word vertaling as 'n doelgerigte, uitkomsgebaseerde, menslike handeling gesien wat op die proses van vertaling as interkulturele boodskap-oordrag fokus. Manttari stel dit so:

It is not about translating words, sentences or texts but is in every case about guiding the intended co-operation over cultural barriers, enabling functionally oriented communication (Holz-Manttari 1984:7–8, vertaal deur Munday 2001:77).

Volgens Holz-Manttari (1984:11-109) is daar 'n aantal rolspelers by die vertaalhandeling betrokke. Vermeer en Nord beklemtoon ook die betrokkenheid van hierdie rolspelers in hulle skoposteorie. Die rolspelers sluit die volgende in:

- Die inisieerder: die persoon of instansie wat die vertaling nodig het;
- Die kontrakteur: die persoon wat die vertaler kontrakteer;
- Die bronteksouteur: die persoon wat verantwoordelik was vir die skryf van die bronteks;
- Die doelteksprodusent: die vertaler;
- Die doelteksleser: die persoon wat die doelteks lees/gebruik.

Daar is heelwat kritiek op Holz-Manttari se vertaalhandelingsteorie uitgespreek. Sommige kritici meen dat Holz-Manttari van te veel jargon gebruik maak; begrippe soos 'message-transmitter compounds' maak die verduideliking van praktiese vertaalsituasies onduidelik en moeilik verstaanbaar. Nord (1991:28) meen dat die vertaalhandelingsteorie die bronteks geringskat. Volgens Nord is funksionaliteit die belangrikste kriterium waaraan 'n vertaling moet voldoen, maar dit beteken nie dat die vertaler kan maak of breek soos hy wil nie.

Binne die vertaalhandelingsteorie val die klem op die doelteks. Dit is ook die geval binne die skoposteorie (sien 3.4). Binne hierdie teorie word daar gepoog om 'n doelteks te produseer wat funksioneel in die doeltal sal wees. Volgens Munday (2001:77) beteken dit "the form and genre of the TT must be guided by what is functionally suitable in the TT culture, rather than by merely copying the ST profile". Dit is die vertaler se verantwoordelikheid, as kenner van beide die bron- en doeltaal én die bron- en doeltal, om vas te stel wat funksioneel sal wees in die doeltaal en doeltal en die vertaling dienooreenkomstig aan te pak. Een manier om dit te doen, is volgens Nord (1992:43) om 'n stel vrae wat op die New

Rhetoric-formule⁴² gebaseer is, te beantwoord. Sien 3.5 vir die beantwoording van hierdie vrae om die skopos van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* te bepaal.

3.4 Die skoposteorie

3.4.1 Vermeer se skoposteorie

Vermeer (2001:227) se funksionele skoposteorie beskryf vertaling as 'n handeling waarvolgens verbale en nie-verbale tekste (illustrasies, planne, tabelle) uit een taal (die brontaal) in 'n ander taal (die doeltaal) oorgedra word. Vermeer (2001:227) voer aan dat elke handeling 'n doel het en dat elke handeling tot 'n resultaat lei. Die doel van die handeling bepaal die uitslag daarvan. Vertaling lei tot 'n doelteks. Die doel van 'n vertaling bepaal hoe die doelteks gaan lyk. Vermeer (2001:221) stel dit soos volg:

Skopos theory focuses above all on the purpose of the translation, which determines the translation methods and strategies that are to be employed in order to produce a functionally adequate result.

In Hoofstuk 1 (sien 1.4.2.1) is Munday (2001:79) se ses reëls van Vermeer se skoposteorie aangehaal. Volgens dié reëls is die skoposreël die belangrikste reël. Dit wil sê dat die doel van 'n vertaling belangriker is as die styl en enige ander eienskappe van die bronteks. Die skopos van die doelteks bepaal hoe die doelteks gaan lyk, nie die eienskappe van die bronteks nie.

Vermeer (1987:29) meen die skoposteorie stel die vertaler in staat

[T]o produce a text in a target setting for a target purpose and target addressees in target circumstances.

Binne die raamwerk van die skoposteorie is die doeltekslesers een van die belangrikste faktore wat in ag geneem moet word wanneer die doel van 'n vertaling bepaal word. Dit is ook die geval met die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country*. Dit is belangrik om vas te stel wat die doelteksleser se verwysingsraamwerk, wêreldbeskouing en verwagtinge is alvorens daar met die vertaling begin word. Onder 3.5 is daar vasgestel wat die

⁴² Binne die New Rhetoric val die klem op die leser en sy interpretasie van die teks. Vroeër het die klem op die outeur geval (Rhetoric 2010).

verwysingsraamwerk, wêreldbeskouing en verwagtinge van die doeltekslesers van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* is.

“Skopos theory does not restrict translation strategies to just one or a few; it does not introduce any restrictions” (Vermeer 1998:45). Juis hierdie feit – dat daar binne Vermeer se skoposteorie geen beperking aan die aantal vertaalmoontlikhede is nie – is volgens Nord (1997a) problematies. Daarom voeg sy die begrip ‘lojaliteit’ tot die skoposteorie by. Hierdie begrip word onder punt 3.4.2.1 bespreek. Maar eers word daar na Nord se siening van die skoposteorie en literêre vertaling gekyk.

3.4.2 Nord se skoposteorie en literêre vertaling

Nord (1997a:80–84) meen dat die lesers van ’n teks die literariteit (letterkundigheid) daarvan bepaal. Literariteit is volgens haar nie ’n eienskap wat implisiet in sekere tekste vervat is nie. Nord (1997a:82) gee wel toe dat daar sekere merkers is wat aandui of ’n teks wel as letterkunde geklassifiseer kan word al dan nie. Dit sluit dinge soos die naam van die outeur in – wanneer die naam op die teks dié van ’n bekende fiksieskrywer is, is die kans goed dat die teks wel ’n letterkundige teks sal wees, maar dit is natuurlik nie in alle gevalle waar nie aangesien fiksieskrywers ook ander genres aanpak.

Omdat die literariteit van ’n teks deur sy lesers daaraan toegedig word, beklemtoon Nord (1997a:84) die konteks- en kultuurgebondenheid van die merkers van literariteit. Alan Paton sal byvoorbeeld aan die gemiddelde Chinees onbekend wees – *Cry, the beloved country* is wel in Chinees vertaal – terwyl hy aan die gemiddelde Suid-Afrikaner welbekend behoort te wees: selfs dié wat nie sy werk gelees het nie behoort te weet dat hy ’n bekende Suid-Afrikaanse skrywer was, of moes darem al sy naam gehoor het aangesien daar jaarliks ’n boekprys wat sy naam dra, die Alan Paton Award for Non-Fiction,⁴³ toegeken word.

⁴³ Die Alan Paton Award for Non-Fiction writing “recognizes excellence in literary achievement in South Africa and is the most prestigious award for non-fiction in South Africa” (Alan Paton award for non-fiction writing 2010). Dié prys word sedert sy ontstaan in 1989 deur die *Sunday Times* geborg en word saam met die *Sunday Times* fiksieprys toegeken. Saam staan dié twee pryse as die *Sunday Times* Literary Awards bekend. Albie Sachs se boek *The strange alchemy of life and law* (2010) is in 2010 met dié prys bekroon, Ronnie Kasrils se *The unlikely secret agent* (2011) in 2011, Hugh Lewin se struggle memoir *Stones against the mirror* (2012) in 2012, Redi Tlhabi se *Endings and beginnings* (2013) in 2013 en Max du Preez se *A rumour of spring: South Africa after 20 years of democracy* (2014) in 2014.

Omdat vertaling, en veral literêre vertaling, juis interkulturele kommunikasie is, definieer Nord (1997a:84–88) vier verhoudings wat in literêre vertaling ter sprake is. Dit sluit in die verhouding tussen:

- Die sender se bedoeling en die doelteks;
- Die sender se bedoeling en die ontvanger se verwagtinge;
- Fiksie en die werklikheid; en
- Die doelteks en die ontvanger.

Die skoposteorie (Nord 1997a) word as 'n universele teorie gesien wat op enige tekstipe toegepas kan word, maar om dit meer spesifiek op literêre vertaling van toepassing te maak stel Swart (2009:28) voor dat 'n mens die bostaande woorde 'sender', 'teks' en 'ontvanger' met 'bronteksouteur', 'doelteks' en 'doelteksleser' vervang.

Uit hierdie vier verhoudinge, wat volgens Nord (1997a) in alle gevalle van interkulturele kommunikasie geld, lei sy (1997a:84–88) die volgende aannames af ten opsigte van kwessies soos die bedoeling van die bronteksouteur, die betekenis van die bronteks, die vertaler se interpretasie van die bronteksouteur se bedoeling, en die doelteksleser se interpretasie van die doelteks (sien Swart 2009:28):

- Die doelteksleser sien die vertaler se interpretasie (van die bronteks) as die bedoeling van die bronteksouteur (Nord 1997a:85).
- Die funksie van die doelteks is gebaseer op die interpretasie (die doelteksleser se interpretasie van die doelteks) van 'n interpretasie (die vertaler se interpretasie van die bronteks) van die bronteksouteur se bedoeling en op die doelteksleser se kulturele agtergrondkennis en verwagtinge (Nord 1997a:86).
- In beide die doel- en bronteksomgewing hang die interpretasie van die tekswêreld van die doeltekslesers se wêreldkennis en kulturele agtergrondkennis af (Nord 1997a:88). Hiedie aanname is veral relevant weens Suid-Afrika se apartheidsgeskiedenis. Die Afrikaanse doeltekslesers sal die doelteks lees met die kennis van Suid-Afrika se geskiedenis tussen 1948 en vandag. Die oorspronklike brontekslesers, veral dié in die Verenigde State, het natuurlik nie hierdie kennis gehad nie. Vir hulle was die situasie in Suid-Afrika soos Paton dit in *Cry, the beloved country* beskryf, iets onbekends en daarom was die reaksie van die eerste lesers so intens (sien 3.5i).

- Die stylelemente in die doeltteks kan alleen maar dieselfde effek op die doeltaallesers hê as wat die stylelemente in die bronteks op die brontekslesers het indien dié elemente in beide kulture in dieselfde verhouding tot die literêre tradisie staan (Nord 1997a:88).

Uit Nord (1997a:84–88) se bostaande vier aannames blyk die groot invloed wat die vertaler op ’n vertaling uitoefen duidelik. Literêre vertaling is ’n uiters omvattende taak, en van die literêre vertaler word daar verwag “to transfer not only the message of the source text but also the specific way the message is expressed in the source language” (Reiss 1971:42). Wat *Cry, the beloved country* betref is die “specific way the message is expressed” nog presies dieselfde, wat wel verander het is die apartheidsideologie wat oorspronklik tot die bronteks aanleiding gegee het.

In vertaling, ook in literêre vertaling, is die ideaal dat dít ekwivalensie tussen die bron- en doeltkste tot gevolg sal hê. Reiss (1976:21) verduidelik die groot taak wat literêre vertaling is verder:

A literary translation orients itself towards the particular character of the work of art, taking as its guiding principle the author’s creative will. Lexis, syntax, style and structure are manipulated in such a way that they bring about in the target language an aesthetic effect which is analogous to the expressive individual character of the source text.

Om bogenoemde ekwivalensie te bewerkstellig, stel Nord (1997a 89–90) vier vereistes voor waaraan ’n vertaling moet voldoen:

- Die vertaler se interpretasie (van die bronteks) moet identies aan die bronteksouteur se bedoeling(s) wees (Nord 1997a:89).
- Die vertaler moet die bronteksouteur se bedoeling(s) so verwoord dat die doeltteks dieselfde funksie in die doelkultuur kan vervul as wat die bronteks in die bronkultuur vervul het (Nord 1997a:90).
- Die doelttekslesers moet die tekswêreld van die vertaling op dieselfde manier(e) verstaan as wat die brontekslesers die tekswêreld van die bronteks verstaan het (Nord 1997a:90).
- Die effek wat ’n vertaling op die doelttekslesers het, moet dieselfde wees as die effek wat die bronteks op die brontekslesers gehad het (Nord 1997a:90).

Hierdie vereistes om funksionele ekwivalensie te bereik is egter onmoontlik, soos Nord (1997a:91) self te kenne gee: “If we now compare the equivalence requirements with our suppositions, [...] we see that the equivalence requirements are rather like a request to square the circle. We should no longer be surprised that translated literature frequently results in disappointment!” (Nord 1997a:91). Daarom stel sy die volgende vier riglyne vir ’n doelgerigte benadering – deur die skoposteorie – tot literêre vertaling:

- Die vertaler interpreteer die bronteks nie net volgens die bronteksouteur se bedoeling(s) nie, maar ook volgens die versoenbaarheid van hierdie bedoeling(s) met die doeltেকssituasie (Nord 1997a:92).
- Die doeltেকs moet só saamgestel word dat hy funksies in die doeltেকskultuur vervul wat met die bronteksouteur se bedoeling(s) ooreenstem (Nord 1997a:92).
- Die tekswêreld van die vertaling moet na aanleiding van die doeltেকsfunksie(s) gekies word (Nord 1997a:92).
- Kode-elemente in die doeltেকs moet só gekies word dat die doeltেকseffek met die bedoelde doeltেকsfunksie(s) ooreenstem (Nord 1997a:93). In die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* is raspejoratiewe ’n goeie voorbeeld hiervan.

’n Ander manier om hierdie riglyne meer effektief toe te pas, is deur seker te maak dat die skopos van die doeltেকs goed geformuleer is. Dit kan aan die hand van die beantwoording van ’n aantal vrae wat op die New Rhetoric-formule gebaseer is, gedoen word. Die skopos van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* word hiervolgens onder punt 3.5 bepaal. Eers ná ’n mens, deur bogenoemde vrae te beantwoord, vasgestel het waarom die bronteksouteur die teks geskryf het, watter funksie(s) die bronteks in die brontekskultuur vervul het, wat die bronteksouteur se bedoeling(s) in die bronteks was, ensovoorts, dan eers kan die skopos van die doeltেকs, met Nord (1997a:91) se riglyne in gedagte, bepaal word.

3.4.2.1 *Lojaliteit teenoor die bronteks*

Net soos die ekwivalensieteorieë, maak die skoposteorie daarop aanspraak om ’n algemene of universele vertaalteorie te wees. Hoewel Vermeer se skoposteorie ’n verhouding van ‘intertekstuele koherensie’ of getrouheid tussen die doeltaal en die brontaal voorstaan, is getrouheid aan die bronteks ondergeskik aan die skopos van die doeltেকs. As die skopos ’n verandering in teksfunksie vereis, verander die prioriteit van intertekstuele koherensie tussen die bronteks en doeltেকs na adekwaatheid na aanleiding van die skopos (Nord 1997a:47).

Volgens Nord (1997b:124) kan die hoofgedagte van die skoposteorie opgesom word as ‘die vertaaldoeel regverdig die vertaalmiddele’. Dit is heeltemal aanvaarbaar wanneer die vertaaldoeel met die bedoelinge van die oorspronklike outeur ooreenstem. Maar in gevalle waar die vertaaldoeel nie met die outeur se idees of bedoelings ooreenstem nie, kan die skoposreël maklik as ‘die doel regverdig die middele’ geïnterpreteer word, en daar is geen beperking op die moontlike doeltaalfunksies nie.

Nord (1997a:47) voer aan dat bogenoemde in ’n algemene teorie aanvaarbaar kan wees omdat algemene teorieë nie in elke geval toepasbaar móét wees nie. Maar ’n vertaling vind nie in ’n vakuum plaas nie: vertalers vertaal vanuit ’n spesifieke kultuurgemeenskap en ’n spesifieke tyd in die geskiedenis, daarom moet hierdie faktore deur ’n algemene of universele vertaalteorie in ag geneem word (sien ook Van Leuven-Zwart 1992:119). Dit is om hierdie rede dat Nord (1997b:123) die begrip ‘lojaliteit’ by die skoposteorie voeg.

Soos in Hoofstuk 1 aangehaal, verklaar Nord (1997b:126) die begrip ‘lojaliteit’ soos volg:

Loyalty refers to the interpersonal relationship between the translator, the source text sender [die brontekstouteur], the target text addressees [die doeltekstlesers] and the initiator [dit kan ’n persoon of instansie wees, byvoorbeeld ’n uitgewer; in hierdie verhandeling is die inisieerder en die vertaler dieselfde persoon]. Loyalty limits the range of justifiable target text functions for one particular source text and raises the need for a negotiation of the translation assignment between translators and their clients [die persoon of instansie wat die vertaling geïnisieer het].

Wanneer lesers ’n vertaling lees (en soms is ’n leser nie daarvan bewus dat hy besig is om ’n vertaling te lees nie), aanvaar hy dat dit wat hy lees die boodskap is wat die outeur wou hê die leser moet ontvang. Gewoonlik is dit wat vertaal word die vertaler se interpretasie van die outeur se boodskap, en nie die ‘eintlike’ boodskap van die outeur nie. Die begrip ‘lojaliteit’ bring mee dat ’n vertaler se interpretasie van die outeur se boodskap, en dus die vertaling daarvan, so getrou as moontlik aan die outeur se boodskap sal wees. Hoe nader die tekswêreld aan die doelkultuur is, hoe makliker is die taak van die vertaler.

3.5 Die skopos van *Cry, the beloved country*

Nog voor 'n mens die skopos van die doeltteks kan bepaal (en hier gaan dit oor die vertaler se interpretasie van wat die skopos van die bronteks is, (sien ook Swart (2009:28)), is dit nodig om eers die bronteks te analiseer om sodoende vas te stel wat die funksie van die bronteks is. In die voorwoord van die 1987 uitgawe van *Cry, the beloved country* verduidelik Paton self watter tipe boek dit is:

So many things have been written about this book that I would not add to them if I did not believe that I know best what kind of book it is. It is a song of love for one's far distant country, it is informed with longing for that land where they shall not hurt or destroy in all that holy mountain, for that unattainable and ineffable land where there shall be no more death, neither sorrow, nor crying, for the land that cannot be again, of hills and grass and bracken, the land where you were born. It is a story of the beauty and terror of human life, and it cannot be written again because it cannot be felt again. Just how good it is, I do not know and I do not care. All I know is that it changed our lives. It opened the doors of the world to us, and we went through (Paton 1987).

In 1948 skryf Paton die volgende in 'n titellose gedig:

Must you always write of black men and Indians,
Of half-casts and Jews, Englishmen and Afrikaners,
Of problems insoluble and secret fears
That are best forgotten?
You read the paper, you post your letters,
You buy at the store like any normal being.
Why then must you write such things?

Madam, really, since you ask the question,
Really, Madam, I do not like to mention it
But there is a voice that I cannot silence.
It seems that I have lived for this, to obey it
To pour the life-long accumulation
Of a thousand sorrowful songs.
I did not ask for this destination
I did not ask to write these same particular songs.
(Paton 1995:73).

Hieruit blyk dit dat Paton hom geroepe gevoel het om *Cry, the beloved country* te skryf: “there is a voice that I cannot silence./ It seems that I have lived for this, to obey it/ To pour the life-long accumulation/ Of a thousand sorrowful songs” (Paton 1995:73).

Die resensente het dadelik Paton se passie vir die mensdom raakgesien en in hulle resensies daaroor geskryf:

[a] novel of absorbing interest told by a passionate humanitarian with a complete command of his subject [...] a book to read and remember. Paton’s prose is almost Biblical in its simplicity; his passion for humankind is Biblical too (Alexander 1995:220).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Paton se intensie met *Cry, the beloved country* by die oogmerk van die liberale tradisie, soos vroeër aangehaal, aansluit.

Nord (1992:42) beskou die funksie van die bronteks as die belangrikste kriterium waaraan die semantiese en sintaktiese eienskappe van daardie teks ondergeskik is. In vertaling is dit dus belangrik dat die doelteks dieselfde funksie as die bronteks het, terwyl die semantiese en sintaktiese eienskappe van die bron- en doelteks maar kan verskil. Nord (1992:43) dui ook aan dat die analise van die bronteks op ’n pragmatiese model wat beide die intratekstuele en ekstratekstuele faktore van kommunikasie in ag neem, gebaseer moet wees. Nord (1992:43) dui aan dat die wisselwerking tussen ekstra- en intratekstuele faktore deur die volgende vrae, wat op die New Rhetoric-formule gebaseer is, duidelik gemaak word. Die skopos en kommunikatiewe funksie van die bronteks én die doelteks kan bepaal word deur hierdie vrae te beantwoord:

Who transmits to whom, what for, by which medium, where, when, why a text with what function? On what subject matter does he say what (what not), in what order, using which non-verbal elements, in which words, in what kind of sentences, in which tone, to what effect? (Nord 1992:43).

Eers ná die analise van die bronteks is dit moontlik om die skopos van die doelteks te bepaal – indien die vertaling in opdrag van ’n ander persoon of instansie (die inisieerder van die vertaling) gedoen word, is dit nodig om vas te stel of die vertaalopdrag met die funksie(s) van die bronteks ooreenstem, indien die inisieerder se opdrag nie met die funksie(s) van die teks ooreenstem nie, kan daar gewoon nie met die vertaling voortgegaan word nie. Soms is die

inisieerder en die vertaler dieselfde persoon, soos in die geval van hierdie studie.

Bogenoemde beginsel geld egter steeds.

Deur sommige van Nord (1992:43) se bogenoemde vrae te beantwoord, is dit moontlik om die skopos van Paton se roman *Cry, the beloved country* – die bronteks in hierdie studie – te bepaal, of soos Nord (1997a:92) dit stel, “die vertaler se interpretasie” van die skopos van die bronteks (Sien ook Swart 2009:28). Daarna kan die vertaler se interpretasie van die skopos van die doelteks bepaal word deur dieselfde vrae te beantwoord met die doeltekslesers en doeltekskultuur in gedagte.

a. Wie is die bronteksouteur?

Die bronteks, *Cry, the beloved country*, is deur die internasionaal bekende en bekroonde Suid-Afrikaanse outeur Alan Paton geskryf. Paton is die bekendste Suid-Afrikaanse Engelse skrywer binne die liberale tradisie. Hy het sy lewe – deur sy skryfwerk en deur sy betrokkenheid by die politiek (hy was een van die stigters en leier van die Liberale Party in Suid-Afrika) – daaraan gewy om ander van die omstandighede waaronder swart mense tydens apartheid gelewe het, bewus te maak. In ’n toespraak tydens die première van die film, *Cry, the beloved country*, in 1995, beaam Nelson Mandela (1995) die bogenoemde:

Cry, the Beloved Country, [...] is [...] a monument to the future. One of South Africa’s leading humanists, Alan Paton, vividly captured his eloquent faith in the essential goodness of people in his epic work. A goodness that helped manage this small miracle of our transition, and arrested attempts by the disciples of apartheid to turn our country into a wasteland. An attribute that is at the foundation of our people’s nation-building effort. Paton was right, in his time and circumstances, to despair at seeing no peaceful way beyond the oppressor’s denial of the humanity of the majority.

Gedurende sy lang lewe van 85 jaar (1903–1988) was Paton:

[A] strict schoolmaster, the enlightened principal of a reformatory for Africans, a prison-reformer and theorist of penology, the founder and leader of a political party, an orchestrator of the long struggle against apartheid, a renowned biographer and poet – and, of course, a famous and best-selling novelist (Alexander 2009:voorste flapteks).

Paton se lewe en werk is breedvoerig in Hoofstuk 2 bespreek. Sien ook Alexander (1995), Alexander (2009) en Paton (1980).

b. Tot wie is die bronteks gerig?

Cry, the beloved country is, myns insiens, aanvanklik aan Engelssprekende (en Engelsmagtige) Suid-Afrikaners gerig. Toe Paton die boek begin skryf het, het hy nie geweet dit sou in die VSA verskyn voor dit in Suid-Afrika sou nie.

Paton het die eerste weergawe van *Cry, the beloved country* aan die einde van Desember 1946 in San Francisco in die VSA voltooi toe hy 'n gas aan huis van Aubry en Marigold Burns was. Hulle was die eerste lesers van die teks en het hom gehelp om die manuskrip te laat tik en hom oortuig om dit aan verskeie uitgewers in New York voor te lê. Met sy terugkeer na Suid-Afrika in Januarie 1947 het daar reeds 'n aanvaardingsbrief van die uitgewer Scribner in New York op Paton gewag.

Die feit dat die teks deur 'n internasionale uitgewer aanvaar is nog voor die teks in Suid-Afrika uitgegee is, het die teikenlesers van Engelssprekende (en Engelsmagtige) Suid-Afrikaners na die ganse Engelssprekende wêreld verander.

c. Wat is die bronteksouteur se intensie met die bronteks?

Paton se intensie met *Cry, the beloved country* word soos volg deur die doelstelling van die liberale tradisie verwoord:

[T]o attempt to change the hearts of policymakers by bringing to their attention consequences of their actions (Peck 1997:93).

d. Waar en wanneer het die bronteks ontstaan?

In die tweede helfte van 1946 het Paton na Engeland, Noorweë, Swede, Amerika en Kanada gereis om die toestande in dié lande se jeugtronke te ondersoek. Paton het *Cry, the beloved country*, sy eerste gepubliseerde roman en ook sy suksesvolste en bekendste werk, op 5 Oktober 1946 in Trondheim, Noorweë, begin skryf. Hierdie nuus deel hy sy vrou, Dorrie, in 'n brief mee:

I got to Trondheim at 2.0 pm & stayed at a cheap hotel. An engineer named Jensen asked if I would like to see the cathedral. He was an enthusiast & knew every stone in it. There is a great rose window that defies description, & it is interesting in this Protestant church to find chapels to the Blessed Virgin. It was raining heavily & I returned to my room & began my novel about South Africa (Alexander 2009:128).

Paton het die eerste weergawe van *Cry, the beloved country* in Desember van dieselfde jaar (1946) in San Francisco in die VSA voltooi. Die boek het vir die eerste keer op 1 Februarie 1948 in die VSA, in 'n uitgawe deur Scribner, op die rakke verskyn.

e. Waarom is die bronteks geskryf?

Toe Paton in Julie 1946 in Engeland aangekom het, het hy 'n konferensie oor anti-semitisme bygewoon. Dié konferensie is deur die Society for Christians and Jews georganiseer, en het pas 'n jaar ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind. Die konferensie het hom dadelik aan die politieke situasie in Suid-Afrika laat dink:

The terrible horror of Nazism is brought home, & it is just as terrible to hear that anti-semitism is not dead in Europe, but that it is being increased by the tens of thousands of homeless Jews drifting across Europe. It seems as if man cannot learn, & it makes one all the more conscious of one's own responsibilities in these matters. [...] I hope when he [David Paton, Paton se oudste seun] grows up he will fight all injustice & hatred (Alexander 2009:111-112).

Na hierdie konferensie het Paton, hoe langer hy van die huis af weg was, hoe meer aan Suid-Afrika begin dink. Natuurlik ook verlang. Van Engeland af is hy na Swede toe. Daar het die Sweedse taal hom baie aan 'n ander Germaanse taal, Afrikaans, herinner; 'n taal waarvoor hy self baie lief geword het (Alexander 1995:192). Hieroor skryf hy aan sy vrou:

I am sure I could learn this language in a month or two. Its roots are very similar to Afrikaans, & there is hardly a shop name that I cannot make out after some puzzling. A Konst shop is an art shop, Afr. 'Kuns'. 'Kladderi' is outfitter – Afr. 'Kledere' (Alexander 2009:121).

Die Sweedse platteland het Paton ook baie na Suid-Afrika laat verlang (Alexander 1995:121).

Dit was egter eers 'n maand later, nadat hy in Oktober 1946 in Noorweë aangekom het, dat Paton aan *Cry, the beloved country* begin skryf het.

Dit is duidelik dat Paton se heimwee tot die skryf van 'n boek oor Suid-Afrika bygedra het. Die toestand van Europa na die oorlog, veral in Engeland, waar hy met sy toer begin het, het Paton erg geskok en daarom het hy gevoel dat hy iets moet doen om soortgelyke verwoesting in Suid-Afrika te voorkom (Alexander 1995:111–112). Paton het die boek dus begin skryf omdat hy ontevrede was oor die manier waarop swart mense in Suid-Afrika behandel is. Soos vroeër genoem is die teks in 1946 geskryf, dit wil sê twee jaar vóór die Nasionaliste aan bewind gekom en die situasie van die swart mense in Suid-Afrika toenemend vererger het weens die beperkende wette wat hulle (die Nasionale Party) uitgevaardig het. Hierdie roman toon dus aan dat die sosio-ekonomiese omstandighede van wit en swart reeds voor die amptelike begin van apartheid hemelsbreed verskil het; deur sy boek wou Paton dít graag aan Suid-Afrikaners én aan die wêreld wys. Met dié boek wou hy ook waarsku teen die gevare wat 'n bestel soos apartheid vir al die betrokkenes – alle Suid-Afrikaners – sou inhou. In die woorde van Chiwengo (2007:1).

Alan Paton [...] is among the first South African writers to have exposed the racial tensions, the ethnic conflicts, and the social and economic exploitation of blacks within South Africa to the international community. Although he did not call for the dismantling of segregation and the total integration of non-Western racial groups, he did, however, support a society free from racial prejudice. While the sordid oppression of Africans is not directly developed in the novel, their fate and social conditions are presented with much empathy. Reading *Cry, the Beloved Country*, writes Alan Paton's biographer, Peter F. Alexander, is "like listening to a story of deep sorrow and love told by the Recording Angel".

Cry, the beloved country het internasionale sukses behaal en wêreldwyd opslae gemaak.

This politicized novel – published in more than 20 languages and read in Asia, Europe, North America, Latin America, and Africa – won for Paton the great admiration of the international community and threatened the position of South African conservatives (Chiwengo2007:1).

Volgens Colin Gardner (1997) het Paton hom geroepe gevoel om die boodskap soos dit in *Cry, the beloved country* voorkom aan mense te bring:

[H]e seems to have been genuinely committed to, or indeed possessed by, the role of a prophet – a person who feels himself called, called upon to proclaim, almost in spite of himself, certain deep truths to other people (Gardner 1997:27).

Gardner (1997:27) meen dat dit iets is wat Paton gevoel het hy móés doen. Amper asof hy nie 'n keuse gehad het nie. Paton skryf soos volg hieroor in 'n gedig in 1948:

Simple I was, I wished to write but words,
And melodies that had no meanings but their music
And songs that had no meaning but their song.
But the deep notes and the undertones
Kept sounding themselves, kept insistently
Intruding themselves, like a prisoned tide
That under the shining and the sunlit sea
In caverns and corridors goes underground thundering.

Madam, I have no wish to be cut off from you
I have no wish to hurt you with my meanings
Of the land where you were born
It was with unbelieving ears that I heard
My artless songs become the groans and cries of men.
And you, why you may pity me also,
For what do I do when such a voice is speaking,
What can I speak but what it wishes spoken?
(Paton 1995:73).

Ongelukkig het die Suid-Afrikaanse bewindhebbers hulle geensins aan die implisiete waarskuwings in hierdie roman gesteur nie.

f. Wat is die bedoelde funksie van die bronteks?

Die funksie van die bronteks was hoofsaaklik om brontekslesers teen die gevare van 'n apartheidsbestel te waarsku. Paton wou ook die harte van dié wat toe aan bewind was verander (sien Peck 1997:93). Verder wou hy die brontekslesers bewus maak van die sosio-ekonomiese omstandighede van swart mense in Suid-Afrika.

g. Waaroor handel die bronteks?

Die boek handel oor 'n swart plattelandse pa, eerwaarde Steven Kumalo, wat van 'n plattelandse gebied (Ixopo) in KwaZulu-Natal byna 600 km ver per trein na Johannesburg toe reis om na sy verlore seun, Absalom, te soek. Hy vind wel sy seun, maar dit is te laat: sy seun is gearresteer vir die moord op 'n wit man, Arthur Jarvis, 'n aktivis vir die regte van swart

mense en seun van 'n boer, James Jarvis, wat aan Kumalo bekend is. Absalom Kumalo word skuldig bevind aan die moord op Arthur Jarvis en hy word die doodstraf opgelê en gehang. James Jarvis leer meer oor die werk wat sy seun Arthur gedoen het, en hy en Stephen Kumalo raak versoen.

Die plot van *Cry, the beloved country* is in Hoofstuk 2 onder 2.3.3.1 bespreek.

h. Watter tipe woorde en sinne word in die bronteks gebruik?

Die kenmerkende styl waarin Paton *Cry, the beloved country* geskryf het, is deeglik in Hoofstuk 2 onder punt 2.3.2.3 bespreek.

Opsommenderwys kan daar tussen twee tipes taalgebruik onderskei word: die taalgebruik van die swart karakters, en die taalgebruik van die wit karakters en die verteller. Die taalgebruik van die swart karakters, soos Stephen Kumalo en Msimangu, herinner sterk aan Zulu, maar daar moet beklemtoon word dat die dialoog tussen die swart karakters nie direkte vertalings van Zulu is nie (sien 2.3.2.3), behalwe vir enkele uitsonderings soos “Go well” (*hamba kahle* in Zulu) en “Stay well” (*sala kahle* in Zulu). Die dialoog tussen die swart karakters is eenvoudig – die woordgebruik is eenvoudig en die sinne is kort – en daar word baie van herhaling gebruik gemaak. Daar kom ook 'n groot hoeveelheid kommas in voor (Sallberg-Kam 1985:33). Lidwoorde word soms ingevoeg op plekke waar hulle nie in Engels behoort te staan nie, en op ander plekke word hulle weer weggelaat wanneer daar wel 'n lidwoord moet wees. In die onderstaande voorbeeld uit *Cry, the beloved country* (Paton 2002) kan die kort sinne en herhaling van woorde duidelik gesien word:

Bronteks	Doeltekst
<p>Have no doubt it is fear in her eyes. Have no doubt it is fear now in his eyes also. It is fear, here in this house.</p> <p>- I saw nothing wrong, she said.</p> <p>- But you guessed there was something wrong.</p> <p>- There was nothing wrong, she said.</p> <p>- Then why are you afraid?</p> <p>- I am not afraid, she said.</p>	<p>Daar is vrees in haar oë. Ook in Kumalo se oë is daar nou vrees. Daar is vrees, hier in hierdie huis.</p> <p>- Ek het niks vreemds gesien nie, sê sy.</p> <p>- Maar u het vermoed dat daar iets verkeerd was?</p> <p>- Daar was niks verkeerd nie, sê sy.</p> <p>- Waarom is u dan bang?</p> <p>- Ek is nie bang nie, sê sy.</p> <p>- Waarom bewe u dan? vra Msimangu.</p> <p>- Ek kry koud, sê sy.</p>

<p>- Then why do you tremble? asked Msimangu.</p> <p>- I am cold, she said.</p> <p>She looked at them sullenly, watchfully.</p> <p>- We thank you, said Msimangu. Stay well</p> <p>- Go well, she said.</p> <p>(Paton 2002:43–44).</p>	<p>Sy kyk stuurs na hulle. Sy is op haar hoede.</p> <p>- Ons sê dankie, sê Msimangu. Mooi bly.</p> <p>- Mooi loop, sê sy.</p> <p>(h8, r.125–136).</p>
--	---

Die taalgebruik van die wit karakters, soos Arthur Jarvis (in sy skryfwerk), James Jarvis, Vader Vincent en die verteller, herinner weer sterk aan die taalgebruik van die King James-vertaling (1611) van die Engelse Bybel. Daar word van ‘moeiliker’ woorde gebruik gemaak, en die sinne is langer en meer lirieks. Die openingsparagraaf (Paton 2002:7; vertellerstek) is ’n goeie voorbeeld hiervan:

Bronteks	Doeltek
<p>There is a lovely road that runs from Ixopo into the hills. These hills are grass-covered and rolling, and they are lovely beyond any singing of it. The road climbs seven miles into them, to Carisbrooke; and from there, if there is no mist, you look down on one of the fairest valleys of Africa. About you there is grass and bracken and you may hear the forlorn crying of the titihoya, one of the birds of the veld. Below you is the valley of the Umzimkulu, on its journey from the Drakensberg to the sea; and beyond and behind the river, great hill after great hill; and beyond and behind them, the mountains of Ingeli and East Griqualand.</p>	<p>Daar is ’n besonder mooi pad wat van Ixopo na die heuwels loop. Hierdie heuwels is met gras bedek en golwend, en hulle is onbeskryflik mooi. Die pad klim vir sewe myl deur die heuwels na Carisbrooke; en wanneer daar geen mis is nie, kyk jy daarvandaan uit oor een van die asemrowendste valleie in Afrika. Jy is met gras en varings omring en soms hoor jy die verlate roep van die titihoya, een van die voëls van die veld. Onder jou lê die Umzimkulu-vallei, onderweg van die Drakensberge na die see; en verder, anderkant die rivier, vind jy heuwel op lieflike heuwel; en nog verder lê die berge van Ingeli en Griekwaland-Oos.</p> <p>(h1, r.1–7).</p>

i. Watter uitwerking het die bronteks op die brontekslesers gehad?

Die uitwerking wat die bronteks op die brontekslesers gehad het, is dieselfde as die uitwerking wat die boek op die eerste twee lesers daarvan, Aubrey en Marigold Burns – die mense by wie Paton tydens sy besoek aan Amerika in 1946 tuisgegaan het – gehad het.

Kort nadat Paton die roman op 29 Desember 1946 voltooi het, het hy die eerste helfte van die enigste manuskrip aan Aubrey en Marigold Burns gegee om te lees. Op 6 Januarie 1947 skryf Paton aan sy vrou dat Aubrey en Marigold “read it with great interest” (Alexander 2009:149).

They read it with more than mere interest: they were profoundly moved by it. ‘I found it difficult to read,’ Burns was to say, ‘chiefly because it is difficult to read small script through water – tears rose up as from a mountain spring, from one phrase to another, and from one emotion to another.’ The Burnses knew they were dealing with a work of genius. ‘This book will go on living long after you are dead’, said Aubrey (Alexander 1995:208).

In sy outobiografie *Towards the mountain* (1980) vertel Paton (1980:292) verder:

I shall not repeat all that the Burnses said. Aubrey blew his nose a great deal, and Marigold had recourse to her handkerchief. It was clear that they had been through an emotional experience which if not as deep as mine was akin to it. No writer in the world could have asked for more from his first two readers.

Dit is die uitwerking wat *Cry, the beloved country* op die meeste van die internasionale lesers gehad het. In Suid-Afrika, as gevolg van die politieke klimaat, het die boek baie minder aftrek gekry en is dit as “a novel of ideas rather than a work of ‘pure art’” beskryf (Alexander 1995:227). Na die internasionale sukses van Paton se roman het die Nasionale Party hom fyn dopgehou. Die veiligheidspolisie het al sy toesprake wat hy in die buiteland gelewer het, gemonitor, hom gedurig agtervolg en hom by verskeie geleenthede gedreig om versigtig te wees oor wat hy in die buiteland oor Suid-Afrika sê (Alexander 1995:283). Sy paspoort is uiteindelik op 5 Desember 1960 na ’n besoek aan die VSA en Europa gekonfiskeer (Alexander 2009:xxiv).

3.6 Die skopos van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country*

Die skopos van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* kan bepaal word deur dieselfde vrae wat onder 3.5 beantwoord is, te beantwoord, hierdie keer met die doeltekslesers en -kultuur in gedagte. Net soos onder 3.5 gaan dit hier oor die vertaler se interpretasie van die skopos van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country*. Die

skopos van beide die bron- en die doelteks is dus baie subjektief. Sou 'n ander vertaler die bronteks in Afrikaans vertaal sou die skopos van beide die bron- en die doelteks verskil van die skopos soos uiteengesit onder 3.5 en 3.6. Nord (1997a en 1997b) se aanpassings aan die skoposteorie en haar vier *Skoposaanbevelings* (Nord 1997a:92–93), (sien 3.4.2 en 3.4.2.1), moet ook in ag geneem word.

a. Wie is die doelteksouteur?

Alan Paton bly die outeur van die teks, al vertaal hy dit nie self nie. Dit is ook die geval in al die ander tale waarin *Cry, the beloved country* vertaal is, net soos dit die geval is wanneer enige literêre werk in 'n ander taal vertaal word.

b. Aan wie is die doelteks gerig?

Die doelteks is aan alle Afrikaanstalige mense gerig. Myns insiens is dit 'n teks wat, as gevolg van die eenvoudige styl, baie (maklik) leesbaar is, daarom dink ek dat die doelteks vir kinders van die ouderdom van 13 jaar af geskik sal wees. Ek dink egter dat die meeste lesers van 'n doelteks soos die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* heelwat ouer sal wees; waarskynlik mense wat met die bronteks bekend is.

c. Wat is die bronteksouteur se intensie met die bronteks? Wat is die vertaler se intensie met die doelteks?

Paton se oogmerk met *Cry, the beloved country* was “to attempt to change the hearts of policymakers by bringing to their attention consequences of their actions” (Peck 1997:93). Paton sê dit ook in 'n brief aan sy vrou wat hy in 1946 tydens 'n besoek aan Europa skryf:

It seems as if man cannot learn, & it makes one all the more conscious of one's own responsibilities in these matters [...] I hope when he [David Paton, Paton se oudste seun] grows up he will fight all injustice & hatred (Alexander 2009:111–112).

Paton het gevoel hy het 'n verantwoordelikheid om die sosiale, ekonomiese en politieke onreg wat besig was om in Suid-Afrika plaas te vind, met die wêreld te deel.

Ná die skryf van *Cry, the beloved country* het Paton dwarsdeur sy lewe probeer om teen “injustice & hatred” te veg. Hy het dit gedoen deur nog twee romans in die liberale tradisie te skryf en deur by die Suid-Afrikaanse politiek betrokke te raak. Deur sy literêre skryfwerk het Paton beslis lig gewerp op die saak van rassediskriminasie in Suid-Afrika.

Net so het Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) baie Afrikaanssprekendes se oë oopgemaak vir die skrikwekkende gevolge van die apartheidsbeleid op gewone mense se lewens, soos Schumann (1978:18) se brief aan ’n Afrikaanse dagblad aandui:

Ek het [...] *Poppie Nongena* pas gelees. Twee nagte het ek begeester weggevoer, geloop saam met dié vrou, en met Elsa Joubert [...] Dit is die verbete aanhou, die ongelooflike taaiheid en die volharding van die vrou, elke vrou, om dit waaraan sy glo, wat sy liefhet, wat betekenis gee aan haar lewe, te behou, te beskerm, te laat voortbestaan: persoonlike verhoudings, orde en ordentlikheid, liefde [...] vir Poppie dieselfde as vir elkeen van ons. Net vir haar oneindig moeiliker, onder omstandighede wat die safte vrou nie sou kon te bowe kom nie – meestal nie. Miskien juis hieroor, dat sy nie dink “the world owes the living” nie, wat sy dalk ondanks alles kan sê: “U wil geskied.” Poppie [...] is méns.

Na aanleiding van (onder andere) Schumann (1978) se brief (hierbo aangehaal) som Botes (2009:114) die impak van *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) op Afrikaanse lesers soos volg op:

For the first time, black women are not regarded primarily on the basis of race, but on the basis of sex, so that it becomes possible for white women to identify with women like Poppie.

Al tref Schumann (1978) steeds onderskeid tussen ‘ons’ en ‘hulle’, word die ‘hulle’ in *Poppie Nongena*, ten minste vir haar, méns.

Wat die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* betref, hoef die doeltteks nie dieselfde funksie in die doelkultuur te vervul as wat die bronteks in die bronkultuur moes nie aangesien die Nasionale Party regering se apartheidsbeleid al in April 1994 amptelik tot ’n einde gekom het na Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing (sien ook punt f).

Die doel met hierdie vertaling is om ’n internasionaal beroemde roman wat in Suid-Afrika Afspeel in Afrikaans beskikbaar te stel. Vandag is kennis van die apartheidbeleid en die

uitwerking wat dié stelsel op die lewens van doodgewone Suid-Afrikaners gehad het baie anders as wat dit in 1948 was; lesers weet meer en hul politieke en ideologiese ingesteldheid het verander. Dié teks kan vandag vir sy eenvoud, en ritme waardeur word; nie slegs vir sy politieke boodskap nie.

d. en e. Wanneer en waarom ontstaan die doeltteks?

'n Kwart van die bronteks (hoofstuk 1 tot 11, ongeveer 60 bladsye), word in Afrikaans vertaal as deel van hierdie magisterstudie en -verhandeling (sien Hoofstuk 4). Die rede waarom *Cry, the beloved country* as bronteks gekies is, is omdat dit 'n teks is wat my naby aan die hart lê, 'n teks wat ek as leser besonders gevind het, nie net as gevolg van Paton se eenvoudige maar liriese, amper poëtiese, taalgebruik nie, maar ook as gevolg van die verhaal self: die wyse waarop Stephen Kumalo sonder ophou na sy seun aanhou soek en dit wat vir hom belangrik is probeer beskerm, asook sy nederigheid is vir my aangrypend en daarom is dit 'n teks wat ek deur my vertaling met ander wil deel.

Die vertaling van die bronteks geskied meer as 60 jaar nadat die roman vir die eerste keer in 1948 verskyn het. Hierdie tydsgaping veroorsaak noodwendig sekere vertaalprobleme, wat in 3.7 nader toegelig word. Die hele era van apartheid (26 Mei 1948 – 27 April 1994) lê byvoorbeeld as 'n vergange politieke stelsel tussen die publikasie van die bronteks en die vertaling van die doeltteks.

f. Wat is die bedoelde funksie van die doeltteks?

Die bedoelde funksie van die doeltteks is nie dieselfde as wat die bedoelde funksie van die bronteks in 1948 was nie. Vandag het Suid-Afrikaners meer kennis oor wat in die verlede tydens die apartheidjare in Suid-Afrika plaasgevind het en wat die uitwerking van dié stelsel op mense se lewens was. Die meeste Suid-Afrikaners se politieke en ideologiese ingesteldheid het ook heeltemal verander sedert die apartheidjare. Die doel van die doeltteks is nie om aan die doelttekslesers te vertel wat presies onder apartheid gebeur het nie. Die doel van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* is bloot om 'n verhaal van 'n swart man, 'n individu, uit die laat 1940's aan vandag se lesers te vertel. Wanneer 'n mens vandag aan apartheid dink, dink 'n mens gewoonlik dat apartheid 'n beleid was wat wit van swart geskei het, dat dit iets is wat tussen 'n groep wit mense en 'n groep swart mense (hierdie

groep sluit natuurlik bruin, Indiër en Chinese mense ook in) gebeur het. Daar word maklik vergeet dat dit nie net om groepe gegaan het nie, maar dat gewone mense onder apartheid gelewe het. Die Afrikaanse vertaling moet die doeltekslesers weer van hierdie feit bewus maak.

Verder is die doel om 'n wêreldberoemde en internasionaal bekroonde roman (wat ook 'n belangrike sosio-politieke en sosio-historiese dokument is), wat in Suid-Afrika reeds in Zulu en Tsonga beskikbaar is, ook in Afrikaans beskikbaar te stel.

g. Waaroor handel die doelteks?

Die doelteks handel oor presies dieselfde gebeure as die bronteks. Die vertaler verander glad nie aan die inhoud of gebeure in die bronteks nie (sien *g.* onder 3.5).

h. Watter tipe woorde en sinne word in die doelteks gebruik?

Wat die styl van die doelteks betref wil ek die onderskeid tussen die taalgebruik van die swart karakters en die taalgebruik van die wit karakters en die verteller (sien *h.* onder 3.5) handhaaf.

i. Watter uitwerking behoort die doelteks op die doeltekslesers te hê?

In teenstelling tot die uitwerking van die bronteks op die brontekslesers, sal die doelteks waarskynlik nie hewige emosionele reaksie by die doeltekslesers veroorsaak nie, of ten minste nie so 'n hewige emosionele reaksie soos wat die geval van die bronteks by die eerste lesers was nie (sien *i.* onder '3.5 Die skopos van *Cry, the beloved country*'). Die doeltekslesers weet immers (vandag, twee dekades na apartheid tot 'n einde gekom het) wat tydens apartheid gebeur het. Die doelteks behoort doeltekslesers daaraan te herinner dat apartheid gewone mense se lewens beïnvloed het; dat dit nie net iets was wat met groepe mense gebeur het nie, maar wel met individue.

Die lees van die doelteks behoort ook aan die doelteksleser te toon hoe Suid-Afrika sedert die publikasie van *Cry, the beloved country* in 1948 verander het, en ook sedert 1994 verander het. Die lees van die doelteks behoort sekere vrae by die doeltekslesers tot gevolg te hê: vrae

soos “Wat het sedert 1948 in Suid-Afrika gebeur en wat het verander?”, “Is dit vandag beter of slegter as destyds?”, “Vir wie is dit beter?”, “Vir wie is dit slegter?”, “Hoe lyk die toekoms van Suid-Afrika?”

Ten spyte van die feit dat die vertaler hierdie aspek van die teks nie kan manipuleer nie, met ander woorde, nie so kan vertaal dat die doelteksleser bogenoemde vrae móét stel nie, dui die feit dat intelligente lesers wel bogenoemde vrae sal vra op die kragtigheid van die roman en bied dit nog ’n rede waarom dié teks vandag in Afrikaans vertaal behoort te word.

3.6.1 Formulering van die doelteksskopos

Vergelyk ’n mens die antwoorde op die vrae oor die skopos van die bronteks met die antwoorde op dieselfde vrae oor die skopos van die doelteks, is dit duidelik dat die doelteks nie dieselfde funksie in die doelkultuur moet vervul as wat die bronteks in die bronkultuur moes vervul het nie. Binne die doelkultuur vertel die doelteks vandag ’n verhaal uit die verlede, terwyl die bronteks destyds (in 1948) ’n verhaal oor die hede binne die bronkultuur vertel het, en ook ’n toekomspektief gebied het.

Omdat die bronteks vir my so ’n besondere teks is en ek dit daarom met die doelteksleser wil deel, is dit myns insiens belangrik om so getrou as moontlik aan die bronteks te probeer bly, selfs al is dit so dat die doelteksfunksie binne die doelkultuur anders is as wat die bronteksfunksie binne die bronkultuur was. Die groot aantal jare wat sedert die publikasie van die bronteks verloop het (meer as ses dekades), asook die veranderde sosio-politieke landskap van Suid-Afrika, veroorsaak egter dat ’n mens nie in alle gevalle aan die bronteks getrou kan bly nie. Die beste voorbeeld hiervan is die vertaling van raspejoratiewe (sien 3.7.1 en 5.4.2).

Die skopos van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* is dus om ’n doelteks te produseer wat binne die huidige sosio-politieke situasie in Suid-Afrika so getrou as moontlik aan die bronteks is.

3.7 Moontlike vertaalprobleme

Na die beantwoording van Nord (1992) se vrae om die skopos van die bron- en die doeltteks te bepaal, verwag ek dat ek met die volgende vertaalprobleme te doen sal kry – baie van hierdie probleme word veroorsaak deur die groot gaping van meer as ses dekades tussen die publikasie van die bronteks in 1948 en vandag.

3.7.1 Raspejoratiewe

In die tyd toe *Cry, the beloved country* vir die eerste keer gepubliseer is, was woorde soos ‘native’ en ‘kaffir’ vir baie wit mense in Suid-Afrika, beide Engels- en Afrikaanssprekendes, meestal alleen maar gewone woorde wat die kleur en sosiale stand van swart Suid-Afrikaners aangedui het. Dié mense het hierdie woorde nie as skeldwoorde (pejoratief) gebruik nie. Vandag se Suid-Afrika is egter ’n ander land as die Suid-Afrika van die 1940’s, so hoe maak ’n mens vandag met dié woorde in vertaling?

As gevolg van die veranderinge binne die Suid-Afrikaanse samelewing sedert Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 uit die tronk vrygelaat is en apartheid amptelik tot ’n einde gekom het op 27 April 1994, is dit duidelik dat vertalers en uitgewers, veral in die heruitgawes van ouer tekste, sensitief is om nie deur die gebruik van onnodige raspejoratiewe aanstoot te gee nie.

Of ’n mens dit nou (moet) verander of nie, die vertaling van raspejoratiewe is definitief ’n kontensieuse kwessie.

3.7.2 Aanspreekvorme

Omdat Engels nie onderskeid tref tussen die informele aanspreekvorm ‘jy’ en die formele aanspreekvorm ‘u’ nie, verwag ek dat die vertaling van die Engelse ‘you’ problematies kan wees, veral as ’n mens in ag neem dat dit in *Cry, the beloved country* juis oor die ongelyke verhouding tussen wit en swart mense in die vorige bedeling gaan. Vandag is hierdie verhouding in baie gevalle gelyk. Dit is ook opvallend dat informele aanspreekvorme meer dikwels as voorheen gebruik word in Afrikaans.

3.7.3 Plekname

Hier kan die verloop van dekades tussen die eerste verskyning van die bronteks en die vertaling weer eens 'n rol speel. Dit is moontlik dat sommige plekname in die teks intussen kon verander het, en dit kan ook wees dat sommige van die plekke – soos sekere townships – tydens die apartheidsjare verskuif of tot niet gemaak is. In gevalle soos dié kan die probleem dan wees dat die doeltekslesers wat bekend is met die huidige plekname in Suid-Afrika (dalk daarmee grootgeword het), nie sal weet waar in Suid-Afrika die plekke met die verouderde plekname geleë is nie. Dit is belangrik om te noem dat die bronteks nie gemoderniseer word in die Afrikaanse vertaling nie, dus sal daar geen 'nuwe' plekname in die doelteks gebruik word nie.

Die feit dat plekname in Suid-Afrika uit verskillende tale kom – daar is plekname in Afrikaans, Engels, Zulu, Sotho en dergelike ander tale – kan ook vertaalprobleme oplewer omdat sommige Engelse plekname 'n Afrikaanse ekwivalent het en omgekeerd, maar ander nie (byvoorbeeld False Bay/Valsbaai). In die doelteks kan dit dus voorkom asof sommige van die plekname uit Engels in Afrikaans vertaal is en ander net so in Engels gelaat is. Dit sal egter nie aan slordige of inkonsekwente vertaalwerk te wyte wees nie, maar weens die genoemde praktyk dat sommige plekke (amptelik)'n Engelse én Afrikaanse naam het.

3.7.4 Register

Soos reeds aangedui, word daar onderskeid getref tussen die taalgebruik van die swart karakters en dié van die wit karakters. Die swart karakters maak van 'n laer register gebruik, terwyl die wit karakters en die verteller van 'n hoër register gebruik maak. Die swart karakters maak egter nie net van 'n laer register gebruik nie; hulle taalgebruik is soms ook ongrammatikaal, veral wanneer dit by die gebruik van lidwoorde kom (sien 5.3.2 en 5.3.3). Hoewel ek hierdie onderskeid in die Afrikaanse vertaling wil handhaaf, vermoed ek dat die register van die swart karakters se dialoog en hulle ongrammatikale taalgebruik kan meebring dat die vertaling as 'swak' afgemaak kan word, terwyl die taalgebruik bloot die verskil in register tussen die swart en wit karakters weerspieël. Die rede hiervoor sal wees omdat die taalgebruik van die swart karakters gewoonlik in uiters kort sinne in 'n dialoog voorkom. Ek

vermoed dat dié kort sinne die vertaler nie soveel vryheid gee om die verskil tussen die taalgebruik van die wit en die swart karakters duideliker en meer konsekwent uit te beeld nie.

3.7.5 Tydsvorme

Die meeste Engelse romans word gewoonlik in die onvoltooide verlede tyd (simple past tense) geskryf. Dit is ook die geval in *Cry, the beloved country*. Die tydsvorme in Afrikaans is oënskynlik minder ingewikkeld as dié van Engels, veral aangesien die imperfektum in Afrikaans nie meer by wyse van vormverandering van die werkwoordstam aangedui word nie (behalwe in sekere vaste uitdrukkings). Die wyse waarop die verlede tyd in Afrikaans aangedui word kan problematies wees wanneer daar uit Engels in Afrikaans vertaal word. Afrikaans maak ten opsigte van verledetydsvorme oënskynlik slegs van die perfektum gebruik – alle werkwoorde word deur ‘het + ge-’ gevorm. Die kwessie van tydsvorme in Afrikaans is egter baie meer kompleks as wat dit op die oog af lyk, soos Van der Merwe (1977:265–281) ten opsigte van modaliteit en aspek aandui. In die plek van die imperfektum, wat in tale soos Engels, Nederlands en Duits as ’n “eksplisiet-formele werkwoordsvorm” (Van der Merwe 1977:271) herkenbaar is, maak Afrikaans gewoonlik gebruik van die historiese presens – “’n spesiale vorm [...] waarin modale woorde in die praesensvorm [sic] aandui dat dit eintlik om die verledetydsvorm gaan” (Marais 2001:117–118).

Ek verwag dat bogenoemde vertaalprobleme ongetwyfeld ’n rol in die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* (Hoofstuk 4) gaan speel. Hierdie, en ander, vertaalprobleme wat ek tydens die vertaalproses teëkom, word in Hoofstuk 5 aangedui en bespreek.

3.8 Samevatting

Hierdie hoofstuk toon dat die vertaalwetenskap ’n baie lang geskiedenis het, en dat daar al van die vroegste tye af geredeneer is oor wat die juiste manier van vertaal is, byvoorbeeld woord vir woord, of gedagte vir gedagte. Daar word vandag nog oor vertaalstrategieë gedebatteer. Vir die doel van die Afrikaanse vertaling van Paton se *Cry, the beloved country* het ek besluit om my vertaalstrategie op Vermeer (2001) en Nord (1997a en 1997b) se skoposteorie te grond. In hierdie hoofstuk het ek die skopos van die doeltaal aan die hand van die antwoorde op ’n aantal vrae te bepaal.

Die Afrikaanse vertaling van die eerste elf hoofstukke van *Cry, the beloved country* volg in Hoofstuk 4.

Hoofstuk 4

Afrikaanse vertaling van 'n kwart van
Cry, the beloved country

Huil, geliefde land

Deel een

1

1 Daar is 'n besonder mooi pad wat van Ixopo na die heuwels loop. Hierdie heuwels is met gras
2 bedek en golwend, en hulle is onbeskryflik mooi. Die pad klim vir sewe myl deur die
3 heuwels na Carisbrooke; en wanneer daar geen mis is nie, kyk jy daarvandaan uit oor een van
4 die asemrowendste valleie in Afrika. Jy is met gras en varings omring en soms hoor jy die
5 verlate roep van die titihoya, een van die voëls van die veld. Onder jou lê die Umzimkulu-
6 vallei, onderweg van die Drakensberge na die see; en verder, anderkant die rivier, vind jy
7 heuwel op lieflike heuwel; en nog verder lê die berge van Ingeli en Griekwaland-Oos.

8 Die gras is dig en welig; jy kan die grond nie sien nie. Die gras hou die reën en die
9 mis vas, dit deurweek die grond en voed die strome in elke kloof. Die veld is goed versorg en
10 daar wei nie te veel beeste op nie; daar woed ook nie te veel brande wat die aarde blootlê nie.
11 Trek jou skoene uit wanneer jy daarop staan, want die grond is heilig, steeds ongerep soos die
12 Skepper dit geskape het. Onderhou dit, waak daarvoor, sorg daarvoor, want die aarde
13 onderhou die mens, beskut die mens en sorg vir die mens. Vernietig die aarde, en jy vernietig
14 die mens.

15 Daar waar jy staan, is die gras dig en welig; jy kan die grond nie sien nie. Maar die
16 welige groen heuwels daal af na onder toe. Hulle daal af na die onderste vallei, en soos hulle
17 daal, verander hulle aard. Die heuwels word rooi en kaal en die gras kan die reën en die mis
18 nie meer vashou nie, en die strome in die klowe is droog. Te veel beeste wei daarop en daar
19 het te veel brande gewoed. Trek maar weer jou skoene aan, want die aarde is ru en skerp, en
20 die klippe sny jou voetsole. Die aarde word nie onderhou nie, daar word nie oor gewaak of
21 voor gesorg nie; net so onderhou, beskut en sorg die aarde nie meer vir die mens nie. Hier
22 roep die titihoya nie meer nie.

23 Die groot rooi heuwels staan verlate, en die aarde het soos vlees weggeskeur. Die
24 weerlig flits bo die heuwels, die wolke stort hulle reën daarvoor neer, die dooie strome word
25 lewendig, vol van die aarde se rooi bloed. Onder in die valleie maak vroue vlak vore in die
26 oorblywende grond, en die mielies bereik skaars skouerhoogte. Dit is valleie vol ou mans en
27 ou vroue, van moeders en kinders. Die mans is weg, die jong manne en die meisies is weg.
28 Die grond kan hulle nie meer onderhou nie.

1 Die klein dogtertjie het belangrik na die hout-en-sinkplaat-kerk toe gehardloop met die brief
 2 in haar hand. Sy klop skamerig aan die deur van die huis langs die kerk. Eerwaarde Stephen
 3 Kumalo kyk van die tafel af op, waar hy besig is om te skryf, en sê: Kom binne.

4 Die klein dogtertjie maak die deur oop, versigtig, soos iemand wat bang is om die
 5 deur van só 'n belangrike huis sonder respek oop te maak, en gaan bedees binne.

6 – Ek bring 'n brief, Umfundisi.

7 – 'n Brief? Waar het jy dit gekry, my kind?

8 – By die winkel, Umfundisi. Die wit man het my gevra om dit hiernatoe te bring.

9 – Dit was gaaf van jou. Mooi loop, Kleintjie.

10 Maar sy maak nie dadelik aanstalles nie. Sy vryf haar een kaalvoetjie teen die ander en met
 11 een vinger stryk sy oor die rand van die umfundisi se tafel.

12 – Is jy dalk honger, Kleintjie?

13 – Nie baie honger nie, Umfundisi.

14 – Miskien 'n bietjie honger?

15 – Ja, 'n bietjie honger, Umfundisi.

16 – Gaan dan na die ma toe. Miskien het sy 'n stukkie kos.

17 – Ek sê dankie, Umfundisi.

18 Sy loop katvoet, bang dat haar voetjies skade in so 'n groot huis kan aanrig; 'n huis met tafels
 19 en stoele en 'n horlosie en 'n potplant en baie boeke, selfs meer as die boeke by die skool.

20 Kumalo kyk na sy brief. Dit is vuil, veral om die seël. Dit was ongetwyfeld in vele
 21 hande gewees. Dit kom van Johannesburg af; baie van sy mense is daar in Johannesburg. Sy
 22 broer John, 'n skrynwerker, het soontoe gegaan en het sy eie besigheid in Sophiatown,
 23 Johannesburg gehad. Sy suster Gertrude, wat vyf en twintig jaar jonger as hy is, 'n laatlam,
 24 het saam met haar klein seuntjie soontoe gegaan om haar man te gaan soek wat nooit van die
 25 myne af teruggekeer het nie. Sy enigste seun, Absalom, het soontoe gegaan om na sy tante,
 26 Gertrude, te gaan soek, en hy het nooit teruggekeer nie. En daar is inderdaad baie ander
 27 familieledede in Johannesburg, maar nie een so na aan hom soos hulle nie. Dit is moeilik om te
 28 sê van wie hierdie brief af kom, want dit is so lank gelede sedert enigeen van hulle geskryf
 29 het dat hy hulle handskrifte nie meer goed kan onthou nie.

30 Hy draai die brief om, maar daar is niks wat aandui van wie die brief kom nie. Hy
31 huiwer om dit oop te maak, want wanneer so iets eers oop is, kan dit nie weer toegemaak
32 word nie.

33 Hy roep na sy vrou: Het die kind geloop?

34 – Sy eet, Stephen.

35 – Laat haar dan eet. Sy het 'n brief gebring. Weet jy enigiets van 'n brief?

36 – Hoe sal ek weet, Stephen?

37 – Nee, dit weet ek nie. Kyk daarna.

38 Sy neem die brief en voel daaraan. Maar sy kan niks daarin voel wat aandui van wie dit af
39 kom nie. Sy lees die adres stadig en versigtig, hardop:

40

41 Eerw. Stephen Kumalo

42 Kerk van Sint Markus

43 Ndotsheni

44 NATAL

45

46 Sy skraap moed bymekaar en sê: Dit kom nie van ons seun af nie.

47 – Nee, sê hy. En hy sug. Dit kom nie van ons seun af nie.

48 – Miskien is dit iets wat hom raak, sê sy.

49 – Ja, sê hy. Dit mag so wees.

50 – Dit is nie van Gertrude af nie, sê sy.

51 – Miskien is dit my broer, John.

52 – Dit is nie van John af nie, sê sy.

53 Hulle is doodstil, en sy sê: hoe begeer ons nie so 'n brief nie, maar wanneer ons een
54 kry, is ons te bang om hom oop te maak.

55 – Wie is bang? vra hy. Maak hom oop.

56 Sy maak die brief stadig en versigtig oop, want sy maak nie baie briewe oop nie. Sy
57 vou die brief oop en lees dit, stadig en versigtig, só stadig en versigtig dat hy nie alles kan
58 hoor wat sy sê nie. Lees dit hardop, sê hy.

59 Sy lees dit hardop; sy lees soos 'n Zulu wat Engels lees.

60

61 Die Sendingstasie

62 Sophiatown

63 Johannesburg

64

25 September 1946

65 My geliefde broeder in Christus,

66 Ek het 'n jong vrou hier in Johannesburg ontmoet. Haar naam is Gertrude Kumalo en ek

67 verstaan dat sy die suster is van eerw. Stephen Kumalo, van die Kerk van Sint Markus in

68 Ndotsheni. Hierdie jong vrou is baie siek, en daarom versoek ek u om so gou as moontlik

69 Johannesburg toe te kom. Kom na eerw. Theophilus Msimangu by die sendingstasie in

70 Sophiatown, en daar sal ek u adviseer. Ek sal ook bekostigbare akkommodasie vir u reël. Ek

71 is, geliefde broeder in Christus, die uwe,

72

THEOPHILUS MSIMANGU

73

74 Hulle altwee is stil tot sy die stilte na 'n lang tyd verbreek.

75 – Wel, my man?

76 – Ja, wat is dit?

77 – Hierdie brief, Stephen. Jy het dit nou gehoor.

78 – Ja, ek het dit gehoor. Dit is nie 'n maklike brief nie.

79 – Dit is nie 'n maklike brief nie. Wat gaan jy doen?

80 – Het die kind geëet?

81 Sy gaan kombuis toe en kom met die kind terug.

82 – Het jy geëet, my kind?

83 – Ja, Umfundisi.

84 – Dan moet jy mooi loop, my kind. En dankie dat jy die brief gebring het. Sal jy die

85 wit man by die winkel vir my bedank?

86 – Ja, Umfundisi.

87 – Dan moet jy mooi loop, my kind.

88 – Mooi bly, Umfundisi. Mooi bly, ma.

89 – Mooi loop, my kind.

90 Die kind loop versigtig na die deur toe en trek dit saggies agter haar toe. Sy laat die

91 deurknop stadig terugdraai, soos iemand wat bang is om dit te vinnig te laat draai.

92 Toe die kind weg is, sê sy vir hom: Wat gaan jy doen, Stephen?

93 – Wat bedoel jy, my vrou?

94 Geduldig sê sy: Omtrent hierdie brief, Stephen.

95 Hy sug. Bring vir my die geld vir Sint Chad, sê hy.

96 Sy gaan uit en kom met 'n blikkie terug, van die tipe waarin koffie of kakao verkoop
97 word, en sy gee die blikkie vir hom. Hy hou dit in sy hand en bestudeer dit, asof een of ander
98 antwoord daarin te vinde is. Eindelik sê sy: Dit moet gedoen word, Stephen.

99 – Hoe kan ek dit gebruik? sê hy. Hierdie geld was bedoel om Absalom na Sint Chad
100 toe te stuur.

101 – Absalom sal nooit na Sint Chad toe gaan nie.

102 – Hoe kan jy so sê? vra hy skerp. Hoe kan jy so iets sê?

103 – Hy is in Johannesburg, sê sy vermoeid. Wanneer mense na Johannesburg toe
104 gaan, kom hulle nie weer terug nie.

105 – Jy het dit gesê, sê hy. Dit is nou gesê. Hierdie geld wat ons vir daardie doel
106 gespaar het, gaan nooit daarvoor gebruik word nie. Jy het 'n deur oopgemaak, en omdat jy
107 hom oopgemaak het, moet ons daar deur. *Tixo* alleen weet waarheen ons sal gaan.

108 – Dit is nie ek wat hom oopgemaak het nie, antwoord sy, seergemaak deur sy
109 beskuldiging. Die deur staan lankal oop, jy wou dit net nie sien nie.

110 – Ons het 'n seun gehad, sê hy bitter. Zulu's het baie kinders, maar ons het net één
111 seun gehad. Hy het Johannesburg toe gegaan, en soos jy gesê het – wanneer mense na
112 Johannesburg toe gaan, kom hulle nie weer terug nie. Hulle skryf nie eens meer nie. Hulle
113 gaan nie na Sint Chad toe om die kennis wat 'n swart man so broodnodig het, op te doen nie.
114 Hulle gaan Johannesburg toe, en daar raak hulle die pad byster, en niemand hoor meer van
115 hulle nie. En hierdie geld...

116 Maar sy kry geen woord uit nie. Dit is hier in my hand, sê hy.

117 Weer sê sy niks nie. Dit is hier in my hand, herhaal hy.

118 – Jy maak jousef seer, sê sy.

119 – Myself? Maak ek myself seer? Ek maak myself nie seer nie. Dit is hulle wat my
120 seermaak. My eie seun, my eie suster, my eie broer. Hulle gaan weg en hulle skryf nie meer
121 nie. Miskien lyk dit nie vir hulle of ons swaarkry nie. Miskien maak dit nie vir hulle saak nie.

122 Hy is kwaad en verhef sy stem. Gaan na die wit man toe, sê hy. Miskien is daar
123 briewe. Miskien het hulle onder die toonbank ingeval, of lê hulle tussen die kos versteek. Jy
124 moet in die bome ook kyk, miskien het die wind hulle tot bo in die bome gewaai.

125 – Jy maak my ook seer, roep sy uit.

126 Hy kom tot sy sinne en sê nederig: Dit mag ek nie doen nie.

127 Hy hou die blikkie na haar toe uit. Maak hom oop, sê hy.

128 Met bewende hande neem sy die blikkie en maak hom oop. Sy keer die inhoud op die
129 tafel uit; 'n paar ou, vuil note en 'n vloed silwer- en kopermunte.

130 – Tel dit, sê hy.
131 Moeisaam tel sy die geld. Sy draai die note en die munte om, om van elkeen se
132 waarde seker te maak.
133 – Twaalf pond, vyf sjelings en sewe pennies.
134 – Ek sal..., sê hy, ek sal agt pond en die sjelings en pennies saamvat.
135 – Vat alles, Stephen. Miskien is daar dokters, hospitale, ander probleme. Vat alles.
136 En vat die Poskantoorboekie – daar is tien pond in – jy moet dit ook saamvat.
137 – Ek het dit vir jou stoof gespaar, sê hy.
138 – Dit maak nie saak nie, sê sy. En die ander geld, al het ons dit vir Sint Chad
139 gespaar, wou ek dit gebruik om vir jou nuwe swart klere, 'n nuwe swart hoed en nuwe wit
140 boordjies mee te koop.
141 – Dit maak ook nie saak nie. Laat ek sien. Wanneer sal ek gaan?
142 – Môre, sê sy. Van Carisbrooke af.
143 – Dan skryf ek nou dadelik aan die Biskop en sê dat ek nie weet vir hoe lank ek weg
144 sal wees nie.
145 Hy staan moeisaam op en gaan staan voor haar. Ek is jammer dat ek jou seergemaak
146 het, sê hy. Ek gaan in die kerk bid.
147 Hy loop by die deur uit en deur die klein venstertjie kyk sy hom agterna. Langsaam
148 loop hy na die deur van die kerk toe. Toe gaan sit sy agter sy lessenaar en lê haar kop daarop
149 neer, en sy word stil met die geduldige smart van swart vroue, met die smart van osse en die
150 smart van alles en almal wat stom is.
151 *

152 Alle paaie lei na Johannesburg. Dwarsdeur die eindelose nagte ry treine na Johannesburg toe.
153 Die ligte van die wiegende wa skiet oor die rante, oor die gras en die klippe van die slapende
154 land. Gelukkig is dié wat hul oë kan sluit.

3

1 Soos 'n speelgoedtreintjie klim die trein met sy smalspoor langs van die Umzimkulu-vallei na
2 die heuwels. Hy klim na Carisbrooke, en wanneer hy daar stilhou, kan jy vir 'n oomblik
3 uitklim en afkyk oor die groot vallei waar jy vandaan gekom het. Dit is onwaarskynlik dat die
4 trein vir jou sal weegry, want daar is min mense hier, en almal sal weet wie jy is. En selfs as

5 die trein wel vir jou wegry, sal dit nie veel saak maak nie, want behalwe as jy kreupel is, of
6 baie oud, kan jy self agter die trein aanhardloop en hom inhaal

7 Wanneer dit mistig is, sal jy niks van die groot vallei sien nie. Die mis sal om en
8 onder jou warrel, en die trein en die mense vorm 'n klein wêreldjie van hulle eie. Sommige
9 mense hou nie daarvan nie, en vind die plek koud en neerslagtig. Maar ander hou daarvan, en
10 vind misterie en betowering, en die begin van 'n avontuur, en 'n teken van die onbekende
11 daarin. Die trein ry deur 'n fantasiewêreld, waar groen, skaduryke graswalle en varings deur
12 die wasige vensters sigbaar is. Na gelang van die seisoen groei daar blouelies, wilde
13 watsonias, en vuurpyle, en af en toe sal jy 'n glimp van 'n aronskelk in 'n dal sien. En altyd
14 agter hulle die dowwe muur van wattelbome, soos spoke in die mis.

15 Dit is interessant om in Carisbrooke op die trein te wag terwyl hy boontoe klim vanuit
16 die groot vallei. Dié wat weet kan met elke fluit vir jou sê waar die trein trek, by watter pad,
17 watter plaas, watter rivier. Maar al is Stephen Kumalo 'n volle uur te vroeg daar, luister hy
18 nie na hierdie dinge nie. Dit is 'n lang pad om te neem, en baie geld om te betaal. En wie
19 weet hoe siek sy suster is, en hoeveel geld dit kan kos? En as hy haar moet terugbring,
20 hoeveel sal dit ook kos? En Johannesburg is 'n groot stad met soveel strate, hulle sê dat 'n
21 man sy dae kan deurbring deur met een straat op, en met 'n ander straat af te stap sonder om
22 dieselfde een twee keer te neem. 'n Mens moet ook bus ry, maar nie soos hier, waar die
23 enigste bus wat opdaag die regte bus is nie. Want in Johannesburg is daar 'n swetterjoel
24 busse, waarvan net een uit tien busse, of miskien een uit twintig, die regte bus is. As jy die
25 verkeerde bus neem, kan jy by die verkeerde bestemming uitkom. En hulle sê dit is gevaarlik
26 om 'n straat oor te steek, en tog is dit nodig om strate oor te steek. Dit is daar waar Mpanza
27 van Ndotsheni se vrou, wat soontoe gegaan het toe Mpanza sterwend was, haar seun Michael
28 in die straat sien sterf het. Twaalf jaar oud en uit opgewondenheid, tree hy in die pad van
29 gevaar, maar sy het gehuiwer en op die sypaadjie bly staan. En voor haar oë het 'n groot
30 vragmotor die lewe uit haar seun gedruk.

31 En die groot vrees – die grootste vrees omdat daar so selde oor gepraat word. Waar is
32 hulle seun? Waarom skryf hy nie meer nie?

33 Daar is 'n laaste fluit en die trein is uiteindelik naby. Die priester draai na sy metgesel
34 toe.

35 - Vriend, ek sê dankie vir jou hulp.

36 - Umfundisi, ek is bly ek kon u help. U sou nie alleen reggekome het nie. Dié tas is
37 swaar.

38 Die trein kom steeds nader, hy sal binnekort hier wees.

39 - Umfundisi.

40 - My vriend.

41 - Umfundisi, ek wil graag 'n guns vra.

42 - Vra dit dan.

43 - U ken Sibeko?

44 - Ja.

45 - Wel, Sibeko se dogter het by die wit man, uSmith, hier in Ixopo gewerk. En toe

46 die dogter van uSmith trou, het sy Johannesburg toe gegaan, en Sibeko se dogter het saam

47 met hulle gegaan, om te werk. Die adres is hier, saam met die getroude vrou se nuwe van.

48 Maar Sibeko het die laaste tien, twaalf maande nie 'n woord van sy dogter gehoor nie. En hy

49 vra jou om navraag te doen.

50 Kumalo neem die vuilgevatte stuk papier en kyk daarna. Springs, sê hy. Ek het al van

51 die plek gehoor. Maar dit is nie Johannesburg nie, al sê hulle dat dit daar naby is. Vriend, die

52 trein is hier. Ek sal doen wat ek kan.

53 Hy sit die papier in sy beursie, en saam kyk hulle na die trein. Soos alle plattelandse

54 treine in Suid-Afrika, is die trein vol swart reisigers. Op hierdie trein is daar inderdaad nie

55 veel ander mense nie, want die wit mense van hierdie omgewing het almal karre en reis byna

56 nooit meer per trein nie.

57 Kumalo klim in die wa vir swart mense, reeds vol van die meer beskeie mense van sy

58 ras, sommige met 'n vreemde klomp Westerse kledingstukke aan, sommige met komberse

59 bo-oor hulle vreemde uitrustings, sommige met komberse bo-oor die semi-naaktheid van hul

60 tradisionele drag, – almal vroue. Mans reis nie meer in tradisionele drag nie.

61 Die dag is warm en die reuk in die wa is skerp. Maar Kumalo is 'n nederige man en

62 gee nie regtig om nie. Hulle sien sy wit boordjie en skuif op om vir die umfundisi plek te

63 maak. Hy kyk rond, in die hoop dat daar iemand is met wie hy kan gesels, maar daar is

64 niemand wat lyk of hulle in daardie klas val nie. Hy draai na die venster toe om vir sy vriend

65 totsiens te sê.

66 - Waarom het Sibeko nie self na my toe gekom nie? vra hy.

67 - Hy was bang, Umfundisi. Hy is nie van ons kerk nie.

68 - Is hy nie van ons mense nie? Kan 'n man in nood slegs na dié van sy kerk toe

69 gaan?

70 - Ek sal hom sê, Umfundisi.

71 Kumalo verhef sy stem effe, soos die stem van 'n kind of, inderdaad, dié van 'n

72 volwasse persoon wat wil hê dat ander moet hoor wat hy sê.

73 - Sê vir hom wanneer ek in Johannesburg is, sal ek na hierdie plek in Springs toe
74 gaan. Hy klop op die sak waarbinne die papier veilig in sy beursie is. Sê vir hom ek sal
75 navraag doen oor die meisie. Maar sê vir hom ek gaan besig wees. Ek het baie dinge om in
76 Johannesburg te doen.

77 Hy draai van die venster af weg. Dit is altyd so, sê hy, asof aan homself, maar
78 inderwaarheid aan die mense.

79 - Ek sê dankie namens hom, Umfundisi.

80 Die trein fluit en ruk. Kumalo verloor amper sy balans. Dit sal veiliger – waardiger –
81 wees om sy sitplek in te neem.

82 - Mooi bly, my vriend.

83 - Mooi loop, Umfundisi.

84 Hy gaan na sy sitplek toe en die mense kyk belangstellend en met respek na die man
85 wat so gereeld Johannesburg toe gaan. Die trein tel spoed op om met die rante van die
86 heuwels langs te kruip, om bo steil valleie te hang, om by die varings en die blomme verby te
87 ry, om die donkerte van die wattelplantasies binne te gaan, by Stainton verby, tot onder in
88 Ixopo.

89 Die reis het begin. En die vrees is nou weer terug; die vrees vir die onbekende, die
90 vrees vir die grootstad waar seuns gesterf het toe hulle die straat oorsteek, die vrees vir
91 Gertrude se siekte. Diep binne-in hom, die vrees oor sy seun. Diep binne-in hom, die vrees
92 van 'n man wat in 'n wêreld woon wat nie vir hom gemaak is nie, wie se eie wêreld
93 wegwyn, doodgaan, onherroeplik vernietig word.

94 Die knieë van die man wat 'n oomblik gelede sy klein swakheid gewys het, sy klein
95 leuentjie voor hierdie eerbiedige mense vertel het, is reeds lam.

96 Die beskeie man haal sy heilige boek uit sy sak, en begin lees. Dit is alleen dié wêreld
97 wat seker is.

4

1 Van Ixopo af klim die speelgoedtreintjie op na ander heuwels toe, die golwende groen
2 heuwels van Lufafa, Eastwolds, Donnybrook. Van Donnybrook af loop die breëspoor na die
3 groot vallei van die Umkomaas. Hier woon die stamme en is die grond siek, amper verby die
4 punt van genesing. Hoër, uit die vallei uit op, klim die trein, Hemu-hemu verby, na
5 Elandskop toe. Dit daal met die lang vallei van die Umsindusi langs, verby Edendale en die

6 swart agterbuurte na Pietermaritzburg, die lieflike stad. Klim hier op die beste trein van
7 almal, die trein na Johannesburg. Dit is 'n witmanswonder; 'n trein wat geen lokomotief het
8 nie, slegs 'n yster hok op sy kop wat krag uit toue van metaal kry wat bokant die trein
9 uitstrek.

10 Klim na Hilton en Lion's Rivier, na Balgowan, Rosetta, Mooirivier, deur
11 onbeskryflike mooi heuwels. Dreun deur die nag, oor slagvelde van lank gelede. Klim oor die
12 Drakensberge na die plat vlaktes.

13 Word wakker in die wiegende wa, in die half-lig voor die dag breek. Die lokomotief
14 stoom weer, want daar is nie meer toue bo die trein nie. Dit is 'n nuwe land, 'n vreemde land
15 wat so ver strek as wat die oog kan sien. Die name hier is nuut, moeilike name vir 'n Zulu
16 wat in Engels geskool is. Want hulle is in die taal wat Afrikaans genoem word, 'n taal wat hy
17 nog nooit vantevore gehoor het nie.

18 - Die myne, roep hulle, die myne. Want baie van hulle gaan in die myne werk.

19 - Is dit die myne, daardie plat, wit koppies in die verte? Hy kan dit gerus vra, want
20 hier is niemand meer wat hom gister gehoor het nie.

21 - Dit is die klip wat uit die myne kom, Umfundisi. Die goud is reeds daaruitgehaal.

22 - Hoe kom die klip uit?

23 - Ons gaan af en grawe dit uit, Umfundisi. En wanneer dit moeilik is om te grawe,
24 gaan ons weg, en dan skiet die wit mans dit met die vuurstokke uit. Dan kom ons terug en vat
25 dit weg. Ons laai dit in die trokke, en dit gaan boontoe in 'n bak, op deur 'n skoorsteen wat so
26 hoog is dat ek dit nie eers vir u kan beskryf nie.

27 - Hoe gaan dit boontoe?

28 - Dit word opgehys met 'n groot wiel. Wag, ek sal een vir u wys.

29 Hy is stil en sy hart klop effens vinniger van opwinding en vrees.

30 - Daar is die wiel, Umfundisi. Daar is die wiel.

31 'n Groot ysterstruktuur troon teen die lug uit, met 'n groot wiel daarop, wat so vinnig
32 draai dat die speke die oë flous. Daar is groot geboue, en stoom blaas by pype uit, en mans
33 loop bedrywig rond. 'n Groot wit heuwel, en 'n eindelose prosesie trokke wat daarteen opry,
34 tot hoog in die lug. Op die grond: motorkarre, vragmotors, busse, een groot deurmekaarspul.

35 - Is dit Johannesburg? Vra hy.

36 Maar hulle lag vol selfvertroue. Baie van hulle is hierdie dinge gewoond.

37 - Dit is niks nie, sê hulle. In Johannesburg is daar geboue, so hoog – maar hulle kan
38 dit ook nie beskryf nie.

39 - My broer, sê een, jy ken die heuwel wat agter my pa se kraal só regop staan. So
40 hoog soos daardie heuwel.

41 Die ander man knik, maar Kumalo ken nie daardie heuwel nie.

42 En nou is daar geen einde meer aan die geboue nie, die geboue en die wit heuwels, die
43 groot wiele, die tallose strate, en karre en vragmotors en busse.

44 - Dit is tog seker Johannesburg? sê hy.

45 Maar weer lag hulle. Dit begin hulle 'n bietjie verveel. Dit is nog niks nie, sê hulle.

46 Treinspore, treinspore, dit is 'n wonder. Na links, na regs, so baie dat hy hulle nie kan
47 tel nie. 'n Trein snel by hulle verby, met 'n skielike geraas wat hom op sy sitplek laat wip van
48 die skrik. En aan die ander kant ry nog 'n trein langs hulle, maar hy raak stadig agter. Stasies,
49 stasies, meer as wat hy hom ooit kon voorstel. Daar wag mense in hulle honderde, maar die
50 trein snel verby en laat hulle teleurgesteld agter.

51 Die geboue word hoër, die strate meer ontelbaar. Hoe vind 'n mens jou weg in hierdie
52 miernes? Dit is skemer, en in die strate gaan die ligte aan.

53 Een van die mans beduie na buite.

54 - Johannesburg, Umfundisi.

55 Hy sien groot, hoë geboue; daar is rooi en groen ligte op hulle, amper so hoog soos
56 die geboue self. Die ligte gaan aan en af. Water loop uit 'n bottel tot die glas vol is. Dan gaan
57 die ligte af. En wanneer hulle weer aangaan, staan die bottel regop en is hy weer vol, en die
58 glas leeg. En dan kantel die bottel weer. Swart en wit, staan daar te lees, swart en wit, al is die
59 ligte rooi en groen. Dit is bo sy vuurmaakplek.

60 Hy praat nie, hy het hoofpyn, hy is bang. Die stasie kom nog aan, daardie groot plek
61 met al die tunnels onder die grond. Die trein kom onder 'n groot dak tot stilstand, en daar is
62 duisende mense. Trappe lei ondergronds, en hier is die tunnel onder die aarde. Swart mense,
63 wit mense, party kom en ander gaan, die tunnel is stampvol van al die mense. Hy loop
64 versigtig om nie teen iemand te stamp nie. Hy hou sy tas styf vas. Hy kom in 'n groot saal uit,
65 en die stroom mense gaan met die trap op. Dan is hy buite. Die geraas is oorverdowend.

66 Karre en busse, een na die ander. Meer as wat hy hom ooit kon voorstel. Die stroom steek die
67 straat oor, maar hy onthou van Mpanza se seun, en hy is te bang om hulle te volg. Die ligte
68 verander van groen na rooi en weer na groen. Hy het so gehoor: wanneer die lig groen is, mag
69 jy loop. Maar toe hy die straat begin oorsteek, swaai 'n groot bus voor hom in. Daar is een of
70 ander beginsel wat hy nie verstaan nie, en hy tree weer terug. Hy kry vir hom 'n plekkie teen
71 die muur, sodat dit lyk of hy op iets wag. Sy hart klop soos dié van 'n kind. Daar is niks aan
72 te doen of te dink om dit te keer nie. *Tixo*, beskerm my, sê hy aan homself. *Tixo*, beskerm my.

73

*

74 'n Jong man kom nader en praat met hom in 'n taal wat hy nie verstaan nie.

75 - Ek verstaan nie, sê hy.

76 - Is u dan 'n Xhosa, Umfundisi?

77 - 'n Zulu, sê hy.

78 - Waarheen wil u gaan, Umfundisi?

79 - Na Sophiatown toe, jongman.

80 - Kom dan saam met my, ek sal u die pad wys.

81 Hy is dankbaar vir die hulp, maar hy is tog bang. Hy is bly dat die jong man nie
82 aangebied het om sy tas te dra nie, maar hy praat beleefd, ofskoon in 'n eienaardige Zulu.

83 Die ligte verander na groen, en sy gids begin die pad oorsteek. 'n Ander kar swaai
84 voor hom in, maar die gids huiwer nie en die kar stop. Dit laat 'n mens selfversekerd voel.

85 Hy kon nie die draaie volg wat hulle om die hoë geboue geloop het nie, maar
86 uiteindelik – sy arm só moeg van die tas, hy kan nie meer nie – kom hulle by 'n plek met baie
87 busse uit.

88 - U moet in die ry staan, Umfundisi. Het u u geld vir die kaartjie gereed?

89 Vinnig, ywerig, asof hy aan die jong man moet wys dat hy sy goedheid waardeer, sit
90 hy sy tas neer en haal hy sy beursie uit. Hy is te bang om te vra hoeveel dit kos, en haal 'n
91 pond uit sy beursie.

92 - Sal ek u kaartjie vir u kry, Umfundisi? Dan hoef u nie u plek in die ry te verloor
93 terwyl ek na die kaartjekantoor toe gaan nie.

94 - Dankie, sê hy.

95 Die jong man neem die pond en loop 'n kort entjie na die hoek toe. Toe hy om die
96 hoek loop word Kumalo bang. Die ry beweeg vorentoe, en hy beweeg saam met die ry. Hy
97 hou sy tas styf vas. En weer vorentoe, en nog vorentoe, en binnekort moet hy in 'n bus klim,
98 maar steeds het hy nie 'n kaartjie nie. Asof hy skielik aan iets dink, verlaat hy die ry en loop
99 na die hoek toe, maar daar is geen teken van die jong man nie. Hy skraap moed bymekaar om
100 met iemand te praat en stap na 'n ouerige man toe, netjies en skoon geklee.

101 - Waar is die kaartjekantoor, my vriend?

102 - Watter kaartjekantoor, Umfundisi?

103 - Vir die kaartjie vir die bus.

104 - 'n Mens kry jou kaartjie op die bus. Daar is nie 'n kaartjekantoor nie.

105 Die man lyk na 'n goeie persoon en die priester praat nederig met hom. Ek het 'n
106 pond aan 'n jong man gegee, sê hy, en hy het gesê hy sal my kaartjie by die kaartjiekantoor
107 kry.

108 - U is verkul, Umfundisi. Sien u die jong man hier êrens? Nee, u sal hom nooit weer
109 sien nie. Kyk, kom saam met my. Waarheen gaan u, na Sophiatown?

110 - Ja, na Sophiatown. Na die sendingstasie toe.

111 - O goed. Ek is ook 'n Anglikaan. Ek het vir iemand gewag, maar ek gaan nie
112 langer wag nie. Ek sal self saam met u gaan. Ken u eerwaarde, Msimangu?

113 - Inderdaad. Ek het 'n brief van hom af.

114 Weer gaan staan hulle agter in die ry, en na 'n rukkie neem hulle hulle plekke op die
115 bus in. En die bus swaai die verkeer in en word deel van die chaos op straat. Die bestuurder
116 rook sorgeloos en dit is onmoontlik om sulke manhaftigheid nie te bewonder nie. Straat na
117 straat, lig na lig, asof dit nooit sal end kry nie, by tye teen so 'n hoë snelheid dat die bus van
118 kant tot kant wieg, en die enjin in die ore brul.

119 Hulle klim in 'n smal straatjie uit, en steeds is daar duisende mense in die strate. Hulle
120 loop 'n ver ent deur strate wat van mense krioel. Sy nuwe vriend help Kumalo om sy tas te
121 dra, maar die eerwaarde vertrou hom. Uiteindelik stop hulle voor 'n verligte huis, en klop
122 aan.

123 Die deur gaan oop, en 'n lang jong man in priestersgewaad begroet hulle.

124 - Mnr. Msimangu, ek bring 'n vriend na u toe: eerwaarde Kumalo van Ndotsheni.

125 - Kom binne, kom binne, my vriende. Mnr. Kumalo, ek is bly om u te ontmoet. Is
126 dit u eerste besoek aan Johannesburg?

127 Kumalo kan nie langer voorgee nie. Hy is veilig hierheen gelei en hartlik verwelkom.
128 Hy praat nederig. Ek is baie deurmekaar, sê hy. Ek is ons vriend baie verskuldig.

129 - U het in goeie hande beland. Dit is mnr. Mafolo, een van ons groot
130 sakemanne en 'n goeie lidmaat van die Kerk.

131 - Maar nie voor hy beroof is nie, sê die besigheidsman.

132 Toe moes die storie eers vertel word, en daar is baie simpatie en baie raad.

133 - En u is ongetwyfeld honger, mnr. Kumalo. Mnr. Mafolo, gaan u saam met ons iets
134 eet?

135 Maar mnr. Mafolo kan nie langer bly nie. Die deur gaan agter hom toe en Kumalo
136 maak hom in 'n groot stoel tuis en neem 'n sigaret al is dit nie sy gewoonte om te rook nie.
137 Die kamer is lig, en die groot verwarrende stad is uitgesluit. Met 'n gevoel van dankbaarheid
138 trek hy liggies aan die sigaret. Die lang reis na Johannesburg is verby, en hy hou reeds van

139 die selfversekerde jong man. Hulle sal die doel van sy reis wat nou veilig afgelê is, later
140 bespreek. Vir eers is dit genoeg om welkom en veilig te voel.

5

1 Ek het slaapplek vir jou, my vriend, aan huis van 'n ou vrou, ene mev. Lithebe, wat 'n
2 getroue lidmaat van ons kerk is. Sy is 'n Sotho, maar sy praat goed Zulu. Dit sal vir haar 'n
3 eer wees om 'n priester te huisves. Dit is goedkoop, slegs drie sjielings per week, en jy kan
4 saam met die mense van die sendingstasie daar eet. Daar lui die klok nou. Wil jy jou hande
5 gaan was?

6 Hulle was hulle hande in 'n moderne plek met 'n wit wasbak en koue en warmwater
7 en verslete, maar silwerskoon handdoeke. Ook die toilet is modern. Wanneer jy klaar is, druk
8 jy 'n klein handvatsel af en dan stroom die water in asof iets gebreek het. Dit sal jou laat skrik
9 as jy nog nie voorheen van so iets gehoor het nie.

10 Hulle gaan 'n vertrek binne waar 'n tafel gedek staan en hier ontmoet hy baie
11 priesters, wit en swart. Na die tafelgebed gaan hulle sit en eet hulle saam. Die talle borde en
12 messe en vurke maak hom op sy senuwees, maar hy kyk wat die ander doen en volg hulle
13 voorbeeld.

14 Hy sit langs 'n jong priester van Engeland, met rooi wange, wat hom vra waar hy
15 vandaan kom en hoe dit daar is. 'n Ander swart priester roep uit: Ek is ook van Ixopo. My pa
16 en ma bly nog daar, in die Lufafa-vallei. Hoe gaan dit daar?

17 En hy vertel hulle van al daardie plekke, van die lieflike heuwels en valleie van
18 daardie ver land. En sy liefde vir daardie ver land moes in sy stem gewees het, want almal bly
19 stil en luister na hom. Hy vertel hulle ook dat die land siek is, en dat die gras verdwyn het, en
20 van die dongas wat van heuwel na vallei en van vallei na heuwel loop; dat dit 'n land van ou
21 mans en vroue, en van moeders en kinders is; dat die mielies skaars skouerhoogte bereik; dat
22 die stamverband verbreek is, gesinne uitmekaar spat, en dat die mans gebroke raak; dat baie
23 nooit weer terugkom ná hulle weggegaan het nie, baie nie meer skryf nie. Dat dít nie net in
24 Ndotsheni die geval is nie, maar ook in die vallei van die Lufafa, en die Inhlavini, en die
25 Umkomaas, en die Umzimkulu. Maar oor Gertrude en Absalom sê hy niks nie.

26 Daarna praat hulle almal oor die siekte van die land, oor die gebroke stam en gebroke
27 gesinne, oor jong manne en jong meisies wat weggaan en van hulle gebruike vergeet, en los
28 en ydel lewe. Hulle praat oor jong kinders wat reeds misdadig pleeg, en oor ouer en

29 gevaarliker kriminele, oor hoe wit Johannesburg vir swart misdaad bang is. Een van hulle
30 gaan haal 'n koerant, die *Johannesburg Mail*, en wys aan hom in vetgedrukte swart letters:

31 **BEJAARDE EGPAAR IN AFGELEë HUIS BEROOF EN AANGERAND**

32 **VIER SWART INBREKERS AANGEKEER**

33 - Dit gebeur byna elke dag, sê hy. En dit is nie net die wit mense wat bang is nie.
34 Ons is ook bang, net hier, in Sophiatown. Dit is nie lank gelede nie dat 'n bende van hierdie
35 jong manne een van ons eie swart meisies aangeval het; hulle het haar sak gevat, en haar
36 geld, en sou haar verkrag het ook, maar daardie mense het uit hulle huise gehardloop gekom.

37 - Jy sal baie hier in Johannesburg leer, sê die priester met die rooi wange. Dit is nie
38 net in jou omgewing waar daar vernietiging plaasvind nie. Maar ons moet weer praat. Ek wil
39 meer oor jou land hoor, maar ek moet nou gaan.

40 Hulle groet mekaar en Msimangu nooi sy besoeker eers na sy eie kamer.

41 - Ons het baie om oor te praat, sê hy.

42 Hulle gaan na die kamer toe, en nadat Msimangu die deur toegemaak en hulle gaan sit
43 het, sê Kumalo aan hom: Jy sal my verskoon as ek ongeduldig is, maar ek is gretig om oor
44 my suster te hoor.

45 - Ja, ja, sê Msimangu. Ek is seker dat jy bekommerd is. Jy moet dink ek is
46 onbedagsaam. Maar jy sal my vergewe as ek jou eers vra waarom sy Johannesburg toe gekom
47 het?

48 Kumalo antwoord bereidwillig, hoewel hy deur die vraag onthuts is. Sy het gekom om
49 na haar man te soek, wat vir die myne gewerf is. Toe sy tyd verby was, het hy nie teruggekeer
50 nie, hy het ook glad nie geskryf nie. Sy het nie geweet of hy dalk dood is nie. Daarom het sy
51 toe haar klein kindjie geneem en na hom gaan soek. Toe, omdat Msimangu niks sê nie, vra hy
52 benoud: Is sy baie siek?

53 Msimangu sê somber: Ja, sy is baie siek. Maar dit is nie daardie soort siekte nie. Dit is
54 'n ander soort, 'n erger soort siekte. Ek het jou eerstens laat kom omdat sy 'n vrou is wat op
55 haar eie is, en tweedens omdat haar broer 'n priester is. Ek weet nie of sy ooit haar man
56 gevind het nie, maar sy het nie nou 'n man nie.

57 Hy kyk na Kumalo. Dit sal eerder waar wees om te sê, sê hy, dat sy baie mans het.

58 Kumalo sê: *Tixo, Tixo!*

59 - Sy woon in Claremont, nie ver hiervandaan nie. Dit is een van die swakste plekke in
60 Johannesburg. Wanneer die polisie daar was, kan jy die drank in die strate sien afloop. Jy kan
61 dit ruik, jy ruik niks anders nie, waar jy ook al in daardie plek gaan.

62 Hy leun nader aan Kumalo. Ek het voorheen gedrink, sê hy, maar dit was goeie drank,
63 soos dié wat ons pa's gemaak het. Maar nou het ek 'n eed geneem om my mond nooit meer
64 aan drank te sit nie. Dit is slegte drank hierdie, versterk met allerhande middele wat ons
65 mense nooit gebruik het nie. En dit is haar werk, sy maak en verkoop dit. Ek sal niks vir jou
66 wegsteek nie, al is dit nie vir my maklik nie. Hierdie vroue slaap by enige man teen die regte
67 prys. 'n Man is al by haar plek vermoor. Hulle dobbel en drink en steek mekaar met messe.
68 Sy was al meer as een keer in die tronk gewees.

69 Hy leun terug in sy stoel en skuif 'n boek heen en weer oor die tafel. Dit is
70 verskriklike nuus vir jou, sê hy.

71 Kumalo knik sprakeloos, en Msimangu haal sy sigarette uit. Wil jy rook? sê hy.

72 Kumalo skud sy kop. Ek rook nie eintlik nie, sê hy.

73 - Soms maak 'n sigaret 'n mens rustig. Maar daar moet 'n ander soort rustigheid in
74 'n mens wees, dan kan hy vir die lekker rook. Maar in Johannesburg is dit soms moeilik om
75 daardie soort rustigheid te vind.

76 - In Johannesburg? Dit is oral so. Die vrede van God ontgaan ons

77 En hulle altwee is stil, asof daar iets gesê is wat dit moeilik maak om iets anders te sê.

78 Na 'n lang ruk sê Kumalo: Waar is die kind?

79 - Die kind is daar. Maar dit is geen plek vir 'n kind nie. En dit is nog 'n rede
80 waarom ek jou laat kom het. As jy nie die ma kan red nie, kan jy die kind miskien red.

81 - Waar is hierdie plek?

82 - Dit is nie ver hiervandaan nie. Ek sal jou môre soontoe vat.

83 - Ek het nog 'n groot probleem.

84 - Jy kan my vertel.

85 - Ek sal bly wees om jou te vertel.

86 Maar dan is hy stil, en probeer praat, maar hy kan nie. Toe sê Msimangu: Neem jou
87 tyd, my vriend.

88 - Dit is nie maklik nie. Dit is ons grootste bekommernis.

89 - 'n Seun, miskien? Of 'n dogter?

90 - Dit is 'n seun.

91 - Ek luister.

92 - Absalom is sy naam. Hy het ook weggegaan om na my suster te gaan soek, maar
93 hy het nooit teruggekeer nie; en ook – na 'n ruk – het hy nie meer geskryf nie. Ons briewe, sy
94 ma s'n en myne ook, het almal na ons toe teruggekom. En nou, na alles wat jy my vertel het,
95 is ek selfs banger.

96 - Ons sal hom probeer vind, my vriend. Miskien sal jou suster weet. Jy is moeg.
97 Laat ek jou na die kamer toe neem wat ek vir jou gekry het.
98 - Ja, dit sal beter wees.
99 Hulle staan op, en Kumalo sê: Dit is my gebruik om in die kerk te bid. Miskien kan jy
100 my wys waar dit is.
101 - Dit is op ons pad.
102 Kumalo sê nederig: Miskien sal jy vir my bid.
103 - Ek sal dit graag doen. My vriend, ek moet natuurlik aangaan met my werk, maar
104 vir so lank as wat jy hier is, is my hande joune.
105 - Jy is so goed vir my.
106 Iets in die nederige stem moes Msimangu geraak het, want hy sê: Ek is nie gaaf nie.
107 Ek is 'n selfsugtige en sondige man, maar God het sy hande op my gelê, dit is al.
108 Hy tel Kumalo se tas op, maar nog voor hulle die deur bereik, keer Kumalo hom.
109 - Ek het nog een ding om jou te vertel.
110 - Ja.
111 - Ek het 'n broer ook, hier in Johannesburg. Hy skryf ook nie meer nie. John
112 Kumalo, 'n skrynwerker.
113 Msimangu glimlag. Ek ken hom, sê hy. Hy is te besig om te skryf. Hy is een van ons
114 groot politieke leiers.
115 - 'n Politikus? My broer?
116 - Ja, hy is 'n belangrike man in die politiek.
117 Msimangu aarsel. Ek hoop ek sal jou nie verder ontstel nie. Jou broer het geen nut vir
118 die kerk meer nie. Hy sê dat dit wat God nie vir Suid-Afrika gedoen het nie, moet die mens
119 doen. Dit is wat hy sê.
120 - Dit is 'n bittere reis.
121 - Ek kan dit glo.
122 - Soms is ek bang – wat sal die Biskop sê wanneer hy dit hoor? Een van sy
123 priesters.
124 - Wat kan 'n biskop sê? Iets is aan die gebeur wat geen biskop kan stopsit nie. Wie
125 kan keer dat hierdie dinge gebeur? Dit moet voortgaan.
126 - Hoe kan jy so sê? Hoe kan jy sê dit moet voortgaan?
127 - Dit moet voortgaan, sê Msimangu somber. Jy kan die wêreld nie keer om voort te
128 gaan nie. My vriend, ek is 'n Christen. Dit is nie in my hart om 'n wit man te haat nie. Dit
129 was 'n wit man wat my pa uit die duisternis bevry het. Maar jy sal my verskoon as ek reguit

130 met jou praat. Die tragedie is nie dat dinge gebroke is nie. Die tragedie is dat dit nie herstel
131 word nie. Die wit man het die stam opgebreek. En ek glo – en weer vra ek jou om my te
132 verskoon – dat dit nie herstel kan word nie. Maar die gesinne wat gebroke is, en die man wat
133 uitmekaarval wanneer die gesin gebroke is, dit is die tragiese dinge. Dit is waarom kinders
134 die wet oortree, en bejaarde wit mense beroof en aangerand word.

135 Hy vee met sy hand oor sy voorkop.

136 - Dit het die wit man gepas om die stam op te breek, gaan hy somber voort. Maar
137 dit het hom nie gepas om iets in die plek van dit wat afgebreek is, te bou nie. Ek het vir baie
138 ure hieroor nagedink en moet dit sê, want vir my is dit die waarheid. Hulle is nie almal so nie.
139 Daar is sommige wit mense wat hulle lewens gee om dit wat afgebreek is, op te bou.

140 - Maar hulle is nie genoeg nie, sê hy. Hulle is bang; dit is die waarheid. Dit is vrees
141 wat hierdie land regeer.

142 Hy lag verskonend. Hierdie dinge is te veel om nou oor te praat. Dit is dinge waaroor
143 daar rustig en geduldig gepraat moet word. Jy moet vir vader Vincent kry om daaroor te
144 praat. Hy is 'n wit man en kan sê wat gesê moet word. Hy is die een met die seunsgesig, die
145 een wat meer oor jou land wil hoor.

146 - Ek onthou hom.

147 - Hulle gee vir ons te min, sê Msimangu hartseer. Hulle gee vir ons amper niks nie.
148 Kom, laat ons kerk toe gaan.

149

150 *

151 Mev. Lithebe, ek bring my vriend na jou toe. Dit is eerwaarde Stephen Kumalo.

152 - Umfundisi, u is baie welkom. Die kamer is klein, maar skoon.

153 - Daaraan twyfel ek nie.

154 - Goeie nag, my vriend. Sien ek jou more oggend seweur in die kerk?

155 - Beslis.

156 - Daarna neem ek jou om saam met my te gaan eet. Mooi bly, my vriend. Mooi bly,
157 mev. Lithebe.

158 - Mooi loop, my vriend.

159 - Mooi loop, Umfundisi.

160 Sy neem hom na die skoon, klein kamertjie toe en steek vir hom 'n kers op.

161 - As u enigiets nodig het, moet u net vra, Umfundisi.

162 - Ek sê baie dankie.

163 - Goeie nag, Umfundisi.

164 - Goeie nag, ma.
165 Hy staan vir 'n oomblik in die kamer. Agt-en-veertig uur gelede was hy en sy vrou in
166 die verre Ndotsheni besig om sy tas te pak. Vier-en-twintig uur gelede het daardie trein met
167 die hok op sy kop deur 'n onbekende land gedreun. En nou, hier buite, die voortdurende
168 beweging van mense, en daar agter, hoorbaar déúr hulle, die gedruis van die grootstad.
169 Johannesburg. Johannesburg.
170 Kumalo kan dit skaars glo.

6

1 Dit is nie ver na Claremont toe nie. Hulle lê naas mekaar: Sophiatown, waar enigeen eiendom
2 mag besit, die Western Native Township wat aan die Munisipaliteit van Johannesburg
3 behoort, en Claremont, die vullishoop van die trotse stad. Hierdie drie grens in die weste aan
4 die wit woonbuurt Newlands, en in die ooste aan die wit woonbuurt Westdene.
5 - Dit is jammer, sê Msimangu. Ek is nie 'n voorstaander van segregasie nie, maar
6 dit is 'n jammerte dat ons nie apart is nie. Daar loop trems van die middestad af. 'n Deel van
7 die trem is vir wit mense en 'n deel is vir ons, maar ons word gereeld deur jong skoorsoekers
8 van die trems afgegooi. En ons skoorsoekers is ook reg vir moeilikheid.
9 - Maar die owerhede, laat hulle dit toe?
10 - Hulle laat dit nie toe nie. Maar hulle kan nie elke trem dophou nie. En as daar
11 moeilikheid kom, wie kan dan uitvind hoe dit begin het, en wie sal die waarheid praat? Dit is
12 jammer dat ons nie aparte vervoer het nie. Kyk, sien jy daardie groot gebou?
13 - Ek sien hom.
14 - Dit is die gebou van die *Bantoe Pres*, ons koerant. Natuurlik werk daar ook wit
15 mense in die gebou. Dit is 'n gematigde koerant wat nie alles sê wat gesê kan word nie. Jou
16 broer John dink nie veel van die *Bantoe Pers* nie. Hy en sy vriende noem dit die *Bantoe*
17 *Onderdrukpers*.
18 Al pratend loop hulle tot in Claremont en Kumalo is geskok oor hoe vervalde en vuil
19 die plek is, en hoe opmekaar die huise staan, en deur die rommel in die strate.
20 - Sien jy daardie vrou, my vriend?
21 - Ek sien haar.
22 - Sy is een van die bier-koninginne, die drank verkopers. Hulle sê sy is een van die
23 rykste van ons mense in Johannesburg.

24 - En hierdie kinders? Hoekom is hulle nie by die skool nie?

25 - Sommige omdat hulle nie omgee nie, en ander omdat hulle ouers nie omgee nie,
 26 maar baie omdat die skole vol is.

27 Hulle loop met Lilystraat langs, en draai in Hyacinthstraat af. Claremont se
 28 straatname is baie mooi.

29 - Ons is hier, my vriend. Nommer elf. Gaan jy alleen binne?

30 - Dit sal beter wees.

31 - Sodra jy klaar is, sal jy my langsaan, by nommer dertien, kry. Daar woon 'n vrou
 32 van ons kerk; 'n goeie vrou, wat saam met haar man probeer om hul kinders goed groot te
 33 maak. Maar dit is moeilik. Hulle oudste dogter, wat ek voorberei het om in die kerk
 34 aangeneem te word, het weggeloop en woon nou in Pimville, saam met 'n jong leegglêer.
 35 Gaan klop maar aan, my vriend. Jy weet waar om my te kry.

36 Daar is 'n gelag in die huis; die soort gelag waarvoor 'n mens bang is. Miskien omdat
 37 'n mens reeds bang is; miskien omdat dit in der waarheid 'n slegte gelag is. 'n Vroue stem, en
 38 mansstemme. Maar hy klop, en sy maak oop.

39 - Dit is ek, my suster.

40 Hy sien die angs in haar oë. Sy tree terug, en kom nie nader na hom toe nie. Sy draai
 41 weg en sê iets wat hy nie kan hoor nie. Stoele word geskuif, en ander dinge word gevat. Sy
 42 draai haar terug na hom toe.

43 - Ek is besig om reg te maak, my broer.

44 Hulle staan en kyk vir mekaar; hy besorg, sy bang. Sy draai om en kyk in die kamer
 45 rond. 'n Deur gaan toe, en sy sê: Kom in, my broer.

46 Dan eers steek sy haar hand na hom toe uit. Haar hand is koud en nat en daar is geen
 47 lewe in nie.

48 Hulle gaan sit, sy sit woordeloos op haar stoel.

49 - Hier is ek nou, sê hy.

50 - Dit is goed.

51 - Jy het nie geskryf nie.

52 - Nee, ek het nie geskryf nie.

53 - Waar is jou man?

54 - Ek kon hom nie opspoor nie, my broer.

55 - Maar jy het nie geskryf nie.

56 - Dit is waar, ja.

57 - Het jy nie geweet dat ons bekommerd was nie?

58 - Ek het nie geld gehad om te skryf nie.

59 - Nie eens twee pennies vir 'n seël nie?

60 Sy antwoord hom nie. Sy kyk nie vir hom nie.

61 - Maar ek hoor jy is ryk.

62 - Ek is nie ryk nie.

63 - Ek hoor jy was in die tronk gewees.

64 - Dit is waar, ja.

65 - Was dit oor drank?

66 Sy kry 'n bietjie lewe. Sy moet iets doen, sy kan nie so stilbly nie. Sy sê vir hom dat

67 sy onskuldig is. Daar was 'n ander vrou.

68 - Het jy by dié vrou gebly?

69 - Ja.

70 - Waarom het jy by so 'n vrou gebly?

71 - Ek het nie ander blyplek gehad nie.

72 - En jy het haar met haar verkope gehelp?

73 - Ek moes geld hê vir die kind.

74 - Waar is die kind?

75 Sy kyk afwesig rond. Sy staan op en loop na die agterplaas toe. Sy roep, maar die

76 stem wat altyd so soet geklink het, klink nou anders, soos die gelag wat hy in die huis gehoor

77 het. Sy wys haar ware kleure aan hom.

78 - Ek het die kind laat haal, sê sy.

79 - Waar is hy?

80 - Hy sal gaan haal word, sê sy.

81 Daar is ongemak in haar oë, en sy staan en druk met haar vingers teen die muur.

82 Kumalo word al hoe kwater.

83 - Waar gaan ek slaap? vra hy.

84 Die vrees in haar oë is onmiskenbaar. Nou gaan sy haar ware kleure wys. Maar sy

85 woede kry die oorhand, en hy wag nie vir haar antwoord nie.

86 - Jy het ons in die skande gestee, sê hy in 'n fluisterstem. Hy wil dit nie aan die

87 wêreld verkondig nie. 'n Drank verkoper, 'n prostituut, met 'n kind – en jy weet nie eens

88 waar hy is nie. Jou broer 'n priester. Hoe kon jy dit aan ons doen?

89 Sy kyk stuurs na hom, soos 'n gekwete dier.

90 - Ek het gekom om jou terug te neem. Sy val op die vloer neer en huil. Haar gehuil

91 word harder en harder. Sy het geen skaamte nie.

92 - Hulle sal ons hoor, sê hy senuagtig.

93 Sy probeer om haar snikke te bedwing.

94 - Wil jy terugkom?

95 Sy knik. Ek hou nie van Johannesburg nie, sê sy. In Johannesburg is ek siek. Die kind

96 is ook siek.

97 - Wens jy met jou hele hart om terug te kom?

98 Weer knik sy. Sy snik hardop. Ek hou nie van Johannesburg nie, sê sy. Sy kyk na hom

99 met oë vol droefheid, en hoop vlam in sy hart op. Ek is 'n slegte vrou, my broer. Ek is nie 'n

100 vrou wat kan terugkeer nie.

101 Sy oë skiet vol trane, en sy inherente, diepe mensliewendheid neem weer van hom

102 besit. Hy gaan na haar toe en help haar van die vloer af op, na 'n stoel toe. Onhandig streel hy

103 oor haar gesig, sy hart vol medelye.

104 - God vergewe ons, sê hy. Wie is ek dan om nie te vergewe nie. Kom ons bid.

105 Hulle kniel, en hy bid; saggies, sodat die bure nie moet hoor nie, en sy beaam sy

106 bedes met verskeie Amens. En toe Kumalo klaar is, sleur sy haarself in 'n stroom van gebed,

107 vol self-veroordeling en dringende smeking. Aldus versoen, sit hulle hand aan hand.

108 - En nou vra ek jou om hulp, sê hy.

109 - Wat is dit, my broer?

110 - Ons kind. Het jy nie van hom gehoor nie?

111 - Ek het van hom gehoor, my broer. Hy het by een of ander groot plek in

112 Johannesburg gewerk, en hy het in Sophiatown gebly, presies waar weet ek nie. Maar ek weet

113 wie sal weet. Die seun van ons broer John en jou seun was gereeld saam gewees. Hy sal weet.

114 - Ek sal soontoe gaan. En nou, my suster, moet ek uitvind of mev. Lithebe vir jou 'n

115 kamer het. Het jy baie besittings?

116 - Nie baie nie. Hierdie tafel, en daardie stoele, en 'n bed. En 'n paar potte en panne.

117 Dit is al.

118 - Ek sal iemand kry om dit te kom oplaai. Sal jy gereed wees?

119 - Hier is die kind nou, my broer.

120 Aan die hand van 'n ouer meisie kom Kumalo se susterskind die kamer binne. Sy

121 klere is vuil en sy neus loop, en hy sit sy vinger in sy mond, en staar na sy oom met oë so

122 groot soos pierings.

123 Kumalo tel hom op en vee sy neus skoon, en hy soen en druk hom.

124 - Dit sal beter wees vir die kind, sê hy. Hy sal na 'n plek toe gaan waar die wind

125 waai, en waar daar vir hom 'n skool is.

126 - Dit sal beter wees, bevestig sy.

127 - Ek moet gaan, sê hy. Daar is baie om te doen.

128 Kumalo stap na buite, en nuuskierige bure staar hom aan. Dit is 'n umfundisi wat hier

129 was. Hy loop na sy vriend toe, en vertel hom dadelik wat alles gebeur het, en vra hom waar

130 hulle 'n man kan kry om sy suster, haar kind, en haar besittings, te gaan oplaai.

131 - Ons sal nou gaan, sê Msimangu. Ek is bly vir jou onthalwe, my vriend.

132 - Daar is 'n groot las van my skouers af, my vriend. Ek bid dat my ander sake ook

133 so suksesvol sal verloop.

134

135 Daardie middag gaan haal hy haar met 'n vragmotortjie, te midde van 'n skare

136 belangstellende bure wat die affêre luidrugtig en onbeskaamd bespreek; sommige

137 goedkeurend, en sommige met daardie vreemde gelag wat jy dikwels in hierdie buurte hoor.

138 Hy is bly toe die vragmotor gelaai is, en hulle kan ry.

139 Mev. Lithebe neem hulle na hul kamer toe, en terwyl Kumalo na die sendingstasie toe

140 gaan, gee sy vir die ma en kind iets te ete. En daardie nag bid hulle saam in die eetkamer, en

141 mev. Lithebe en Gertrude beaam sy bede met verskeie Amens. Kumalo is so lighartig en

142 opgewek soos 'n kind; gelukkiger as wat hy jare lank was. Hy is nog maar een dag in

143 Johannesburg, en die stam word reeds heropgebou, die huis en die siel word weer heel.

7

1 Al was Gertrude vroeër ryk, is haar rok vuil, en die swart, olierige, gebreide mussie wat sy op

2 haar kop dra, laat Kumalo skaamkry. Al is sy geld min, koop hy vir haar 'n rooi rok en 'n wit

3 ding wat hulle 'n kopdoek noem vir haar kop. Hy koop ook 'n hemp, 'n kortbroek en 'n trui

4 vir die seuntjie. En 'n paar sterk sakdoeke waarmee sy ma sy neus kan skoonhou. Sy

5 Poskantoorboekie is in sy sak, en daar is tien pond in wat hy en sy vrou spaar om die stoof

6 mee te koop wat sy, soos enige vrou, so lankal wil hê. Om tien pond uit 'n salaris van agt

7 pond 'n maand te spaar, neem baie geduld en dit vat lank, veral vir 'n priester wat in netjiese

8 swart klere geklee moet wees. Sy priestersboordjies is bruin en uitgerafel, maar nuwes koop

9 sal nou maar nog 'n rukkie moet wag. Dit is jammer van die tien pond, maar een of ander tyd

10 sal hy daarvan móét gebruik, want 'n treinrit is nie gratis nie en hulle sal seker net 'n pond of

11 twee vir Gertrude se besittings kry. Vreemd dat sy niks van die geld gespaar het wat sy met

12 haar treurige werk verdien het nie; die werk het goed betaal, so word daar gesê.

13 Gertrude help vir mev. Lithebe in die huis en hy kan hoor hoe sy af en toe sing. Die
14 klein seuntjie speel buite in die erf met stukkies bakstene en hout wat 'n bouer agtergelaat
15 het. Die son skyn, en selfs in hierdie groot stad is daar voëls, mossies wat tjirp en in die erf
16 rondvlieg. Maar Msimangu kom in die straat aangestap. Kumalo sit die brief wat hy besig is
17 om aan sy vrou te skryf, opsy: 'n brief oor die treinreis, en die groot stad Johannesburg, en
18 die jong man wat sy pond gesteel het, oor hoe gou hy vir Gertrude opgespoor het, en hoe hy
19 van die seuntjie hou. En bo alles, dat die soektog na hulle seun op hierdie dag begin.

20 - Is jy gereed, my vriend?

21 - Ja, ek is gereed. Ek skryf aan my vrou.

22 - Stuur groete, al ken ek haar nie.

23 Hulle stap met dié straat op, en met 'n ander een af, en met nog 'n straat weer op. Dit
24 is waar wat hulle sê: jy kan met een straat op en met 'n ander straat afloop tot in lengte van
25 dae sonder om ooit twee keer met dieselfde straat langs te loop.

26 - Hier is jou broer se winkel. Sien jy sy naam?

27 - Ja, ek sien hom.

28 - Moet ek saam met jou gaan?

29 - Ja, ek dink dit sal reg wees.

30 Sy broer John sit op 'n stoel en praat met twee ander mans. Hy het vet geword, en sit
31 met sy hande op sy knieë soos 'n hoofman. Hy herken sy broer nie dadelik nie, want hy kyk
32 in teen die lig wat van die straat af op sy besoekers se rûe val.

33 - Goeie more, my broer.

34 - Goeie more, Meneer.

35 - Goeie more, my eie broer, seun van ons moeder.

36 John Kumalo kyk stip na hom en glimlag van oor tot oor terwyl hy opstaan.

37 - My eie broer. Wel, wel... kan jy nou meer! Wat maak jy in Johannesburg?

38 Kumalo kyk na die besoekers. Ek is hier op 'n sakebesoek, sê hy.

39 - Ek is seker my vriende sal ons verskoon. My eie broer, die seun van ons moeder,
40 is hier.

41 Die twee mans staan op en almal sê mooi bly en mooi loop.

42 - Ken jy vir eerwaarde Msimangu, my broer?

43 - Wel, hy is aan almal bekend. Almal ken die eerwaarde Msimangu. Sit, menere. Ek
44 dink ons moet 'n bietjie tee drink.

45 Hy gaan na die deur toe en roep na agter toe.

46 - Hoe gaan dit met jou vrou, my broer, met Esther?

47 John Kumalo glimlag veelseggend. My vrou, Esther, het my tien jaar gelede verlaat,
48 my broer.

49 - En het jy weer getrou?

50 - Wel, nie wat die kerk trou noem nie, jy weet. Maar sy is 'n goeie vrou.

51 - Jy het niks hieroor geskryf nie, Broer.

52 - Nee, hoe kon ek skryf? Julle daar in Ndotsheni verstaan nie hoe die lewe hier in
53 Johannesburg is nie. Ek het gedink dis beter om nie te skryf nie.

54 - Dit is waarom jy ophou skryf het?

55 - Wel, dit kan wees waarom ek opgehou het. Moeilikhed, Broer, onnodige
56 moeilikhed.

57 - Maar ek verstaan nie. Hoe is die lewe in Johannesburg dan anders?

58 - Wel, dít is moeilik. Gee jy om as ek Engels praat? Ek kan hierdie dinge beter in
59 Engels verduidelik.

60 - Praat dan Engels, Broer.

61 - Jy sien, ek het iets hier in Johannesburg ervaar. Dit is nie soos Ndotsheni nie. Jy
62 moet hier bly om dit te kan verstaan.

63 Hy kyk na sy broer. Iets nuuts is hier aan die gebeur, sê hy.

64 Hy gaan nie sit nie, maar begin om in 'n vreemde stem te praat. Hy loop heen en
65 weer, en kyk deur die venster in die straat in, en na die plafon toe op, en na die hoeke van die
66 kamer, asof dáár iets is wat daar uitgehaal moet word.

67 - Daar in Ndotsheni is ek niemand nie, net soos jy niemand is nie, my broer. Ek is
68 onderworpe aan die hoofman, wat 'n onkundige man is. Ek moet hom eer en voor hom buig,
69 maar hy is 'n ongeletterde man. Hier in Johannesburg is ek iemand van belang, met 'n bietjie
70 invloed. Ek besit my eie besigheid, en wanneer dit goed gaan kan ek tien, twaalf pond per
71 week maak.

72 Hy begin vorentoe en agtertoe wieg; hy praat nie met hulle nie, hy praat met mense
73 wat nie daar is nie.

74 - Ek sê nie dat ons hier vry is nie. Ek sê nie ons is vry soos mense veronderstel is
75 om te wees nie. Maar ten minste is ek nie aan die hoofman onderdanig nie. Ten minste is ek
76 vry van 'n ou en onkundige man, wat niks anders as 'n wit man se hond is nie. Deur hom
77 word 'n illusie geskep, 'n illusie wat veroorsaak dat iets bymekaar gehou word wat die wit
78 man bymekaar wil hou. Hy glimlag slu en veelseggend, en spreek sy besoekers 'n oomblik
79 lank direk aan.

80 - Maar dit word nie bymekaargehou nie, sê hy. Dit val uitmekaar – julle tradisionele
81 samelewing. Dit is hier in Johannesburg waar 'n nuwe samelewing gebou word. Hier is iets
82 aan die gebeur, my broer.

83 Hy wag 'n oomblik, en sê dan: Ek wil julle nie aanstoot gee nie, Menere, maar die
84 kerk is ook soos die hoofman. Jy moet só en só en só maak. Jy is nie vry om dinge te kan
85 ervaar nie. 'n Man moet getrou en verdraagsaam en onderhorig wees, en hy moet die wette
86 gehoorsaam, ongeag wat die wette bepaal. Dit is waar dat die kerk goeie dinge doen, en dat
87 die biskoppe teen die wette praat. Maar dit doen hulle al vyftig jaar lank, en dinge word erger,
88 nie beter nie.

89 Sy stem word harder, en weer praat hy met mense wat nie daar is nie. Hier in
90 Johannesburg is dit die myne, sê hy, alles is die myne. Die hoë geboue, die wonderlike
91 stadsaal, die pragtige Parktown met sy pragtige huise, al hierdie dinge is met die goud uit die
92 myne gebou. Hierdie wonderlike hospitaal vir wit mense, die grootste hospitaal suid van die
93 ewenaar, hy is gebou met die goud uit die myne.

94 Sy stem verander, dit word harder, soos die stem van 'n bul of 'n leeu. Gaan na ons
95 hospitaal toe, sê hy, en kyk hoe ons mense op die vloere lê. Hulle lê so opmekaar dat jy nie
96 oor hulle kan klim nie. Maar dit is hulle wat die goud uitgrawe. Vir drie sjielings 'n dag. Ons
97 kom uit die Transkei, en uit Basoetoland, en uit Betsjoeanaland, en uit Swaziland, en uit
98 Zululand. En ook uit Ndotsheni. Ons bly in die kampongs, ons moet ons vroue en kinders
99 agterlaat. En wanneer die nuwe goud gevind word, is dit nie ons wat meer vir ons arbeid sal
100 kry nie. Dit is die wit man se aandele wat sal styg, jy sal dit in al die koerante lees. Hulle
101 word gek wanneer nuwe goud gevind word. Hulle bring meer van ons om in die kampongs te
102 bly, om vir drie sjielings 'n dag ondergronds te grawe. Hulle dink nie dat dit 'n kans bied om
103 ons meer vir ons arbeid te betaal nie. Hulle dink net dat dit 'n kans bied om 'n groter huis te
104 bou en 'n groter kar te koop. Dit is belangrik om goud te vind, sê hulle, want die hele Suid-
105 Afrika is op die myne gebou.

106 Hy grom, en sy stem word diep, soos die gerommel van donderweer. Maar dit is nie
107 op die myne gebou nie, sê hy, dit is op óns rûe gebou, op óns sweet, op óns arbeid. Elke
108 fabriek, elke teater, elke pragtige huis, hulle is almal deur ons gebou. En wat weet 'n
109 hoofman hiervan? Maar hier in Johannesburg weet hulle.

110 Hy stop, en is stil. En sy besoekers is ook stil, want daar is iets in sy stem wat 'n mens
111 noop om stil te wees. En Stephen Kumalo sit sonder om 'n woord te sê, want wat hy hier
112 sien, is 'n nuwe broer.

113 John Kumalo kyk na hom. Die Biskop sê dat dit verkeerd is, sê hy, maar hy bly in 'n
114 groot huis, en sy wit priesters kry vier, vyf, ses keer soveel as wat jy kry, my broer.

115 Hy gaan sit, en haal 'n groot rooi sakdoek uit om sy gesig mee af te vee.

116 - Dit is my ondervinding, sê hy. Dit is waarom ek nie meer kerk toe gaan nie.

117 - En dit is waarom jy nie meer geskryf het nie?

118 - Wel, dit kan die rede wees.

119 - Dit, en jou vrou Esther?

120 - Ja, miskien altwee. Dit is moeilik om sulke dinge in 'n brief te verduidelik. Ons
121 het ander gebruike hier.

122 En Msimangu sê: Is daar enige gebruike hier?

123 John Kumalo kyk na hom. Hier is 'n nuwe ding aan die groei, sê hy. Sterker as enige
124 kerk of hoofman. Eendag sal jy dit sien.

125 - En jou vrou? Waarom het sy geloop?

126 - Wel, sê John Kumalo met sy veelseggende glimlag. Sy het nie my nuwe lewe
127 verstaan nie.

128 - Jy bedoel, sê Msimangu koel, dat sy in getrouheid glo?

129 - John kyk wantrouig na hom. Getrouheid, sê hy. Maar Msimangu sien dat hy nie
130 verstaan nie.

131 - Miskien moet ons weer Zulu praat, sê hy.

132 Are van woede bult op sy groot bulnek, en wie weet watter woedende woorde hulle
133 sou wissel as Stephen Kumalo nie vinnig tussenbeide getree het nie.

134 - Hier is die tee, my broer. Dit is gaaf van jou.

135 Die vrou word nie voorgestel nie, maar hou die skinkbord nederig vir elkeen. Nadat
136 sy geloop het, praat Kumalo met sy broer.

137 - Ek het aandagtig na jou geluister, my broer. Baie van die dinge wat jy sê, maak
138 my ongelukkig; deels oor die manier waarop jy dit sê, en deels omdat baie daarvan waar is.
139 En nou het ek iets om van jou te vra. Maar ek moet jou eers vertel dat Gertrude saam met my
140 hier is. Sy kom terug na Ndotsheni toe.

141 - Wel, ek sal nie sê dat dit 'n slegte ding is nie. Johannesburg is nie 'n plek vir 'n
142 vrou op haar eie nie. Ek het self probeer om haar te oortuig, maar sy het nie saamgestem nie,
143 daarom het ons mekaar nie weer opgesoek nie.

144 - En nou moet ek jou vra. Waar is my seun?

145 Daar is iets soos ongemak in John se oë. Hy haal weer sy sakdoek uit.

146 - Wel, jy het seker gehoor dat hy met my seun bevriend was?

147 - Ek het dit gehoor.

148 - Wel, jy weet hoe hierdie jong manne is. Ek neem hulle nie heeltemal kwalik nie.

149 Jy sien, my seun het nie goed oor die weg gekom met sy tweede ma nie. Waaroor dit gegaan

150 het, kon ek nooit uitvind nie. Hy het ook nie met sy ma se kinders oor die weg gekom nie. Ek

151 het baie keer probeer om dinge uit te pluig, maar ek het dit nie reggekry nie. Toe sê hy dat hy

152 gaan loop. Hy het 'n goeie werk gehad, daarom het ek hom nie gekeer nie. En jou seun het

153 saam met hom gegaan.

154 - Waarheen, my broer?

155 - Ek weet nie so mooi nie. Maar ek het gehoor dat hulle 'n kamer in Alexandra het.

156 Wag 'n bietjie. Hulle het albei vir 'n fabriek gewerk. Ek onthou. Wag, dan kyk ek gou in die

157 telefoonboek.

158 Hy gaan na 'n tafeltjie toe en daar sien Kumalo die telefoon. Hy is nogal trots daarop

159 om die broer te wees van 'n man wat só iets het.

160 - Hier is dit. Doornfontein Textiles Company. Krausestraat 14. Ek sal dit vir jou

161 neerskryf, my broer.

162 - Kan ons hulle nie bel nie? vra Kumalo huiwerig.

163 Sy broer lag. Waarvoor? vra hy. Om te vra of Absalom Kumalo daar werk? Of om te vra of

164 hulle hom na die telefoon toe sal roep? Of om te vra of hulle sy adres vir ons sal gee?

165 - Hulle doen nie sulke dinge vir 'n swart man nie, my broer.

166 - Dit maak nie saak nie, sê Msimangu. My hande is joune, my vriend.

167 Hulle groet en loop uit, straat toe.

168 - Ja, daar het jy dit.

169 - Ja, daar het ons dit.

170 - Hy is 'n groot man in hierdie plek – jou broer. Sy winkel is altyd vol mans, besig

171 om só te praat soos jy gehoor het. Maar hulle sê jy moet hom by 'n vergadering hoor; hy en

172 Dubula en 'n bruin man wat Tomlinson genoem word. Hulle sê hy praat soos 'n bul, en brul

173 soos 'n leeu in sy keel, en hy kan mense opstook as hy wil. Maar daarvoor, sê hulle, het hy

174 nie genoeg moed nie, want hy sal definitief tronk toe gestuur word.

175 - Ek sal jou een ding vertel, gaan Msimangu voort. Baie van die dinge wat hy gesê

176 het, is waar.

177 Hy gaan staan botstil in die straat en praat saggies en ernstig met sy vriend. Omdat die

178 wit man mag het, wil ons ook mag hê, sê hy. Maar wanneer 'n swart man mag kry, wanneer

179 hy geld kry, is hy 'n merkwaardige man as hy nie korrup word nie. Ek sien dit dikwels. Hy

180 wil mag en geld hê om dit wat verkeerd is mee reg te maak, en wanneer hy dit kry – ja, dan

181 geniet hy die mag en die geld. Nou kan hy sy begeertes bevredig, nou kan hy planne maak
182 om witmansdrank in die hande te kry, hy kan met skares praat en hulle hoor hande klap.
183 Sommige van ons dink wanneer ons die mag het sal ons ons wreek op die wit man wat die
184 mag gehad het, en omdat ons begeerte korrup is, word ons korrup, en beteken ons mag niks
185 nie. Maar die meeste wit mense is nie van hierdie waarheid omtrent mag bewus nie, en hulle
186 is bang dat ons die mag sal kry.

187 Hy staan asof hy sy uitleg toets. Ja, dit is die waarheid oor mag, sê hy. Maar daar is
188 net een ding wat oor volkome mag beskik, en dit is die liefde. Want wanneer 'n man liefhet,
189 begeer hy geen mag nie, en juis daarom het hy mag. Die enigste hoop wat ek vir ons land
190 sien, is as wit mense en swart mense nie mag en geld begeer nie, maar deur net die beste vir
191 hulle land te wil hê, saamwerk om dit te bereik.

192 Hy is stil en ernstig, en dan sê hy somber: ek het een groot vrees in my hart, en dit is
193 dat hulle, eendag, wanneer hulle in liefde na ons toe draai, sal vind dat ons tot haat gedryf is.

194 - Dit is nie die pad na Doornfontein toe nie, sê hy. Kom, ons moet opskud.

195 En Kumalo volg hom stilweg, bedruk deur die ernstige en somber woorde.

196

197

*

198 Maar hulle het nie sukses behaal in Doornfontein nie, al het die wit mense hulle met respek
199 behandel. Msimangu weet hoe om met wit mense te onderhandel, en hulle het baie moeite
200 gedoen, en uitgevind dat Absalom Kumalo hulle omtrent twaalf maande gelede verlaat het.
201 Een van hulle het onthou dat Absalom met een van hulle werkers, Dhlamini, bevriend was, en
202 hulle het hom laat roep. Hy het aan hulle vertel dat toe hy laas gehoor het, Absalom by 'n
203 mev. Ndlela in Endstraat, Sophiatown, gebly het. Endstraat is die straat wat Sophiatown van
204 die wit voorstad Westdene skei. Hy was nie seker nie, maar hy dink dat die huisnommer 105
205 is.

206 Hulle keer dus na Sophiatown toe terug en kry wel vir mev. Ndlela by Endstraat 105.
207 Sy ontvang hulle met 'n rustige vriendelikheid; haar kinders kruip agter haar romp weg en
208 loer van daar na die besoekers. Maar Absalom is nie daar nie, sê sy. Maar wag, sy het 'n brief
209 van hom gekry met 'n navraag oor die besittings wat hy agtergelaat het. Terwyl Kumalo met
210 haar kinders speel, en Msimangu met haar man gesels, gaan haal sy 'n groot boks vol papiere
211 en ander besittings, en soek na die brief. En terwyl sy na die brief soek, en Msimangu haar
212 vriendelike maar moeë gesig dophou, sien hy dat sy 'n oomblik lank ophou soek en na
213 Kumalo kyk, 'n bietjie nuuskierig, en 'n bietjie medelydend. Uiteindelik vind sy die brief, en
214 wys vir hulle die adres: p.a. Mev. Mkize, Drie-en-twintigste Laan 79, Alexandra.

215 Toe moet hulle eers 'n koppie tee drink, en is dit donker nog voor hulle opstaan om te
216 loop, en loop haar man saam met Kumalo buitentoe tot in die straat.
217 - Waarom het u met medelye na my vriend gekyk? vra Msimangu aan die vrou.
218 Sy kyk af, en dan weer op. Hy is 'n umfundisi, sê sy.
219 - Ja.
220 - Ek het nie van sy seun se vriende gehou nie. My man ook nie. Dit is waarom hy
221 ons verlaat het.
222 - Ek verstaan u. Was daar enigiets erger?
223 - Nee. Ek het niks gesien nie. Maar ek het nie van sy vriende gehou nie.
224 Haar gesig is eerlik en oop, en sy kyk nie weer af nie.
225 - Goeienag, ma.
226 - Goeienag, Umfundisi.
227 Buite in die straat groet hulle die man en pak hulle die pad terug na die sendingstasie
228 toe aan.
229 - More, sê Msimangu, gaan ons Alexandra toe.
230 Kumalo sit sy hand op sy vriend se arm. Dit is slegte dinge wat my Johannesburg toe
231 gebring het. Maar ek vind jou geselskap baie aangenaam.
232 - Ja, sê Msimangu, ja, ons moet opskud of ons gaan laat wees vir aandete.

1

8

1 Die volgende oggend, nadat hulle by die sendingstasie geëet het, vertrek Msimangu en
2 Kumalo na die groot, breë pad, daar waar die busse loop.
3 - Hier is elke bus die regte bus, sê Msimangu.
4 Kumalo glimlag, want dit is 'n grappie oor hom en sy vrees dat hy op die verkeerde
5 bus sal klim.
6 - Al hierdie busse gaan na Johannesburg toe, sê Msimangu. Jy hoef hier nie bang te
7 wees dat jy op die verkeerde bus sal klim nie.
8 Hulle vat die eerste bus wat kom, en hy neem hulle na die plek toe waar Kumalo sy
9 pond verloor het. En toe loop hulle deur baie strate vol karre en busse en mense, tot by die
10 bushalte na Alexandra. Maar hier duik 'n onverwagse hindernis op. 'n Man kom na hulle toe
11 en vra vir Msimangu: Gaan u Alexandra toe, Umfundisi?
12 - Ja, my vriend.

13 - Ons is hier om u te keer, Umfundisi. Nie deur geweld nie, want soos u kan sien –
 14 en hy beduie – is die polisie hier om dit te verhoed. Maar deur u te oorreed. Indien u hierdie
 15 bus gebruik, verswak u die saak van die swart mense. Ons het besluit om nie hierdie busse te
 16 gebruik nie tot die busgeld weer na vier pennies toe verlaag word.

17 - Ja, inderdaad, ek het daarvan gehoor.
 18 Hy draai na Kumalo toe.

19 - Ek was baie dom, my vriend. Ek het vergeet dat daar geen busse is nie; of liever:
 20 ek het van die busboikot vergeet.

21 - Ons sake is baie dringend, sê Kumalo nederig.

22 - Die boikot is ook dringend, sê die man beleefd. Hulle wil hê dat ons ses pennies
 23 moet betaal, dit is een sjieling per dag. Ses sjielings per week, en sommige van ons kry net
 24 vyf-en-dertig of veertig sjielings.

25 - Is dit ver om te loop? vra Kumalo.

26 - Dit is 'n ver ent, Umfundisi. Elf myl.

27 - Dit is 'n ver ent vir 'n ou man.

28 - Mans so oud soos u doen dit elke dag, Umfundisi. En vroue, en mense wat siek is,
 29 en mense wat kreupel is, en kinders. Hulle begin soggens vieruur stap, en hulle is nie voor
 30 agtuur saans terug nie. Hulle eet 'n stukkie kos, en hulle kop het skaars die kussing geraak
 31 voor hulle moet opstaan en weer begin, soms met niks anders in hul mae as warm water nie.
 32 Ek kan julle nie keer om op 'n bus te klim nie, Umfundisi, maar dít is 'n saak om voor te veg.
 33 As ons verloor, sal hulle in Sophiatown en Claremont en Kliptown en Pimville meer moet
 34 betaal.

35 - Ek verstaan u goed. Ons sal nie met die bus ry nie.
 36 Die man bedank hulle en gaan na 'n ander voornemende reisiger toe.

37 - Die man is 'n goeie spreker, sê Kumalo.

38 - Dit is die beroemde Dubula, sê Msimangu sag. 'n Vriend van jou broer John.
 39 Maar hulle sê – verskoon my, my vriend – dat Tomlinson die verstand het, en jou broer die
 40 stem, maar dat hierdie man die hart het. Hy is die een vir wie die regering bang is, want hy is
 41 nie bang nie. Hy wil self niks hê nie. Hulle sê dat hy sy eie werk prysgegee het om self by die
 42 bushalte te kan wees om die mense te oorreed om nie bus te ry nie, en sy vrou doen dieselfde
 43 by die ander bushalte in Alexandra.

44 - Dit is iets om op trots te wees. Johannesburg is 'n plek van wonders.

45 - Hulle was kerkmense, sê Msimangu met spyt, maar hulle is dit nie meer nie. Net
46 soos jou broer sê hulle dat die kerk mooipraatjies praat maar niks doen nie. Wel, my vriend,
47 wat doen ons nou?

48 - Ek is bereid om te stap.

49 - Elf myl, en elf myl terug. Dit is 'n lang reis.

50 - Ek is bereid. Jy moet verstaan dat ek bekommerd is, my vriend. Hierdie
51 Johannesburg – dit is geen plek vir 'n seun om op sy eie te wees nie.

52 - Goed. Laat ons dan begin.

53 Toe loop hulle baie myle ver deur die wit stad, met Twiststraat op tot by die
54 Clarendon sirkel, en met Louis Botha af, na Orange Grove toe. En die karre en die
55 vragmotors hou nooit op om heen en weer te ry nie. Na 'n lang ruk hou 'n kar stil en 'n wit
56 man praat met hulle.

57 - Waarheen gaan julle twee? vra hy.

58 - Na Alexandra toe, Meneer, sê Msimangu terwyl hy sy hoed afhaal.

59 - Ek het so gedink. Klim in.

60 Dit het hulle baie gehelp, en by die afrit na Alexandra toe betuig hulle hul dank.

61 - Dit is 'n lang reis, sê die wit man. En ek weet dat julle nie busse het nie.

62 Hulle staan en kyk met die verwagting dat hy verder gaan aanry, maar hy ry nie
63 verder aan nie. Hy maak 'n U-draai en is spoedig op pad terug na Johannesburg toe.

64 - Nou toe nou, sê Msimangu, dit is verbasend.

65 Dit is nog ver na Drie-en-twintigste-laan toe, en soos hulle straat na straat verder loop,
66 verduidelik Msimangu dat Alexandra buite die grense van Johannesburg lê, en 'n plek is waar
67 'n swart man 'n erf kan koop en eiendom kan besit. Maar die strate word nie in stand gehou
68 nie, en daar is nie ligte nie, en die aanvraag na akkommodasie is só groot dat elke man, as hy
69 kan, kamers in sy erf bou en hulle aan ander uitverhuur. Baie van hierdie kamers is die
70 wegkruipplekke van skelms en rowers, en daar is baie prostitusie, en baie onwettige
71 bierbrouery.

72 - Hierdie dinge is so sleg, sê Msimangu, dat die wit mense van Orange Grove en
73 Norwood en Highlands North 'n petisie opgestel het om geheel en al met die plek weg te
74 doen. Een van ons jong seuns het 'n ou, wit vrou se handsak daar gegryp, en sy het op die
75 grond neergeval en net daar doodgegaan van skok en vrees. En daar was 'n vreeslike geval
76 van 'n wit vrou wat alleen in 'n huis nie ver hier vandaan gebly het nie, en omdat sy haar
77 teëgesit het teen 'n paar van ons jong manne wat ingebreek het, het hulle haar doodgemaak.
78 Ander kere word wit mans en vroue wat in die donker onder die bome op die Pretoriapad in

79 hulle karre sit, deur ons jong manne beroof en aangeval, soms selfs die vroue. Dit is waar dat
80 hulle dikwels slegte vroue is, maar dit is die een misdaad waaroor ons nie durf praat nie.

81 - Dit herinner my, sê hy, aan 'n ander voorval aan die ander kant van Johannesburg.
82 Een van my vriende bly daar in 'n huis wat alleen staan langs die Potchefstroompad. Dit was
83 'n koue winternag, en dit was nog lank voor die oggend, toe daar 'n klop aan die deur is. Dit
84 was 'n vrou wat geklop het, 'n wit vrou, met skaars 'n flenter klere om haar lyf mee te bedek.
85 Die stukkies klere wat sy aangehad het, was geskeur, en sy het dit met haar hande
86 bymekaargehou om haar naaktheid te bedek, en sy was blou van die koue. 'n Wit man het
87 haar dit aangedoen: haar in sy kar ingedwing, en nadat hy sy behoeftes bevredig het – of nie,
88 ek kan nie sê nie, ek was nie daar nie – het hy haar in die koue uitgegooi, met net daardie
89 paar flenters aan, en teruggery na Johannesburg toe. Wel, my vriend en sy vrou het vir haar 'n
90 ou rok gekry, en 'n ou jas, en water gekook vir tee, en haar in komberse toegedraai. Die
91 kinders was wakker, en het vrae gevra, maar my vriende het vir hulle gesê om te gaan slaap,
92 en wou hulle nie laat inkom om te sien wat aangaan nie. Toe het my vriend in die donker na
93 'n wit boer se huis toe gegaan, nie baie ver daarvandaan nie. Die honde was kwaai en hy was
94 bang, maar hy het deurgedruk, en toe die wit man uitkom, het hy hom van die moeilikheid
95 vertel, en dat dit die soort ding was wat stil-stil opgelos moes word. Die wit man het gesê: Ja,
96 ek sal kom. Hy het sy kar uitgetrek, en hulle is terug na my vriend se huis toe. Die wit vrou
97 wou dankie sê deur geld te gee, maar sy het nie geld by haar gehad nie. My vriend en sy vrou
98 het albei vir haar gesê dat dit nie 'n saak vir geld is nie. Die wit man het vir my vriend gesê –
99 hy het dit twee keer gesê – Jy is 'n goeie kaffer. Iets het hom geraak, en hy het dit in dié
100 woorde wat hy geken het, gesê.

101 - Ek is ook geraak.

102 - Wel, ek was besig om jou van die petisie te vertel. Ons wit vriende het teen die
103 petisie geveg, want hulle het gesê dat die goeie dinge van Alexandra meer is as die slegte
104 dinge. Dat dit iets is om 'n plek van jou eie te besit, en 'n huis om jou kinders in groot te
105 maak, en 'n plek waarin jy 'n sê het, sodat 'n man iets is in die land waarin hy gebore is.
106 Professor Hoernlé – hy is dood, mag hy in vrede rus – hy was die groot vegter vir ons. Ja, dit
107 is jammer dat jy hom nie kon hoor nie. Want hy het Tomlinson se verstand, en jou broer se
108 stem, en Dubula se hart gehad, alles in een man verenig. Wanneer hy gepraat het, was daar
109 geen wit man wat teen hom kon praat nie. Ja, ek onthou dit nou nog. Hy sou sê dat dít hier is,
110 en dat dát daar is, en dat dít daar ver, in die verte is. En daar was nie 'n man wat hierdie dinge
111 selfs net 'n duim kon skuif van die plekke waar hy hulle neergesit het nie. Engelsman of
112 Afrikaner, almal moes voor sy oorredingskrag buig.

113 Msimangu haal sy sakdoek uit en vee sy gesig af. Ek het baie gepraat, sê hy, tot voor
114 die einste huis waarna ons soek.

115 'n Vrou maak vir hulle die deur oop. Sy groet nie, en na hulle verduidelik het waarom
116 hulle daar is, laat sy hulle teësinnig binne

117 - U sê dat die seun nie meer hier is nie, mev. Mkize?
118 - Ja, ek weet nie waarheen hy gegaan het nie.
119 - Wanneer het hy geloop?
120 - Soveel maande gelede. Dit moet 'n jaar wees.
121 - En het hy 'n vriend gehad?
122 - Ja, 'n ander Kumalo. Die seun van sy pa se broer. Maar hulle het saam geloop.
123 - En u weet nie waarheen hulle gegaan het nie?
124 - Hulle het van baie plekke gepraat. Maar u weet hoe hierdie jong manne praat.
125 - Hoe het hy hom gedra, hierdie jong man, Absalom? Vra Kumalo.
126 Daar is vrees in haar oë. Ook in Kumalo se oë is daar nou vrees. Daar is vrees, hier in
127 hierdie huis.

128 - Ek het niks vreemds gesien nie, sê sy.
129 - Maar u het vermoed dat daar iets verkeerd was?
130 - Daar was niks verkeerd nie, sê sy.
131 - Waarom is u dan bang?
132 - Ek is nie bang nie, sê sy.
133 - Waarom bewe u dan? vra Msimangu.
134 - Ek kry koud, sê sy.

135 Sy kyk stuurs na hulle. Sy is op haar hoede.

136 - Ons sê dankie, sê Msimangu. Mooi bly.
137 - Mooi loop, sê sy.

138 Buite in die straat praat Kumalo.

139 - Daar is iets fout, sê hy.
140 - Ek ontken dit nie. My vriend, twee van ons is te veel vir haar. Draai links in die
141 groot straat en loop teen die opdraande uit, daar sal jy 'n plek kry waar 'n mens iets kan
142 drink. Wag daar vir my.

143 Die ou man loop swaarmoedig, en Msimangu volg hom stadig tot hy om die hoek
144 loop. Toe draai Msimangu om en gaan na die huis toe terug.

145 Sy maak weer vir hom oop, so stuurs soos vantevore. Noudat sy herstel het, is sy meer
146 stuurs as wat sy bang is.

147 - Ek is nie van die polisie nie, sê hy. Ek het niks met die polisie te doene nie, en ek
148 wil niks met hulle te doen hê nie. Maar daar is 'n ou man wat swaarkry omdat hy nie sy seun
149 kan opspoor nie.

150 - Dit is 'n slegte ding, sê sy. Maar sy praat soos iemand praat wat so móét praat.

151 - Dit is 'n slegte ding, sê hy, en ek kan nie hier weggaan voor u my vertel het wat u
152 nie wou vertel nie.

153 - Ek het niks om te vertel nie, sê sy.

154 - U het niks om te vertel nie omdat u bang is. En u bewe nie omdat dit koud is nie.

155 - En hoekom bewe ek dan? vra sy.

156 - Dit weet ek nie. Maar ek sal nie loop voor ek uitgevind het nie. En as dit nodig is,
157 sal ek tóg polisie toe gaan, want daar sal geen ander plek wees om heen te gaan nie.

158 - Dit is moeilik vir 'n vrou wat op haar eie is, sê sy wrewelig.

159 - Dit is moeilik vir 'n ou man wat na sy seun soek.

160 - Ek is bang, sê sy.

161 - Hy is ook bang. Kon u nie sien dat hy bang is nie?

162 - Ek kon dit sien, Umfundisi.

163 - Vertel my dan, watter soort lewe het hulle hier gelei, hierdie twee jong manne?
164 Maar sy bly stil, met die vrees in haar oë, en baie na aan trane. Hy kan sien dat dit moeilik
165 gaan wees om haar vertrou te wen.

166 - Ek is 'n priester. Vertrou u my nie? Maar sy bly stil.

167 - Het u 'n Bybel?

168 - Ek het 'n Bybel.

169 - Dan sal ek op die Bybel sweer.

170 Maar sy bly stil tot hy weer sê: Ek sal op die Bybel sweer. Omdat hy haar nie uitlos
171 nie, staan sy wankelmoedig op en gaan na 'n kamer agter in die huis toe. En na 'n rukkie kom
172 sy terug met die Bybel in haar hand.

173 - Ek is 'n priester, sê hy. My ja was nog altyd my ja, en my nee, nee. Maar omdat u
174 dit so wil hê, en omdat 'n ou man bang is, sweer ek op hierdie Boek dat u geen moeilikheid
175 sal kry nie, want ons soek maar net 'n seun. So help my *Tixo*.

176 - Watter soort lewe het hulle gelei? vra hy.

177 - Hulle het baie dinge hierheen gebring, Umfundisi, laat in die nag. Daar was klere,
178 en horlosies, en geld, en kos in bottels, en baie ander dinge.

179 - Was daar ooit bloed aan hulle gewees?

180 - Ek het nooit bloed aan hulle gesien nie, Umfundisi.

181 - Dit is iets. Nie veel nie, maar iets.

182 - En waarom het hulle geloop? vra hy.

183 - Ek weet nie, Umfundisi. Maar ek dink die dag wat hulle uitgevang sou word, was

184 naby.

185 - En wanneer het hulle geloop?

186 - Omtrent 'n jaar gelede, Umfundisi. Soos ek gesê het.

187 - En hier op hierdie Boek, sal u sweer dat u nie weet waarheen hulle gegaan het

188 nie?

189 Sy wil haar hand op die Boek sit, maar: Dit maak nie saak nie, sê hy. Hy sê mooi bly,

190 en begin haastig na sy vriend toe stap. Maar sy roep agterna:

191 - Hulle was vriende met die taxibestuurder, Hlabeni. Hy bly naby die bushalte.

192 Almal ken hom.

193 - Daarvoor sê ek dankie. Mooi bly, mev. Mkize.

194 Hy kry sy vriend by die plek waar mens koeldrank kan koop.

195 - Het jy nog iets uitgevind? vra die ou man gretig.

196 - Ek het van 'n vriend van hulle gehoor, die taxibestuurder Hlabeni. Laat ek net eers

197 eet, dan gaan ons hom soek.

198 Nadat Msimangu klaar geëet het, gaan hy na 'n man toe en vra waar hy vir Hlabeni,

199 die taxibestuurder, kan kry. Daar sit hy in sy taxi op die hoek, sê die man. Msimangu loop na

200 die taxi toe, en sê vir die man wat in die taxi sit: Goeie middag, my vriend.

201 - Goeie middag, Umfundisi.

202 - Ek het 'n taxi nodig, my vriend. Hoeveel vra u vir 'n rit Johannesburg toe? Vir

203 my en 'n vriend?

204 - Vir u, Umfundisi, moet ek elf sjielings vra.

205 - Dit is baie geld.

206 - 'n Ander taxi sal vyftien of twintig sjielings vra.

207 - My vriend is oud en moeg. Ek sal u elf sjielings betaal.

208 Die man wil sy motor aansluit, maar Msimangu keer hom. Ek het gehoor, sê hy, dat u

209 my kan help om 'n jong man, Absalom Kumalo, te vind.

210 Wees verseker dat dié man ook bang is. Maar Msimangu stel hom gou gerus. Ek is nie

211 hier om moeilikheid te maak nie, sê hy. Ek gee u my woord dat ek nie vir u of vir my

212 moeilikheid wil veroorsaak nie. Maar my vriend, die ou man wat moeg is, is die pa van

213 hierdie jong man, en hy het van Natal af gekom om hom te vind. Oral waar ons kom, word

214 daar vir ons gesê om êrens anders heen te gaan, en die ou man is bekommerd.

215 - Ja, ek het die jong man geken.

216 - En waar is hy nou, my vriend?

217 - Ek het gehoor hy het na Orlando toe gegaan, en hy bly daar tussen die plakkers in
218 die plakkerskamp. Maar meer as dit weet ek nie.

219 - Orlando is 'n groot plek, sê Msimango.

220 - Waar die plakkers bly is dit nie so groot nie, Umfundisi. Dit behoort nie moeilik te
221 wees om hom te kry nie. Daar is mense van die munisipaliteit wat tussen die plakkers werk,
222 en hulle ken almal. Kan u nie vir een van hulle vra nie?

223 - Daar het u my gehelp, my vriend. Ek ken sommige van daardie mense. Kom, ons
224 sal jou taxi vat.

225 Hy roep vir Kumalo, en sê vir hom dat hulle met die taxi gaan terugkeer. Hulle klim
226 in en die taxi rammel van Alexandra na die groot, breë hoofpad wat van Pretoria na
227 Johannesburg loop. Dit is laatmiddag, en die pad is vol verkeer, want hierdie tyd van die
228 middag stroom die verkeer na en van Johannesburg op hierdie pad.

229 - Sien jy die fietsryers, my vriend? Dit is die duisende mense van Alexandra wat ná
230 werk terugkeer huis toe, en ons gaan nou-nou duisende van hulle sien wat loop as gevolg van
231 die bus boikot.

232 En dit is waar: hulle het nie ver gery voor die sypaadjies vol mense was wat stap nie.
233 Daar is so baie voetgangers dat hulle in die straat moet loop, en die karre moet versigtig
234 beweeg. En sommige is oud, en sommige moeg, en sommige selfs kreupel – soos daar vir
235 hulle vertel is, maar die meeste van hulle loop vasberade, soos hulle vir die afgelope paar
236 weke al loop. Baie van die wit mense stop en laai van die swart mense op om hulle met die
237 lang pad na Alexandra toe te help. By een verkeerslig waar hulle stilhou, praat 'n
238 verkeerskonstabel met een van hierdie wit mans, en hulle hoor hoe hy vir die wit man vra of
239 hy 'n lisensie het om die swart mense te mag vervoer.

240 - Ek vra geen geld nie, sê die wit man.

241 - Maar u vervoer passasiers op 'n busroete, sê die konstabel.

242 - Dagvaar my dan, sê die wit man.

243 Maar hulle hoor niks verder nie, want die lig was groen en hulle moes ry.

244 - Ek het daarvan gehoor, sê Msimangu. Ek het gehoor dat hulle die wit mense
245 probeer keer om met hulle karre te help, en dat hulle selfs gereed is om hulle voor die hof te
246 daag.

247 Dit word nou donker, en die pad is steeds stampvol Alexandra-mense wat huis toe
248 gaan. En daar is steeds karre wat stilhou om mense op te laai, veral die ou mense, en die

249 vroue, en die kreupeles. Daar is 'n glimlag op Kumalo se gesig, die vreemde glimlag – wat 'n
 250 mens nie in ander lande sien nie – van 'n swart mens wanneer hy sien hoe een van sy mense
 251 in die openbaar deur 'n wit mens gehelp word, want so iets word nie sommer gedoen nie. En
 252 so verdiep is hy in dit wat voor hom afspeel, dat hy skrik toe Msimangu skielik uitroep:

253 - Dit verstom my, my vriend, dit verstom my.
 254 - Wat verstom jou – hierdie goedheid?
 255 - Nee, nee. Om die waarheid te sê, het ek nie daaraan gedink nie.
 256 Hy sit regop in die taxi en gee homself 'n geweldige hou voor die bors.
 257 - Dagvaar my, sê hy. Hy staar wild na Kumalo en slaan homself weer voor die bors.
 258 Dagvaar my, sê hy.
 259 Kumalo kyk hom verskrik aan.
 260 - Dít verstom my, sê Msimangu.

9

1 Alle paaie lei na Johannesburg toe. Of jy wit is, en of jy swart is, hulle lei na Johannesburg
 2 toe. As die oes misluk, is daar werk in Johannesburg. As daar belasting is wat betaal moet
 3 word, is daar werk in Johannesburg. As die plaas te klein is om verder verdeel te word, moet
 4 sommige Johannesburg toe gaan. As daar 'n kind in die geheim gebore moet word, kan hy in
 5 Johannesburg gebore word.

6 Die swart mense gaan na Alexandra, of Sophiatown, of Orlando toe, en probeer om 'n
 7 kamer te huur of om 'n aandeel in 'n huis te koop.

8 - Het jy 'n kamer om te verhuur?
 9 - Nee, ek het nie 'n kamer nie.
 10 - Het jy 'n kamer om te verhuur?
 11 - Hy is reeds verhuur.
 12 - Het jy 'n kamer om te verhuur?
 13 - Ja, ek het 'n kamer om te verhuur, maar ek wil hom nie verhuur nie. Ek het net
 14 twee kamers, en daar is reeds ses van ons, en die seuns en dogters word groot. Maar
 15 skoolboeke kos geld, en my man is siek, en wanneer hy gesond is, kry hy net vyf-en-dertig
 16 sjielings per week. En ses sjielings daarvan is vir die huur, en drie sjielings vir vervoer, en 'n
 17 sjieling sodat ons almal behoorlik begrawe kan word, en 'n sjieling vir die boeke, en drie
 18 sjielings is vir klere – dit is min genoeg – en 'n sjieling vir my man se bier, en 'n sjieling vir

19 sy tabak, en ek gun hom hierdie dinge, want hy is 'n goeie man wat nie dobbel of sy geld op
20 ander vroue uitgee nie, en 'n sjieling vir die kerk, en 'n sjieling vir tye van siekte. En dan bly
21 daar sewentien sjielings oor om kos vir ses mee te koop, en ons is altyd honger. Ja, ek het 'n
22 kamer, maar ek wil hom nie verhuur nie. Hoeveel sal jy betaal?

23 - Ek kan drie sjielings 'n week vir die kamer betaal.

24 - En ek sal dit nie aanvaar nie.

25 - Drie sjielings en ses pennies?

26 - Drie sjielings en ses pennies. Privaatheid kan jou maag nie vul nie. Jy het
27 privaatheid nodig wanneer jou kinders grootword, maar dit kan jou maag nie vul nie. Ja, ek
28 sal drie sjielings en ses pennies aanvaar.

29 Die huis val nie uitmekaar nie, maar die huis is stampvol. Tien mense in twee kamers,
30 en net een deur vir die ingang. En mense moet bo-oor jou klim wanneer jy slaap. Maar daar is
31 'n bietjie meer kos vir die kinders, en miskien 'n film een keer per maand.

32 Ek hou nie van hierdie vrou nie; ook nie van die manier waarop sy na my man kyk
33 nie. Ek hou nie van hierdie seun nie; ook nie van die manier waarop hy na my dogter kyk nie.
34 Ek hou nie van hierdie man nie; ek hou nie van die manier waarop hy na my kyk nie, ek hou
35 nie van die manier waarop hy na my dogter kyk nie.

36 - Ek is jammer, maar julle moet nou gaan.

37 - Ons het nêrens om heen te gaan nie.

38 - Ek is jammer, maar die huis is te vol. Die huis is te klein vir soveel mense.

39 - Ons het ons name op die lys gesit vir 'n huis. Kan jy nie wag tot ons 'n huis kry
40 nie?

41 - Daar is mense in Orlando wat al vyf jaar vir 'n huis wag.

42 - Ek het 'n vriend wat net een maand vir 'n huis gewag het.

43 - Ek het van sulke gevalle gehoor. Hulle sê jy kan omkoopgeld betaal.

44 - Ons het nie geld om iemand mee om te koop nie.

45 - Ek is jammer, maar die huis is vol.

46 Ja, hierdie huis is vol, en daardie huis is vol. Want almal kom na Johannesburg toe.

47 Uit die Transkei en die Vrystaat, uit Zululand en Sekukuniland. Zulu's en Swazi's,
48 Shangaans en Bavenda, Bapedi en Basotho, Xhosas en Tembu's, Pondo's en Fingo's, hulle
49 kom almal na Johannesburg toe.

50 Ek hou nie van hierdie vrou nie. Ek hou nie van hierdie seun nie. Ek hou nie van
51 hierdie man nie. Ek is jammer, maar julle moet nou gaan.

52 - Nog 'n week, dit is al wat ek vra.

53 - Julle kan nog één week kry.

54

55 *

56 - Het jy 'n kamer om te verhuur?

57 - Nee, ek het nie 'n kamer om te verhuur nie.

58 - Het jy 'n kamer om te verhuur?

59 - Hy is reeds verhuur.

60 - Het jy 'n kamer om te verhuur?

61 - Ja, ek het 'n kamer om te verhuur, maar ek wil hom nie verhuur nie. Want ek het

62 gesien wat dit aan gesinne kan doen: hoe vroue hulle mans verloor, en mans hulle vroue. Ek

63 het gesien hoe dogters deur seuns beïnvloed word, en seuns deur meisies beïnvloed word.

64 Maar my man kry net vier-en-dertig sjielings per week.

65

66 *

67 - Wat gaan ons doen, dié wat nie huise het nie?

68 - Jy kan vyf jaar vir 'n huis wag, en steeds net so ver daarvan af wees om dit te kry

69 as aan die begin.

70 - Hulle sê dat daar in Orlando alleen tienduisend van ons is wat in ander mense se

71 huise bly.

72 - Hoor jy wat Dubula sê? Dat ons ons eie huise hier in Orlando moet bou.

73 - En waar moet ons hierdie huise bou?

74 - Op die oop stuk grond teen die spoorlyn, so sê Dubula.

75 - En waarvan bou ons die huise?

76 - Van enigiets wat jy kan kry. Sakke en planke en gras van die veld en pale van die

77 plantasies.

78 - En wanneer dit reën?

79 - Siyafa. Dan sterf ons.

80 - Nee, wanneer dit reën sal hulle vir ons huise móét bou.

81 - Dit is mallingheid. Wat gaan ons in die winter doen?

82 Om ses jaar lank vir 'n huis te wag. En so vol soos wat die huise is, word hulle net

83 nóg voller, want die mense kom steeds Johannesburg toe. Daar het 'n groot oorlog in Europa

84 en Noord-Afrika gewoed, en daar word geen huise gebou nie.

85 - Het jy al vir my 'n huis?

86 - Daar is nog nie 'n huis nie.

87 - Is jy seker my naam is op die lys?
88 - Ja, jou naam is op die lys.
89 - Hoeveelste is ek op die lys?
90 - Ek kan nie sê nie, maar jy moet omtrent sesduisendste op die lys wees.
91 Sesduisendste op die lys. Dit beteken ek sal nooit 'n huis kry nie, en ek kan nie veel
92 langer bly waar ek nou bly nie. Ons het oor die stoof baklei, en ons het oor die kinders baklei,
93 en ek hou nie van die manier waarop die man na my kyk nie. Daar is die oop grond teen die
94 spoorlyn, maar wat van die reën en die winter. Hulle sê ons moet daarheen gaan, almal saam
95 gaan, veertien dae van vandag af. Hulle sê ons moet die planke en die sakke en die blikkies
96 en die pale bymekaarmaak, en almal saam trek. Hulle sê ons moet almal 'n sjieling per week
97 aan die komitee betaal, dan sal hulle al ons rommel verwyder en toilette vir ons oprig, sodat
98 daar nie siektes uitbreek nie. Maar wat van die reën en die winter?
99 - Het jy al 'n huis vir my?
100 - Daar is nog geen huis nie.
101 - Maar ek is al twee jaar op die lys?
102 - Jy is nog 'n kind op die lys.
103 - Is dit waar dat as jy geld betaal – ?
104 Maar die man hoor my nie, hy is reeds besig met iemand anders. Maar 'n tweede man
105 kom na my toe, van waar sien ek nie, en dit wat hy sê verwar my.
106 - Ek is jammer hulle het nie 'n huis nie, mev. Seme. Terloops, my vrou wil die werk
107 van die komitee met jou bespreek. Vanaand om sewe uur, het sy gesê. Jy ken ons huis, no.
108 17852, naby die NG Kerk. Kyk, ek sal die nommer vir jou neerskryf. Goeie dag, mev. Seme.
109 Maar toe ek hom wou antwoord, is hy reeds weg.
110 - Hau, maar hierdie man verwar my. Wie is sy vrou? Ek ken haar nie. En wat is
111 hierdie komitee? Ek weet nie van 'n komitee nie.
112 - Hau, maar jy is 'n onnosele vrou. Hy wil met jou praat oor die geld wat jy bereid
113 is om vir 'n huis te betaal.
114 Wel, dan sal ek daarheen gaan. Ek hoop hy vra nie te veel nie. 'n Mens kan nie te veel
115 betaal met net sewe-en-dertig sjielings per week nie. Maar 'n huis moet ons hê. Ek is bang vir
116 die plek waar ons nou is. Daar word te veel gekom en gegaan, wanneer al die ordentlike
117 mense slaap. Te veel jong manne wat kom en gaan, dit lyk of hulle nooit slaap nie, en nooit
118 werk nie. Te veel klere, goeie klere, wit mense se klere. Daar gaan moeilikheid wees op 'n
119 dag, en ek en my man was nog nooit in die moeilikheid nie. 'n Huis moet ons hê.
120

121

*

122 - Vyf pond is te veel. Ek het nie die geld nie.

123 - Vyf pond is nie te veel vir 'n huis nie, mev. Seme.

124 - Wat, net om my naam hoër op die lys te sit?

125 - Maar dit is gevaarlik. Die wit bestuurder het gesê dat hy dié wat met die lys knoei,
126 swaar sal straf.

127 - Wel, ek is jammer. Maar ek kan die geld nie betaal nie.

128 Maar voor ek kan gaan, kom sy vrou, saam met 'n ander vrou, die kamer binne.

129 - Daar moet 'n fout wees, my man, Ek ken hierdie vrou nie. Sy is nie op die
130 komitee nie.

131 - Hau, ek is jammer, my vrou. Ek is jammer, mev. Seme. Ek het gedink jy is op die
132 komitee. Mooi loop, mev. Seme.

133 Maar ek groet nie terug nie. Ek gee nie om of hulle mooi bly of nie. En niks loop
134 mooi vir my nie. Ek is moeg en eensaam. O my man, waarom het ons die land van ons mense
135 verlaat? Daar is nie veel nie, maar dit is beter daar as wat dit hier is. Daar is nie veel kos nie,
136 maar dit wat daar is, word onder almal verdeel. Wanneer almal arm is, is dit nie so erg om
137 arm te wees nie. En dit is lekker by die rivier, en terwyl jy jou klere was, kabbel die water oor
138 die klippe, en koel die wind jou af. Twee weke van vandag af, dit is die dag van die trek.
139 Kom my man, laat ons die planke en die blikkies en die sakke en die pale bymekaarmaak. Ek
140 hou nie van die plek waar ons nou is nie.

141 Daar is planke by die Baragwanath Hospitaal, die bouers het dit daar gelos. Laat ons
142 dit vanaand gaan wegdra. Daar is sinkplate by die verbeteringskool, hulle gebruik dit om die
143 bakstene mee toe te maak. Laat ons dit vanaand gaan wegdra. Daar is sakke by die
144 Nancefield stasie, hulle lê netjies in bondels verpak. Laat ons dit vanaand gaan wegdra. Daar
145 is bome by die Crown Myne. Laat ons vanaand stil-stil 'n paar pale gaan sny.

146

147

*

148 Dié nag is hulle besig in Orlando. By die een huis na die ander brand die ligte. Ek sal die sink
149 dra, en jy my vrou, die kind, en jy my seun, twee pale, en jy Kleintjie, bring soveel sakke as
150 wat jy kan na die stuk grond toe langs die spoorlyne. Baie mense trek daarheen, jy kan reeds
151 hoor hoe daar gegrawe en gekap word. Dit is goed dat die nag warm is, en dit nie reën nie.
152 Dankie, mnr. Dubula, ons is tevrede met hierdie stukkie grond. Dankie, mnr. Dubula, hier is
153 ons sjieling vir die komitee.

154 Die plakkerskamp verrys oornag. Wat 'n verrassing vir die mense wanneer hulle in
155 die oggend wakker word. Rook styg deur die sakke, en een of twee het reeds 'n skoorsteen.
156 Daar het 'n mooi skoorsteen-pyp by die Kliptownpolisiestatie gelê, maar ek was nie so dom
157 om dit te vat nie.

158 Die plakkerskamp verrys oornag. En die koerante is vol daarvan. Groot vet woorde en
159 foto's. Kyk, dit is my man wat daar by die huis staan. Ongelukkig was ek te laat vir die foto.
160 Plakkers – so noem hulle ons. Ons is die plakkers. Hierdie groot dorp van sak en plank en
161 sink, sonder huur om te betaal, net 'n sjieling aan die komitee.

162 Die plakkerskamp verrys oornag. Die kind hoes sleg, en haar voorkop is so warm soos
163 vuur. Ek was bang om haar te verskuif, maar dit was die aand van die trek. Die koue wind
164 trek deur die sakke. Wat sal ons doen as dit reën, en wat in die winter? Wees stil my kind, jou
165 ma is by jou. Wees stil my kind, moenie meer hoes nie, jou ma is by jou.

166

167

*

168 Die kind hoes sleg, haar voorkop is warmer as vuur. Wees stil, my kind, jou ma is by jou.
169 Buite word daar gelag en grappe gemaak, gegrawe en gekap, en groep in tale wat ek nie ken
170 nie. Wees stil, my kind, daar is 'n lieflike vallei waar jy gebore is. Die water kabbel oor die
171 klippe, en die wind koel jou af. Die beeste kom na die rivier toe, en daar staan hulle onder die
172 bome. Wees stil, my kind, o God maak haar stil. God, wees ons genadig. Christus, wees ons
173 genadig. Wit mense, wees ons genadig.

174

175

*

176 - Mnr. Dubula, waar is die dokter?

177 - Ons sal die dokter more oggend gaan haal. Jy hoef nie bang te wees nie, die
178 komitee sal vir hom betaal.

179 - Maar die kind is soos om dood te gaan. Kyk na die bloed.

180 - Dit is nie meer lank tot dit moreoggend is nie.

181 - Dit is lank wanneer die kind besig is om dood te gaan, wanneer die hart bang is.

182 Kan ons hom nie nou gaan haal nie, mnr. Dubula?

183 - Ek sal probeer, ma. Ek sal nou gaan en probeer.

184 - Ek is dankbaar, mnr. Dubula.

185

186

*

187 Buite word daar gesing, gesing om 'n vuur. Dit is *Nkosi sikelel' iAfrika* wat hulle sing. God
188 red Afrika. God red hierdie stukkie van Afrika wat my eie is, in barenswee uit my liggaam
189 gebore, uit my bors gevoed, uit my hart uit geliefd, in die aard van die vrou. O, lê stil,
190 Kleintjie. Dokter, kan jy nie maar kom nie?

191 - Ek het die dokter laat haal, ma. Die komitee het 'n kar gestuur om die dokter te
192 gaan haal. 'n Swart doktor, een van ons eie.

193 - Ek is dankbaar, mnr. Dubula.

194 - Sal ek hulle vra om stil te wees, ma?

195 - Dit maak nie saak nie, sy weet van niks nie.

196 Miskien sou 'n wit dokter beter gewees het, maar enige dokter, as hy net kom. Maak
197 dit saak of hulle stil is, hierdie geluide van 'n vreemde land? Ek is bang, my man. Sy brand
198 my hand soos vuur.

199

200

*

201 Ons het die dokter nie meer nodig nie. Nie 'n wit dokter óf 'n swart dokter kan haar nou meer
202 help nie. O kind van my skoot, en vrug van my verlange! Dit was 'n vreugde om die
203 wangetjies tussen my hande te hou, dit was 'n vreugde om die sagte greep van die vingertjies
204 te voel, dit was 'n vreugde om die klein mondjie teen my bors te voel. Dit is in die vrou se
205 aard. So is die lot van die vrou, om te dra, te baar, te kyk, en te verloor.

206

207

*

208 Die wit mense kom na die plakkerskamp toe. Hulle neem foto's van ons, en hulle maak 'n
209 rolprent van foto's wat beweeg. Hulle kom en wonder wat hulle kan doen, daar is so baie van
210 ons. Wat gaan die arme drommels doen as dit reën? Wat gaan hulle in die winter doen? Mans
211 kom, en masjiene kom, en hulle begin om onafgewerkte huise vir ons te bou. Daardie Dubula
212 is 'n slim man, dit is wat hy gesê het hulle sal doen. En skaars het hulle vir ons begin bou, of
213 daar kom nog swart mense in die nag. Van Pimville en Alexandra en Sophiatown, en hulle
214 bou ook huise van sak en gras en sink en pale. En die wit mense kom weer, maar dié keer met
215 woede, nie met medelye nie. Die polisie kom en verdryf die mense. En sommige van dié wat
216 hulle verdryf is van Orlando self. Hulle gaan terug na die huise toe wat hulle verlaat het, maar
217 sommige van die kamers is reeds gevat en sommige wil hulle nie terughê nie.

218 Jy hoef nie skaam te wees omdat jy in Die Plakkerskamp bly nie. Dit is in die
219 koerante, en dit is my man wat daar langs die huis staan. Een van die mans het 'n koerant uit
220 Durban, en my man is daarin ook, hy staan langs die huis. Jy kan jou adres as Die

221 Plakkerskamp opgee, net Die Plakkerskamp, almal weet waar dit is, en gee die nommer wat
222 die komitee vir jou gegee het.

223 Wat gaan ons doen as dit reën? En wat in die winter? Sommige sê reeds: Kyk na
224 daardie huise op die heuwel. Hulle is nie klaar nie, maar die dakke is al op. Een nag sal ons
225 soontoe trek en teen die reën en die winter beskut wees.

10

1 Terwyl Kumalo op Msimangu wag om hom na die plakkerskamp toe te vat, verwyl hy die tyd
2 saam met Gertrude en haar kind. Maar dit is eerder na die kind, die klein ernstige seuntjie,
3 waarna hy vir geselskap draai. Want hy was 'n jong man van in die twintig toe sy suster
4 gebore is, en daar was nooit 'n hegte band tussen hulle nie. Hy is per slot van sake 'n
5 eerwaarde, stemmig en ongetwyfeld effe saai, en sy hare word grys, en sy is nog 'n jong
6 vrou. Hy kan ook nie van haar verwag om met hom oor die diep dinge wat hier in
7 Johannesburg gebeur te praat nie, want dit is juis in dié dinge wat hom hartseer maak en
8 verbyster, waarin sy gelewe en werk het.

9 Hier is inderdaad swaar dinge, te swaar vir 'n vrou wat nie verder as die vyfde
10 standerd van haar plaasskooltjie gevorder het nie. Sy behandel hom met respek, soos dit haar
11 betaam om teenoor 'n ouer broer en eerwaarde op te tree, en hulle praat oor gewone dinge;
12 maar nooit weer praat hulle oor die dinge wat haar huilend op die vloer laat neerval het nie.

13 Maar die goeie mev. Lithebe is daar, en sy en Gertrude praat lank en ongekompliseerd
14 oor dinge na aan die hart van 'n vrou, en hulle werk en sing saam terwyl hulle die daaglikse
15 takies verrig.

16 Ja, dit is na die klein, ernstige seuntjie na wie hy hom vir geselskap wend. Hy het vir
17 die kind 'n paar goedkoop houtblokkies gekoop, en die kleintjie speel sonder ophou en met
18 aandag daarmee, met 'n doel wat nie vir 'n volwassene duidelik is nie, maar jou heeltemal
19 kan meevoer. Kumalo het die gewoonte om die kind op te tel en sy hand onder sy hempie te
20 sit om die klein, warm ruggie te voel, en hom te kielie tot die ernstige gesiggie in 'n glimlag
21 verander, en die glimlag tot 'n onbedaarlike gelag aangroei. Of hy sal hom van die groot
22 vallei vertel waar hy gebore is, en die name van heuwels en riviere, en die skool waarheen hy
23 sal gaan, en die mis wat die koppe bo Ndotsheni bedek. Hiervan verstaan die kind niks nie;
24 tog verstaan hy iets, want hy luister aandagtig na die mooi, melodieuse name, en staar na sy
25 oom met groot, ernstige oë. En dit bring vir die oom groot vreugde, want in die groot stad het

26 hy heimwee, en om hierdie dinge te vertel, laat hom baie beter voel. Soms sal Gertrude hom
27 hoor, en skaam in die deur kom staan, en na die verhaal luister van die skoonheid van die
28 land waar sy gebore is. Dit gee hom selfs meer vreugde, en soms sal hy vir haar sê: Onthou
29 jy?, en sy sal antwoord: Ja, ek onthou, en sy is bly dat hy haar gevra het.

30 Maar daar is tye, selfs wanneer hy op sy gelukkigste is, dat die gedagte aan sy seun by
31 hom opkom. En dan, in 'n oogwink, staan die heuwels met die mooi, melodieuse name kaal
32 en verlate in die genadelose son, die stroompies vloei nie meer nie, die beeste beweeg maer
33 en lusteloos oor die rooi en wortellose aarde. Dit is 'n plek van ou vroue en moeders en
34 kinders; uit elke huis is daar iets weg. Dan bewe sy stem en raak weg, en hy word stil en sit
35 en peins. Miskien is dit die rede, of miskien gryp hy skielik na die klein seuntjie, want die
36 kleintjie luister nie meer nie, en woel in sy arms om neergesit te word om weer met sy
37 blokkies op die vloer te speel. Asof hy na iets soek wat 'n einde aan hierdie skielike,
38 ongevraagde pyn sal bring, kom die gedagte aan sy vrou by hom op, en aan baie van sy
39 vriende, en die klein kindertjies wat teen die heuwels afkom – soms vanuit die mis, op pad
40 skool toe. Hierdie dinge lê so na aan sy hart dat die pyn weggaan, en hy in stilte en 'n mate
41 van vrede daarvoor kan nadink.

42 Wie ken die geheim van die aardse pelgrimstog? Wie weet waarom daar troos in 'n
43 wêreld van wanhoop kan wees? Dank die Here dat daar 'n geliefde is wat jou kan bemoedig
44 wanneer jy swaarkry, dat jy met 'n kind kan speel te midde van diepe ellende. Dank die Here
45 dat die naam van 'n heuwel soos musiek in die ore is, dat die naam van 'n rivier genesing kan
46 bring. Ja, selfs die naam van 'n rivier wat nie meer vloei nie.

47 Wie ken die geheim van die aardse pelgrimstog? Wie weet waarvoor ons lewe, en
48 sukkel en sterwe? Wie weet wat ons aan die lewe hou en ons laat voort veg terwyl alles om
49 ons ineenstort? Wie weet waarom die warm lyfie van 'n kind so 'n troos is wanneer jou eie
50 kind verlore is en nie gered kan word nie? Wyse manne skryf baie boeke, in woorde wat te
51 moeilik is om te verstaan. Maar dit, die doel van ons lewens, die einde van ons gesukkel, is
52 bo die begrip van die menslike verstand. O God, my God, moet my nie verlaat nie. Al gaan
53 ek ook in 'n dal van doodskaduwee sal ek geen onheil vrees as U met my is nie...

54 Maar hy staan op. Dit is Msimangu wat by die deur praat. Dit is tyd om die soektog
55 voort te sit.

56

57

*

58 En dit is Die Plakkerskamp, my vriend.

59 Selfs hier lag die kinders in die stegies tussen hierdie tragiese woonplekke. 'n
60 Sinkplaat, 'n paar planke, going en gras, 'n ou deur van 'n vergete huis. Rook krul uit slim
61 geprakseerde skoorstene, die geur van kos hang in die lug. Stemme weerklink, nie in woede
62 of pyn verhef nie, nee: daar word oor gewone dinge gepraat, oor dié een wat gebore is en
63 dáárdie een wat gesterf het, oor dié een wat so goed doen op skool en dáárdie een wat nou in
64 die tronk is. Daar is droogte oor die land, en die son skyn warm uit die wolkelose hemel neer.
65 Maar wat sal hulle doen wanneer dit reën, wat sal hulle doen wanneer dit winter is?

66 - Dit is vir my hartseer om dit te sien.

67 - En tog is hulle daar aan die bou. En dit het hulle vir baie jare nie gedoen nie. Daar
68 kan dalk iets goeds hieruit kom. En ook dit is Dubula se werk.

69 - Dit lyk of hy oral is.

70 - Kyk, daar is een van ons verpleegsters. Lyk sy nie goed in haar rooi en wit, en met
71 daardie hoedjie op haar kop nie?

72 - Sy lyk inderdaad goed.

73 - Die wit mense lei meer en meer van hulle op. Dit is snaaks hoe ons in sekere
74 opsigte vorentoe beweeg, en in ander stilstaan, en in nog ander agteruit beweeg. Maar wat die
75 kwessie van die verpleegsters betref, het ons baie vriende onder die wit mense. Daar is wyd
76 geprotesteer toe daar besluit is om 'n paar van ons jong mense toe te laat om as dokters
77 opgelei te word by die wit Universiteit van die Witwatersrand. Maar ons vriende het sterk
78 gestaan, en hulle sal daar opgelei word tot ons ons eie plek het.

79 - Goeie more, Verpleegster.

80 - Goeie more, Umfundisi.

81 - Verpleegster, werk jy al lank hier?

82 - Ja, so lank as wat die plek hier is.

83 - En het jy ooit 'n jong man, Absalom Kumalo, geken?

84 - Ja, ek het. Maar hy is nie nou meer hier nie. En ek kan u sê waar hy gebly het. Hy
85 het by die Hlatshwayo's gebly, en hulle is nog hier. Sien u die plek wat so klipperig is dat
86 hulle nie daar kan bou nie? Kyk, daar staan 'n klein seuntjie.

87 - Ja, ek sien dit.

88 - En daaragter, die huis met die pyp waar die rook uitkom?

89 - Ja, ek sien dit.

90 - Loop in daardie steeg af, en u sal die Hlatshwayo's in die derde of vierde huis kry,
91 aan die kant van die hand waarmee u eet.

92 - Dankie, Verpleegster, ons sal daarheen gaan.

93 Haar aanwysings is so goed dat hulle glad nie sukkel om die huis te kry nie.

94 - Goeie more, Ma.

95 Die vrou is skoon en mooi, en sy glimlag vriendelik vir hulle.

96 - Goeie more, Umfundisi.

97 - Ma, ons is opsoek na 'n jong man, Absalom Kumalo.

98 - Hy het by my gebly, Umfundisi. Ons het hom jammer gekry omdat hy nêrens

99 gehad het om heen te gaan nie. Maar ek is jammer om vir julle te sê dat hulle hom weggevat

100 het, en ek het gehoor dat die magistraat hom na die verbeteringskool toe gestuur het.

101 - Die verbeteringskool?

102 - Ja, die groot skool daar oorkant, agter die soldate se hospitaal. Dit is nie te ver om

103 te loop nie.

104 - Ek moet jou bedank, ma. Mooi bly. Kom, my vriend.

105 Hulle loop in stilte verder, want nie een van hulle het iets om te sê nie. Kumalo

106 struikel amper, al is die pad reguit en gelyk. Gelukkig neem Msimangu hom aan die arm.

107 - Hou moed, my broer.

108 Hy kyk na sy vriend, maar Kumalo kyk na die grond. Al kan Msimangu nie sy gesig

109 sien nie, kan hy die druppel sien wat op die grond val, en hy hou Kumalo se arm stywer vas.

110 - Hou moed, my broer.

111 - Soms voel dit asof my moed opgeraak het.

112 - Ek het al van hierdie verbeteringskool gehoor. Jou vriend, die priester uit

113 Engeland, praat met lof van dié plek. Ek het hom hoor sê as 'n seun wil verander, is dáár vir

114 hom hulp. So hou moed.

115 - Ek was bang hiervoor.

116 - Ja, ek was ook bang hiervoor.

117 - Ja, ek onthou toe jy vir die eerste keer bang geword het. Dit was die dag in

118 Alexandra, toe jy my vooruitgestuur en self omgedraai het om weer met die vrou te praat.

119 - Ek sien ek kan niks vir jou wegsteek nie.

120 - Dit is nie omdat ek so wys is nie. Alleen maar omdat dit my seun is.

121 Hulle loop van die plakkerskamp af deur Orlando, al met die teerpad langs wat na die

122 hoofpad lei wat Johannesburg toe gaan, na die plek waar die groot vulstasie van die wit

123 mense staan, net buite Orlando; want die swart mense word nie toegelaat om 'n vulstasie in

124 Orlando te hê nie.

125 - Wat het die vrou vir jou gesê, my vriend?

126 - Sy het gesê dat die twee jong manne by kwaaddoenery betrokke was. Baie goed,
127 wit mense se goed, het na die huis toe gekom.

128 - Hierdie verbeteringskool, kan hulle daar verander?

129 - Ek ken die plek nie goed nie. Sommige mense sê een ding, en sommige 'n ander.
130 Maar jou vriend praat met lof van die plek.

131 En na 'n lang ruk, waartydens Msimangu se gedagtes afgedwaal het, sê Kumalo weer:
132 Ek hoop dat hulle daar kan verander.

133 - Ek hoop ook so, my broer.

134 Nadat hulle vir omtrent 'n uur geloop het, kom hulle by die pad wat na die
135 verbeteringskool toe lei. Dit is die middel van die dag toe hulle daar aankom, en van alle
136 kante af kom daar seuns by die hekke van die verbeteringskool ingemarsjeer. Hulle kom van
137 oral af, en dit lyk of die gemars nooit gaan ophou nie.

138 - Daar is soveel mense hier, my vriend.

139 - Ja, ek het nie geweet dat daar so baie sal wees nie.

140 Een van hulle eie mense, 'n aangename kêrel met 'n vriendelike gesig, kom na hulle
141 toe en vra wat hulle wil hê, en hulle sê vir hom dat hulle na ene Absalom Kumalo op soek is.
142 Die man neem hulle toe na die kantoor toe, waar 'n jong wit man in Afrikaans vir hulle vra na
143 wie hulle op soek is.

144 - Ons is op soek, Meneer, na die seun van my vriend: ene Absalom Kumalo, sê
145 Msimangu in dieselfde taal.

146 - Absalom Kumalo. Ja, ek ken hom goed. Snaaks, hy het gesê dat hy geen mense
147 het nie.

148 - Jou seun, my vriend, het vir hom gesê dat hy geen mense het nie, sê Msimangu in
149 Zulu.

150 - Hy het sonder twyfel skaam gekry, sê Kumalo. Ek is jammer, sê hy in Zulu aan
151 Msimangu, dat ek nie Afrikaans kan praat nie. Want hy het gehoor dat hulle soms nie van
152 swart mense hou wat nie Afrikaans kan praat nie.

153 - Jy mag praat net wat jy wil, sê die jong man. Jou seun het goed gedoen hier, sê hy.
154 Hy het een van ons senior seuns geword, en ek het baie hoop vir sy toekoms.

155 - U bedoel, Meneer, dat hy weg is?

156 - Weg, ja, net 'n maand gelede. In sy geval het ons 'n uitsondering gemaak,
157 gedeeltelik as gevolg van sy goeie gedrag, gedeeltelik as gevolg van sy ouderdom, maar
158 hoofsaaklik omdat 'n meisie met sy kind swanger is. Sy het hierheen gekom om hom te
159 besoek, en dit het gelyk of hy van haar hou, en besorg is oor die kind wat gebore gaan word.

160 En dit het ook gelyk of die meisie van hom hou, dus, met al hierdie dinge in gedagte, en met
161 sy plegtige onderneming dat hy sal werk om vir die kind en dié se moeder te sorg, het ons die
162 Minister gevra om hom te laat gaan. Natuurlik behaal ons nie in elke geval sukses nie, maar
163 waar dit lyk of daar ware liefde tussen beide partye is, vat ons 'n kans in die hoop dat daar
164 iets goeds van sal kom. Een ding is seker: as dit misluk, is daar niks wat sou slaag nie.

165 - En is hy nou getroud, Meneer?

166 - Nee, Umfundisi, hy is nie. Maar alles is gereël vir die troue. Die meisie het geen
167 mense nie, en jou seun het vir ons gesê dat hy geen mense het nie, dus het ek en my swart
168 assistent alles gereël.

169 - Dit is goed van u, Meneer. Ek sê dankie namens hulle.

170 - Dit is ons werk. Jy moet jou nie te veel oor hierdie dinge bekommer nie, en oor
171 die feit dat hulle nie getroud was nie, sê die jong man vriendelik. Die eintlike vraag is of hy
172 vir hulle sal sorg, en 'n goeie lewe sal lei.

173 - Dit kan ek sien, al is dit vir my 'n skok.

174 - Ek verstaan dit. Ek kan julle met hierdie kwessie help. As julle buite sal sit terwyl
175 ek my werk afhandel, dan sal ek julle na Pimville toe vat, na waar Absalom en hierdie meisie
176 bly. Hy sal nie daar wees nie, want ek het vir hom werk op die dorp gekry, en hulle het vir
177 my goeie terugvoer oor hom gegee. Ek het hom oorreed om 'n Poskantoorboekie oop te
178 maak, en hy het reeds drie of vier pond daarin.

179 - Ek kan u nie genoeg bedank nie, Meneer.

180 - Dit is ons werk, sê die jong man. As julle my nou sal verskoon, dan handel ek gou
181 dit wat ek moet doen af, en dan vat ek julle na Pimville toe.

182 Buite kom praat die man met die vriendelike gesig met hulle, en toe hy van hulle
183 planne hoor, nooi hy hulle na sy huis toe waar hy en sy vrou 'n paar seuns in hulle sorg het;
184 seuns wat die groot verbeteringskool verlaat het en buite in die gratis huise bly. Hy gee vir
185 hulle tee en iets te ete, en ook hy vertel vir hulle dat Absalom 'n leier was, en hom goed gedra
186 het toe hy in die verbeteringskool was. Hulle praat oor die verbeteringskool, en die kinders
187 wat in Johannesburg grootword sonder 'n huis, 'n skool, en tradisies, en oor die stam wat
188 uitmekaar gespat het en oor die siekte van die land, tot 'n boodskapper kom om te sê dat die
189 jong man reg is om te gaan.

190 Dis nie lank nie of die motorkar bereik Pimville, 'n dorp vol vraghouers wat as huise
191 gebruik word. Die houers is baie jare vantevore tydens 'n noodsituasie opgerig, en word
192 steeds gebruik. Want daar was nog nooit genoeg huise vir al die mense wat Johannesburg toe

193 kom nie. By die hek vra hulle toestemming om te kan ingaan, want 'n wit man mag hierdie
 194 plekke nie sonder toestemming binnegaan nie.

195 Hulle hou by een van die vraghouerhuise stil, en die jong wit man lei hulle na binne,
 196 waar hulle gegroet word deur 'n jong meisie wat self nie ouer as 'n kind lyk nie.

197 - Ons het oor Absalom kom navraag doen, sê die jong wit man. Dié Umfundisi is sy
 198 pa.

199 - Hy het Sondag Springs toe gegaan, sê sy, en hy het nog nie weer teruggekom nie.
 200 Vir 'n rukkie is die jong man stil, en hy frons uit verbystering of uit woede.

201 - Maar dit is Dinsdag, sê hy. Het jy niks van hom gehoor nie?

202 - Niks nie, sê sy.

203 - Wanneer sal hy terugkom? vra hy.

204 - Ek weet nie, sê sy.

205 - Sal hy óóit terugkom? vra hy, onverskillig, sonder omgee.

206 - Ek weet nie, sê sy. Sy sê dit emosieloos, sonder hoop, soos iemand wat daaraan
 207 gewoond is om te wag, en verlaat te word. Sy sê dit soos iemand wat geen verwagting
 208 omtrent haar sewentig jaar op aarde het nie. Sy gaan nie opstandig word nie, geen eise stel
 209 nie, nie vuriglik reageer nie. Daar sal niks uit haar kom nie, behalwe die kinders van mans
 210 wat haar sal gebruik, haar sal los, haar sal vergeet. En sy is so tingerig, en so jonk, dat
 211 Kumalo, ten spyte van sy eie swaarkry, haar jammer kry.

212 - Wat gaan jy doen? vra hy.

213 - Ek weet nie, sê sy.

214 - Miskien sal jy 'n ander man kry, sê Msimangu bitter. En voor Kumalo kan praat,
 215 om so die bitterheid weg te neem en dit vir haar weg te steek, sê sy: Ek weet nie.

216 En weer voor Kumalo kan praat, draai Msimangu sy rug op die meisie, en praat
 217 saggies met Kumalo.

218 - Jy kan niks hier doen nie, sê hy. Kom ons gaan.

219 - My vriend...

220 - Ek sê jou, jy kan niks doen nie. Het jy nie genoeg probleme van jou eie nie? Ek sê
 221 jou, daar is duisende sulke gevalle in Johannesburg. En al was jou rug so breed soos die
 222 hemel, en jou beursie vol goud, en al het jou medelye van hier tot in die hel self gestrek, is
 223 daar niks wat jy kan doen nie.

224 Doodstil loop hulle daar weg. Almal van hulle is stil. Die jong wit man diep
 225 teleurgesteld, die ou man bedroef, en Msimangu steeds bitter na sy woorde van vroeër.
 226 Kumalo staan buite die kar terwyl die ander al sit.

227 - Jy verstaan nie, sê hy. Die kind gaan my kleinkind wees.

228 - Selfs dít weet jy nie, sê Msimangu kwaad. Sy bitterheid kry weer die oorhand. En

229 as hy sou wees, sê hy, hoeveel ander het jy nie? Gaan ons na hulle ook soek, dag na dag, uur

230 na uur? Gaan dit ooit end kry?

231 Kumalo staan in die stof soos iemand wat 'n hou geslaan is. Toe, sonder om verder te

232 praat, klim hy in die kar.

233 Weer hou hulle by die hek van die dorp stil, en die jong wit man klim uit en gaan na

234 die wit superintendent se kantoor toe. Toe hy terugkom, is sy gesig strak en ongelukkig.

235 - Ek het die fabriek gebel, sê hy. Dit is waar. Hy was nie hierdie week by die werk

236 nie.

237 By die ingang na Orlando, by die groot vulstasie, hou hulle weer stil.

238 - Wil julle hier uitklim? vra die jong man.

239 Hulle klim uit, en die jong man praat met Kumalo.

240 - Ek is jammer hieroor, sê hy.

241 - Ja, dit is baie swaar. Asof hy nie meer Engels kan praat nie, praat hy in Zulu met

242 Msimangu.

243 - Ek is ook jammer dat sy werk so moet eindig, sê hy.

244 - Hy is jammer dat u werk so moes eindig, sê Msimangu in Afrikaans.

245 - Ja, dit is my werk, maar dit is sy seun. Hy draai na Kumalo toe en praat in Engels.

246 Laat ons nie alle hoop laat vaar nie, sê hy. Dit het al soms gebeur dat 'n seun gearrester

247 word, of beseer is en hospitaal toe geneem word, en ons nie daarvan weet nie. Moenie moed

248 opgee nie, Umfundisi. Ek sal nie ophou soek nie.

249 Soos hy wegry, kyk hulle die motor agterna. Hy is 'n goeie man, sê Kumalo. Kom,

250 laat ons loop.

251 Maar Msimangu staan doodstil. Ek is te skaam om saam met jou te loop, sê hy. Sy

252 gesig vertrek, soos dié van 'n man wat ontsteld is.

253 Kumalo kyk verbaas na hom.

254 - Ek vra jou om vergifnis vir my lelike woorde, sê Msimangu.

255 - Jy bedoel oor die soektog?

256 - Jy het dus verstaan?

257 - Ja, ek het verstaan.

258 - Jy begryp dinge vinnig.

259 - Ek is oud, en het 'n paar dinge geleer. Jy is vergewe.

260 - Soms dink ek dat ek nie geskik is om 'n priester te wees nie. Ek kan jou vertel...

261 - Dit is nie belangrik nie. Jy het gesê jy is 'n swak en selfsugtige man, maar God het
 262 sy hande op jou gelê. Dit is waar, so lyk dit vir my.

263 - Ja, jy troos my.

264 - Maar ek het iets om jou te vra.

265 Msimangu kyk na hom, bestudeer sy gesig, en dan sê hy: Dit is reg.

266 - Wat is reg?

267 - Dat ek jou weer na die meisie toe moet neem.

268 - Dit lyk my jy is ook slim.

269 - Ja, dit is nie goed dat net een slim moet wees nie.

270 Maar hulle was nie regtig in die bui vir grappies maak nie. Hulle loop met die warm
 271 pad langs na Orlando toe, en altwee is stil, maar elkeen – sonder twyfel – met baie dinge in
 272 gedagte.

11

1 - Ek het gedink, sê Msimangu terwyl hulle in die trein sit wat hulle na Sophiatown toe
 2 terugneem, dat dit tyd is dat jy 'n rukkie rus.

3 Kumalo kyk na hom. Hoe kan ek rus? vra hy.

4 - Ek weet wat jy bedoel. Ek weet dat jy bekommerd is, maar die jong man by die
 5 verbeteringskool sal beter vaar met die soekery as wat ek en jy sal kan. Vandag is dit
 6 Dinsdag; oormore moet ek na Ezenzeleni toe gaan, dit is die plek van ons blindes. Ek moet
 7 vir hulle 'n diens hou, en na ons eie mense omsien. En die aand sal ek daar slaap, en die
 8 volgende dag terugkeer. Ek sal die superintendent bel en hoor of jy saam met my mag kom.
 9 Terwyl ek werk, kan jy rus. Dit is 'n baie mooi plek; daar is 'n kapel daar, en die grond daal
 10 van jou voete af weg na die onderste vallei toe. Dit sal jou gemoed goed doen om te sien wat
 11 die wit mense vir ons blindes doen. Dan kan ons met nuwe krag terugkeer vir dit wat nog
 12 voorlê.

13 - Wat van jou werk, my vriend?

14 - Ek het met my seniors oor die werk gepraat. Hulle stem saam dat ek jou moet help
 15 tot die jong man gevind is.

16 - Hulle is baie gaaf. Goed, dan sal ons gaan.

17

18

*

19 Dit is 'n aangename aand by Die Sendinghuis. Vader Vincent, die pienkwangpriester, is daar,
20 en hulle praat oor die plek waar Kumalo woon en werk. En op sy beurt, praat die wit man oor
21 sy eie land, oor die hegge en die velde, en Westminster-abdy, en die groot katedrale oral oor
22 die land. Maar selfs hierdie plesier is van korte duur, want een van die wit priesters kom van
23 die stad af in met die *Evening Star*, en wys vir hulle die vetgedrukte opskrif:

24

25

MOORD IN PARKWOLD

26

BEKENDE STADSINGENIEUR DOODGESKIET

27

Vermoedelik deur swart inbrekers

28

29 - Dit is 'n verskriklike verlies vir Suid-Afrika, sê die wit priester. Want hierdie
30 Arthur Jarvis was 'n brawe jong man, en 'n groot vegter vir geregtigheid. Dit is ook 'n groot
31 verlies vir die kerk. Hy was een van ons beste jong lekepredikers.

32 - Jarvis? Dit is beslis 'n verskriklike ding, sê Msimangu. Hy was die voorsitter van
33 die African Boys' Club, hier in Claremont, in Gladiolusstraat.

34 - Miskien het jy hom geken, sê Vader Vincent aan Kumalo. Hier staan dat hy die
35 enigste kind van mnr. James Jarvis van High Place in Carisbrooke was.

36 - Ek ken die pa, sê Kumalo droewig. Ek bedoel ek ken hom van sien, maar ons het
37 nog nooit gepraat nie. Sy plaas is op die heuwels bokant Ndotsheni, en hy het soms verby ons
38 kerk gery. Maar ek het die seun nie geken nie.

39 Hy is stil, toe sê hy: Ek onthou nou, daar was 'n klein op-en-wakker seuntjie, en hy
40 het ook soms te perd verby die kerk gery. 'n Klein op-en-wakker seuntjie: ek onthou, al
41 onthou ek dit nie goed nie.

42 En hy is weer stil, want wie is nie stil wanneer iemand dood is wat eens 'n klein op-
43 en-wakker seuntjie was nie?

44 - Sal ek dit voorlees? vra Vader Vincent.

45

46 Mnr. Arthur Jarvis van Plantationstraat, Parkwold, is vanmiddag om 13:30 in sy huis
47 doodgeskiet, vermoedelik deur 'n swart inbreker. Dit blyk dat mev. Jarvis en haar twee
48 kinders met 'n kort vakansie weg is, en dat mnr. Jarvis sy vennote gekontak het om te sê dat
49 hy vanweë 'n ligte verkoue by die huis gaan bly. Dit lyk asof die inbreker, moontlik saam
50 met twee medepligtiges, by die kombuis ingekom het en gedink het dat daar niemand tuis
51 was nie. In die kombuis is die huisbediende bewusteloos geslaan. Dit wil voorkom of mnr.
52 Jarvis die rumoer gehoor en ondertoe gegaan het om ondersoek in te stel. Hy is op kort

53 afstand doodgeskiet in die gang wat van die trappe na die kombuis lei. Daar was geen tekens
54 van 'n worsteling nie.

55 Die jong, swart mans wat in Plantationstraat rondgeluier het, is kort voor die tragedie
56 daar opgemerk. 'n Groot span speurders is dadelik na die perseel gestuur. Soveel moontlik
57 inligting word ingewin, en die plantasies op Parkwold-rif word gefynkam. Die huisbediende,
58 Richard Mpiring, lê bewusteloos in die nie-blanke hospitaal. Daar word gehoop dat hy
59 waardevolle inligting aan die polisie kan verskaf sodra hy sy bewussyn herwin. Sy toestand is
60 egter ernstig.

61 Die skoot is deur 'n buurman, mnr. Michael Clarke, gehoor, wat dadelik ondersoek
62 ingestel en op die tragedie afgekom het. Die polisie was binne 'n paar minute op die toneel.
63 Op die vermoorde man se bedkassie is 'n ongepubliseerde manuskrip getiteld: "Die waarheid
64 oor swart misdaad" gevind. Dit wil voorkom of mnr. Jarvis besig was om daaraan te werk toe
65 hy opgestaan en sy dood tegemoet gegaan het. Die pyp wat op sy bedkassie gevind is, was
66 nog warm.

67 Mnr. Jarvis word oorleef deur sy vrou, 'n negejarige seun en 'n vyfjarige dogter. Hy
68 was die enigste seun van mnr. James Jarvis van die plaas High Place in Carisbrooke, Natal.
69 Hy was ook 'n vennoot in die stadsingenieursfirma Davis, Van der Walt & Jarvis. Die
70 oorledene was welbekend vir sy belangstelling in maatskaplike probleme, en vir sy werk ter
71 bevordering van die welstand van die swart deel van die gemeenskap.

72
73 Daar word nie nou veel gepraat nie. 'n Stilte daal oor hulle neer. Dit is nie nou die tyd om oor
74 hegge en velde, of die skoonheid van enige land, te praat nie. Hartseer en vrees en haat, dít
75 wel in die hart en gedagtes op wanneer 'n mens die bladsye met hierdie onheilsboodskappe
76 oopslaan. Huil oor die gebroke stam, oor die wet en die tradisies wat weg is. Ja, en huil
77 hardop oor die man wat dood is, oor die vrou en kinders wat agtergelaat word. Huil, geliefde
78 land, hierdie dinge het nog nie tot 'n einde gekom nie. Die son skyn op die aarde neer, op die
79 lieflike land wat mens nie kan geniet nie. Hy ken slegs die vrees van sy hart.

80

81

*

82 Kumalo staan op. Ek gaan na my kamer toe, sê hy. Goeie nag aan julle almal.

83 - Ek sal saam met jou loop, my vriend.

84 Hulle loop na die hek van mev. Lithebe se huisie toe. Kumalo draai sy kop na sy
85 vriend toe, en sy gesig is vol smart.

86 - Hierdie ding, sê hy. Hierdie ding. Hier in my hart is daar niks behalwe vrees nie.
87 Vrees, vrees, vrees.
88 - Ek verstaan. Tog is dit dwaas om daardie één ding in hierdie groot stad, met sy
89 duisende en duisende inwoners, te vrees.
90 - Dit is nie 'n kwessie van wysheid en dwaasheid nie. Dit is net vrees.
91 - Oormore gaan ons na Ezenzeleni toe. Miskien sal jy daar iets vind.
92 - Sonder twyfel, sonder twyfel. Enigiets behalwe dit wat ek die graagste wil hê.
93 - Kom bid.
94 - Daar is geen gebed meer in my oor nie. Ek is leeg hier binne. Ek het absoluut geen
95 woorde meer nie.
96 - Goeie nag, my broer.
97 - Goeie nag.
98 Msimangu kyk hom agterna. Hy lyk baie oud. Hy draai self om en loop terug na Die
99 Sendinghuis toe. Daar is ongetwyfeld tye wanneer dit lyk asof God van die wêreld vergeet
100 het.

Hoofstuk 5

Annotasie

In hierdie hoofstuk gaan die vertaling (die doelteks), wat in Hoofstuk 4 weergegee is, geannoteer word. Die annotasies word volgens Nord (1997b:65–67) se sistematiese benadering tot vertaalprobleme⁴⁴ gestruktureer. Bogenoemde behels dat die vertaalprobleme in vier kategorieë, naamlik pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teksspesifieke vertaalprobleme verdeel word. Die doel hiervan is om vertaalprobleme op 'n meer gestruktureerde manier te annoteer. Hierdie kategorieë kan 'n mens ook help om vertaalprobleme makliker te identifiseer omdat die kategorieë vir die onderskeie vertaalprobleme so duidelik afgebaken is. Aan die ander kant is dit wel so dat nie alle vertaalprobleme in net een van die kategorieë pas nie. Die kategorieë oorvleuel dikwels.

Die doel van hierdie annotasies is om aan te toon watter vertaalprobleme daar tydens die vertaling van ('n kwart van) *Cry, the beloved country* in Afrikaans teëgekom is, en watter besluite geneem is om 'n Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* te maak soos dit in Hoofstuk 4 voorkom.

In hierdie hoofstuk (net soos in die voorafgaande hoofstukke), word daar gereeld van die eerstepersoonsvorm 'ek' gebruik gemaak. Die rede hiervoor is omdat vertaling, en veral literêre vertaling, 'n baie persoonlike proses is waartydens die vertaler persoonlike keuses moet maak om vertaaloplossings te vind. Deur van die eerstepersoonsvorm gebruik te maak voel ek dat ek die leser(s) van hierdie verhandeling nader aan die vertaalproses bring.

5.1 Pragmatiese vertaalprobleme

Volgens Nord (1997b:65) ontstaan pragmatiese vertaalprobleme as gevolg van die verskil tussen die bronteks- en die doeltekssituasie. Nord (1997b:65) voer aan dat hierdie vertaalprobleme geïdentifiseer kan word deur na tekseksterne faktore soos die sender, die ontvanger, tyd, plek, motivering en die teksfunksie te kyk. (Baie van hierdie faktore is reeds onder punt 3.5 en 3.6. bespreek.) Nord (1997b:65) meen dat pragmatiese vertaalprobleme in

⁴⁴ Nord (1997b:64) meen dat vertaalprobleme 'translation problems' iets is wat objektief waargeneem kan word. Om hierdie rede verdeel Nord (1997b:64) vertaalprobleme in vier kategorieë, naamlik pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teksspesifieke vertaalprobleme. Vertaalmoeilikhede 'translation difficulties' is volgens Nord 'n ander saak. "Translation difficulties [...] are the subjective difficulties that a particular translator [...] encounters in a translation process because of deficient linguistic, cultural or translational competence or because they do not have appropriate documentation" (Nord 1997b:64). Sy meen dat vertaalprobleme en vertaalmoeilikhede nie met mekaar verwar moet word nie.

elke vertaalopdrag voorkom. Daarom meen sy dat vertaalstudente deeglik opgelei moet word om hierdie vertaalprobleme goed te kan oplos tydens die vertaalproses.

5.1.1 Aanspreekvorme

Daar word van verskeie aanspreekvorme in die bronteks gebruik gemaak, insluitend: “umfundisi” (dominee of priester; sien 5.1.6) (Paton 2002:10 r.94), “Reverend” (Paton 2002:20 r.147), “Father” (Paton 2002:25 r.183), “Mother” (Paton 2002:26 r.203), “Mr.” (Paton 2002:20 r.170) en “Mrs.” (Paton 2002:26 r.198).

Wat bogenoemde aanspreekvorme betref, het ek slegs die hooflettergebruik volgens die Afrikaanse skryfwyse aangepas. Die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (Die Taalkommissie 2009:46–47), gee die volgende reëls met betrekking tot die gebruik van hoofletters by aanhef- en aanspreekvorme:

Reël 9.4 Aanhefvorme sonder ’n daaropvolgende eienaam begin met ’n hoofletter.

Liewe Ma, My liewe Ma

Beste Oom, My beste Oom

Aan Ouma en Oupa, Aan my liefste Oupa en Ouma

Reël 9.5 Indien ’n eienaam in ’n aanspreek- of aanhefvorm bygevoeg word, begin die aanspreek- of aanhefvorm met ’n kleinletter.

Goeiemore, tannie Viljoen!

More oom Piet!

Stem u hiermee saam, professor van der Merwe?

Liewe tannie Viljoen

Beste mev. De Villiers

Geagte me. Sithole

Geagte dr. Van Rensburg

Geagte president Smit

Waarde prof. Odendal

Ek het die aanspreekvorme vertaal soos in dié enkele voorbeelde:

Bronteks	Doeltekst
- Have you eaten, my child?	- Het jy geëet, my kind?
- Yes, umfundisi .	- Ja, Umfundisi .

- Then go well, my child... - Yes, umfundisi (Paton 2002:10 r.94).	- Dan moet jy mooi loop, my kind. - Ja, Umfundisi (h2, r.82).
...Do you know the Reverend Msimangu? (Paton 2002:20 r.147).	...Ken u eerwaarde Msimangu? (h4, r.112).
...You must get Father Vincent to talk about them (Paton 2002:25 r.183).	...Jy moet vir vader Vincent kry om daaroor te praat (h5, p5).
- If there is anything, you will ask, umfundisi . - I thank you. - Sleep well, umfundisi . - Sleep well, mother (Paton 2002:26 r.203).	- As u enigiets nodig het moet u net vra, Umfundisi . - Ek sê baie dankie. - Goeie nag, Umfundisi . - Goeie nag, ma (h5, r.161).
- You fell into good hands. This is Mr. Mafolo , one of our big business men, and a good son of the Church (Paton 2002:20 r.170).	- U het in goeie hande beland. Dit is mnr. Mafolo , een van ons groot sakemanne en 'n goeie lidmaat van die Kerk (h4, r.129).
- And after that I shall take you to eat. Stay well, my friend. Stay well, Mrs. Lithebe (Paton 2002:26 r.198).	- Daarna neem ek jou om saam met my te gaan eet. Mooi bly, my vriend. Mooi bly, mev. Lithebe (h5, r.156).

In die geval van “mother” (Paton 2002:20 r.203) in die derde voorbeeld hierbo, gebruik ek in die doeltteks ook 'n kleinletter omdat mev. Lithebe nie Kumalo se ma is nie; “Ma” is 'n beleefdheidsvorm wat in die Zulukultuur (net soos in ander Afrikakulture) teenoor ouer vroue gebruik word. Dié aanspreekvorm toon respek.

'n Verdere vertaalprobleem wat aanspreekvorme betref, word veroorsaak deur die feit dat Engels nie, soos in Afrikaans wel gebeur, tussen die informele aanspreekvorm ‘jy’ en die formele aanspreekvorm ‘u’ onderskei nie. Engels gebruik alleen ‘you’ vir informele én formele gespreksituasies.

Mona Baker (2011:108) verwys in die kategorie ‘grammatiese ekwivalensie’ na hierdie aspek deur die volgende daaroor te sê:

The familiarity/deference dimension in the pronoun system is among the most fascinating aspects of grammar and the most problematic in translation. It reflects the tenor of discourse [...] and can convey a whole range of rather subtle meanings. The subtle choices involved in

pronoun usage in languages which distinguish between familiar and non-familiar is further complicated by the fact that this use differs significantly from one social group to another and that it changes all the time in a way that reflects changes in social values and attitudes.

Verder meen Baker dat:

What all this amounts to [...] is that in translating pronouns from English to say, French, Italian, Greek [of Afrikaans], decisions may have to be made along such dimensions as gender, degree of intimacy between participants, or whether reference includes or excludes the addressee (Baker 2011:106).

In die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* was die vertaling van die Engelse 'you' waar dit deur 'n ouer swart karakter teenoor 'n jonger wit karakter gebruik word vir my problematies as gevolg van die ongelyke (baas–kneg) verhouding wat tydens die apartheidjare tussen wit en swart gegeld het. Byvoorbeeld:

Bronteks	Doeltekst
<p>- We are looking, sir, for the son of my friend, one Absalom Kumalo, said Msimangu in the same language.</p> <p>- Absalom Kumalo. Yes, I know him well. Strange, he told me he had no people.</p> <p>- Your son told him, my friend, that he had no people, said Msimangu in Zulu.</p> <p>- He was no doubt ashamed, said Kumalo. I am sorry, he said to Msimangu in Zulu, that I speak no Afrikaans. For he had heard that sometimes they do not like black people who speak no Afrikaans.</p> <p>- You may speak what you will, said the young man. Your son did well here, he said. He became one of our senior boys, and I have great hope for his future.</p> <p>- You mean, sir, that he is gone? (Paton 2002:60 r.188).</p>	<p>- Ons is op soek, Meneer, na die seun van my vriend, ene Absalom Kumalo, sê Msimangu in dieselfde taal.</p> <p>- Absalom Kumalo. Ja, ek ken hom goed. Snaaks, hy het gesê dat hy geen mense het nie.</p> <p>- Jou seun, my vriend, het vir hom gesê dat hy geen mense het nie, sê Msimangu in Zulu.</p> <p>- Hy het sonder twyfel skaam gekry, sê Kumalo. Ek is jammer, sê hy in Zulu aan Msimangu, dat ek nie Afrikaans kan praat nie. Want hy het gehoor dat hulle soms nie van swart mense hou wat nie Afrikaans kan praat nie.</p> <p>- Jy mag praat net wat jy wil, sê die jong man. Jou seun het goed gedoen hier, sê hy. Hy het een van ons senior seuns geword, en ek het baie hoop vir sy toekoms.</p> <p>- U bedoel, Meneer, dat hy weg is? (h10, r.144).</p>

Hierdie voorbeeld werp 'n bietjie lig op die hiërargie van die wit–swart-verhouding tydens apartheid. Hier vra Kumalo om verskoning omdat hy nie Afrikaans kan praat nie, want

volgens hom hou sommige Afrikaanse mense nie daarvan nie. In die bronteks gebruik die swart karakters Msimangu en Kumalo albei die aanspreekvorm ‘sir’ teenoor die wit aangesprokene en hierdie woord, eerder as ‘you’, dien as ’n merker van die verhouding tussen die gespreksgenote: “You mean, sir, that he is gone?” (Paton 2002:60 r.201). In die Afrikaanse doelteks laat ek hulle die hoflikheidsvorm ‘u’ gebruik wanneer die wit man aangespreek word, en word hierdie sin soos volg vertaal: “U bedoel, Meneer, dat hy weg is?”. In die bronteks word die ongelykheid van die verhouding deur die gebruik van ‘sir’ bevestig. In die doelteks word hierdie ongelykheid nie net met die gebruik van ‘Meneer’ aangedui nie, dit word beklemtoon deur die feit dat die wit man nooit vir Kumalo en Msimangu as ‘u’ aanspreek nie, maar altyd ‘jy’ gebruik: “**Jy** mag praat net wat **jy** wil, sê die jong man. **Jou** seun het goed gedoen hier, sê hy” (h10, r.153), terwyl die twee ouer swart mans die jonger wit man deurentyd as ‘u’ aanspreek.

Op talle ander plekke word ‘u’ as ’n gepaste aanspreekvorm in die Afrikaanse vertaling gebruik, soos waar die skelm jong man hom aan Kumalo voorstel voor hy Kumalo se geld steel (Paton 2002:18–19 r.102), of waar Kumalo vir Msimangu ontmoet in hoofstuk 4 van die bronteks (Paton 2002:20 r.165). In hoofstuk 5 spreek Msimangu en Kumalo mekaar reeds as ‘jy’ en ‘jou’ aan:

Bronteks	Doelteks
I have a place for you to sleep, my friend, in the house of an old woman, a Mrs Lithebe, who is a good member of our church (Paton 2002:21 r.1).	Ek het slaapplek vir jou, my vriend, aan huis van ’n ou vrou, ene mev. Lithebe, wat ’n getroue lidmaat van ons kerk is (h5, r.1).

Omdat dit nie in die bronteks voorkom nie, is daar nêrens iets soos “Noem my Theophilus” by die Afrikaanse doelteks gevoeg om die oorgang van ‘u’ na ‘jy’ aan te dui nie. Die doelteksleser moet dus aanvaar dat so ’n gesprek tussen Kumalo en Msimangu plaasgevind het tussen hoofstuk 4 en 5.

Nog ’n plek waar ek ‘you’ met ‘u’ vertaal het, is in die brief wat Msimangu aan Kumalo gestuur het om hom oor Gertrude se ‘siekte’ in te lig:

Bronteks	Doelteks
This young woman is very sick, and therefore I ask you to come quickly to Johannesburg. (Paton 2002:10 r.79).	Hierdie jong vrou is baie siek, en daarom versoek ek u om so gou as moontlik Johannesburg toe te kom. (h2, r.68).

Dit gaan dus hier oor die verskeie verhoudings tussen die verskillende karakters; dit was die bepalende faktor wanneer daar besluit moes word of die aanspreekvorm ‘u’ of ‘jy’ gepas sou wees.

5.1.2 Name van karakters

Die meeste van die Zulu-karakters in die bronteks het Engelse voorname: Stephen Kumalo (Paton 2002:8 r.3), John Kumalo (Paton 2002:32 r.41), Absalom Kumalo (Paton 2002:24 r.121), Gertrude Kumalo (Paton 2002:10 r.77), Theophilus Msimangu (Paton 2002:10 r.85) en Richard Mpiring (Paton 2002:66 r.68). Omdat baie van hierdie voorname Afrikaanse ekwivalente het, moes ek besluit of ek hulle met die Afrikaanse ekwivalente soos Stefan, Johannes, en Gertruida sou vertaal en of ek hulle in Engels sou hou. Name soos Richard het nie Afrikaanse ekwivalente nie en daarom het ek van die begin af reeds besluit om dié naam in Engels te hou.

Ek het op die ou end besluit om al bogenoemde name in Engels te hou. Eerstens omdat dit die skopos van die Afrikaanse vertaling (sien 3.6.1) beter dien deur meer getrou aan die bronteks te wees as wat Afrikaanse name sou wees. Tweedens omdat daar ’n ander swart karakter is wat wel ’n Afrikaanse naam het: Johannes Pafuri (Paton 2002:168; sy naam kom nie in die gedeelte wat ek vertaal het voor nie), en dit bewys dat Paton wel ’n onderskeid getref het tussen Afrikaanse en Engelse name. En laastens omdat die karakters met die Engelse name hoofsaaklik uit Natal (Ndotsheni) afkomstig is, en daarom waarskynlik nie met Afrikaans vertrouwd sal wees nie. Dit word in hoofstuk 4 van die bronteks bevestig wanneer Kumalo vir die eerste keer in Johannesburg kom: “There are new names here, hard names for a Zulu who has never been schooled in English. For they are in the language that was called Afrikaans, a language that he had never yet heard spoken” (Paton 2002:16 r.20). Afrikaanse name sou myns insiens daarom ongeloofwaardig wees.

Die Zulu- en Sotho-vanne soos Kumalo, Msimangu, Hlatswayo, Lithebe, Ndlela, Mkize, Mpiring en Pafuri was volgens my geen probleem nie. Ek dink dat doelttekslesers met vanne soos dié bekend moet wees, en dus by die lees van die doeltteks geen probleem met hierdie vanne sal ervaar nie, ook nie wat uitspraak betref nie. Dit was beslis nie die geval met die

oorsese brontekslesers nie. Die bronteks is dus in sekere opsigte, soos die naamgewing, nader aan die doelkultuur as wat hy aan die internasionale bronkultuur was.

5.1.3 Geografiese name

Wat die vertaling van die geografiese name betref, is die meeste name onveranderd in die doelteks gelaat. Die rede hiervoor is omdat daardie name nie Afrikaanse ekwivalente het nie. Doeltekslesers sal met (die meerderheid) van die onderstaande geografiese name in Engels en Zulu vertrou wees. Die name wat wel Afrikaanse ekwivalente het, soos Mooi River (Paton 2002:16 r.13), wat Mooirivier in Afrikaans heet, is wel in Afrikaans vertaal.

Bronteks	Doelteks
<p>From Ixopo the toy train climbs up into other hills, the green rolling hills of Lufafa, Eastwolds, Donnybrook. From Donnybrook the broad-gauge runs to the great valley of the Umkomaas. Here the tribes live, and the soil is sick, almost beyond healing. Up out of the valley it climbs, past Hemu-hemu to Elandskop. Down the long valley of the Umsindusi, past Edendale and the black slums to Pietermaritzburg, the lovely city. Change here to the greatest train of all, the train for Johannesburg. Here is a white man's wonder, a train that has no engine, only an iron cage on its head, taking power from metal ropes stretched out above.</p> <p>Climb up to Hilton and Lion's River, to Balgowan, Rosetta, Mooi River, through hills lovely beyond any singing of it. Thunder through the night, over battlefields of long ago. Climb over the Drakensberg, on to the level plains. (Paton 2002:16 r.1).</p>	<p>Van Ixopo af klim die speelgoedtreintjie op na ander heuwels toe, die golwende groen heuwels van Lufafa, Eastwolds, Donnybrook. Van Donnybrook af loop die breëspoor na die groot vallei van die Umkomaas. Hier woon die stamme en is die grond siek, amper verby die punt van genesing. Hoër, uit die vallei uit op, klim die trein, Hemu-hemu verby, na Elandskop toe. Dit daal met die lang vallei van die Umsindusi langs, verby Edendale en die swart agterbuurte na Pietermaritzburg, die lieflike stad. Klim hier op die beste trein van almal, die trein na Johannesburg. Dit is 'n witmanswonder, 'n trein wat geen lokomotief het nie, slegs 'n yster hok op sy kop wat krag uit toue van metaal kry wat bokant die trein uitstrek.</p> <p>Klim na Hilton en Lion's Rivier, na Balgowan, Rosetta, Mooirivier, deur onbeskryflike mooi heuwels. Dreun deur die nag, oor slagvelde van lank gelede. Klim oor die Drakensberge na die plat vlaktes (h4, r.1).</p>

5.1.4 Name van plante en diere

Al die plantname, soos in die onderstaande voorbeeld, is in die doeltteks in Afrikaans vertaal. Die Engelse plantname het almal Afrikaanse ekwivalente waarvan ek gebruik kon maak. Ek het van die tweetalige (English–Afrikaans / Afrikaans–Engels) *Woordeboek vir tuinboukunde met plantname* (1991) gebruik gemaak. Dié woordeboek gee die volgende Afrikaanse ekwivalente vir die Engelse plantname:

agapanthuses (*Agapanthus* spp., **blue lilies**) : agapante, bloukandelare, bloulelies
(*Woordeboek vir tuinboukunde* 1991:277).


watsonias (*Watsonia* spp.) : watsonias, suurknolle, pypies (*Woordeboek vir tuinboukunde* 1991:386).

red-hot poker (*Kniphofia praecox* <subsp. *bruceae*, *praecox*>, **torch lily**) : vuurpyl
(*Woordeboek vir tuinboukunde* 1991:359).

arum lilies (*Zantedeschia* spp.) : aronskelke, varklelies, varkblomme, varkore (*Woordeboek vir tuinboukunde* 1991:279).

Bronteks	Doelteks
Here in their season grow the blue agapanthus , the wild watsonia , and the red-hot poker , and now and then it happens that one may glimpse an arum in a dell. And always behind them the dim wall of the wattles , like ghosts in the mist (Paton 2002:13 r.16).	Na gelang van die seisoen groei daar bloulelies , wilde watsonias , en vuurpyle , en af en toe sal jy ’n glimp van ’n aronskelk in ’n dal sien. En altyd agter hulle die dowwe muur van wattelbome , soos spoke in die mis. (h3, r.12).

Wat die name van diere betref: daar kom net een voëlsoort in die bronteks voor; die “titihoya” (Paton 2002:7 r.7). Paton (2002:239) verklaar titihoya as “A plover-like bird” in sy woordverklarings. Hy sê verder dat die naam onomatopeïes is. Die *Encarta*-aanlynwoordeboek verklaar titihoya as: “A black winged African Plover, *Vanellus melanopterus*” (Titihoya 2010). Dié woordeboekinskrywing bevestig ook dat die woord titihoya ’n Zulu-klanknabootsing van die voël se roep is.



Figuur 5.1: Grootswartvlekkiewiet (Black-winged lapwing 2010).

Die *Vanellus melanopterus* staan in Engels as 'n 'black-winged lapwing' bekend en word in Afrikaans 'n 'grootswartvlerkkiewiet' genoem. Die grootswartvlerkkiewiet kom aan die kus voor maar migreer "laat Augustus tot November na die hoogliggende broeiareas in die binneland" (Oberprieler en Cillié 2008:82). Die grootswartvlerkkiewiet "kom altyd in swerms voor [...] is sku en word maklik misgekyk. Maak 'n skril 'tie-teriee' geluid (Oberprieler en Cillié 2008:82). Van daar die Zulu-naam 'tithoya'.

"Tithoya" (Paton 2002:7) kon dus as 'grootswartvlerkkiewiet' vertaal word, maar daar is besluit om die woord 'tithoya' te behou. Eerstens omdat dit, weereens, nader aan die skopos van die doelteks is – meer getrou aan die bronteks. Tweedens omdat dit een van die woorde is wat deur Paton in die glossarium agter in die bronteks verklaar word, en sou ek die hele teks in Afrikaans vertaal, sou ek dié voëlsoort ook in die Afrikaanse glossarium opneem. En derdens omdat 'grootswartvlerkkiewiet' gewoon te lank en te lomp sou wees.

5.1.5 Name van publikasies en instansies

Die name van drie koerante kom in die gedeelte wat ek vertaal het voor: die “*Johannesburg Mail*” (Paton 2002:22 r.43), die “*Bantoe Pers*” (Paton 2002:27 r.18) en die “*Evening Star*” (Paton 2002:65 r.27). Al drie is Engelse publikasies en daarom het ek dit net so, in Engels, in die doelteks opgeneem – behalwe vir die *Bantoe Pers* wat in Afrikaans vertaal is om woordspeling moontlik te maak (sien 5.4.4).

Die naam van die fabriek waar Absalom gewerk het, die “Doornfontein Textiles Company” (Paton 2002:36 r.205), het ek, net soos die koerantname, in Engels gehou. ’n Rede hiervoor is omdat dit nader aan die skopos van die doelteks (sien 3.6.1) is – meer getrou aan die bronteks – as wat ’n Afrikaanse vertaling van bogenoemde name sou wees. Dit maak die leser ook daarvan bewus dat hy/sy besig is om ’n vertaling te lees wat tot nuuskierigheid oor Paton se werk en uiteindelik die lees daarvan kan lei.

5.1.6 Zulu-woorde in die bronteks

Paton maak van ’n aantal Zulu-woorde in die bronteks gebruik. Dit sluit woorde in soos “umfundisi”(dominee of priester) (Paton 2002:8 r.9), “siyafa” (dan sterf ons) (Paton 2002:50 r.89), “Tixo” (‘God’ in Xhosa) (Paton 2002:18 r.97), en op ander plekke in die teks, buite die gedeelte wat ek vir die doel van hierdie studie vertaal het, ‘umnumzana’ (meneer), ‘inkosana’ (kleinbaas), ‘inkosi’ (hoof of baas) en ‘inkosikazi’ (mevrou).

Al hierdie woorde (behalwe vir ‘siyafa’) word in ’n glossarium agter in die bronteks verduidelik. Aanwysings vir die korrekte uitspraak word ook gegee. “Umfundisi” (Paton 2002:8 r.9), word so verklaar:

The last ‘i’ is hardly sounded. Pronounce approximately ‘oomfóondees’, the ‘oo’ being as in ‘book’, and the ‘ees’ as ‘eace’ in the word ‘peace’. Means parson, but is also a title and used with respect (Paton 2002:239).

Ek het besluit om al die Zulu-woorde net so in die doelteks te behou. Ten eerste, omdat ek dan nader aan die skopos van die doelteks bly (sien 3.6.1), met ander woorde meer getrou aan die bronteks bly, en ten tweede omdat die meeste van dié woorde wel in die glossarium agter

in die bronteks verduidelik word. Sou ek dus die hele teks in Afrikaans vertaal, sou ek ook die glossarium by die doelteks insluit; ek sou wel die Afrikaanse woorde soos ‘veld’ uit die doelteks-glossarium weglaat. Ek sien dié vertaalstrategie nie hoofsaaklik as ’n “vervreemdende benadering” soos Venuti (1995:19)⁴⁵ daarvan praat nie. Die rede hiervoor is omdat die bronkultuur aan die doeltekslesers bekend is; aan sommige doeltekslesers sal die bronkultuur meer bekend wees as wat dit aan sommige brontekslesers, soos dié in die VSA en Brittanje, was. Daar is dus geen rede om ’n woord soos “umfundisi” (Paton 2002:8 r.9) met ‘meneer’ of ‘priester’ te vertaal nie.

“Siyafa” (Paton 2002:50 r.89), wat nie in die glossarium opgeneem is nie, word in die teks self verklaar: “Siyafa. Then we die” (Paton 2002:50 r.89). Daarom word dit ook so in die doelteks gedoen: “Siyafa. Dan sterf ons” (h9, r.79).

5.1.7 Afrikaans in die bronteks

In die gedeelte van die bronteks wat ek in Afrikaans vertaal het, kom daar twee Afrikaanse woorde en een Afrikaanse sin voor.

Die Afrikaanse woord “veld” (Paton 2002:7 r.7), wat in die openingsparagraaf voorkom, word soos volg deur Paton in die woordverklarings verduidelik:

An Afrikaans word now as fully English. Pronounced in both languages as felt. Means open grass country. Or it may mean the grass itself, as when a farmer looks down at his feet, and says, this veld is poor (Paton 2002:239).

‘Veld’ bly ‘veld’ in die doelteks. Sou die res van die bronteks in Afrikaans vertaal word, sal dit nie nodig wees om ‘veld’ in die woordverklarings te verduidelik nie; dié woord kan dan gewoon uitgelaat word.

Dieselfde geld vir die woord “kloof” (Paton 2002:7 r.14), wat ook in die openingsparagrafe voorkom. Dié woord word ook in die woordverklarings verklaar:

⁴⁵ Venuti (1995:19) onderskei tussen twee benaderings tot vertaling, vervreemding, naamlik ‘foreignization’, en domestikering ‘domestication’. Hiervolgens kan ’n vertaler ’n teks só vertaal dat die teks vreemd aan die lesers voorkom, die lesers is dan daarvan bewus dat hulle ’n vertaalde teks lees, veral waar die bronkultuur baie van die doelkultuur verskil – vervreemding. Of ’n teks kan só vertaal word dat die leser nie daarvan bewus is dat hy ’n vertaalde teks lees nie. Dit wat vreemd is aan die bronkultuur word aangepas volgens die doelkultuur – domestikering.

Kloof: an Afrikaans word now as fully English. Pronounced as written. Means ravine or even a valley if the sides are steep. But it would not be used of a great valley like the Umzimkulu (Paton 2002:238).

Die Afrikaanse sin wat in die gedeelte van die bronteks voorkom wat ek vertaal het, word deur Msimangu gebruik waar hy 'n verhaal oor 'n wit vrou wat aangeval word en daarna deur swart mense gehelp word, aan Kumalo vertel terwyl hulle Alexandra toe stap.

The white man said, Huh, I will come. He brought out his car, and they went back to my friend's house. The white woman would have shown her thanks with money, but she had no money. My friend and his wife both told her it was not a matter for money. The white man said to my friend, he said it twice, *Jy is 'n goeie Kaffer*, you are a good Kaffir. Something touched him, and he said it in the words that he had. (Paton 2002:42 r.121).

Die Afrikaanse sin, 'Jy is 'n goeie Kaffer', is dus eintlik die woorde van 'n Afrikaanse boer. Msimangu vertel dat die boer dié sin twee keer gesê het, en dan gee Paton (2002:42 r.126) die sin ook twee keer: een keer in Afrikaans, en een keer in Engels. Later in die bronteks kom 'n mens agter dat Kumalo nie Afrikaans verstaan nie: "There are new names here, hard names for a Zulu who has never been schooled in English. For they are in the language that was called Afrikaans, a language that he had never yet heard spoken" (Paton 2002:16 r.19), daarom herhaal Msimangu die sin in Engels – nie omdat die boer dit twee keer gesê het nie, maar omdat Kumalo nie Afrikaans verstaan nie.

In die doelteks het ek dié sin dus net een keer vertaal:

Die wit man het gesê: Ja, ek sal kom. Hy het sy kar uitgetrek, en hulle is terug na my vriend se huis toe. Die wit vrou wou dankie sê deur geld te gee, maar sy het nie geld by haar gehad nie. My vriend en sy vrou het albei vir haar gesê dat dit nie 'n saak vir geld is nie. Die wit man het vir my vriend gesê – hy het dit twee keer gesê – *Jy is 'n goeie kaffer*. Iets het hom geraak, en hy het dit in dié woorde wat hy geken het, gesê (h8, r.94).

Ek het die sin net een keer weergegee omdat daar gesê word 'hy het dit twee keer gesê' – dit is nie nodig om dit twee keer uit te skryf nie, want daar is reeds aangedui dat dit twee keer gesê is. Wanneer 'n mens die bronteks in Afrikaans vertaal, verloor bogenoemde Afrikaanse sin sy prominensie omdat die hele doelteks in Afrikaans is. Die feit dat die stelling dat die man dit twee keer gesê het in parentese (tussen aandagstrepe) geplaas is, verleen wel 'n prominensie daaraan. Ek het dit dus onnodig gevind om die sin twee keer neer te skryf.

5.2 Interkulturele vertaalprobleme

Nord (1997b:66) verduidelik dat elke kultuur sy eie gewoontes, norme en gebruike het. Interkulturele vertaalprobleme is dus 'n gevolg van die verskille in die gewoontes, norme en gebruike tussen die brontekskultuur en die doeltekskultuur.

Myns insiens was daar nie werklik interkulturele vertaalprobleme in die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* nie. Die rede hiervoor is hoofsaaklik omdat die bronteks 'n boek oor Suid-Afrika is wat deur 'n Suid-Afrikaanse outeur geskryf is. Vir my was daar dus meestal niks vreemds in die bronteks wat kultuur betref nie, en ek dink dat die doeltekslersers dit ook so sal ervaar. Ek dink dat die bronteks vir die aanvanklike lesers, die Amerikaners (*Cry, the Beloved Country* is in 1948 eers in die VSA bekendgestel voor dit in Brittanje en Suid-Afrika bekendgestel is), kultureel vreemder moes gewees het as wat die Afrikaanse doelteks vir daardie doeltekslersers sal wees.

Dit is wel so dat die Suid-Afrikaanse samelewing en kultuur sedert die laat 1940's drasties verander het, veral wat politiek betref. Vandag kan daar selfs ook – soms – gepraat word van 'n Suid-Afrikaanse kultuur, wat al die verskillende etniese groepe in Suid-Afrika insluit. Tydens die Fifa Sokkerwêreldbeker-toernooi wat in 2010 in Suid-Afrika plaasgevind het, was dié kultuur oral te bespeur. Maar ondanks al die veranderinge wat in Suid-Afrika plaasgevind het oor die afgelope ses dekades, was daar in die bronteks net twee vertaalprobleme wat ek in hierdie kategorie kon indeel, naamlik die konsep van “half-tank houses” (Paton 2002:61 r.246) in Pimville, die township waar Absalom en sy meisie gewoon het nadat hy uit die verbeteringskool gekom het, sowel as die gebruik van die toenmalige imperiale geldeenheid van ponde, sjielings en pennies.

5.2.1 Onbekende behuising in Pimville – ‘half-tank houses’

Op soek na Absalom Kumalo, vind Stephen Kumalo en Msimangu uit dat Absalom in 'n verbeteringskool was. Hulle gaan toe na dié skool toe en daar hoor hulle dat Absalom hom baie goed gedra het en vroeg ‘vrygelaat’ is. Daar word aan hulle gesê dat Absalom saam met sy swanger meisie in Pimville woon. Die naamlose wit hoof van die verbeteringskool bied

aan om vir Kumalo en Msimangu na Pimville te neem. Die behuising in Pimville word dan só in die bronteks beskryf:

It was not long before the motor-car had reached Pimville, which is a village of half-tanks used as houses, set up many years before in emergency, and used ever since. For there have never been houses enough for all the people who came to Johannesburg. At the gate they asked permission to enter, for a white man may not go into these places without permission.

They stopped at one of these half-tank houses, and the young white man took them in[...] (Paton 2002:61 r.246).

‘Half-tank houses’ was aan my heeltemal onbekend. Uit die bronteks kon ’n mens wel aflei dat dit tydelike strukture was wat as huise gebruik is – nie baksteenhuise nie.

Om agter die kap van die byl te kom, moes daar meer oor die ontstaan van Pimville uitgevind word. So het ek uitgevind dat builepes in Maart 1904 in die kampongs om die myne in Johannesburg uitgebreek het. Die owerheid het dié geleentheid gebruik om rassesegregasie toe te pas deur baie van die swart arbeiders na Klipspruit (dié naam is later na Pimville verander), sowat 17 kilometer suidwes van die stad, te verskuif.

[T]he move was preceded by a plague scare and accomplished in the name of “sanitation,” though it is difficult to see how the interests of sanitation were served at Klipspruit, a municipal sewerage farm (Klipspruit 2010).

Oor die behuising in Pimville word daar gesê die gebied “was made up of mainly old council single-family, four roomed houses in a small compound. When originally built, there were neither toilets nor running water in the houses” (Overview of Pimville 2010:1). Dit klink na meer permanente strukture as dié wat Paton beskryf.

Ek het dus steeds nie geweet hoe ’n ‘half-tank house’ lyk nie, maar ek moes ’n vertaaloplossing vind. Aan die hand van die skopos van die doeltteks het ek probeer om ‘half-tanks’ met ’n woord te vertaal wat nie sou veroorsaak dat ek aan die res van die bronteks, soos dié gedeelte: “half-tanks used as houses, set up many years before in emergency” (Paton 2002:61 r.246), sou moes verander nie. Ek het toe op ‘vraghouers’ en ‘vraghouerhuise’ besluit. Dit is ook tydelike strukture en word soms as huise of kantore gebruik. Ek dink dat dit tog in dié situasie gepas is.



Figuur 5.2: Voorstelling van 'n (moderne) vraghouer-huis (Shipping container home 2010).

Die doeltteksvertaling lyk soos volg:

Dis nie lank nie of die motorkar bereik Pimville, 'n dorp vol vraghouers wat as huise gebruik word. Die houers is baie jare vantevore tydens 'n noodsituasie opgerig, en word steeds gebruik. Want daar was nog nooit genoeg huise vir al die mense wat Johannesburg toe kom nie. By die hek vra hulle toestemming om te kan ingaan, want 'n wit man mag hierdie plekke nie sonder toestemming binnegaan nie.

Hulle hou by een van die vraghouerhuise stil, en die jong wit man lei hulle na binne[...] (h10, r.190).

5.2.2 Ponde, pennies en sjielings

Tussen 1825 (toe nog net in die Kaap) en 1961 was die (Britse) pond, 'pound sterling', die amptelike geldeenheid van Suid-Afrika (South African pound 2010 en South African rand 2010). In die tyd toe *Cry, the beloved country* vir die eerste keer verskyn het, 1948, was daar dus nog geen sprake van vandag se rand nie.

Geld, en die gebrek daaraan – veral waar dit swart mense aangaan – is 'n belangrike tema in die bronteks. Ek moes besluit of ek die ponde in die bronteks na rande in die doelteks sou verander. Jonger doeltekslesers sou by so 'n verandering baat, maar aan die hand van die skopos van die doelteks (sien 3.6.1) was die besluit om die geldeenheid onveranderd in die

bronteks te laat, op die ou end 'n eenvoudige een, aangesien dié besluit meer getrou aan die bronteks is as wat die gebruik van 'rand' sou wees.

Daar is ook al genoem dat die teks nie gemoderniseer word in die Afrikaanse vertaling nie, rande sou dus onvanpas wees.

Hier volg een voorbeeld waar daar oor geld gepraat word:

Bronteks	Doeltekst
<p>He held out the tin to her. Open it, he said.</p> <p>With trembling hands she took the tin and opened it. She emptied it out over the table, some old and dirty notes, and a flood of silver and copper.</p> <p>- Count it, he said.</p> <p>She counted it laboriously, turning over the notes and the coins to make sure what they were.</p> <p>- Twelve pounds, five shillings, and seven pence.</p> <p>- I shall take, he said, I shall take eight pounds, and the shillings and pence.</p> <p>- Take it all, Stephen. There may be doctors, hospitals, other troubles. Take it all. And take the Post Office Book – there is ten pounds in it – you must take that also. (Paton 2002:12 r.152).</p>	<p>Hy hou die blikkie na haar toe uit. Maak hom oop, sê hy.</p> <p>Met bewende hande neem sy die blikkie en maak hom oop. Sy keer die inhoud op die tafel uit, 'n paar ou, vuil note en 'n vloed silwer- en kopermunte.</p> <p>- Tel dit, sê hy.</p> <p>Moeisaam tel sy die geld. Sy draai die note en die munte om, om van elkeen se waarde seker te maak.</p> <p>- Twaalf pond, vyf sjielings en sewe pennies.</p> <p>- Ek sal..., sê hy, ek sal agt pond en die sjielings en pennies saamvat.</p> <p>- Vat alles, Stephen. Miskien is daar dokters, hospitale, ander probleme. Vat alles. En vat die Poskantoorboekie – daar is tien pond in – jy moet dit ook saamvat (h2, r.127).</p>

Die gebruik van pond veroorsaak egter dat 'n mens geen benul van die waarde van die geld het nie. Wat kon 'n mens tóé met een pond koop? Om hierdie probleem op te los, kan 'n mens 'n gedeelte in die doeltekst byskryf om só te laat blyk hoe baie geld 12 pond in 1948 was. 'n Ander moontlikheid is om vandag se randekwivalent in die glossarium op te neem. Ek is ten gunste van laasgenoemde; so bly 'n mens getrou aan die bronteks terwyl lesers die nodige inligting tot hulle beskikking het om die teks nog beter te kan begryp.

5.3 Interlinguistiese vertaalprobleme

Interlinguistiese vertaalprobleme kom volgens Nord (1997b:66) voor as gevolg van die strukturele verskille tussen die leksikale en sintaktiese eienskappe van die brontaal en die doeltaal.

Roman Jakobson (in Munday 2001:36) beskryf interlinguistiese vertaling as: “substitute[ing] messages in one language not for separate code-units⁴⁶ but for entire messages in some other language”. Volgens Jakobson fokus die probleem van woordbetekenis en ekwivalensie “on differences in the structure and terminology of languages rather than on any inability of one language to render a message that has been written in another verbal language” (Munday 2001:37). Dit is gewoonlik moontlik om die volle semantiese betekenis van ’n enkele woord in die brontaal oor te dra in die doeltaal, al moet daar van meer leksikale eenhede (woorde) gebruik gemaak word.

Sommige taalkombinasies lewer spesifieke interlinguistiese vertaalprobleme op. In die geval van Afrikaans en Nederlands is valse vriende – woorde wat dieselfde lyk, maar verskillende betekenisse het, soos ‘vaak’, wat in Afrikaans ‘om moeg te wees’ beteken, maar in Nederlands ‘dikwels’, ’n voorbeeld van ’n interlinguistiese vertaalprobleem wat hom dikwels voordoen wanneer daar tussen dié twee tale vertaal word (Ehlers en Van Beek 2004:23).

’n Verdere voorbeeld van ’n vertaalprobleem wat altyd ter sprake sal wees in ’n vertaling tussen Engels en Afrikaans, is die werkwoord, wat in Afrikaans meestal aan die einde van ’n sin moet staan, terwyl dit in Engels nie die geval is nie. Byvoorbeeld:

Bronteks	Doeltekst
- I shall take , he said, I shall take eight pounds, and the shillings and pence. (Paton 2002:12 r.160).	- Ek sal..., sê hy, Ek sal agt pond en die sjelings en pennies saamvat (h2, r.134).

’n Aantal verdere interlinguistiese vertaalprobleme wat in die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* na vore gekom het, naamlik: tydsforme (sien 5.3.1), register (sien 5.3.2),

⁴⁶ ’n ‘Code-unit’ is een woord (Munday 2001:36).

die gebruik van skyn-Zulu in die bronteks (sien 5.3.3), hooflettergebruik (sien 5.3.4) en puntuasie (sien 5.3.5), word vervolgens in meer besonderhede bespreek.

5.3.1 Tydsvorme

In Hoofstuk 3 (sien 3.7.5) is genoem dat die tydsvorme waarin die bronteks geskryf is, vermoedelik vertaalprobleme sal veroorsaak. Die rede hiervoor is dat talle Engelse romans in die onvoltooide verlede tyd ('simple past tense' of imperfektum) geskryf is en geskryf word. Dit is ook die geval met *Cry, the beloved country*.

Die stelsel waarmee tydsvorme in Afrikaans aangedui word, verskil van, en is oënskynlik minder ingewikkeld as, dié van Engels. Die opvallende verskil is dat die imperfektum nie meer gebruik word nie. Afrikaans maak hoofsaaklik van die perfektum gebruik, wat alle werkwoorde met 'het + ge-' vorm. Dit veroorsaak nie net eenselwigheid nie, maar is ook langer en lomper as die imperfektum. Hierdie probleem word gewoonlik opgelos deur van die historiese presens – “'n spesiale vorm [...] waarin modale woorde in die praesensvorm [sic] aandui dat dit eintlik om die verledetydsvorm gaan” – gebruik te maak (Marais 2001:116).

En dit is presies hoe ek hierdie kwessie in die doelteks hanteer het. Sommige van die hoofstukke begin wel in die teenwoordige tyd. Hoofstuk 1 en hoofstuk 3 is voorbeelde hiervan. Ander hoofstukke – te wete 2, 5, 7, 8, 10 en 11 – begin weer, en word vertel, in die onvoltooide verlede tyd, of 'simple past tense'. In die geval van hoofstuk 2 het ek die doelteksvertaling in die verlede tyd begin en daarna na die historiese presens oorgeslaan sonder om spesifieke reëls of patrone te volg:

Bronteks	Doelteks
The small child ran importantly to the wood-and-iron church with the letter in her hand. Next to the church was a house and she knocked timidly on the door. The reverend Stephen Kumalo looked up from the table where he was writing , and he called , Come in. (Paton 2002:8 r.1).	Die klein dogtertjie het belangrik na die hout-en-sinkplaat-kerk toe gehardloop met die brief in haar hand. Sy klop skamerig aan die deur van die huis langs die kerk. Eerwaarde Stephen Kumalo kyk van die tafel af op , waar hy besig is om te skryf , en sê : Kom binne (h2, r.1).

In bostaande voorbeeld uit die begin van hoofstuk 2 het ek die eerste sin in die perfektoom vertaal om aan te toon dat daar in die bronteks hoofsaaklik in die imperfektum vertel word. Van daar af het ek van die historiese presens gebruik gemaak.

Die vertelling in hoofstuk 3 en hoofstuk 4 begin in die presens en gaan dan later oor in die imperfektum. Hier het ek die presens in die presens vertaal en die imperfektum in die historiese presens:

Bronteks	Doeltek
<p>Presens</p> <p>From Ixopo the toy train climbs up into other hills, the green rolling hills of Lufafa, Eastwolds, Donnybrook. From Donnybrook the broad-gauge runs to the great valley of of the Umkomaas. Here the tribes live, and the soil is sick, almost beyond healing. (Paton 2002:16 r.1).</p>	<p>Presens</p> <p>Van Ixopo af klim die speelgoedtreintjie op na ander heuwels toe, die golwende groen heuwels van Lufafa, Eastwolds, Donnybrook. Van Donnybrook af loop die breëspoor na die groot vallei van die Umkomaas. Hier woon die stamme en is die grond siek, amper verby die punt van genesing (h4, r.1).</p>
<p>Imperfektum</p> <p>A young man came to him and spoke to him in a language that he did not understand. (Paton 2002:18 r.99).</p> <p>He was grateful for this kindness, but half of him was afraid. He was glad the young man did not offer to carry his bag, but he spoke courteously, though in a strange Zulu. (Paton 2002:19 r.107).</p>	<p>Historiese presens</p> <p>'n Jong man kom nader en praat met hom in 'n taal wat hy nie verstaan nie (h4, r.74).</p> <p>Hy is dankbaar vir die hulp, maar hy is tog bang. Hy is bly dat die jong man nie aangebied het om sy tas te dra nie, maar hy praat beleefd, ofskoon in 'n eienaardige Zulu (h4, 81).</p>

Ek het in die doeltek nie die presiese plek aangedui waar die bronteks uit die teenwoordige tyd in die onvoltooide verlede tyd oorgaan nie, maar gewoon in die presens verder vertaal. Die rede hiervoor is dat ek reeds in hoofstuk 2 van die doeltek (sien die vorige voorbeeld) aangedui het dat die vertelling hoofsaaklik in die imperfektum geskied. 'n Mens kan dus sê dat die presens wat ek hier gebruik eintlik 'n voortsetting is van die historiese presens waarmee ek in hoofstuk 2 begin het. 'n Paar reëls verder aan word die gebruik van die historiese presens wel duidelik gemerk:

Bronteks	Doeltek
He could not follow the turnings that they made	Hy kon nie die draaie volg wat hulle om die hoë

under the high buildings, but at last, his arm tired beyond endurance by the bag, they came to a place of many buses. (Paton 2002:19 r.113).	geboue geloop het nie, maar uiteindelik – sy arm só moeg van die tas, hy kan nie meer nie – kom hulle by ’n plek met baie busse uit (h4, r.85).
--	---

Ek vind dit onnodig om aan die begin van elke hoofstuk, of op plekke (soos in die voorbeeld hierbo) waar die imperfektum in die bronteks op die presens volg, in die doelteks aan te dui dat gebeure wat in die doelteks in die hede afspeel, in die bronteks in die onvoltooide verlede tyd vertel word. In Afrikaans sou dit in die presens geskryf gewees het.

Om hierdie rede vertaal ek hierdie handeling, wat in die doelteks ná die eerste sin van hoofstuk 2 volg, in die historiese presens. Deur een sin aan die begin van hoofstuk 2 in die imperfektum te vertaal, het ek reeds aangetoon dat die vertelling in die bronteks in die imperfektum geskied. Ek het geoordeel dat die doelteksleser dit as steurend en onnatuurlik sou ervaar as ek telkens wanneer ’n hoofstuk in die bronteks in die imperfektum begin, eers weer in die doelteks na die imperfektum sou oorslaan voordat ek in die historiese presens verder vertaal.

Wanneer daar in die bronteks van die voltooide verlede tyd gebruikgemaak word, slaan ek in die doelteks in die imperfektum oor:

Bronteks	Doelteks
His brother John, who was a carpenter, had gone there, and had a business of his own in Sophiatown, Johannesburg. His sister Gertrude, twenty-five years younger than he, and the child of his parents’ age, had gone there with her small son to look for the husband who had never come back from the mines. His only child Absalom had gone there, to look for his aunt Gertrude, and he had never returned. (Paton 2002:8–9 r.30).	Sy broer John, wat ’n skrynwerker is, het soontoe gegaan en het sy eie besigheid in Sophiatown, Johannesburg gehad. Sy suster Gertrude, wat vyf en twintig jaar jonger as hy is, ’n laatlam, het saam met haar klein seuntjie soontoe gegaan om haar man te gaan soek wat nooit van die myne af teruggekeer het nie. Sy enigste seun, Absalom, het soontoe gegaan om na sy tante, Gertrude, te gaan soek, en hy het nooit teruggekeer nie (h2, r.22).

Dit gaan daaroor dat die doeltekslesers die tydsvorme wat in die doelteks gebruik word nie vreemd moet vind nie. Die doelteks moet, ook wat tydsvorme betref, lees asof die boek oorspronklik in Afrikaans geskryf is.

5.3.2 Register en styl

Du Toit en Smith-Müller (2003:13) meld dat styl deur twee opvallende eienskappe gekenmerk word. Styl is iets normatiefs; en dit is ook iets individueels of eiendomliks, eie aan ’n persoon of aan ’n groep. Dieselfde outeurs stel die term “groeptaal” gelyk aan “register” (Du Toit en Smith-Müller 2003:29). Waar Du Toit en Smith-Müller die groepseienskap van taal met register in verband bring, definieer Baker (2011:13) ‘dialek’ as “a variety of language which has currency within a specific community or *group* of speakers”[my beklemtoning], en ‘register’ as “a variety of language that a language user considers appropriate to a specific situation” (Baker 2011:13) – die normatiewe eienskap van styl (soos in die openingsin van hierdie paragraaf gestel) blyk prominent uit laasgenoemde definisie.

Dit is betekenisvol om daarop te let dat nie net dialek nie, maar ook register tekenend van die taalgebruik van ’n groep kan wees. Wat dialek en register binne groepsverband van mekaar onderskei, is dat dialek eienskappe bevat wat van die ‘standaardtaal’ afwyk (soos omskryf in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (Odendal en Gouws 2005:160)) en dat register normatief as gepaste taal vir ’n sekere situasie of binne ’n spesifieke groep ervaar word. In Hoofstuk 2 van hierdie studie (sien 2.3.2.2) is daar getoon dat Paton (in die bronteks) ’n onderskeid tref tussen die taalgebruik van die wit karakters en dié van die swart karakters. Die taalgebruik van die wit karakters herinner aan die taalgebruik van die King James-Bybelvertaling, en die taalgebruik van die swart karakters moet volgens sommige resensente die illusie skep dat die karakters Zulu praat (sien 1.1.2.1 en 2.3.2.2). Soos in 3.7.4 van hierdie studie aangedui is, is dit ’n aspek waarmee die vertaler noodwendig rekening moet hou.

Volgens Baker (2011:13) bring variasies in dialek en register “evoked meaning” (’n aspek van register) tot stand. Ek het die doeltteksvertaling dus met bogenoemde in gedagte aangepak. Daar is drie faktore wat tot ‘geëvoekte betekenis’ bydra, naamlik “field of discourse”, “tenor of discourse” en “mode of discourse” (Baker 2011:14).

Die onderskeid tussen die taalgebruik van die wit en dié van die swart karakters vind, in terme van Baker (2011:14) se omskrywing, as gevolg van die “tenor of discourse” plaas. Laasgenoemde is ’n term wat Baker gebruik vir die verhouding tussen die karakters wat aan die gesprek deelneem. Baker (2011:14) verduidelik:

[T]he language people use varies depending on such interpersonal relationships as mother/child, doctor/patient or superior/inferior in status.

In die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* dui die verskil in die register van die wit en die swart karakters se taalgebruik dus op die meerdere/ondergeskikte (baas/kneg) verhouding tussen wit en swart wat tydens die apartheidsjare gegeld het.

Bronteks	Doeltekst
<p>- We are looking, sir, for the son of my friend, one Absalom Kumalo, said Msimangu in the same language.</p> <p>- Absalom Kumalo. Yes, I know him well. Strange, he told me he had no people.</p> <p>- Your son told him, my friend, that he had no people, said Msimangu in Zulu.</p> <p>- He was no doubt ashamed, said Kumalo. I am sorry, he said to Msimangu in Zulu, that I speak no Afrikaans. For he had heard that sometimes they do not like black people who speak no Afrikaans.</p> <p>- You may speak what you will, said the young man. Your son did well here, he said. He became one of our senior boys, and I have great hope for his future.</p> <p>- You mean, sir, that he is gone? (Paton 2002:60 r.188).</p>	<p>- Ons is op soek, Meneer, na die seun van my vriend, ene Absalom Kumalo, sê Msimangu in dieselfde taal.</p> <p>- Absalom Kumalo. Ja, ek ken hom goed. Snaaks, hy het gesê dat hy geen mense het nie.</p> <p>- Jou seun, my vriend, het vir hom gesê dat hy geen mense het nie, sê Msimangu in Zulu.</p> <p>- Hy het sonder twyfel skaam gekry, sê Kumalo. Ek is jammer, sê hy in Zulu aan Msimangu, dat ek nie Afrikaans kan praat nie. Want hy het gehoor dat hulle soms nie van swart mense hou wat nie Afrikaans kan praat nie.</p> <p>- Jy mag praat net wat jy wil, sê die jong man. Jou seun het goed gedoen hier, sê hy. Hy het een van ons senior seuns geword, en ek het baie hoop vir sy toekoms.</p> <p>- U bedoel, Meneer, dat hy weg is? (h10, r.144).</p>

In gesprekke van gelykes van dieselfde ras is daar nie noodwendig 'n duidelike onderskeid tussen die register van die wit karakters en dié van die swart karakter nie. In die onderstaande voorbeeld is die swart karakter se taalgebruik ook in 'n hoë register.

Bronteks	Doeltekst
<p>Msimangu se woorde aan Kumalo</p> <p>- I tell you, you can do nothing. Have you not troubles enough of your own? I tell you there are thousands such in Johannesburg. And were your back as broad as heaven, and your purse full of</p>	<p>- Ek sê jou, jy kan niks doen nie. Het jy nie genoeg probleme van jou eie nie? Ek sê jou, daar is duisende sulke gevalle in Johannesburg. En al was jou rug so breed soos die hemel, en jou</p>

gold, and did your compassion reach from here to hell itself, there is nothing you can do (Paton 2002:62 r.288).	beursie vol goud, en al het jou medelye van hier tot in die hel self gestrek, is daar niks wat jy kan doen nie (h10, r.220).
Kumalo in gesprek met sy kollega die wit priester Vader Vincent [...]Yet I remember, there was a small bright boy, and he too sometimes rode on his horse past the church. A small bright boy, I remember, though I do not remember it well. (Paton 2002:65 r.45).	Ek onthou nou, daar was 'n klein op-en-wakker seuntjie, en hy het ook soms te perd verby die kerk gery. 'n Klein op-en-wakker seuntjie, ek onthou, al onthou ek dit nie goed nie (h11, r.39).

In bostaande twee voorbeelde, waar Msimangu en Kumalo onderskeidelik aan die woord is, is die register redelik hoog. Kyk byvoorbeeld na “Have you not troubles enough of your own?” (Paton 2002:62 r.288) en “there was a small bright boy, and he too sometimes rode on his horse past the church” (Paton 2002:65 r.45). Hierdie sinne sou maklik eenvoudiger gestel kon word. Maar hier gaan dit ook oor die verhouding tussen die sprekers, “tenor of discourse” soos Baker (2011:14) dit noem, hier is drie priesters wat in die Bybelse idioom geskool is in gesprek. Vir hulle is dit 'n soort ‘natuurlike register’.

Die beste voorbeeld van waar 'n swart karakter 'n laer register gebruik, is die volgende:

Bronteks	Doelteks
- We go down and dig it out, umfundisi. And when it is hard to dig, we go away, and the white men blow it out with the fire sticks. Then we come back and clear it away; we load it on to the trucks; and it goes up in a cage, up a long chimney so long that I cannot say it for you. (Paton 2002:17 r.30).	- Ons gaan af en grawe dit uit, Umfundisi. En wanneer dit moeilik is om te grawe, gaan ons weg, en dan skiet die wit mans dit met die vuurstokke uit. Dan kom ons terug en vat dit weg. Ons laai dit in die trokke, en dit gaan boontoe in 'n bak, op deur 'n skoorsteen wat so hoog is dat ek dit nie eers vir u kan beskryf nie. (h4, r.23).

Die beste voorbeeld van 'n hoër (en uitgesproke poëtiese) register, deur die verteller gebesig, is die openingsparagrafe:

Bronteks	Doelteks
There is a lovely road that runs from Ixopo into the hills. These hills are grass-covered and rolling, and they are lovely beyond any singing of	Daar is 'n besondere mooi pad wat van Ixopo na die heuwels loop. Hierdie heuwels is met gras bedek en golwend, en hulle is onbeskryflik mooi.

it. The road climbs seven miles into them, to Carisbrooke; and from there, if there is no mist, you look down on one of the fairest valleys of Africa. About you there is grass and bracken and you may hear the forlorn crying of the titihoya, one of the birds of the veld. Below you is the valley of the Umzimkulu, on its journey from the Drakenberg to the sea; and beyond and behind the river, great hill after great hill; and beyond and behind them, the mountains of Ingeli and East Griqualand.

The grass is rich and matted, you cannot see the soil. It holds the rain and the mist, and they seep into the ground, feeding the streams in every kloof. It is well-tended, and not too many cattle feed upon it; not too many fires burn it, laying bare the soil. Stand unshod upon it, for the ground is holy, being even as it came from the Creator. Keep it, guard it, care for it, for it keeps men, guards men, cares for men. Destroy it and man is destroyed. (Paton 2002:7 r.1).

Die pad klim vir sewe myl deur die heuwels na Carisbrooke; en wanneer daar geen mis is nie, kyk jy daarvandaan uit oor een van die asemrowendste valleie in Afrika. Jy is met gras en varings omring en soms hoor jy die verlore roep van die titihoya, een van die voëls van die veld. Onder jou lê die Umzimkulu-vallei, onderweg van die Drakensberge na die see; en verder, anderkant die rivier, vind jy heuwel op lieflike heuwel; en nog verder lê die berge van Ingeli en Griekwaland-Oos.

Die gras is dig en welig, jy kan die grond nie sien nie. Die gras hou die reën en die mis vas, dit deurweek die grond en voed die strome in elke kloof. Die veld is goed versorg en daar wei nie te veel beeste op nie; daar woed ook nie te veel brande wat die aarde blootlê nie. Trek jou skoene uit wanneer jy daarop staan, want die grond is heilig, steeds ongerep soos die Skepper dit geskape het. Onderhou dit, waak daarvoor, sorg daarvoor, want die aarde onderhou die mens, beskut die mens en sorg vir die mens. Vernietig die aarde, en jy vernietig die mens. (h1, r.1).

Nog ’n aspek wat register en styl betref, is die herhaling van woorde in die bronteks. Paton gebruik die woorde “timidly” (Paton 2002:8 r.3 en r.8) en “delicately” (Paton 2002:8 r.23 en 10 r.103) byvoorbeeld twee keer in hoofstuk 2 van die bronteks. Ofskoon herhaling dikwels in literêre tekste as funksioneel beoordeel word wanneer dit tot ’n ritmiese of liriese effek (of tot beklemtoning) bydra (Du Toit en Smith-Müller 2003:104), dien die hierbo aangehaalde herhalings myns insiens nie ’n liriese of ritmiese doel nie. Ek vind dit trouens eerder stilisties slordig, veral aangesien die woord “timidly” twee keer binne die bestek van ses reëls gebruik word. As leser het ek dit steurend gevind – ook Du Toit en Smith-Müller (2003:105) is krities oor “woorde wat te naby mekaar herhaal word”, tensy dit woorde (soos lidwoorde, hulpwerkwoorde en voegwoorde) is wat ’n kleiner semantiese lading dra, wat in bogenoemde aanhalings uit die bronteks duidelik nie die geval is nie. Die herhaling beklemtoon wel die

geaardheid en aksies van die karakter, maar hierdie beklemtoning sal nie verlore gaan met die gebruik van 'n sinoniem nie.

Die vertaler het 'n keuse om, waar herhaling in die bronteks voorkom, dié woorde nie noodwendig elke keer met dieselfde woorde in die doelteks te vertaal nie (of party van die herhalings selfs weg te laat). Elke situasie is afsonderlik bestudeer voor 'n woordkeuse gemaak is. In die onderstaande voorbeeld het ek probeer om die (myns insiens) stilistiese 'slordigheid' in die doelteks te vermy deur van sinonieme ekwivalente woorde gebruik te maak. Myns insiens is dié vertaaloplossing minder steurend as in die doelteks:

Bronteks	Doelteks
Next to the church was a house and she knocked timidly on the door. (Paton 2002:8 r.3).	Sy klop skamerig aan die deur van die huis langs die kerk (h2, r.2).
The small child opened the door, carefully like one who is afraid to open carelessly the door of so important a house, and stepped timidly in. (Paton 2002:8 r.8).	Die klein dogtertjie maak die deur oop, versigtig, soos iemand wat bang is om die deur van só 'n belangrike huis sonder respek oop te maak, en gaan bedees binne (h2, r.4).
She walked delicately , as though her feet might do harm in so great a house[...] (Paton 2002:8 r.23).	Sy loop katvoet , bang dat haar voetjies skade in so 'n groot huis kan aanrig[...] (h2, r.18).
So the child went delicately to the door, and shut it behind her gently[...] (Paton 2002:10 r.103)	Die kind loop versigtig na die deur toe en trek dit saggies agter haar toe (h2, r.90).

Die besluit om in bogenoemde twee gevalle nie telkens dieselfde brontekswoord te herhaal nie, maar in die doelteks van sinonieme ekwivalente woorde gebruik te maak, kan myns insiens ook geregverdig word deur die feit dat Paton in die bronteks eweneens by geleentheid sinonieme woorde gebruik eerder as om dieselfde woord te herhaal. Hy gebruik byvoorbeeld nie telkens dieselfde woord om na 'n priester te verwys nie, maar gebruik afwisselend drie sinonieme woorde vir priester: “priest” (Paton 2002:21 r.4), “reverend” (Paton 2002:20 r.147) en “parson” (Paton 2002:31 r.12). Die *Collins South African Dictionary* (2007) definieer hierdie woorde soos volg:

Priest: **1.** *Christianity* a person ordained to act as a mediator between God and man in administering the sacraments, preaching, blessing, guiding, etc. **2.** a minister in the second

grade of the hierarchy of holy orders, ranking below a bishop but above a deacon (*Collins South African Dictionary* 2007:1286).

Reverend: *adj* a title of respect for a clergymen (*Collins South African Dictionary* 2007:1382).

Parson: *old fashioned* a parish priest in the Church of England, formerly applied only to those who held ecclesiastical benefices (*Collins South African Dictionary* 2007:1186).

Om meer duidelikheid oor die gebruik van bogenoemde drie woorde te kry, is dit nodig om na die geskiedenis van die Anglikaanse Kerk te kyk:

[The] Church of England [...] has been the original church of the Anglican Communion since the 16th century Protestant Reformation. As the successor of the Anglo-Saxon and medieval English church, it has valued and preserved much of the traditional framework of medieval Roman Catholicism in church government, liturgy, and customs, while it also has usually held the fundamentals of Reformation faith (Church of England 2013).

Die Kerk van Engeland, of ‘Church of England’, is die moederkerk van die Anglikaanse Kerk waartoe Msimangu en Kumalo behoort. Die breuk met die Roomse pousdom en die vestiging van ’n onafhanklike Anglikaanse Kerk het tydens die bewind van Hendrik VIII⁴⁷ (1509–1547) plaasgevind:

When Pope Clement VII refused to approve the annulment of Henry’s marriage to Catherine of Aragon, the English Parliament, at Henry’s insistence, passed a series of acts that separated the English church from the Roman hierarchy and in 1534 made the English monarch the head of the English church. The monasteries were suppressed, but few other changes were immediately made, since Henry intended that the English church would remain Catholic, though separated from Rome (Church of England 2013).

Dié kerk het tydens die Hervorming (sien 3.2.2) Protestants geword.

Na aanleiding hiervan het ek ‘priest’, ‘reverend’ en ‘parson’ met slegs twee sinonieme, te wete “priester” (h5, r.14 en h7, r.7) en “eerwaarde” (h4, r.112), vertaal. Die rede waarom ek ‘reverend’ in die Afrikaanse vertaling weggelaat het, is omdat dié woord in Engels as adjektief en titel gebruik word (sien die definisie soos hierbo aangehaal). Die semantiese veld

⁴⁷ Hendrik VIII (1509–1547) was die koning van Engeland gewees. “He presided over the beginnings of the English Renaissance and the English Reformation.” Hy het ses vroue gehad. (Henry VIII 2013).

van die Afrikaanse woord ‘eerwaarde’ dek beide die betekenis van die Engelse ‘reverend’ en ‘parson’ (sien die Afrikaanse woordverklarings hieronder). Dit is daarom dat ek in die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* slegs twee Afrikaanse sinonieme vir die drie Engelse woorde in die bronteks gebruik.

Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* (2005) definieer hierdie woorde só:

Priester: kerkdienaar, geestelike wat deur ’n biskop sy wyding ontvang het en die sakramente mag bedien (Odendal en Gouws 2005:889).

Eerwaarde: 1. Verouderde betiteling van ’n sendeling. 2. Betiteling van sommige geestelikes of liggame (Odendal en Gouws 2005:203).

Die register en styl was vir my ’n moeilike aspek van die vertaling: eerstens omdat die bronteks reeds meer as 60 jaar oud is en die taal (beide die bron- en doeltaal) intussen verander het, en laastens omdat die skyn-Zulu (sien 5.3.3) volgens my nie duidelik en konsekwent genoeg in die bronteks te sien is nie.

5.3.3 Die gebruik van skyn-Zulu in die bronteks

Cry, the beloved country is op sintaktiese en leksikale vlak gemarkeer om onderskeid te tref tussen die taalgebruik van die wit en die swart karaktes.

In Hoofstuk 2 (sien 2.3.2) het ek getoon dat die gemarkeerde taalgebruik in die bronteks meer sê oor die wyse waarop Zulusprekers Engels praat as oor die wyse waarop Zulu sprekers Zulu praat. In hierdie verband voer Coetzee (1988:127) aan dat:

[t]he reader cannot be blamed for concluding that Zulu lacks words for the concepts *dynamite*, *shaft*, *take cover*, that the speaker is using the best approximations his language provides, and that Paton has given literal translations of these approximations, in accord with the practice of transfer.

Bronteks	Doeltekst
- We go down and dig it [the ore] out, umfundisi. And when it is hard to dig, we go away, and the white men blow it out with the	- Ons gaan af en grawe dit uit, Umfundisi. En wanneer dit moeilik is om te grawe, gaan ons weg, en dan skiet die wit mans dit met die

fire-sticks. Then ... we load it on to the trucks, and it goes up in a cage, up a long chimney so long that I cannot say it for you. (Paton 2002:17 r.30).	vuurstokke uit. [...] Ons laai dit in die trokke, en dit gaan boontoe in 'n bak, op deur 'n skoorsteen wat so hoog is dat ek dit nie eers vir u kan beskryf nie. (h4, r.23).
---	---

Die frase “the fire sticks” (Paton 2002:17 r.31) in bostaande voorbeeld is beslis nie direk uit Zulu vertaal nie want die Zulu-woord vir dinamiet is ‘udalimede’. Die aangehaalde frase sê eerder iets oor die wyse waarop Zulusprekers Engels praat. Zulusprekers het dikwels moeite met Engelse (of Afrikaanse) lidwoorde aangesien Zulu nie ’n leksikale ekwivalent daarvoor het nie. Zulusprekers voeg dus soms ’n lidwoord by wanneer daar nie een hoef te wees nie, of hulle laat die lidwoord weg wanneer daar wel een moet wees.

Ek het die ongrammatikale gebruik van die lidwoord in sommige gevalle aangepas sodat die teks meer natuurlik in die doeltaal lees. In ander gevalle, soos in die bostaande voorbeeld: “die vuurstokke” (Paton 2002:17 r.31), het ek die ongrammatikale gebruik van die lidwoord net so gehou.

Hier volg enkele voorbeelde waar ek die ongrammatikale gebruik van die lidwoord wel verander het:

Bronteks	Doeltekst
Oh child of my womb and fruit of my desire, it was pleasure to hold the small cheeks in the hands... (Paton 2002:54 r.230).	O kind van my skoot, en vrug van my verlange! Dit was ’n vreugde om die wangetjies tussen my hande te hou[...] (h9, r.202).
And if a trouble develops, who can find how it began, and who will tell the truth? (Paton 2002:27 r.13).	En as daar moeilikheid kom, wie kan dan uitvind hoe dit begin het, en wie sal die waarheid praat? (h6, r.11)

Die feit dat daar nie so baie voorbeelde van skyn-Zulu in die bronteks voorkom nie – anders as wat resensente soos Margaret Hubbard (1948) beweer het (sien 1.1.2.1) – laat nie veel ruimte vir die vertaler om iets daarvan te maak nie. Dit veroorsaak dat die swart karakters se taalgebruik hoofsaaklik deur die gebruik van baie kort sinne en herhaling aangedui word.

5.3.4 Punktuasie

Paton het baie kommas in die bronteks gebruik. Die kommas kom op plekke in sinne voor waar daar nie noodwendig 'n komma hoef te wees nie. Byvoorbeeld:

She mustered up her courage, and said, It is not from our son (Paton 2002:9 r.57).

Die sin hierbo sou ook só kon lyk:

She mustered up her courage and said: – It is not from our son.

Die kommas kom veral gereeld voor die woord 'and' voor, (sien Butcher (2002:157).

Volgens Müller (2006:87–88) is dit ook die geval in Alexander McCall Smith se *The No.1 Ladies' Detective Agency*: “McCall Smith is geneig om opvallend baie kommas te gebruik [...] In die BT [bronteks] word dit [...] byvoorbeeld dikwels voor “and” gebruik, ook in sinne wat redelik kort is.” In Müller (2006) se magisterstudie, getiteld: “Die vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* van Alexander McCall Smith: strategieë en besluite tydens die vertaalproses”, het Müller die gebruik van kommas “sover moontlik” in die Afrikaanse vertaling van *The No.1 Ladies' Detective Agency* nageboots, “solank dit nie die betekenis of boodskap van die oorspronklike teks beïnvloed het nie” (Müller 2006:88).

Butcher (2002) maan dat “the inclusion or omission of a comma can change the sense”, soos in die volgende voorbeeld:

She said Auckland was attractive because he lived there [it was attractive because he lived there.]

She said Auckland was attractive, because he lived there [she said it because he lived there] (Butcher 2002:156.)

Oor die komma voor 'and' sê Butcher (2002:157) “[i]n American style the comma is more often included [before and].” Die feit dat *Cry, the beloved country* eers in die Verenigde State van Amerika gepuliseer is, sien 1.1.2.1, laat 'n mens wonder of die kommas voor “and” dalk deur 'n redigeerder ingevoeg is. 'n Manuskriptstudie sal kan toon of die kommas deur Paton self ingesit is en of dit deur 'n redigeerder ingevoeg is. 'n Vergelykende studie van *Cry, the beloved country* en Paton se latere romans: *Too late the phalarope* (1953) en *Ah, but your land is beautiful* (1981), sal ook meer lig hierop kan werp. Ongelukkig is al drie romans deur dieselfde Amerikaanse uitgewer, Scribner, uitgegee.

Die doel van die kommas in *Cry, the beloved country* is myns insiens om die stadiger wyse waarop veral die swart karakters kommunikeer na te boots of onder die leser se aandag te bring. Die kommas veroorsaak dat die leser stadiger lees, en so word iets van die Afrika-atmosfeer en die rustige leefwyse op Ndotsheni in die bronteks weergegee.

In die doeltaal, Afrikaans, sal die gebruik van soveel kommas soos in die bronteks ook onkonvensioneel wees. Ek moes dus besluit of ek die meeste van die kommas in die doeltteks sou weglaat (met ander woorde of ek die bronteks by die konvensies van Afrikaans sou aanpas) en of ek die kommas in die doeltteks sou behou om sodoende dieselfde rustiger en tydsame gevoel in die doeltteks te skep. Hierdie vertaalprobleem het ek aan die hand van die skopos van die doeltteks (sien 3.6.1) benader; omdat ek probeer het om so getrou as moontlik aan die bronteks te bly, het ek die gebruik van kommas in die doeltteks probeer naboots.

Ek het 'n groot aantal van die kommas in die doeltteks behou om só te verseker dat die lesers, net soos by die lees van die bronteks, verplig sou wees om die stadiger ritme van *Cry, the beloved country* te ervaar.

Hier volg enkele voorbeelde:

Bronteks	Doelteks
Their eldest daughter whom I prepared for confirmation has run away, and lives in Pimville, with a young loafer of the streets. (Paton 2002:28 r.40).	Hulle oudste dogter, wat ek voorberei het om in die kerk aangeneem te word, het weggegaan en woon nou in Pimville, saam met 'n jong leegleër. (h6, r.33).
And if a trouble develops, who can find how it began, and who will tell the truth? (Paton 2002:27 r.13).	En as daar moeilikheid kom, wie kan dan uitvind hoe dit begin het, en wie sal die waarheid praat? (h6, r.11).

Ek het die kommas egter nie in alle gevalle net so in die doeltteks gebruik nie. Soms het ek gevoel die doeltteks lees makliker sonder die kommas, en dat dit net té onnatuurlik sou wees as ek die kommas in die doeltteks sou behou. Dit was baie keer die geval met die kommas voor 'and'. In daardie gevalle het ek die kommas dan weggelaat om te sorg dat die doeltteks vloeiend lees in Afrikaans:

Bronteks	Doelteks
But Kumalo was a humble man, and did not much care. They saw his clerical collar, and moved up to make room for the umfundisi. (Paton 2002:15 r.80).	Maar Kumalo is 'n nederige man en gee nie regtig om nie. Hulle sien sy wit boordjie en skuif op om vir die umfundisi plek te maak (h3, p3).
He is silent, and his heart beats a little faster, with excitement and fear. (Paton 2002:17 r.38).	Hy is stil en sy hart klop effe vinniger van opwinding en vrees (h4, r.29).

5.3.5 Hooflettergebruik

Wat die gebruik van hoofletters in die doelteks betref, het die enigste noodsaak vir 'n vertaalkeuse by aanspreekvorme voorgekom; veral by die aanspreekvorm “umfundisi” (dominee of priester) (Paton 2002:10 r.95). In die bronteks is dié aanspreekvorm oral met 'n kleinletter geskryf. In die doelteks het ek dit met 'n hoofletter vervang, soos die Afrikaanse spelreëls vereis.

Die betrokke reëls uit die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (2009) is reeds onder ‘Aanspreekvorme’ (sien 5.1.1) aangehaal en volledig bespreek

5.4 Teksspesifieke vertaalprobleme

Nord (1997b:67) meen dat sommige vertaalprobleme teksgebonde is. Dit beteken dat dié vertaalprobleme eie is aan die bronteks wat vertaal word. Dit kan dinge soos vaste uitdrukkings, neologismes en woordspelings insluit. In die geval van die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* het vyf soorte teksspesifieke vertaalprobleme voorgekom: die titel, raspejoratiewe, aangehaalde Bybeltekste, sekere uitdrukkings, en die gebruik van die em-streep in plaas van aanhalingstekens om dialoog aan te dui.

5.4.1 Die titel

Wat die vertaling van die titel, *Cry, the beloved country*, moeilik gemaak het, is die feit dat die titel 'n direkte aanhaling uit die bronteks is. In die gedeelte wat ek vertaal het (sien Hoofstuk 4) kom die titel een keer in die bronteks voor (Paton 2002:66 r.94). Die titel kom

ses bladsye later vir die tweede en laaste keer in die bronteks voor (Paton 2002:72). In die gedeelte wat ek vertaal het, lyk dit soos volg:

There is not much talking now. A silence falls upon them all. This is no time to talk of hedges and fields, or the beauties of any country. Sadness and fear and hate, how they well up in the heart and mind, whenever one opens the pages of these messengers of doom. Cry for the broken tribe, for the law and the custom that is gone. Aye, and cry aloud for the man who is dead, for the woman and children bereaved. **Cry, the beloved country**, these things are not yet at an end. The sun pours down on the earth, on the lovely land that man cannot enjoy. He knows only the fear of his heart (Paton 2002:66).

Omdat die titel direk uit die teks geneem is, moes die Afrikaanse ekwivalent vir *Cry, the beloved country* ook net so uit die doelteks as titel gebruik word om sodoende so getrou as moontlik aan die bronteks te bly. Ek het bostaande tekssnit soos volg vertaal:

Daar word nie nou veel gepraat nie. 'n Stilte daal oor hulle neer. Dit is nie nou die tyd om oor hegge en velde, of die skoonheid van enige land, te praat nie. Hartseer en vrees en haat, dít wel in die hart en gedagtes op wanneer 'n mens die bladsye met hierdie onheilsboodskappe oopslaan. Huil oor die gebroke stam, oor die wet en die tradisies wat weg is. Ja, en huil hardop oor die man wat dood is, oor die vrou en kinders wat agtergelaat word. **Huil, geliefde land**, hierdie dinge het nog nie tot 'n einde gekom nie. Die son skyn op die aarde neer, op die lieflike land wat mens nie kan geniet nie. Hy ken slegs die vrees van sy hart (h11, r.73).

Dit beteken nie noodwendig dat 'n direkte vertaling – *Huil, geliefde land*, presies waarop ek op die ou end besluit het (wel sonder die lidwoord – dié besluit word enkele paragrawe verder verduidelik) – nodig is nie. Kyk 'n mens byvoorbeeld na onderstaande Nederlandse vertaling, *Tranen over Johannesburg*, uit 1950, is dit duidelik dat die Nederlandse vertaler, B. Majorick, 'n ander oplossing gevind het.

Die Nederlandse vertaler het 'n frase aan die doelteks toegevoeg wat nie in die bronteks voorkom nie en dié gedeelte toe as titel gebruik:

Er wordt niet veel meer gepraat. De stilte hangt als een beklemming in het vertrek. Het is nu het moment niet om te praten over de landerven en de schoonheid van het land. Droefenis, angst en haat knagen aan het hart, steeds weer als de pagina's van deze ongelukstijdingen opengeslagen worden. Tranen, over de stam, over de oude wet, over de verdwenen traditie. Tranen, hete tranen, over de man, die sterft; over de vrouw die haar kinderen verliest. **Tranen over het land. Tranen over Johannesburg**, want het einde van deze dingen is nog niet in

zicht. De zonnestralen storten zich overvloedig uit over het land, over de stad, maar ze dringen niet door tot het hart van de mens, die alleen de vrees kent (Paton 1950:53).

'n Goeie gevolg van die titel van die Nederlandse vertaling is dat dit dié teks, deur 'n debuterende outeur wat in 1950 waarskynlik betreklik onbekend in Nederland was, met die eerste oogopslag in Suid-Afrika plaas, 'n land waarmee die meeste Nederlanders toe – vanweë die twee lande se gesamentlike geskiedenis – bekend sou wees. Hierdie koppeling aan 'n bekende plek (eerder as 'n onbekende outeur) kon moontlik tot gevolg gehad het dat die Nederlandse doelteks beter verkoop het as wat die geval sou wees indien die titel 'n direkte vertaling van 'n frase was wat nie die land identifiseer nie.

Maar in die lig van die skopos van die Afrikaanse vertaling (sien 3.6.1), is 'n direkte vertaling piekfyn. So word daar nader aan die bronteks gebly. Daarom het ek besluit om *Cry, the beloved country* met *Huil, geliefde land* te vertaal. Ek het dit oorweeg om 'n sinoniem vir 'huil' te gebruik, maar myns insiens is woorde soos 'treur' of 'ween' se register te hoog en dus onvanpas. Die lidwoord is weggelaat sodat die titel meer vloeiend lees. In die Engelse titel *Cry, the beloved country*, val die lidwoord mens as ongewoon op. Die gebruik van die lidwoord vestig 'n mens se aandag op die woorde wat daarop volg, op “beloved country”. Intussen het hierdie titel so bekend geword dat dit dikwels aangehaal word om kommentaar te lewer op ongeregtigheid. Dié bekende titel word ook gebruik om kommentaar te lewer op Suid-Afrika se huidige ekonomiese toestand. 'n Goeie voorbeeld van laasgenoemde is die artikel “Sad South Africa, Cry, the beloved country” wat onlangs in die internasionale koerant *The Economist* verskyn het (Sad South Africa 2012). Hierdie artikel handel oor die ekonomiese agteruitgang van Suid-Afrika terwyl “much of the rest of the continent is clawing its way up” (Sad South Africa 2012).

Die titel van die doelteks, *Huil, geliefde land*, veroorsaak intertekstualiteit met verskeie ander Afrikaanse tekste. Dit sluit tekste in soos Karel Schoeman se *Na die geliefde land* (1973) en 'n *Ander land* (1984), F.A. Venter se tetralogie *Geknelde land* (1960), *Offerland* (1963), *Gelofte land* (1966) en *Bedoelde land* (1968), en ook Bernard Odendaal se digbundel *Onbedoelde land* (2007). Ek dink egter nie dat dit problematies vir die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* is nie. Die genoemde Afrikaanse tekste het almal meer as 'n dekade (en langer) ná *Cry, the beloved country* verskyn en die outeurs het waarskynlik

geensins bedoel om 'n intertekstuele verband met Paton se roman op te roep nie. Wat wel hieruit blyk, is die prominensie wat die begrip 'land' in die Afrikaanse letterkunde geniet.

5.4.2 Raspejoratiewe

'n Netelige vertaalprobleem in Suid-Afrikaanse tekste is die hantering van woorde wat ras aandui, hetsy daardie woorde bedoel is/was om te kwets, of nie intensioneel kwetsend bedoel was nie, maar nietemin in die eietydse samelewing as kwetsend ervaar word. In die gedeelte van *Cry, the beloved country* wat ek vir die doel van hierdie studie vertaal het (sien Hoofstuk 4), kom die volgende raspejoratiewe onder meer voor: "Europeans" (Paton 2002:14 r.70) en sy teëhanger, "non-Europeans" (Paton 2002:14 r.72), "natives" (Paton 2002:22 r.45), en die hoogs pejoratiewe woord "kaffer/kaffir" (Paton 2002:42 r.126). Hoe vertaal 'n mens hierdie woorde vandag, twee dekades ná die politieke oorgang na 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika, in Afrikaans?

Om 'n antwoord op hierdie vraag te vind, sou dit logies wees om eers te kyk hoe ander vertalers hierdie kwessie benader het. Ongelukkig is daar nie baie literêre romans uit Engels in Afrikaans vertaal nie – daar is trouens geen tekste uit die liberale tradisie in Afrikaans vertaal nie. Sedert 2004 het daar egter vertalings van twee Suid-Afrikaanse romans van statuus verskyn wat lig op vertaalkeuses met betrekking tot raspejoratiewe kan werp, ten spyte van die feit dat albei brontekste ná die beëindiging van apartheid verskyn het. Hierdie romans is die Nobelpryswenner J.M. Coetzee se *Disgrace* (bronteks: Engels), en Marlene van Niekerk se roman *Agaat* (bronteks: Afrikaans), 'n bestekopname van 'n verhouding (wat die apartheidsjare oorspan) tussen 'n wit en 'n swart vrou.

In *Disgrace* (1999) blyk dit dat die raspejoratiewe wat in die bronteks voorkom (soos 'boy', 'old style kaffir' en 'meid') funksioneel is omdat hulle 'n karakteriseringsfunksie vervul ten opsigte van die karakters wat dié woorde gebruik. In *In oneer* (2009), Fanie Olivier se Afrikaanse vertaling van hierdie Coetzee-roman, behou die vertaler dus die raspejoratiewe, soos in onderstaande voorbeeld waar Lucy se buurman, die rassistiese boer Ettinger, sê dat hy 'n 'boy' (swart werker) sal stuur:

Raspejoratiewe in <i>Disgrace</i> (1999)	Raspejoratiewe in <i>In Oneer</i> (2009)
<p>Barely have they departed when the telephone repairmen arrive, then old Ettinger. Of the absent Petrus, Ettinger remarks darkly, ‘Not one of them you can trust.’ He will send a boy, he says, to fix the kombi.</p> <p>In the past he has seen Lucy fly into a rage at the use of the word boy. Now she does not react (Coetzee 1999:109).</p>	<p>Skaars is hulle weg, of die telefoonherstelmanne daag op, dan ou Ettinger. Oor die afwesige Petrus merk Ettinger somber op: “Nie een van hulle kan jy vertrou nie.” Hy sal ’n boy stuur, sê hy, om die kombi reg te maak.</p> <p>In die verlede het hy al gesien hoe Lucy woedend word by die gebruik van die woord boy. Nou reageer sy nie (Coetzee 2009:105).</p>

Die laaste sin in die aanhaling hierbo maak dit eintlik onmoontlik om die woord ‘boy’ met iets neutraals te vertaal. Sou ’n mens ‘boy’ met ’n neutrale woord vertaal, sal die laaste sin geskrap moet word want anders sal dié sin gewoon onsinnig wees.

Soos reeds genoem is, moet daar nie uit die oog verloor word dat *Disgrace* (1999) eers ná 1994 uitgegee is nie. Marlene van Niekerk se roman *Agaat*, wat vervolgens bespreek gaan word, het eers in 2004, tien jaar na die beëindiging van apartheid, op die rakke gekom. Myns insiens kan ’n mens verwag dat die raspejoratiewe in post-apartheid-letterkunde in vertaling (veral wanneer daar in Afrikaans vertaal word) anders behandel sal word as raspejoratiewe in ouer tekste. Die rede hiervoor is dat woorde wat vandag (post-apartheid) as raspejoratiewe gesien word, in baie ouer tekste dikwels as neutrale, referensiële woorde gesien en gebruik is.

In sy meestersgraadstudie, getiteld “Twee Afrikaanse romans in Engels: ’n ondersoek na die werksywyses van literêre vertalers”, bestudeer Swart (2009) Elsa Silke se Engelse vertaling (*This life*, 2006) van Karel Schoeman se roman *Hierdie lewe* (1993), en Michiel Heyns se gelyknamige Engelse vertaling (2006) van Marlene van Niekerk se roman *Agaat* (2004). Laasgenoemde roman se Engelse vertaling vir die internasionale lesersmark het op 4 Desember 2008 onder die titel *The way of the women* by die uitgewer Abacus, ’n druknaam van Little, Brown Book Group, in Londen verskyn (*The way of the women* 2013). Die eerste Amerikaanse uitgawe van Heyns se Engelse vertaling het, eweneens onder die titel *Agaat*, in 2010 op Vryheidsdag, 27 Maart, by Tin House Books verskyn (Schillinger 2010)

Hoewel Swart (2009) se studie nie in die eerste plek op die vertaling van raspejoratiewe fokus nie, bespreek hy hierdie aspek wel. Hy is van mening dat Heyns die raspejoratiewe in die Engelse vertaling van *Agaat* (2006) “erg lukraak vertaal: ‘kindermeide’, ‘meid’, ‘hotnos’, ‘jong hotnos’ en ‘meidehart’ (Van Niekerk 2004:325) word onderskeidelik ‘nursemaids’, ‘woolly’, (Van Niekerk 2006:312), ‘goffels’, ‘young goffels’ en ‘coon-girl’s heart’ (Van Niekerk 2006:313). Later in die roman word ‘meid’ (Van Niekerk 2004:335) eers ‘coon’ (Van Niekerk 2006:323) en dan, op dieselfde bladsy, ‘skivvy’” (Swart 2009:95). Daar is volgens Swart (2009:95) oënskynlik “geen duidelike strategie” vir die hantering van hierdie raspejoratiewe nie. “Goffel” is die enigste van bogenoemde woorde wat in die woordelys van die Engelse vertaling voorkom (Van Niekerk 2006:694).

In antwoord op Swart (2009) se stellings lewer die vertaler in ’n artikel getiteld: “Irreparable loss and exorbitant gain: on translating *Agaat*” (Heyns 2009:124–135) uitvoerig repliek op “beide die probleme en die belonings van hierdie soort interkulturele onderhandeling” (Heyns 2009:124).

Heyns (2009:124) meen dat:

If much of the original culture is inevitably lost, especially where the language is itself strongly culture specific, the translation may also gain something by its immersion in the receiving culture, establishing revitalising links with a whole new context.

Heyns (2009:125) gee toe dat hy die vertaling van Marlene van Niekerk se roman *Agaat* (2004) sonder veel vertaalteoretiese kennis aangepak het: “I’d read hardly any of the many volumes of theoretical writings on the subject of translation.” Daarom verskaf Heyns (2009:125) sy eie definisie van vertaling:

[A] translation is a licensed trespass upon a rich but relatively unknown territory, upon which the translator has to report back to people to whom the territory is not only unknown but foreign. The translator [...] may not have explored this particular tract of land, but he is intimately acquainted with the territory, its flora and fauna, its inhabitants and their habits and peculiarities.

In Heyns se Engelse vertaling van *Agaat* (2006) poog hy “[to] give as accurate an account of this territory as [I] can, to enable [my] audience to understand something of this territory in

their own terms but *without losing the sense of foreignness*. If all countries looked the same, nobody would travel” (Heyns 2009:125).

Heyns (2009:127) voer aan dat vertaling van ’n literêre teks meer kompleks is as ’n keuse tussen Venuti (1995:20) se “domestication” of “foreignisation”. Hy verduidelik sy stelling aan die hand van die vertaling van plekname in die volgende gedeelte uit *Agaat* (2004:5):

Die riviere van my kindertyd! Hulle was anders, hulle name kan nie sê hoe mooi hulle was nie: Botrivier, Riviersonderend, Kleinkruisrivier, Duivenhoks, Maandagsoutrivier, Slangrivier, Buffeljagsrivier, Karringmelksrivier, Korenlandrivier.

Heyns (2009:127) argumenteer dat hierdie (Afrikaanse) name geen betekenis het vir iemand wat nie Afrikaanssprekend is nie, “and yet one can’t simply ‘domesticate’ them, render them into a clumsy approximation. So I retained the Afrikaans names, while trying also to reproduce something of their haunting resonance:

The rivers of my childhood! They were different, their names cannot tell how beautiful they were: Botrivier, Riviersonderend, Kleinkruisrivier, Duivenhoks, Maandagsoutrivier, Slangrivier, Buffeljagsrivier, Karringmelksrivier, Korenlandrivier. Rivers burgeoning, rivers without end, small rivers crossing; rivers redolent of dove cotes, of salt-on-Mondays, of snakes; rivers of the hunting of the buffalo, rivers like buttermilk, rivers running through fields of wheat (Van Niekerk 2006:5).

Die vertaalstrategie wat Heyns hierbo gevolg het, is gebruikmaking van wat Newmark (1995:103) ’n vertaalkoeplet noem: hy kombineer twee strategieë, in hierdie geval ‘transference’ en ‘descriptive equivalent’, om ’n hoogs kultuurspesifieke element van die Afrikaanse bronteks, naamlik beskrywende plaasname, suksesvol aan die Engelse leser oor te dra.

Waar dit oor ’n moeilike kwessie soos die vertaling van raspejoratiewe gaan, kan daar verwag word dat taal (in hierdie geval die taal Afrikaans) in ’n land soos Suid-Afrika, waar rassediskriminasie (steeds) deel van die kultuur is, “will reflect shades of meaning and tone that translation into a foreign culture can render only approximately if at all” (Heyns 2009:128).

Raspejoratiewe het volgens Heyns (2009:129) 'n wye betekenisveld. Neem byvoorbeeld die woord 'meid'. Oorspronklik was dit 'n neutrale Nederlandse woord vir 'n jong vrou, net soos 'maid' in Engels. In Suid-Afrika het 'meid' 'n pejoratiewe betekenisverskuiwing ondergaan (weer soos 'maid' in Engels) en beteken die woord vandag vroulike swart of bruin bediende. Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2005) verklaar dié woord soos volg:

meid s.nw [~e] (*rassisties*) Verouderde benaming vir 'n vroulike swart of bruin bediende – tans weinig gebruiklik maar nogtans as beledigend beskou en dus te vermy (Odendal en Gouws 2005:707).

Heyns (2009:129) verduidelik verder: “One of the realities reflected in *Agaat* is the whole range of registers still surviving in a single word. When Jak [...] uses the word [*meid*], it is almost always with its full force of offensive intent. [...] When Milla uses terms like *meid* and its cognates, on the other hand, she does so more neutrally; the term is still offensive, of course, [...] but the offence is not deliberate, as in Jak’s case.”

Swart (2009) meen (soos genoem) dat Heyns die raspejoratiewe in die Engelse vertaling van *Agaat* (2006) “erg lukraak vertaal” (Swart 2009:95). Ek is dit nie met hom eens nie: uit bogenoemde blyk dit dat dit vir Heyns oor die intensie van die spreker gaan. 'n Woord soos 'meid' (net soos die ander raspejoratiewe) kan dus nie in alle gevalle met dieselfde Engelse woord vertaal word nie.

[It is] a negotiation that doesn't really satisfy either party: it's not very faithful to the original, and it's not entirely convincing in the English either (Heyns 2009:130).

Ten spyte van Heyns se beskeie uitspraak, soos hierbo aangehaal, verwys Schillinger (2010) met lof na Heyns se vertaling as “fluidly translated” en 'n “pitch-perfect rendering of the music of van Niekerk’s prose”. Die motivering en werkwyse wat hy ten opsigte van die raspejoratiewe gevolg het, kan dus (ten spyte van Swart (2009) se voorbehoude) gunstig oorweeg word ten opsigte van die vertaling van *Cry, the beloved country*.

Om verdere insig in die hantering van raspejoratiewe te kry, kan 'n mens ook na heruitgawes van ouer Afrikaanse tekste kyk. Protea Boekhuis het byvoorbeeld Ben Venter se *Waterbobbejaan* (1968) in 2009 heruitgegee met die volgende redigeerdersnota voorin:

Hierdie verhaal speel af in 1898 en insidente wat aanstoot gee, moet in die konteks van daardie tyd beskou word. Woorde en insidente wat aanstoot gee, is vervang of weggelaat maar dit kon nie in alle situasies gedoen word nie, want dit sou die verhaalgang versteur.

Oor die redigering van heruitgawes sê Nicol Stassen in *Rapport* (Perspektief 2006:4):

Sekere terme en aanspreekvorme binne die patriargale sisteem en baas-kneg-verhouding is werklik 'n bietjie verouder en kan met hul rassitiese ondertone [...] aanstoot gee. Maar jy moenie die geskiedenis so verander dat dit onherkenbaar is nie.

Ek het ook na Eugène Marais se *Dwaalstories* (2006:969–983) gekyk wat in 2006 in die bundel *Eugène N. Marais Versamelde Werke II*, heruitgegee is onder redaksie van Marais se biograaf, Leon Rousseau. Dié versameling van vier kort stories word deur J.C. Kannemeyer (1984:235) as “die hoogtepunt” in Marais se oeuvre beskou. Dit is ook “een van die mees gekanoniseerde tekste in die Afrikaanse literatuur” (Marais 2005:67).

Wat die raspejoratiewe betref, het Rousseau niks aan Marais se *Dwaalstories* verander nie. Rousseau (2006:1276) skryf soos volg daaroor in sy redakteursaantekeninge:

Aan die taal en styl van *Dwaalstories* [...] het ek omtrent glad nie verander nie. Hierdie verhale is suiwer poësie, en om daarmee te peuter sou feitlik heiligskenis wees.

In 'n resensie getiteld “Van natuurstudies tot kontreiverhale en geliefde gedigte” van die bundel *Eugène N. Marais Versamelde Werke II*, skryf Charles Malan (2006):

[...] 'n [M]ens [moet] waarskynlik vandag dankbaar wees dat die redakteur [Leon Rousseau] destyds al besluit het om meestal die eertyds totaal aanvaarbare woord “kaffer” met eufemistiese alternatiewe te vervang. Al is dit 'n vertekening van die geskiedenis en die tekste, is die laaste ding wat 'n mens wil hê dat “die Boer” Marais vandag by 'n rassestorm betrek word.

Na die lees van Rousseau se redakteursaantekeninge weet ek egter steeds nie waar presies hy die reeds genoemde raspejoratiewe verwyder het nie want hy noem dit nie in sy redakteursaantekeninge nie⁴⁸. Daarom is dit moeilik om presies te sien hoe Leon Rousseau

⁴⁸ Sien Johann Lodewyk Marais en Leon Rousseau se briedewisseling in *Beeld* oor die wetenskaplikheid van Rousseau se biografie van Eugène N. Marais en heruitgawes van Eugène N. Marais se werk. Die briewe waarna verwys word sluit die volgende in: “Jammer hy skep indruk sy woord is laaste oor Marais” (Marais 2003:10), “Boeke oor Eugène Marais het wel bronne, verwysings” (Rousseau 2003:8) en “‘Stekies’ na my werk al 25 jaar oud” (Rousseau 2003:10).

die moeilike kwessie van raspejoratiewe in die heruitgawe(s) van Marais se werk hanteer het, al se hy dat hy “omtrent glad nie” aan die taal en styl van *Dwaalstories* verander het nie (Marais 2006:1276).

Daar bestaan wel ’n Engelse vertaling van Eugène Marais se *Dwaalstories* (1959). Dit is deur Jacques Coetzee vertaal en is in 2007 onder die titel *The rain bull* deur Human & Rousseau uitgegee. Aangesien die Afrikaanse teks van die *Dwaalstories* nie van raspejoratiewe “gesuiwer” is nie, kan Coetzee se vertaalstrategie eweneens nagegaan word. Dit is betekenisvol dat die genoemde drie vertalings wat ek as casus gebruik het, binne vier jaar van mekaar gepubliseer is, ofskoon die *Dwaalstories* onderskeidelik 78 jaar voor *Disgrace* en 83 jaar voor *Agaat* gepubliseer is (en 27 jaar ouer as *Cry, the beloved country* is).

Soos aangetoon is, het Olivier en Heyns die funksie en intensionaliteit van die raspejoratiewe telkens in die onderskeie (post-apartheid-)brontekste nagegaan en dit dienooreenkomstig in hulle vertalings probeer weergee. In albei die brontekste het daar raspejoratiewe voorgekom wat doelbewus wou skok of seermaak. Die vertaler het die felheid van die pejoratief in daardie gevalle telkens in die vertaling probeer behou. In gevalle waar die bedoeling nie was om te kwets nie, is die terme se pejoratiewe effek in die vertaling versag.

In die konteks van die *Dwaalstories* moet die woorde wat ras aandui eintlik glad nie as pejoratief gesien word nie omdat dit in 1921, toe Marais die *Dwaalstories* geskryf het, neutrale woorde was. Hierdie woorde word bowendien deur lede van dieselfde rassegroep onderling teenoor mekaar gebesig.⁴⁹ Coetzee vertaal hierdie terme dus telkens met ’n neutrale woord, en laat die rasaanduidende woorde in enkele gevalle heeltemal weg. In “Klein Riet-alleen-in-die-roerkuil”, wat Coetzee as “Little Reed-alone-in-the-whirlpool” vertaal het, word “meide” (Marais 1959:10) byvoorbeeld “old women” (Marais 2007:10); “Boesmanmeidjie” (Marais 1959:10) word “Bushman girl” (Marais 2007:11); “Arrie, Ousie” (Marais 1959:10)

⁴⁹ Die (San-)sprekers in die vier dwaalstories sou seker nie met mekaar Afrikaans gepraat het nie. Die outeur, Eugène N. Marais, verklaar eger in die voorwoord tot die bundeltjie verhale dat hy dié vier stories opgeteken het soos ’n “ou Boesman” genaamd outa Hendrik hulle aan hom vertel het. Die veronderstelling is dat “outa Hendrik” die stories in Afrikaans aan Marais sou vertel het. Hoe groot Marais se redaksionele ingreep was, is nie bekend nie, soos Kannemeyer (1984:235) tereg noem: daar kan “vandag nie meer vasgestel word watter bydrae Marais met sy aanvullings [as optekenaar] lewer nie.” In vergelyking met “Boesmanvertelling[s]” deur ander skrywers soos G.R. von Wielligh “is Marais se dwaalstories nie blote herskepping van die tipiese Boesman-folklore nie. As verhale beweeg hul op ’n artistiek veel hoër vlak [...]”. ’n Gesofistikeerde verteller soos Marais sou die sprekers in die vier dwaalstories mekaar seker nie laat aanspreek met benamings wat hulle as beledigend of pejoratief sou ervaar nie.

word “Arrie, girl” (Marais 2007:11); “vaal meidjie” (Marais 2007:11) word “dark girl” (Marais 2007:12); “vaal Boesman” (Marais 1959:11) word “grey Bushman” (Marais 2007:13) maar “Heitse, Ousie” (Marais 1959:12) word alleen “Heitse” (Marais 2007:14); daar word nie ’n vertaling vir Ousie gegee nie. Die vertaler, Coetzee, het dus ingesien dat hierdie woorde nie as raspejoratiewe bedoel was nie, maar moontlik of waarskynlik deur vandag se lesers as pejoratief geïnterpreteer sou word, en daarom het hy hulle eerder geneutraliseer of weggelaat.

Uit bogenoemde voorbeelde blyk dat daar nie vaste reëls vir die vertaling van raspejoratiewe in die post-apartheid-konteks van vandag is nie. Dit lyk wel asof vertalers sensitief is om nie aanstoot te gee nie. ’n Ander belangrike faktor blyk konsekwentheid te wees: waar daar wel van die konsekwente patroon afgewyk word, moet daar ’n duidelike verklaring voor wees, soos dat dié pejoratiewe woorde wat behou word byvoorbeeld tot karakterisering bydra.

Ek het gevolglik besluit om in my Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* alle raspejoratiewe soos “Europeans” (Paton 2002:14 r.70), “non-Europeans” (Paton 2002:14 r.72) en “natives” (Paton 2002:22 r.45) met onderskeidelik swart mense en wit mense te vertaal. Ek voel dat die gebruik van die woord ‘mense’ in ‘swart mense’ of ‘wit mense’ ook goed aansluit by die liberale tradisie, wat gepoog het om aan die wit minderheid wat toe aan die stuur van sake was, te wys dat dit nie alleen die kleur van jou vel is wat jou ’n mens maak nie. Dit is wel so dat bogenoemde woorde slegs referensieel gebruik word, maar ander vertaalmoontlikhede soos ‘bantoe’ of ‘naturel’ is in elk geval ook pejoratief en deel van die apartheidswordeskaf, en daarom het ek hulle nie oorweeg nie.

Nog voorbeelde uit die teks:

Bronteks	Doeltekst
On this train indeed there were not many others, for the Europeans of this district all have their cars, and hardly travel by train any more (Paton 2002:14 r.70).	Op hierdie trein is daar inderdaad nie veel ander mense nie, want die wit mense van hierdie omgewing het almal karre en reis byna nooit meer per trein nie (h3, r.54).
Kumlo climbed into the carriage for non-Europeans , already full of the humbler people of his race, some with strange assortments of European garments [...] (Paton 2002:14 r.72).	Kumalo klim in die wa vir swart mense , reeds vol van die meer beskeie mense van sy ras, sommige met ’n vreemde klomp Westerse kledingstukke aan [...] (h3, r.57).

OLD COUPLE ROBBED AND BEATEN IN LONELY HOUSE. FOUR NATIVES ARRESTED (Paton 2002:22 r.45).	BEJAARDE EGPAAR IN AFGELEë HUIS BEROOF EN AANGERAND. VIER SWART INBREKERS AANGEKEER (h5, r.31).
And it is not only the Europeans who are afraid (Paton 2002:22 r.47).	En dit is nie net die wit mense wat bang is nie (h5, r.33).
These three are bounded on the west by the European district of Newlands, and on the East by the European district of Westdene. (Paton 2002:27 r.4).	Hierdie drie grens in die weste aan die wit woonbuurt Newlands, en in die ooste aan die wit woonbuurt Westdene (h6, r.3).
This wonderful hospital for Europeans , the biggest hospital south of the Equator, it is built with the gold from the mines (Paton 2002:34 r.119).	Hierdie wonderlike hospitaal vir wit mense , die grootste hospitaal suid van die ewenaar, hy is gebou met die goud uit die myne (h7, r.91).

In hoofstuk 8 van die doeltteks het ek besluit om die raspejoratief “kaffer” (Paton 2002:42) te behou:

Bronteks	Doeltteks
Then my friend went off in the dark to the house of a white farmer not very far away. The dogs were fierce and he was afraid, but he persisted, and when the white man came he told him of the trouble, and that it was the kind of thing to be settled quietly. The white man said, Huh, I will come. He brought out his car, and they went back to my friend’s house. [...] The white man said to my friend, he said it twice, <i>Jy is ’n goeie Kaffer</i> , you are a good Kaffir . Something touched him, and he said it in the words that he had (Paton 2002:42 r.126).	Toe het my vriend in die donker na ’n wit boer se huis toe gegaan, nie baie ver daarvandaan nie. Die honde was kwaai en hy was bang, maar hy het deurgedruk, en toe die wit man uitkom, het hy hom van die moeilikheid vertel, en dat dit die soort ding was wat stil-stil opgelos moes word. Die wit man het gesê: Ja, ek sal kom. Hy het sy kar uitgetrek, en hulle is terug na my vriend se huis toe. [...] Die wit man het vir my vriend gesê – hy het dit twee keer gesê – Jy is ’n goeie kaffer . Iets het hom geraak, en hy het dit in dié woorde wat hy geken het, gesê (h8, r.91).

In hierdie gedeelte word ‘kaffer’ nie pejoratief gebruik nie. Dit is die enigste woord wat die boer ken of gebruik; vir hom is dit ’n neutrale woord. Die vraag is of vandag se lesers dit ook so sal verstaan. Die Engelse vertaler van Marais se *Dwaalstories* het nie so gedink nie en die rasaanduidende woorde wat vandag as perjoratief ervaar sou kon word, geneutraliseer. Ek dink wel dat die leser in bostaande geval uit *Cry. the beloved country* duidelik uit die konteks

(die adjektief ‘goeie’ en die verteller se opmerking in die daaropvolgende sin) kan aflei dat die woord referensieel gebruik word en nie perjoratief nie, en daarom het ek hierdie gelade woord tóg behou.

Die enigste woord wat Paton as pejoratief in die woordelys agter in die boek aangee, is “kafferboeties” (Paton 2002:72). Dié woord val egter nie binne die gedeelte wat ek vertaal het nie. Paton (2002:238) se woordverklaring lyk so:

Kafferboetie: Pronounce ‘boetie’ not as ‘booty’ but to rhyme with ‘sooty’. A term of contempt originally used to describe those who fraternized with African natives, but now used to describe any who work for the welfare of the non-European. Means literally ‘little brother of the kaffir’. Afrikaans.

Etienne van Heerden stem in sy artikel “’n Halwe geheue? ’n Standpunt oor die suiwering van tekste” (1989) nie saam dat woorde soos “kaffer” (Paton 2002:42) vroeër neutraal was nie. Van Heerden (1989:82) voer aan dat baie van die woorde wat vandag as raspejoratiewe ervaar word, “destyds reeds juis raspejoratiewe was – woorde wat pejoratief was, maar nie taboe nie, bloot omdat ’n bepaalde houding teenoor ‘anderskleuriges’ destyds aanvaarbaar was. Dié woorde het eers later taboe geword, met veranderende maatskaplike toestande, alhoewel hulle bloot pejoratief gebly het.”

Verder meen hy dat indien woorde soos ‘kaffer’ destyds bloot referensieel gebruik is, “is neosensors vandag dus besig om die teks ’n guns te bewys. Deur die vervanging van kwetswoorde met eufemismes word die oorspronklik bedoelde, onverhinderde lesing van die teks opnuut moontlik gemaak. Die teks word as’t ware in ere herstel” (Van Heerden 1989:81).

Was hierdie woorde wel destyds reeds met negatiewe en rasisties-kwetsende betekenis gelade, “dan is neosensors, wanneer hulle vandag neutrale eufemismes begin inspan om woorde wat hulle as kwetsend ervaar, te vervang, besig om aan die integriteit van die teks te peuter en die teks te herskryf” (Van Heerden 1989:81).

Hoe dit ook al sy, Van Heerden het gelyk wanneer hy sê: “met raspejoratiewe moet ’n mens katvoet loop” (1989:79).

5.4.3 Bybeltekste in die bronteks

Nog ’n teksspesifieke vertaalprobleem is die vertaling van die Bybeltekste wat binne die bronteks aangehaal word.

In Hoofstuk 2 (sien 2.3.2.2) is reeds getoon dat die styl van *Cry, the beloved country* baie aan die King James Bybelvertaling uit 1611 herinner. Behalwe vir die behoud of nabootsing van dié styl word daar ook op indirekte wyse enkele Bybelverse uit die King James Bybel in die bronteks aangehaal:

Wise men write many books, in words too hard to understand. But this, the purpose of our lives, the end of all our struggle, is beyond all human wisdom. Oh God, my God, do not Thou forsake me. Yea, though I walk through the valley of the shadow of death, I shall fear no evil, if Thou art with me[...] (Paton 2002:57 r.73).

In hierdie gedeelte word daar na twee gedeeltes in die Bybel verwys, naamlik Matteus 27:46 en Psalm 23:4. Geeneen is ’n direkte aanhaling nie. In die King James Bybel lui Matteus 27:46 soos volg: “My God, my God, why hast thou forsaken me?”, en Psalm 23:4 lui: “Yea, though I walk through the valley of the shadow of death, I will fear no evil: for Thou art with me.”

’n Mens kan sê dat die gedeelte uit Matteus eerder ’n verwerking van die kruiswoorde is as ’n aanhaling uit die Bybel. Die ander gedeelte verskil slegs met twee woorde van die Psalm: “I **shall** fear no evil, **if** Thou art with me” (Paton 2002:57 r.77) in plaas van, “I **will** fear no evil: **for** Thou art with me” (Psalm 23:4). Vandag se leser kan voel dat dié taalgebruik in die King James Bybel uit 1611 ’n bietjie hoogdrawend is. Dieselfde teksgedeeltes lyk soos volg in die meer onlangs gepubliseerde Holy Bible; New International Translation (2007): “My God, my God, why have you abandoned me?” (Matteus 27:46) en “Even when I walk through the darkest valley, I will not be afraid, for you are close beside me” (Psalm 23:4).

Die eerste Afrikaanse Bybelvertaling het in 1933 verskyn (sien 3.2.2), en dié vertaling is in 1953 hersien en met weinige veranderinge uitgegee. Dit wil sê dat daar in 1948, toe *Cry, the beloved country* vir die eerste keer verskyn het, nog net een Afrikaanse Bybelvertaling beskikbaar was. Bogenoemde teksverse lyk soos volg in die 1933/1953-vertaling: “\My God,

my God, waarom het U My verlaat?” (Matteus 27:46), en “Al gaan ek ook in ’n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my” (Psalm 23:4).

Die feit dat die eerste Afrikaanse Bybel eers in 1933 verskyn het, het veroorsaak dat ek aanvanklik na Nederlandse Bybelvertalings gekyk het om ’n weergawe te kry wat vandag se lesers as ekwivalent aan die styl van die King James vertaling uit 1611 sou ervaar. Die Nederlandse Statevertaling uit 1622 is ’n goeie ekwivalent vir die King James vertaling uit 1611.. Die twee teksgedeeltes lyk só in die Statevertaling: “Mijn God! Mijn God! Waarom hebt Gij mij verlaten!” (Matteus 27:46) en “Al ging ik ook in een dal der schaduw des doods, ik zou geen kwaad vrezen, want Gij zijt met mij” (Psalm 23:4).

Op die ou end het ek besluit om wel van die 1933/1953 Afrikaanse vertaling gebruik te maak. Die rede hiervoor is omdat die Nederlandse vertaling die register verhoog. Dit gebeur nie wanneer ’n mens van die 1933/1953 Afrikaanse vertaling gebruik maak nie:

Maar dit, die doel van ons lewens, die einde van ons gesukkel, is bo die begrip van die menslike verstand. O God, my God, moet my nie verlaat nie. Al gaan ek ook in ’n dal van doodskaduwee sal ek geen onheil vrees as U met my is nie[...] (h10, r.17).

5.4.4 Woordspelings

Na Kumalo in Johannesburg aangekom het, vertel Msimangu aan hom waarmee sy (Kumalo se) suster – dié suster is juis die rede waarom Kumalo na Johannesburg toe moes gaan – haar daar besig hou. Msimangu vertel dat Gertrude ’n prostituut is, en dan voeg hy by: “A man has been killed at her place. They gamble and drink and stab” (Paton 2002:23 r.91). Hierdie sin kan ’n mens nie soos volg in Afrikaans vertaal nie: “’n Man is by haar plek vermoor. Hulle dobbel en drink en steek”. Omdat die Afrikaanse woord ‘steek’ ’n wyer betekenisveld as die Engelse woord ‘stab’ het – kyk na die woordeboekinskrywings van beide woorde hieronder, ‘steek’ het ook ’n seksuele betekenis in Afrikaans – is dit nodig om ‘steek’ in die doelteks te kwalifiseer, veral omdat dit in hierdie gedeelte van die teks oor prostitusie gaan. Ek het dit so gedoen: “’n Man is al by haar plek vermoor. Hulle dobbel en drink en steek mekaar met messe” (h5, r.67).

Die eerste sin in die aanhaling, “A man has been killed at her place” (Paton 2002:23 r.90) dui reeds aan wat met ‘stab’ bedoel word. Maar ek dink dis steeds nodig om dié woord in die doeltteks te kwalifiseer.

stab /stæb/

VERB stabs, , stabbing, , stabbed 1. (tr) to pierce or injure with a sharp pointed instrument 2. (tr) (of a sharp pointed instrument) to pierce or wound the knife stabbed her hand 3. (when intr, often foll by at) to make a thrust (at); jab he stabbed at the doorway 4. (tr) to inflict with a sharp pain 5. stab in the back; a (verb) to do damage to the reputation of (a person, esp a friend) in a surreptitious way; b (noun) a treacherous action or remark that causes the downfall of or injury to a person (*Collins South African Dictionary* 2007:1568).

steek

ww. (gesteek) **1** Deur ’n skerp voorwerp in te stoot, in te druk ’n wond toedien; prik; *Iemand met ’n mes steek. Bye, skerpioene kan steek. Vrugte wat gesteek is.* **2** (gew. Met ’n voors., veral in) Iets in een of ander rigting stoot; êrens inplaas, sit, laat ingaan; instoot; indruk: *Die skilpad steek sy kop vorentoe, uit sy dop. ’n Stok in die grond, ’n swaard in sy skede, ’n ring aan die vinger, ’n vlag in die hoogte steek.* **3** Jou ’n gevoel van pyn gee, asof jy gesteek word: *Die son steek, die strale is pynlik warm. My liddoring steek.* **4** In iets wees, vassit; nie verder kom nie: *In die modder, in ’n redevoering bly steek. Die swaard steek in sy skede, die mes in die wond, die sleutel in die slot.* **5** Deur spit met ’n graaf uit die bodem uithaal, oplig: *Sooie steek. Mis in ’n kraal steek.* **6** Vang, doodmaak deur met ’n skerp voorwerp, bv. ’n vurk, te steek: *Babers, vis(se) steek.* **7** (w.g.) Graveer: *In koper steek.* **8** Beweeg: *Die skip steek (die) see in. Van wal steek, begin vaar.* **9** Iemand teen sy sin êrens heen bring: *In die tronk, in ’n malhuis steek.* **10 (plat) Geslagsgemeenskap hê.** (Odendal en Gouws 2005:1101).

’n Ander woordspeling kom in die bronteks voor waar Msimangu die gebou van die *Bantoe Pers* aan Kumalo wys:

Bronteks	Doelteks
- That is the building of the Bantu Press, our newspaper. [...] Your brother John thinks little of the Bantu Press. He and his friends call it the Bantu Reppress (Paton 2002:27 r.18).	- Dit is die gebou van die <i>Bantoe Pers</i> , ons koerant. [...] Jou broer John dink nie veel van die <i>Bantoe Pers</i> nie. Hy en sy vriende noem dit die <i>Bantoe Onderdrukkers</i> (h6, r.14).

Hier kon die woordspeling met ‘Press’ en ‘Repress’ in die doeltteks behou word deur van ‘Pers’ en ‘Onderdrukkers’ gebruik te maak.

5.4.5 Em-streep as aanhalingstekens

Paton maak in al sy prosawerke van em-strepe, in plaas van aanhalingstekens, gebruik om dialoog aan te dui. Dit is te danke aan John Steinbeck se bekroonde roman *The grapes of wrath* (1939), wat Paton in 1946 tydens sy Europese toer gelees het. In dié roman maak Steinbeck ook van em-strepe gebruik. Steinbeck het dit weer by James Joyce gesien.

Paton was taken by Steinbeck's habit of indicating speech by a preliminary dash, rather than by inverted commas, a trick Steinbeck had imitated from Joyce (Alexander 1995:197).

Die probleem met Paton se gebruik van die em-streep in plaas van aanhalingstekens is dat hy dit nie konsekwent gebruik nie. Soms word daar glad nie aangedui dat iemand aan die woord is nie. Die leser moet dit maar uit die konteks aflei, soos in die volgende voorbeelde:

Bronteks	Doeltekst
– You will learn much here in Johannesburg, said the rosy-cheeked priest. It is not only in your place that there is destruction (Paton 2002:22 r.52).	– Jy sal baie hier in Johannesburg leer, sê die priester met die rooi wange. Dit is nie net in jou omgewing waar daar vernietiging plaasvind nie (h5, r.37)..
They went to the room, and when Msimangu had shut the door and they sat themselves down, Kumalo said to him, You will pardon me if I am hasty, but I am anxious to hear about my sister (Paton 2002:22 r.59).	Hulle gaan na die kamer toe, en nadat Msimangu die deur toegemaak en hulle gaan sit het, sê Kumalo aan hom: Jy sal my verskoon as ek ongeduldig is, maar ek is gretig om oor my suster te hoor. (h5, r.42).

In bostaande voorbeelde sou die volgende meer konsekwent wees:

– You will learn much here in Johannesburg, said the rosy-cheeked priest. – **It** is not only in your place that there is destruction (Paton 2002:22 r.52).

en

They went to the room, and when Msimangu had shut the door and they sat themselves down, Kumalo said to **him**: – **You** will pardon me if I am hasty, but I am anxious to hear about my sister (Paton 2002:22 r.59).

Ek het egter nie hieraan verander nie. Hoewel Paton nie heeltemal konsekwent te werk gegaan het met die gebruik van die em-strepe nie, het ek, as leser, dit glad nie so steurend

gevind nie. Dit is 'n unieke eienskap van Paton se werk en ek wil dit graag net so aan die doeltekslesers oordra.

5.5 Samevatting

Die doel van hierdie annotasie was nie om elke enkele vertaalprobleem aan te dui nie, maar om voorbeelde van die algemeenste vertaalprobleme wat tydens die vertaling van Alan Paton se *Cry, the beloved country* in Afrikaans ondervind is, aan te toon. En ook om te toon hoe hierdie vertaalprobleme aan die hand van die skopos van die doelteks (sien 3.6.1) in Afrikaans vertaal is; en hoe daar gepoog is om so getrou as moontlik aan die bronteks te bly.

Wanneer 'n mens met literêre vertaling besig is, moet jy altyd in gedagte hou dat dit nie alleen oor die vertaling van een taal in 'n ander taal gaan nie, maar ook oor die oordrag van een kultuur in 'n ander kultuur. In hierdie geval was die kulturele gaping tussen die bron- en die doelkultuur nie so groot nie aangesien die bronteks 'n Suid-Afrikaanse teks is en die doelteks eweneens vir Suid-Afrikaanse lesers bedoel is. Die tydperk van meer as ses dekades tussen die publikasie van *Cry, the beloved country* en vandag het wel, as gevolg van al die sosio-politieke veranderinge wat in hierdie tydperk in Suid-Afrika plaasgevind het, 'n groot rol gespeel wat vertaalprobleme betref.

Die skopos van die doelteks (sien 3.6.1) het die vertaalproses beslis vergemaklik, aangesien ek geweet het hoe die verwagtinge, sosio-ekonomiese omstandighede en die politieke ingesteldheid van die doeltekslesers van dié van die oorspronklike brontekslesers verskil. Die Afrikaanse vertaling kon dus daarvolgens aanpas word.

Hoofstuk 6

Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk vat die belangrikste bevindinge van hierdie studie oor 'n Afrikaanse vertaling van 'n deel van Alan Paton se roman *Cry, the beloved country* kortliks saam. Die beantwoording van die navorsingsvrae dien as raamwerk vir hierdie samevatting, en enkele interessante bevindinge en problematiese aspekte word pertinent uitgelig. Daarna word die hipotese krities vanuit 'n agternaperspektief in oënskyn geneem. Ten slotte word daar verskeie moontlikhede vir verdere navorsing gebied.

6.1 Samevatting van die belangrikste aspekte van die studie

Literêre tekste, veral romans, beeld die lotgevalle van mense dikwels aangrypend uit teen die agtergrond van die samelewing en die geskiedenis. *Cry, the beloved country* toon die tragiese gevolge van die apartheidsbeleid in die lewens van twee Suid-Afrikaanse gesinne aan weerskante van die rasseskeidslyn. Die roman eindig egter nie in haat en uitsigloosheid nie, maar met 'n boodskap van versoening en hoop.

Die behoefte om hierdie besondere roman in hul moedertaal aan Afrikaanse lesers beskikbaar te stel, het gelei tot die keuse van Paton se debuutroman as bronteks vir 'n meestersverhandeling in literêre vertaling, in die hoop dat die volledige vertaling uiteindelik as gepubliseerde teks in die handel beskikbaar sal wees. Dit is 'n roman wat, meer as sestig jaar na sy aanvanklike publikasie, nog veel te sê het vir die Suid-Afrikaanse samelewing wat besig is om 'n geïntegreerde, nie-rassige gemeenskap te probeer bou.

Die hipotese wat hierdie studie onderlê, impliseer dat politieke en ideologiese faktore tydens die apartheidsjare 'n belemmering was wat veroorsaak het dat hierdie internasionaal gekanoniseerde roman tot dusver nog nie in Afrikaans vertaal is nie (maar wel in Zulu in 1952, en in Tsonga in 1984 – sien 6.4.2). Daar is uitgegaan van die veronderstelling dat:

[d]ie beëindiging van die politieke bestel van apartheid in 1994, die daaropvolgende verloop van twintig jaar van demokrasie en die groot ideologiese verskuiwing wat daarmee gepaardgegaan het, [...] dit nou moontlik [maak] om 'n Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* te maak met die verwagting dat dit aanvaarbaar sal wees vir publikasie mits die vertaling met die veranderde politieke en ideologiese faktore in 'n post-apartheidsamelewing rekening hou.

Ondanks interessante ontwikkelinge omtrent die rol van ideologie in vertaling (en die publikasie van vertalings van ideologiese gelade tekste), was hierdie moontlike invalshoek nie

die hoofokus van hierdie studie nie. Voldoening aan die primêre doel van vertaling, naamlik om 'n teks wat in een taal geskryf is in hul eie taal aan anderstalige lesers beskikbaar te stel, het in hierdie geval swaarder gewees as 'n grotendeels teoretiserende ondersoek na aspekte wat 'n rol speel by die nie-vertaling (en nie-publikasie) van sekere tekste.

6.1.1 Doeltekstlesers ondergaan 'n ideologiese verskuiwing ná apartheid

Al het politieke en ideologiese faktore as sodanig nie in die brandpunt van die studie gestaan nie, is hul belang ten opsigte van hierdie teks wel deeglik in ag geneem in sowel die keuse van vertaalbenadering as in die vertaalpraktyk. Die jaar 1948, toe *Cry, the beloved country* deur die Amerikaanse uitgewer Scribner (New York) gepubliseer is, het saamgeval met die bewindsoorname deur die Nasionale Party, wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling vir die grootste deel van sy 46-jarige regeringstyd met verskerpte ywer en toenemende intensiteit toegepas het.

Daar word dikwels (verkeerdelik) van die opvatting uitgegaan dat apartheid, wat die stramien van die gebeure in *Cry, the beloved country* vorm, in 1948 tot stand gekom het. Die blote feit dat Paton reeds in 1948 'n gevestigde stelsel van rassesegregasie en trekarbeid in *Cry, the beloved country* uitbeeld, weerlê egter hierdie aanname. In Hoofstuk 2 is daar dus aangetoon hoe en waarom die beleid van apartheid met verloop van tyd ontwikkel en in intensiteit toegeneem het (sien o.a. die tydlyn in 2.1). Hierdie uiteensetting bevestig en verklaar, op grond van historiese feite, die lotgevalle en die optrede van die karakters in die roman. Terugskouend bied dit ook insig in die politieke en ideologiese agtergrond wat Paton genoep het om die roman te skryf, en wat die (Suid-)Afrikaanse leser van 1948 se politieke en maatskaplike konteks gevorm het. Met die oog op die vertaling is dit immers belangrik om die verskille tussen die destydse en die huidige politieke en ideologiese omstandighede en ingesteldheid te besef en te begryp.

1948 verteenwoordig die begin van die politieke fase toe apartheid met al groter felheid toegepas sou word onder beheer van 'n politieke party wat sterk steun onder wit Afrikaanssprekendes geniet het. Wanneer ('n deel van) die roman nagenoeg 65 jaar later vir die eerste keer in Afrikaans vertaal word, verkeer die samelewing in 'n post-apartheid-oorgangsfase waarin die wonde geheel en 'n nuwe samelewing gesmee moet word. Die politieke en ideologiese omstandighede van die geïntendeerde doeltekstleser van vandag verskil wesenlik van dié van die brontekstleser van 1948. Die vertaler se bedoeling was

deurgaans dat die Afrikaanse doeltteks die Engelse bronteks so getrou as moontlik op die voet moet volg, maar dit was terselfdertyd duidelik dat 'n teoretiese raamwerk en vertaalstrategie gevind sou moes word om rekening te hou met die talle veranderinge wat in die loop van ses dekades van pre- tot post-apartheid in die Suid-Afrikaanse samelewing ingetree en die profiel van die Afrikaanse leser in talle opsigte verander het. Daar is geoordeel dat funksionele vertaalteorie die mees geskikte raamwerk bied om die vertaling só aan te pak dat die doeltteks as 'n gepaste post-apartheidvertaling in Afrikaans ervaar sal word en hopelik 'n uitgewer sal vind.

6.1.2 Die teoretiese raamwerk van die studie

Die vertaler se keuse van teoretiese raamwerk het op die skoposteorie, soos ontwikkel deur Vermeer, Reiss en Nord, geval. Synde 'n funksionele teorie wyk dit af van die beskouing van histories voorafgaande vertaalbenaderings wat die bronteks as die absolute norm stel wat in alle opsigte op voet gevolg moet word in die skep van 'n so ekwivalent moontlike doeltteks. In die funksionele benadering val die klem immers nie op die onaantasbaarheid van die bronteks nie, maar op die doel (skopos) van die vertaling en op die wyse waarop hierdie doel verwesenlik kan word danksy inagneming van die omstandighede, eienskappe en verwagtinge van (onder meer) die doelteksleser en die doeltekskultuur in vergelyking met dié van die bronteksleser en die bronkultuur.

Aangesien literêre tekste veel eerder 'n estetiese as 'n pragmatiese doel nastreef, kan tereg gevra word of 'n funksionele benadering dan wel as raamwerk by die vertaal van literêre tekste gebruik kan (of behoort) te word. In romans en gedigte speel vorm en effek 'n veel belangriker rol as die *funksie* van die teks, waaraan die skoposteorie prominensie verleen. Die teoretici wat bydraes tot die funksionele vertaalteorie gemaak het, het weliswaar ook met literêre tekste rekening gehou. Reiss (1971:42) wys byvoorbeeld op die belangrikheid van die samespel (“manipulation”) van “lexis, syntax, style and structure” om 'n estetiese effek teweeg te bring wat “analogous to the expressive individual character of the source text” is (sien 3.4.2). Soos genoem, was dit nooit die vertaler se doel om óf die wesenlike aard óf die inhoud van die roman te manipuleer nie, maar wel om 'n doelteks te skep wat so getrou (ekwivalent) as moontlik aan die aard en eienskappe van die bronteks bly. Die grootste voordeel van die skoposteorie was dat dit die vertaler 'n meganisme kon bied om 'n betroubare vergelyking tussen die doel, aard en konteks van die bronteks en dié van die

doelteks te tref deur verskille en ooreenkomste aan die lig te bring. Gegewe die reeds genoemde ingrypende verskille wat ingetree het in die meer as sestig jaar wat tussen die publikasie van die roman en die Afrikaanse vertaling daarvan verloop het, was hierdie meganisme van groot waarde vir die vertaler, want in sowel die doel- as die bronteksomgewing hang die interpretasie van die tekswêreld immers van die leser se wêreldkennis en kulturele agtergrondkennis af (Nord 1997a:86; sien 3.4.2).

6.1.3 Die bron- en die doeltekkopos

Die vasstelling van die skopos van onderskeidelik die bronteks en die doelteks; die bedoeling van die outeur en die interpretasie van daardie bedoeling deur die vertaler (sien Nord 1997a:85); en die omstandighede, ideologie en eienskappe van die geïntendeerde doelteksleser in verhouding tot dié van die bronteksleser is in groot mate bewerkstellig deur die sogenaamde New Rhetoric-vrae te beantwoord. Ten opsigte van die vasstelling van die brontekskopos het die navorser/vertaler egter rekening gehou met die feit dat die bronteks 'n literêre teks is deur (ook) ondersoek in te stel na uitsprake wat gemaak is deur die outeur self (Paton in 'n brief aan sy vrou, aangehaal in Alexander 2009:111-112; sien 3.5.e); uitsprake deur individuele lesers (in dié geval die eerste demokraties verkose president van Suid-Afrika, mnr. Nelson Mandela (1995; sien 3.5.a); en die oordeel van literatore, onder meer oor die oogmerke van Suid-Afrikaanse liberale skrywers, van wie Paton die eerste verteenwoordiger was (sien bv. Peck 1997 en Chiwengo 2007). Die skopos van die doelteks is uit genoemde bronne gerekonstrueer as die aantoon van die onregte van die apartheidsbeleid, en die wek van empatie by die leser met die doel om daardie onreg uit die weg te ruim deur van apartheid ontslae te raak.

Die vergelykende ontleding het in die eerste plek getoon dat die skopos van die doelteks nie meer in alle opsigte met dié van die bronteks (kan) ooreenstem nie, hoofsaaklik weens die tydsverloop en die leser se veranderde politieke omstandighede en ideologiese uitkyk. Omdat die roman egter steeds 'n betekenisvolle (en nodige) boodskap aan vandag se lesers kan oordra, is dit ten volle geregverdig om *Cry, the beloved country* in Afrikaans te vertaal. In die tweede plek het die vergelyking getoon dat sekere veranderinge ingetree en kwessies ontstaan het waarmee die vertaler rekening sou moes hou en waarvoor daar vertaalstrategieë gevind sou moes word ten einde 'n gepaste vertaling te maak. 'n Voorlopige inskatting van verwagte vertaalprobleme is op grond van hierdie analise gemaak (sien 3.7). Die vertaalprobleme is

ooreenkomstig Nord (1997b:58) se raamwerk as pragmaties, interkultureel, interlinguisties of teksspesifiek gekategoriseer. Hierdie vertaalprobleme en die oplossings waarop daar tydens die vertaalproses besluit is (sien Hoofstuk 4), is volledig in Hoofstuk 5 bespreek. In die slothoofstuk word daar dus vervolgens net samevattend ingegaan op enkele van die kwessies wat vanuit 'n vertalersoogpunt die interessantste en betekenisvolste was.

6.1.4 Enkele vertaalprobleme wat tydens die vertaalproses voorgekom het

Uit die kategorie *pragmatiese vertaalprobleme* is daar drie kwessies wat vermelding verdien. Die sin en die enkele woorde wat in Afrikaans in die Engelse bronteks weergegee is, verloor onvermydelik hul prominensie in die Afrikaanse vertaling (en dié woorde kan ook uit die verklarende woordelys agter in die boek weggelaat word). Omdat so min Afrikaans in die bronteks gebruik is, was die verlies aan effek en affektiewe waarde egter nie beduidend nie (sien 5.1.7). Die tweede interessante kwessie het betrekking gehad op die weergee van (veral) plekname. Die vertaler moes rekening hou met die feit dat sekere plekname in Suid-Afrika (soos 'Odendaalsrus') slegs in Afrikaanse vorm gebruik word, ander slegs in Engelse vorm (soos 'Eastwolds') of in Zulu ('Ixopo') voorkom, en ander in sowel 'n Afrikaanse as 'n Engelse vorm bestaan. Laasgenoemde plekname (soos 'Mooi River' en 'the Drakensberg') is in hul Afrikaanse vorm ('Mooirivier', 'die Drakensberge') in die Afrikaanse doelteks weergegee (sien 5.1.3). Die derde pragmatiese vertaalkwessie was moeiliker om op te los. Die vertaalprobleem is veroorsaak deur die verskynsel dat Afrikaans formele en informele aanspreekvorme ('u' en 'jy') het, terwyl Engels (wat slegs 'you' gebruik) nie meer daardie onderskeid tref nie. Dit het die vertaler genoodsaak om telkens self (op grond van faktore soos die konteks; die verhouding tussen die sprekers; rasse- en standverskille; en die groter neiging tot formaliteit in 1948 vergeleke met vandag) te besluit of die gebruik van die formele of die informele vorm gepas sou wees – 'n keuse wat nie altyd voor die hand liggend was nie (sien 5.1.1).

Anders as in die geval van die gebruik van Afrikaans in die Engelse bronteks, wat 'n pragmatiese vertaalprobleem van taamlik beperkte omvang geskep het, is 'n beduidende *interlinguistiese* probleem geskep deur die feit dat die hoofpersonasies in die roman Engelssprekend en Zulusprekend is en dat die vertelling deurgaans in Engels (met gebruikmaking van Engelse dialoog) geskied, maar die outeur tog by wyse van stilistiese aspekte en register die Zulusprekers se Engels anders laat klink as dié van die personasies wie

se moedertaal Engels is. Daar het in die resepsie van die roman uitsprake opgeklank wat insluit dat die Engelsmoedertaalsprekers se register aan dié van die King James-Bybel herinner, en dat die Engels waarin Paton die Zulusprekende personasies se dialoog weergee stilisties gekenmerk word deur “a new cadence, derived from the native languages” (Hubbard 1948). Die geldigheid van laasgenoemde uitspraak (in die *New York Herald Tribune*, deur ’n resensent wat nie een van die inheemse tale van Suid-Afrika magtig was nie), lyk by nabetraging taamlik twyfelagtig – veral omdat Paton self nie Zulu magtig was nie. Desondanks kom dié uitspraak, wat geïnterpreteer is as sou die Engels van die Zulusprekende personasies die aard en eienskappe van Zulu weerspieël, telkens in die resepsie van die roman na vore en moet die vertaler binne die funksionele benadering daarmee rekening hou.

Die vertaler (wat wel Zulu as ’n vreemde taal magtig is) het gevolglik probeer om die onderskeid tussen die Engels van die moedertaalsprekers en dié van die vreemdetalaalsprekers ook in die Afrikaanse doelteks te weerspieël. Die liriese prosa van veral die taamlik lang, apostrofiese gedeeltes van die vertellersteks en die vloeiende, welsprekende dialoog van die Engelsmoedertaalsprekers het voldoende ruimte aan die vertaler gebied om die skoonheid en soepelheid van Afrikaans se hoër register ten toon te stel (sien 5.3.2, veral p.206-207). Hierteenoor is Zulusprekende karakters se dialoog in die bronteks egter so kort en die woordkeuse en sinsbou so eenvoudig (sien 3.5.h) dat dit die vertaler slegs beperkte speelruimte gebied het om strategieë toe te pas waarmee die indruk van die taalgebruik van ’n niemoedertaalspreker geskep kon word (sien 5.3.3). Daar is gevolglik in die vertaling hoofsaaklik staatgemaak op die prominente effek van herhaling, soos in die bronteks. Die letterlike weergee, in die Engelse bronteks, van sekere uitdrukkings wat eie is aan Zulu (soos “Go well” en “Stay well” (Paton 2002:10), ’n regstreekse vertaling van *Hamba kahle* en *Sala kahle*) het sekerlik vir die Amerikaanse leser baie vreemder op die oor geval as ’n letterlike Afrikaanse vertaling van die uitdrukking vir die gemiddelde Afrikaanse leser, wat oor minstens ’n basiese kennis van groetformules in die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing beskik en dit dus as ’n vertaling van die Zulu-uitdrukking behoort te herken. In hierdie opsig val die ‘andersheid’ van die taal van die Zulusprekende personasies die Afrikaanse leser waarskynlik minder sterk op as wat dit die internasionale leser van die bronteks sou opval. Dit was van groot belang om baie sorg aan die weergee van die styl en register van die bronteks te bestee aangesien Paton se taalgebruik een van die aspekte is waarvoor die roman groot lof toegeswaai is.

Die vertaling van raspejoratiewe in 'n post-apartheid Suid-Afrika is 'n belangrike en gevoelige kwessie uit die kategorie *teksspesifieke vertaalprobleme*. Omdat daar nie so baie pejoratiewe in *Cry, the beloved country* voorkom nie, kan dit na 'n minder ernstige vertaalprobleem lyk. Die rassekwessie is egter 'n sleutelgegewe wat alles in die roman onderlê. Dit is ook 'n uiters kontensieuse kwessie wat relevant is vir bykans alle ouer tekste, sowel in heruitgawes as in vertaling. Die vertaler moes rekening hou met die belangrike feit dat die politieke en ideologiese omstandighede van die doeltekslesers verander het (veral sedert 1994), en dat raspejoratiewe en rasterme (selfs dié wat nie so 'erg' lyk nie, soos 'native' of 'non-European') 'n geweldige gevoelige saak in Suid-Afrika bly. Woorde soos "kaffir" (Paton 2002:42) uit 'n pre-apartheidsera het die vertaler voor die keuse gestel om dié woord óf weg te laat, óf te behou. Daar is besluit om die raspejoratiewe wat tot karakterisering bydra in die doelteks te behou (sien 6.4.3). In gevalle waar die rasterme bloot aandui of die karakter wit of swart is, het die vertaler die mees neutrale vertaalekwivalent gekies. Die vertaler het geoordeel dat die lae frekwensie van raspejoratiewe in die roman dit vir die leser 'makliker' behoort te maak om die enkele plekke waar raspejoratiewe karakteriserend funksioneer, te 'verduur'. Nog 'n rede vir dié vertaalbeslissing is dat die doelteksvertaling getrouer aan die bronteks is wanneer 'n mens die raspejoratiewe behou. Nord (1997a:93) voer aan dat: "kode-elemente in die doelteks [...] so gekies [moet] word dat die doeltekseffek met die bedoelde doelteksfunksie(s) ooreenstem." In die Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* was dit vir die vertaler belangrik dat die historisiteit van die roman behoue moet bly – dit bly steeds 'n pre-apartheidsroman: 'n mens kan dit nie na die hede transposeer nie, maar moet wel rekening hou met die post-apartheidskonteks en lesersreaksie.

6.2 Gevolgtrekking met verwysing na die hipotese

Cry, the beloved country (1948), Alan Paton se wêreldberoemde en internasionaal gekanoniseerde roman, is nooit in Afrikaans vertaal nie. Waarskynlik omdat 'n Afrikaanse vertaling van dié roman nie tydens die bewind van die Nasionale Party gepas sou wees nie – die roman handel immers ten diepste oor 'n Suid-Afrikaanse samelewing in die greep van apartheid: 'n rassebeleid wat 'n verwoestende uitwerking op soveel Suid-Afrikaners se lewens gehad het. Die navorser se hipotese was gevolglik:

Die beëindiging van die politieke bestel van apartheid in 1994, die daaropvolgende verloop van twintig jaar van demokrasie en die groot ideologiese verskuiwing wat daarmee

gepaardgegaan het, maak dit nou moontlik om 'n Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* te maak met die verwagting dat dit aanvaarbaar sal wees vir publikasie mits die vertaling met die veranderde politieke en ideologiese faktore in 'n post-apartheidsamelewing rekening hou.

Die bespreking en oplossing van die vertaalprobleme wat tydens die Afrikaanse vertaling van 'n gedeelte van *Cry, the beloved country* ondervind is (sien Hoofstuk 5) bewys dat 'n Afrikaanse vertaling van *Cry, the beloved country* vandag, ses dekades na die publikasie van die roman en twee dekades na die oorgang na ware demokrasie in Suid-Afrika, wel moontlik is wanneer die vertaling met die veranderde politieke en ideologiese faktore rekening hou.

Weens hierdie politieke en ideologiese klemverskuiwing moes die vertaler (in Hoofstuk 4) sensitief wees by die vertaling van (onder meer) formele en informele aanspreekvorme, raspejoratiewe en in die handhawing van die onderskeid in die styl en register wat die wit en die swart karakters se taalgebruik kenmerk.

6.3 Beantwoording van die primêre navorsingsvraag

Die primêre navorsingsvraag in hierdie magisterstudie is soos volg geformuleer:

Hoe sal 'n gepaste post-apartheidvertaling, in Afrikaans, van 'n deel van Alan Paton se wêreldberoemde roman *Cry, the beloved country* lyk?

Onder 6.1 en 6.2 is daar bevestig dat dit beslis moontlik is om vandag 'n gepaste post-apartheidvertaling in Afrikaans van *Cry, the beloved country* te maak. Só 'n vertaling moet op verskeie wyses met die politieke en ideologiese veranderinge wat sedert 1994 in Suid-Afrika en veral in die doeltekskultuur (die Afrikanerkultuur) en leefwêreld plaasgevind het, rekening hou. Die Afrikaanse vertaling (van die eerste kwart) van *Cry, the beloved country*, soos dit in Hoofstuk 4 weergegee is, doen dit op die volgende maniere:

- Deur op die verhoudings tussen die onderskeie karakters te let, veral waar dit oor 'n meerdere/mindere verhouding gaan, om so van die korrekte formele of informele aanspreekvorme gebruik te maak;
- Deur Paton se styl deur nabootsing te probeer behou aangesien die roman, en Paton self, groot lof daarvoor ontvang het;

- Deur die skyn-Zulu in die doeltteks te laat voortleef deur van kort sinne en herhaling gebruik te maak; en
- Deur raspejoratiewe wat tot karakterisering bydrae te behou, soos “kaffir” (Paton 2002:42), maar dié wat geen beduidende funksie het nie, soos “native” (Paton 2002:14) en “non-European” (Paton 2002:14), ‘weg te laat’ deur hul met ’n vertaalekwivalent te vervang wat so neutraal as moontlik is.

Deur bewus te wees van, en sensitief te wees vir die politieke en ideologiese veranderinge in Suid-Afrika sedert 1994, was dit moontlik om ’n doelteks te skep wat binne die huidige sosio-politieke omstandighede in Suid-Afrika so getrou as moontlik aan die bronteks is.

6.4 Moontlikhede vir verdere navorsing

Vertaalwetenskap is nog ’n jong veld (sien 1.1.1), veral in Suid-Afrika. Daarom is die moontlikhede vir verdere navorsing ontsettend wyd. Hieronder word daar op drie moontlikhede ingegaan.

6.4.1 Die lewensvatbaarheid van vertalings in Afrikaans van Suid-Afrikaanse romans in die liberale tradisie

Die Nobelprys-wenner J.M. Coetzee se bekroonde roman *Disgrace* (1999) is in 2009 deur Fanie Olivier in Afrikaans vertaal en as *In oneer* deur Umuzi uitgegee. Dit is Coetzee se eerste werk wat in Afrikaans vertaal is. Geeneen van Suid-Afrika se ander Nobelprys-wenner vir letterkunde, Nadine Gordimer, se werke is in Afrikaans vertaal nie, terwyl haar werk, net soos dié van Coetzee, in verskeie ander tale vertaal is. Net soos Alan Paton het Gordimer (aan die begin van haar loopbaan) in die liberale tradisie geskryf. Hierdie tradisie het ten doel gehad “to change the hearts of policymakers by bringing to their attention [the] consequences of their actions” (Peck 1997:93). Nie een van die Suid-Afrikaanse Engelse skrywers wat in die liberale tradisie geskryf het (naas Paton en Gordimer sluit dit skrywers soos Dan Jacobson en Laurens van der Post in), se werk is in Afrikaans vertaal nie.

Myns insiens behoort navorsing gedoen te word om vas te stel of Afrikaanse vertalings van werke binne die liberale tradisie lewensvatbaar is. Vandag word die kwessie van vryheid van spraak gereeld in die media bespreek aangesien die ANC-regering 'n aanslag teen mediavryheid voer deur die Wet op die Beskerming van Inligting en 'n mediatribunaal wat aan die regering die mag gee om sekere inligting geheim te hou en sensuur toe te pas – net soos in die apartheidsjare. Kort voor haar dood het Nadine Gordimer ernstig beswaar gemaak teen dié wetgewing en het sy die aandag opnuut op die 'struggle' gevestig: "People died in the freedom struggle, and to think that having gained freedom at such a cost, it is now indeed threatened again" (Moss 2010). Onder hierdie omstandighede is bogenoemde outeurs se werk steeds relevant, en kan Afrikaanse vertalings daarvan ter sake wees en 'n bydrae tot hierdie debat lewer.

6.4.2 'n Vergelykende studie: Vertaaloplossings in die Afrikaanse, Zulu- en Tsonga-vertalings van *Cry, the beloved country*

In Suid-Afrika is *Cry, the beloved country* in Zulu vertaal as *Lafa elihle kakhulu* (1957) en in Tsonga as *Rila, tiko ro rhandzeka swonghasi: ntsheketo wa Mbuwetelo Exivundzeni* (1984). 'n Vergelykende studie van hierdie twee vertalings is 'n interessante navorsingsmoontlikheid. Die vertaalprobleme wat tydens beide vertalings ondervind is kan vergelyk word, en so ook die vertaalstrategieë waarmee hierdie vertaalprobleme opgelos is. So kan daar byvoorbeeld vasgestel word of die Zulu- en Tsongavertalers dele van die bronteks in die doelteks weggelaat het, soos die beskrywing van kulturele aspekte wat aan die doeltekslesers meer bekend moes wees as wat dit aan die destydse brontekslesers was.

Hoe die vertalers van die Zulu- en Tsonga-vertalings van *Cry, the beloved country* met die vertaling van raspejoratiewe te werk gegaan het, is 'n verdere navorsingsmoontlikheid (sien 6.4.3).

Sodra daar 'n Afrikaanse vertaling van hierdie roman verskyn, word dit moontlik om 'n vergelyking tussen die Afrikaanse, Zulu- en Tsongateks te tref.

Hoe die verloop van tyd en die veranderende politieke landskap in Suid-Afrika die vertaler se vertaalstrategieë beïnvloed, sal ook 'n navorsingsmoontlikheid wees.

6.4.3 Die vertaling van raspejoratiewe

Suid-Afrika se politieke verlede het veroorsaak dat Suid-Afrikaners uiters ras-sensitief is. Vandag, twee dekades na die begin van 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika, is daar geen plek meer vir raspejoratiewe in die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Ook in die letterkunde word raspejoratiewe versigtiger benader.

Heruitgawes van ouer tekste word selfs met waarskuwings voorin uitgegee. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die redigeerdersnota wat in 2009 voorin Protea Boekhuis se heruitgawe van Ben Venter se *Waterbobbejaan* (1968) ingevoeg is:

Hierdie verhaal speel af in 1898 en insidente wat aanstoot gee, moet in die konteks van daardie tyd beskou word. Woorde en insidente wat aanstoot gee, is vervang of weggelaat maar dit kon nie in alle situasies gedoen word nie, want dit sou die verhaalgang versteur (Venter 2009:redigeerdersnota).

Hoe maak mens met raspejoratiewe in vertaling? Hierdie kwessie, wat baie relevant is in (veral ouer) Suid-Afrikaanse literatuur, was nog nie die hoofokus van 'n ondersoek nie, miskien omdat daar nie veel literêre Engelse romans in Afrikaans vertaal word nie. Daar word wel heel party Afrikaanse romans in Engels vertaal, romans wat raspejoratiewe bevat en dus as onderwerp vir 'n studie oor die vertaling van raspejoratiewe sou kon dien.

In 'n onlangse meestersgraadstudie deur Marius Swart, getiteld “Twee Afrikaanse romans in Engels: 'n Ondersoek na die werksywyses van literêre vertalers” (2009, Universiteit van Stellenbosch), ondersoek Swart die Engelse vertalings van twee Afrikaanse romans: Marlene van Niekerk se *Agaat* (2004), wat in 2006 deur Michiel Heyns in Engels vertaal is, en Karel Schoeman se *Hierdie lewe*, wat in 2006 deur Elsa Silke as *This Life* in Engels vertaal is (sien 5.4.2). Swart (2009:95) wys daarop dat Heyns (2006) die raspejoratiewe in die Engelse vertaling van *Agaat* “[...]jerg lukraak vertaal”. Volgens Swart (2009:95) is daar oënskynlik “geen duidelike strategie” vir die hantering van hierdie raspejoratiewe nie.

Hoe lyk 'n 'duidelike strategie' vir die hantering van raspejoratiewe? Ondanks uitsprake deur Heyns (2009:124–135) oor die werkwyse wat hy gevolg het, is die vertaling van raspejoratiewe 'n aspek waarop daar beslis dieper ingegaan moet word.

6.5 Ten slotte

In literêre vertaling is daar nie iets soos een juiste vertaling nie. Elke literêre teks sal deur verskillende vertalers verskillend vertaal word omdat vertaling in baie opsigte 'n subjektiewe dissipline is, soos die volgende aanhaling beklemtoon:

[T]ranslation problems are not like math problems that have only one or at most a strictly limited number of right answers. As a subfield of literature – and literature is indisputably an art rather than a science – translation is subjective in essence (Landers 2001:x).

Dit is ongelukkig so dat daar altyd iets verlore gaan in literêre vertaling. 'n Vertaling kan nooit 'n presiese 'afdruk' of replika van die bronteks wees nie. Maar te danke aan die skoposteorie hoef dit ook nie. En soos die bekende vertaalteoretikus Christiane Nord in 'n telefoongesprek aan Swart (2009:138) gesê het: “Om nie te vertaal nie sal die grootste verlies wees” [my vertaling].

Bibliografie

Alan Paton award for non-fiction writing. 2010. [A].

Beskikbaar by: <http://home.comcast.net/~antaylor1/alanpaton.html>

Geraadpleeg op: 2010/07/27

Alexander, Peter. F. 1995. *Alan Paton: a biography*. London: Oxford.

Alexander, Peter. F. 2009. *Alan Paton selected letters*. Cape Town: Van Riebeeck society for the publication of Southern African historical documents.

Baker, Mona and Saldanha, Gabriela. 1998. *The Routledge encyclopedia of translation studies*. London and New York: Routledge.

Baker, Mona. 2011. *In other words; a coursebook on translation*. London and New York: Routledge.

Bassnett, Susan. 2003. *Translation Studies*. London and New York: Routledge.

Bedeker, Laetitia and Feinauer, Ilse. 2006. The translator as cultural mediator. *Southern African linguistics and applied language studies*. 24(2):133–141.

Berberova, Nina. 1993. *Die begeleidster*. Vertaal deur André P. Brink. Kaapstad: Queillerie.

Bible, The. Authorized King James Version. 1997[1611]. Oxford: Oxford University Press.

Bible, The. New International Version. 2007[1973]. Cape Town: Struik Christian Bibles.

Bijbel, De. Statenvertaling. 1637[1622]. Leyden: Paulus Aerts van Ravesteyn.

Blackface scandal hits Stellenbosch. [A]. Besikbaar by:

<http://www.iol.co.za/news/south-africa/western-cape/blackface-scandal-hits-stellenbosch-1.1755477#.VCkwymeSx4I>

Geraadpleeg op: 2014/09/29

Blackface: What are varsities teaching? 2014. *The Sunday Independent*. 28 September.

Black-winged Lapwing. 2010. [A].

Beskikbaar by: <http://www.animalpicturesarchive.com/view.php?tid=3&did=26977>

Geraadpleeg op: 2010/09/01

Botes, Nina. 2009. *Subversion as dominance: Afrikaans postcolonial literature since apartheid*. Leuven: Catholic University Leuven. (Master Dissertation).

Brink, André. P. 1987. *Vertelkunde, 'n inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria en Kaapstad: Academica.

Butcher, Judith. 2002. *Copy-editing for editors, authors and publishers*. Cambridge: Cambridge University Press.

Bybel, Die. Ou vertaling. 1933. Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Groot Brittanje: [sn].

Bybel, Die. Ou vertaling. 1957[1953]. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Suffolk: The Chaucer Press.

Bybel, Die. Nuwe vertaling. 1991[1983]. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

Callan, Edward. 1968. *Alan Paton*. New York: Twayne Publishers.

Carlyle, Thomas. 2010. In *Encyclopedia Britannica*. [A].

Beskikbaar by: <http://0-www.search.eb.com.innopac.up.ac.za/eb/article-9020374>

Geraadpleeg op: 2010/07/16

Catford, J. C. 1965. *A linguistic theory of translation*. London: Oxford University Press.

Chesterman, A. (ed.). 1989. *Readings in translation theory*. Helsinki: Finn Lectura.

Chiwengo, Ngwarsungu. 2007. *Understanding Cry, the beloved country. a student casebook to issues, sources, and historical documents*. London: Greenwood Press.

Church of England. 2013. In *Encyclopedia Britannica*. [A]. Beskikbaar by: <http://0-global.britannica.com.innopac.up.ac.za/EBchecked/topic/187819/Church-of-England>
Geraadpleeg op: 2013/07/02

Cicero, Marcus, Tullius. 2010. In *Encyclopedia Britannica*. [A]. Beskikbaar by:
<http://www.search.eb.com/eb/article-9082616>
Geraadpleeg op: 2010/05/28

Coen, Jan, Pieterszoon. 2010. In *Encyclopedia Britannica*. [A].
Beskikbaar by: <http://0-www.search.eb.com.innopac.up.ac.za/eb/article-9024637>
Geraadpleeg op: 2010/08/12

Coetzee, J. M. 1988. Simple language, simple people: Smith, Paton, Mikro, in *White writing: On the culture of letters in South Africa*, edited by J.M. Coetzee. London and New Haven: Yale University Press:126–129.

Coetzee, J. M. 1999. *Disgrace*. London: Vintage Books.

Coetzee, J. M. 2009. *In oneer*. Vertaal deur Fanie Olivier. Kaapstad: Umuzi.

Collins South African Dictionary. 2007. Glasgow: HarperCollins Publishers.

Counter Reformation. 2010. In *Encyclopedia Britannica*. [A].
Beskikbaar by: <http://0-www.search.eb.com.innopac.up.ac.za/eb/article-9026564>
Geraadpleeg op: 2010/07/16

Cry, the beloved country. [A].
Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Cry,_the_beloved_country/
Geraadpleeg op: 2009/03/12

Cry, the beloved country. 1951. Motion Picture [VHS]. United Kingdom: London Films.
Directed by: Zoltan Korda.

Cry, the beloved country. 1995. Motion Picture [DVD]. United States of Amerika and South Africa: Miramax Films. Directed by: Darrell Roodt.

Denham, John. 2010. In *Encyclopedia Britannica*. [A].

Beskikbaar by: <http://0-www.search.eb.com.innopac.up.ac.za/eb/article-9029930>

Geraadpleeg op: 2010/07/16

Die taalkommissie van die Suid-Afrikaanse akademie vir wetenskap en kuns. 2009.

Afrikaanse woordelys en spelreëls. Kaapstad: Pharos.

Dolet, Etienne. 2010. In *Encyclopedia Britannica*. [A].

Beskikbaar by: <http://0-www.search.eb.com.innopac.up.ac.za/eb/article-9030818>

Geraadpleeg op: 2010/07/14

Dryden, John. 2010. In *Encyclopedia Britanica*. [A].

Beskikbaar by: <http://0-www.search.eb.com.innopac.up.ac.za/eb/article-9031281>

Geraadpleeg op: 2010/07/16

Du Toit, Piet en Smith-Müller, Wanda. 2003. *Stylboek; Riglyne vir paslik skryf*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Ehlers, Dineke en Van Beek, Pieta. 2004. *Oranje boven; Nederlands voor Zuid-Afrika*.

Pretoria: Protea Boekhuis.

Expertisecentrum Literair Vertalen. 2010. *Start Master Literair Vertalen in oprichting*. [A].

Beskikbaar by:

http://literairvertalen.org/start_master_literair_vertalen_in_oprichting/index.php

Geraadpleeg op: 2010/07/13

Fitzpatrick, Percy. 1907. *Jock of the bushveld*. London: Longmans Green.

Fitzpatrick, Percy. 2007. *Jock van die bosveld*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Forde, Fiona. 2008. Shades of apartheid. *The Star*. 23 February.

Frank, Anne. 1947. *Het achterhuis*. [Sl: sn].

Frank, Anne. 2008. *Die agterhuis*. Vertaal deur Lina Spies. Pretoria: Protea Boekhuis.

French Revolution. 2010. In *Encyclopedia Britannica*. [A].

Beskikbaar by: <http://0-www.search.eb.com.innopac.up.ac.za/eb/article-9035357>

Geraadpleeg op: 2010/07/16

Gardner, Colin. 1997. Alan Paton and the Bible. *Bulletin for contextual theology in Southern Africa*. 4(3):26–29.

Genette, Gérard. 1980. *Narrative discourse*. Blackwell: Qxford.

Giliomee, Herman en Mbenga, Bernard. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Gordimer speaks out on media tribunal. 2010. [A].

Beskikbaar by: <http://www.businessday.co.za/articles/Content.aspx?id=119788>

Geraadpleeg op: 2010/09/27

Gordimer, Nadine. 1953. *The lying days*. London: Virago Press.

Gordimer, Nadine. 1958. *A world of strangers*. London: Penguin.

Gordimer, Nadine. 1963. *Occasions for loving*. London: Penguin.

Gordimer, Nadine. 1966. *The late bourgeois world*. London: Gollancz.

Gordimer, Nadine. 1973. The novel and the nation in South Africa, in *African writers on African writing*, edited by G. D. Killiam. London, Heinemann:2.

Gordimer, Nadine. 1979/ *Burger's daughter*. London: Jonathan Cape.

Gordimer, Nadine. 1981. *July's people*. London: Jonathan Cape.

Gordimer, Nadine. 2014. [A].

Beskikbaar by: <http://www.sahistory.org.za/people/nadine-gordimer>

Geraadpleeg op: 2014.08/18

